

Geloof Sonder Godsdiens

Wat Jesus werklik gesê het

Douwe van der Zee

Kopiereg © 2015 Douwe van der Zee

All regte voorbehou.

ISBN:

ISBN-13:

We invariably build religions around our spiritual giants or use them to support a religion in order to avoid the radical shift of mind and disruption of culture these rare people bring about, shifts we interpret, ironically, as threats to our survival and thus instinctively reject.

Joseph Chilton Pearce, *The Biology of Transcendence*

What creator would create a world in which the highest achievement of the life upon it would be to leave it in order to gain life? What creator would create a world not meant to exist in harmony? Harmony is life. What creator would create a temporary life and hold eternal life as a reward for death?

A Course of Love 14.5

Deur dieselfde outeur:

God het nie Nodig om Wraak te Neem Nie. Pretoria: Umlilo Uitgewers, 1998. Uit druk.

From Intellect to Intelligence: A Radical Natural Human Alternative. Kaapstad: Griffel, 2007 en Createspace (Amazon.com) 2009. Ook beskikbaar as 'n Kindle boek op Amazon.com

The Power of Childhood: A Key to Life, Love and Forgiveness. Createspace (Amazon.com) 2012. Ook beskikbaar as kindle boek op Amazon.com.

Inhoud

Erkennings.....	vii
Inleiding.....	1
1 Patriargie en die oorsprong van die Bybel.....	15
2 Wat het Jesus gesê en wat nie?.....	25
Jesus in die moderne tyd.....	26
3 Wat is die bron van waarheid?.....	33
4 Die koninkryk van die hemel.....	40
Eenheid, Illusie en die Ego.....	45
Die gelykenis van die verlore seun.....	56
Patriargie, Skuldgevoel en vrees.....	62
Veroordeling, Sonde, Straf en Verlossing.....	64
Oordeel.....	75
Vergifnis.....	81
Die vervulling van die wet.....	89
Tyd en die begrip 'hier en nou'.....	93
Geloof teenoor vertroue.....	99
Wonderwerke.....	104
Gebed en meditasie.....	117
Die Drie-enige God en die ego.....	123
Die Kruisiging en die Wederopstanding.....	127
Die wederkoms.....	129
Om Jesus te volg.....	134
5 Die dilemma van kennis en geloof.....	138

6 Kinders en die koninkryk.....	147
7 Liefde is om vrees te laat vaar.....	155
Gevoel, Emosie en Groepsproses.....	158
Verhoudings.....	167
Van spesiale verhouding na heilige verhouding.....	173
8 'n Reis in geloof: My persoonlike verhaal	178
9 Ten slotte.....	199
Bibliografie.....	204
Oor die outeur.....	208

Erkennings

Voorlopig net die volgende:

Alle aanhalings uit die Bybel kom uit die 1983 vertaling, gepubliseer deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Behalwe waar anders aangedui, kom alle aanhalings uit die *Evangelie van Thomas* uit Dr Piet Muller se vertaling, beskikbaar op www.spiritualiteit.co.za.

Met hartlike dank aan Leon Atterbury, Dr Abel Pienaar en Marna Schoeman vir hul waardevolle kommentaar op en voorstelle vir verbetering van die oorspronklike manuskrip.

Amptelike kopiereg is nog nie aangevra vir die uitgebreide aanhalings uit die Bybel, *A Course of Love* (Mari Perron) en *Christ's Letters* (www.christsway.com) nie. Verskeie e-posse is aan die *Foundation for A Course in Miracles* gestuur om toestemming te vra om uit *A Course in Miracles* aan te haal, maar geen antwoorde is ontvang nie.

Inleiding

Is die begrippe 'God', 'Jesus' en 'geloof' vandag nog relevant in 'n wêreld waarin ons wetenskaplike kennis ons skynbaar van die teenoorgestelde oortuig, en daar bitter min tekens van 'n liefdevolle God waarneembaar is?

Ja, dit is, mits ons bereid is om al ons vooropgestelde idees oor godsdiens, wetenskap en die menslike natuur te laat vaar en ons vir 'n totaal ander werklikheid oop te stel – die werklikheid waarvan Jesus gepraat het, maar wat baie min mense verstaan het.

Van sover terug as wat ek kan onthou was ek inherent ongelukkig. O ja, daar was baie lekker tye en vreugde, en ek het geweldig baie in my lewe beleef, maar onderliggend was daar altyd daardie knaende angs en spanning. Ek het gevolglik net een doel voor oë gehad: vrede.

As 'n kind van baie godsdienstige ouers moes ek gereeld kerk, Sondagskool en katkisasie toe gaan. Hoewel ek dit nie baie geniet het nie, was ek van kleins af baie geïnteresseerd in die woorde van Jesus. Dit was asof hulle met iets baie diep in my geresoneer het.

Daarmee saam het die al hoe sterker wordende gevoel gekom dat iets nie pluis is nie. Jesus het gepraat van vergifnis, van nie oordeel nie, van liefde, van egtheid. Die God waarvan ek in die kerk geleer het was oordelend, wispelturig, wraaksugtig en onbetroubaar. Hoewel dit altyd in baie mooi woorde verpak was, het ek as tipiese kind gou uitgesus dat die onderliggende boodskap van 'Jesus as verlosser' glad nie so 'n blye boodskap was nie. Jesus was slegs 'verlosser' omdat hy hom deur God namens ons laat vermoor het. Die enigste gevolgtrekking waartoe ek kon kom was dat God nie sy woede kon verwerk nie. Watter soos liefde is dit?!

Hierdie vrae het 'n lewenslange soeke aan die gang gesit om by die waarheid te probeer uitkom.

Deur baie soek, sukkel en struikel het ek geleidelik by die kern uitgekom: Die Kerk het op 'n verskeidenheid maniere Jesus se woorde subtiel verdraai om effektief die teenoorgestelde boodskap uit te stuur van dié wat Jesus verkondig het. Jesus het gesê die Jode se patriargale, wispelturige en wraaksugtige God bestaan nie. Daarvoor is hy gekruisig. Na die tyd het die Kerk die Joodse prentjie van God netso oorgeneem en Jesus bloot in daardie prentjie ingepas. In die eerste paar hoofstukke bespreek ek hoe ek dink dit gebeur het.

Ons leef in 'n wêreld vandag waar dinge besig is om lelik skeef te loop, niteenstaande die feit dat godsdienste deur die eeue nog verkondig het dat

hulle vrede ten doel het. Dis vandag redelik algemeen bekend dat seker die meeste oorloë in die geskiedenis van die mensdom in die naam van God gevoer is. Waar Jesus vergifnis verkondig het, het die godsdienst oorlog veroorsaak, aangehits en openlik goedgepraat. Vandag kan baie van die wêreld se oorloë nog steeds aan godsdienst toegeskryf word. Dis vir my dus duidelik dat godsdienst, in hierdie geval spesifiek die Christendom, hom bitter min aan Jesus se prediking en intensies gesteur het.

My groot vraag was: Hoekom?

Tydens die Renaissance het die mens se inherente nuuskierigheid oor die dogmatiese houding, korrupsie en onderdrukking van die Rooms Katolieke Kerk in Europa begin seëvier. Die Kerk het haar bes probeer om dit te onderdruk, maar tevergeefs. Die moderne wetenskap is gebore. Westerlinge het begin agterkom dat hulle deur empiriese waarneming en logiese denke by 'n ander waarheid kan uitkom as wat al die jare deur die Kerk aan hulle voorgehou is.

Deur die werk van mense soos Galileo en Kopernikus voort te sit en daarop uit te brei het Isaac Newton op 'n reeks natuurwette afgekom wat die mensdom onherroeplik sou verander. Die Nywerheidsomwenteling was 'n direkte resultaat daarvan, en sedertdien het die ontwikkeling van die tegnologie die mensdom se wildste drome oortref. Dit ontwikkel nog steeds teen 'n fenomenale tempo.

Toe kom Darwin, en daarmee saam 'n verlies aan die behoefte aan 'n God om die skepping te verklaar. God het irrelevant geword. Die mensdom, of aanvanklik in elk geval die Weste, het begin glo dat ons in staat is om ons eie heil te bewerkstellig en God daarvoor nie meer nodig het nie. Die Kerk het bly voortbestaan, maar het baie van haar mag verloor.

Is die wetenskap dan die antwoord?

As wetenskaplike en koördineerder vir oseanografiese navorsing by die destydse Stigting vir Navorsingsontwikkeling van die WNNR was ek in die ideale posisie om die fundamente van die wetenskap, wat op universiteit nooit aan my verduidelik is nie, te ondersoek en te bevraagteken. Dis presies wat ek gedoen het. Ten spyte van die geweldige oënskynlike sukses van die wetenskap in die vorm van tegnologie het ek egter begin agterkom dat die fundamente van die wetenskap glad nie so solied is as wat baie van ons graag wil glo nie.

Newton en sy mede-wetenskaplikes was hoogs godsdienstig. Volgens hulle het hulle bloot uitgewerk hoe God se skepping in mekaar steek. Ironies genoeg het hul godsdienstige wêreldsiening, waarvolgens die wêreld bloot 'n masjien is wat deur God in stand gehou word, 'n geweldige impak op die toekomstige wetenskap gehad. Dit het aannames tot gevolg gehad wat aan die een kant tot 'n fenomenale groei in tegnologie gelei het, maar aan die ander kant vandag die vooruitgang van die lewenswetenskappe ernstig kniehalter.

Soos in die geval van die godsdiens, word ons egter nooit geleer om na die onderliggende aannames te kyk nie, en enige denksisteem is net so geldig as sy onderliggende aannames.

Het die wetenskap 'n beter wêreld geskep as die Kerk daarvoor?

Ons het baie nuwighede om ons mee besig te hou, ons kan talle dinge doen wat ons voorheen nooit kon doen nie, ons kan dikwels mense langer laat lewe as voorheen, ons het 'n invloed op die planeet en die atmosfeer wat voorheen ondenkbaar sou wees en so meer, maar is ons enigins gelukkiger as voorheen? Het ons nou vrede? As die wetenskap teen hierdie tyd nog nie vrede kon bewerkstellig nie, is die geloof dat dit in die toekoms wél sal gebeur enigins meer rasioneel as enige godsdienst?

Ten spyte van die geweldige ontwikkeling van die tegnologie het niks in die menslike natuur verander nie. Dis nog presies wat dit in die dae van Jesus was. Die psigiatrie en die sielkunde het die 'objektiewe' reduksionistiese benadering van die fisiese en biologiese wetenskappe op die mens van toepassing probeer maak, maar tevergeefs. Die mens laat hom nie 'objektief' bestudeer nie.

Soos die godsdienst die massas onder die dekmantel van 'verlossing' in permanente skuldgevoel en vrees gehou het, is die tegnologie dikwels deur dié met baie geld onder die dekmantel van 'beter gesondheid', 'n 'beter kwaliteit van lewe', 'verligting van armoede' en so meer deur strategieë soos patentregte, monopolie en ander truuks 'gekaap' en vir hul eie gewin gebruik. Vir 'n minderheid het die beloftes inderdaad werklikheid geword, maar daar is vandag meer armoede en ellende as ooit tevore. Voorts kan baie moderne tegnologiese ontwikkelings teruggevoer word na uitvindings wat vir militêre doeleindes ontwikkel is. Die tegnologie het dit moontlik gemaak om dood en vernietiging op 'n baie groter skaal moontlik te maak as wat voorheen die geval was. Is dit vooruitgang?

'n Herhaling van die patroon van godsdienst?

Deur die eeue was en is daar nog steeds derduisende mense wat van die wêreld 'n beter plek wou of wil maak. Ek was een van hulle.

Soos ek in Hoofstukke 7 en 8 uiteensit, het ek as berader vir Noodlyn ('n telefoonberadingsorganisasie) die krag van groepsproses ontdek. Die essensie van groepsproses is dat 'n ware samehorigheidsgevoel, oftewel vrede, selfs in groepe met intense inherente konflik moontlik is. Dit kan egter slegs 'bereik' word deur ons eie pogings om daar uit te kom te laat vaar. Ons skynbaar natuurlike tendens is om negatiewe emosies te wil onderdruk, maar die samehorigheidsgevoel kom slegs deur die negatiewe emosies in 'n veilige konteks vryelik na vore te laat kom. Dis 'n paradoksale proses wat gereeld deur sielkundiges in groepsterapie gebruik word, maar waarvoor daar in werklikheid geen wetenskaplike verklaring is nie.

Sowel die direkteur van Noodlyn in Pretoria op daardie stadium as ek het die enorme potensiaal van hierdie proses ingesien op 'n tydstip waar Suid-Afrika in ernstige rassekonflik gedompel was. Ons het gesien hoe

versoening plaasvind waar niemand dit moontlik sou ag nie. Ons het die onmoontlike moontlik sien word.

Die direkteur van Noodlyn het bedank en die *Bou Suid-Afrika Stigting* gestig, met die spesifieke doel om veral rassekonflik deur middel van groepsproses aan te spreek en versoening te bewerkstellig. Kort daarna het ek, volkome op 'geloof', by hom aangesluit. Ons het nie 'n benul gehad waar ons geld vandaan gaan kom nie. In talle groepe en op jeugkampe het ons egter gesien hoe die versoening wat almal skynbaar so graag wou hê werklikheid geword het. Om maar een voorbeeld te noem:

Op een van die veelrassige jeugkampe wat ons in daardie tyd gedoen het, het dit geblyk dat die busbestuurder 'n AWB (Afrikaner Weerstandsbeweging) ondersteuner was. Toe ons ry, sê hy vir ons: “Ek sal die bus soontoe en terug bestuur, maar verder wil ek *niks* met julle te doen hê nie.” Ons aanvaar dit toe so.

Op pad soontoe het 'n paar jongmense met hom probeer gesels terwyl hy bestuur het, maar hy het nie gekroom om sy gebrek aan entoegasie duidelik te wys nie.

Die eerste dag van die kamp was hy nêrens te sien nie. Die jongmense het hom gevra om deel te neem, maar hy het geweier.

Die tweede dag sien iemand hom iewers om 'n hoek loer terwyl ons met 'n gespreksgroep besig is. Sy gaan roep hom, maar hy weier.

Die derde dag is dit duidelik dat hy nie van so ver af kan hoor wat aangaan nie. Dié keer was hy heelwat nader, en 'n mens kon sien hy probeer hoor wat aangaan. Weer het iemand hom gaan roep; weer het hy geweier. Tog was dit duidelik dat hy geïnteresseerd was.

Die vierde dag het hy uiteindelik toegegee. “Goed,” sê hy: “Ek sal kom saamgesels, maar julle weet waar julle met my staan. Ek glo nie in al hierdie integrasie-besigheid nie. Blankes hoort by blankes en swartes by swartes.”

“Geen probleem nie,” sê die jongmense. “Dis die hele idee. Elkeen het die vryheid om presies te sê wat hy of sy voel en dink.”

Soos die 'noodlot' dit toe wil hê, sluit hy toe by my groep aan. Toe hy van apartheid begin praat, en sê dat hy dink dis noodsaaklik dat rasse van mekaar geskei bly, reageer een van die swartes baie heftig. Sy ouers is met geweld verwyder van waar hulle gewoon het.

Oor en weer beskuldigings het begin rondvlieg en met intense emosies gepaard gegaan. As fasiliteerder het ek al die beskuldigings teruggebring na persoonlike emosies. As emosies aanvaar word en mense na mekaar luister, soos ek in hoofstuk 7 uitvoerig bespreek, verminder sowel die intensiteit as die 'negatiwiteit'. Aan die einde van daardie groepsbespreking was almal rustig en het die busbestuurder besluit hy gaan dit maak. Vir die res van die kamp het hy deelgeneem.

Op pad terug Pretoria toe sit daar seker so agt swartes rondom die bestuurder en gesels. Dit het in die gesprekke uitgekom dat hy voorheen 'n polisiereservis was en betrokke was by die skietery op swartes in die 'townships' tydens die Soweto-opstande in 1976. Van daardie jongmense was in die 'townships' toe daar op hulle geskiet is. Op pad terug het hulle vir mekaar vertel hoe dit voel om aan die twee verskillende kante te wees. Van die diep vrees wat almal van hulle beleef het.

Ongeveer drie weke later kry ons 'n brief van die busbestuurder waarin hy vra of ons hom sal oplei as 'n fasiliteerder vir ons kampe.

Hoe graag sou ons dit nie wou doen nie! Ongelukkig het die borgskappe vir ons kampe opgedroog, en ons kon nie. Ons het begin agterkom dat die paar borgskappe wat ons gekry het skynbaar baie meer te doen gehad het met maatskappye en organisasies se behoefte om as 'sosiaal verantwoordelik' gesien te word as 'n werklike belangstelling in versoening.

Ons versoeningswerk het finaal tot 'n einde gekom toe die ANC na 'n baie suksesvolle bespreking tussen die ANC Jeugliga en die Afrikaner Vryheidstigting skynbaar van bo af verbied is om met ons kontak te maak. Die rede? Die versoening waaroor almal gepraat het, het in ons groepe werklikheid geword. Ons is gestop *omdat* dit so goed gewerk het!

Dit was vir my 'n openbaring: almal praat oor vrede en versoening, maar as 'n mens dan werklik wys dat vrede en versoening moontlik is, stel niemand belang nie! Aanvanklik was ek bitter, maar geleidelik het ek begin besef dat, as die magtigste politieke partye in die land dit nodig ag om 'n paar van ons van hul lede af weg te hou (dieselfde het met die IFP gebeur), ons met iets geweldig kragtigs besig moet wees!

Weereens het ek dieselfde patroon gesien as in die godsdienst en die wetenskap: die oorspronklike opregte begeerte na vrede en geluk word 'gekaap' en geneutraliseer.

Deur 'bose' mense? Nee. Deur bang mense.

Dit het vir my duidelik begin word dat hierdie patroon niks met spesifieke groepe of organisasies te doen gehad het nie, maar iets inherent aan die mens self is. Wat die godsdienstpatriarge, die misbruikers van die wetenskap en die organisasies wat versoening teëgewerk het almal in gemeen het is skynbaar 'n vrees dat die einste krag waarvan Jesus gepraat het – werklike vrede en versoening – vir hulle 'n bedreiging inhou.

Die Kerk se antwoord op Jesus was om hom te neutraliseer deur die evangelies in die Bybel in te sluit en die geheel as die 'Woord van God' te verklaar. Jesus se begrip 'koninkryk van die hemel' is aan die Fariseërs se idee van 'n paradys in die hiernamaals gelyk gestel, waardeur die inherente krag daarvan summier gekanselleer is. Jesus is effektief deur die Kerk ontman.

Keiser Konstantyn het geen onbelangrike rol in hierdie proses gespeel nie. Watter beter manier is daar om die massas te beheer as deur 'n geloofsisteem wat op 'n ikoonfiguur gebaseer is, maar subtiel gemanipuleer is om permanente skuldgevoel in stand te hou? In Hoofstuk 2 wei ek hieroor uit.

Wat is dit in die mens wat skynbaar elke keer die inherente menslike soeke na vrede en geluk in die wiele ry en die teenoorgestelde daarvan in plek stel?

Ek moes die vraag na myself terugvoer: Wat was dit in myself wat so gereeld my eie behoefte aan vrede en geluk ondermyn het?

Die antwoord het vir my gekom in die vorm van *A Course in Miracles* (ACIM). Na 'n aanvanklike gebrek aan belangstelling in die geskrif nadat ek dit in 1984 vir die eerste keer 'toevallig' ontdek het, het die geskrif my later soos 'n magneet aangetrek en uiteindelik 'n geweldige invloed op my gehad. Dikwels as ek omgekrap was en daarin geles het, het dit my onmiddellik 'n gevoel van vrede gegee.

ACIM maak daarop aanspraak dat dit deur Jesus geïnspireer is. Daar word gereeld na Jesus se woorde in die Bybel verwys (daar is meer as 800 verwysings na die Bybel), en heelwat van hierdie aanhalings word in ACIM geherinterpreteer. Vir die eerste keer het dinge vir my in plek begin val. My jarelange intuitiewe verstaan van Jesus is vir my bevestig.

Wat veral vir my sin gemaak het is ACIM se beskrywing van die ego. Vir die eerste keer het ek 'n verklaring vir ons menslike gedrag gevind wat, in teenstelling met sielkundige teorieë of die Bybel, volkome logies sin gemaak en alles verklaar het. Die 'probleem' is egter dat die ego nie iets is wat ons in ander mense kan bestudeer nie: enigiets wat ons in ander sien is bloot 'n projeksie van ons eie ego. Ons sal die ego dus nooit deur wetenskaplike studies kan ontdek nie. Ons kan slegs van die ego bewus word deur na onself te kyk. Dis natuurlik 'n tema wat talle wysgere deur die eeue al aan ons probeer tuisbring het: Die Waarheid is in onself.

Dit het vir my ook die voorheen genoemde patroon verklaar. Ons behoefte aan vrede is eg. Almal van ons verlang op 'n diep vlak na vrede. Ons kan daardie vrede egter slegs vind deur te besef dat ons in werklikheid Een met God, en dus Liefde, is. Wat ons van daardie besef weerhou is die ego, en die ego is op vrees gebaseer. Tot tyd en wyl ons van die ego in onself bewus word, gaan die ego altyd weer ons soeke na vrede in die wiele ry.

Veral in die moderne wêreld, waar so baie van ons glo ons verstaan hoe dinge inmekaarsteek, sou 'n mens natuurlik die geldigheid van 'n geskrif kon bevraagteken wat daarop aanspraak maak dat dit deur Jesus geïnspireer is. ACIM is nie die enigste nie. Daar is verskeie ander geskrifte wat daarop aanspraak maak dat hulle deur Jesus of deur God geïnspireer is.

In hierdie boek verwys ek na die drie waaruit ek die meeste gekry het: *Christ's Letters* (CL), *A Course of Love* (ACOL) en die *Conversations with God* trilogie van Neale Donald Walsch. Laasgenoemde was vir jare 'n *New York Times* topverkooper.

Nog 'n geskrif wat vir my baie beteken het is die Evangelie van Thomas (EVT). Dis natuurlik allesbehalwe 'n nuwe geskrif. Om die waarheid te sê, baie teoloë beskou dit as die oudste evangelie. Vertalings daarvan het egter eers relatief onlangs vir die gemiddelde mens beskikbaar geword, en eers in die laaste paar jaar het Piet Muller na intense navorsing dit ook in Afrikaans vertaal.

Ek kan verstaan hoekom die EVT nie in die Bybel opgeneem is nie. Dit toon baie meer ooreenkoms met geskrifte soos *Christ's Letters* en *A Course in Miracles*, en die insluiting daarvan in die Bybel sou dit vir die Kerk soveel moeiliker gemaak het om hul storie oor Jesus – wat Sakkie Spangenberg in sy boek *Jesus van Nasaret die meestersverhaal* noem, en dus hul mag, te vestig.

Is dit moontlik dat Jesus self die moderne geskrifte geïnspireer het?

Dit hang af van wat 'n mens glo, of eintlik hoe ontvanklik 'n mens is vir enigiets wat nie in ons betrokke geloofsstelsel inpas nie. Die meestersverhaal wat deur die Rooms Katolieke Kerk geskep is en wat ons in die kerk geleer het het baie meer met die Kerk en keiser Konstantyn se behoefte aan mag te doen as met die boodskap wat Jesus kom verkondig het. Daarvolgens het God in die ou dae met mense gepraat, maar nie vandag meer nie. Hoekom sou God skielik ophou om met mense te praat?

Soos ek in Hoofstuk 3 verduidelik, is patriargale godsdienste van 'n uiteindelijke 'onfeilbare' bron van gesag in die vorm van 'n geskrif afhanklik. As God vandag nog met mense sou praat, sou dit die gesag van daardie geskrif, en dus van die godsdiensoutoriteite as geheel, ondermyn. Ek vermoed dat dit die rede is vir hierdie aspek van die meestersverhaal.

Vanuit 'n wetenskaplike oogpunt is dit noodsaaklik om te besef dat die wetenskap, hoewel baie nuttig, effektief 'n beperkte manier van persepsie is. Die wetenskap soos dit tans nog grotendeels bedryf word kan net bestudeer wat met die sinne waargeneem, gemeet en gekwantifiseer kan word. In die praktyk is daar egter 'n tendens in die wetenskap as geheel om enigiets wat nie aan hierdie kriteria voldoen nie af te skryf as dat dit nie bestaan nie. Soos reeds genoem het die wetenskap 'n fenomenale tegnologie moontlik gemaak, maar ons niks wyser oor ons eie natuur gelaat nie.

'n Mens kan nie 'n boek oor Jesus, en dus oor wonderwerke, skryf sonder om ook breedvoerig oor die aard van die wetenskap te besin nie. Sodanige bespreking is dus 'n integrale deel van hierdie boek.

Daar is derduisende mense wat getuig dat God met hulle praat. Baie daarvan kom van die ego, soos ek later verduidelik. Wat miskien minder aan ego-interpretasies onderhewig is, is dinge soos kommunikasie met diere (byvoorbeeld Anna Breytenbach), telepatie, voorgevoelens en so meer, en selfs ervarings van vorige lewens. Daar is natuurlik baie mense wat sulke verskynsels summier in beginsel ontken, maar die ontkenning van enigiets wat ons vooropgestelde idees oor 'werklikheid' weerspreek is op sigself 'n uitstaande kenmerk van die ego.

Wat my op die ou end seker die meeste oortuig het, benewens die akkurate beskrywing van die ego, is sowel die besondere wyse waarop ACIM ontstaan het (sien Hoofstuk 2) as die besondere gesaghebbende styl en absolute konsekwentheid daarvan. Waarom sou iemand soos Helen Schucman uit haar eie so 'n boek wou skryf wat effektief haar hele lewensbeskouing bevraagteken het, wat sy vir jare lank geheim gehou het en waarmee sy eintlik eers teen die einde van haar lewe begin vrede maak het?

Ek wil hier nie meer sê nie, want 'n mens kan nie werklik betekenisvol oor hierdie dinge besin sonder om die aard en konteks van geloof, 'kennis' en egtheid, wat ek breedvoerig in die boek bespreek, in aanmerking te neem nie.

My lewenslange soektog na Waarheid berus geensins op die soort irrasionele 'geloof' wat godsdienst vereis nie. Sulke 'geloof' blus effektief alle natuurlike nuuskierigheid, oopheid, eerlikheid en egtheid, en dus opregte soeke.

'n Sielkundige het op 'n keer na aanleiding van 'n aantal toetse vir my gesê dat my begrip van logika in die boonste 1% val. Hoe rasioneel sou dit wees om met daardie vermoë dit nie te gebruik nie? Nee, my soeke was 'n uit en uit rasionele soektog waarin ek uiteindelik besef het dat *enige* geloofsisteem wat nie tot in sy wortels bevraagteken word nie ons van die Waarheid weerhou. Bitter min van ons gaan so ver. Meeste van ons besef nie eers, soos ek vroeër ook, dat wat ons as 'waarheid' ervaar eintlik bloot 'n geloofsisteem is nie. Een voorbeeld daarvan is 'n begrip wat as 'wetenskapisme' bekend geword het: die geloof dat slegs die wetenskap, of meer korrek die materialisties-reduksionele wetenskap wat tot ons huidige dominante wêreldsiening gelei het, ons by uiteindelijke waarheid kan uitbring. Wetenskap is een ding, maar die geloof dat waarheid slegs deur 'n spesifieke soort wetenskaplike benadering ontdek kan word iets heel anders.

Rasionaliteit het egter sy natuurlike perke. In sy klassieke boekie *The Art of Loving*, wat vandag nog op die rakke is nadat dit in 1955 vir die eerste keer gepubliseer is, skryf die bekende psigoanaliseur Erich Fromm:

The experience of union, with man, or religiously speaking, with God, is by no means irrational. On the contrary, it is as Albert Sweitzer has pointed out, the consequence of rationalism, its most daring and radical consequence. It is based on our knowledge of the fundamental, and not accidental, limitations of our knowledge. It is the knowledge that we shall never 'grasp' the secret of man and of the universe, but that we can know, nevertheless, in the act of love.

My rasonale soeke sou my nooit by die soort kennis uitgebring het waarvan Erich Fromm praat nie. "The experience of union" is nie iets wat rasoneel verklaar, uitgelê of 'bewys' kan word nie. Maar dié wat dit ervaar het, soos talle Oosterse Jogi's en ander mistici, en by tye baie ander mense, kan nooit weer aan die werklikheid daarvan twyfel nie.

Dit was as Noodlynberader dat ek die eerste keer van hierdie ervaring bewus geword het. In Hoofstuk 8 beskryf ek hoe ek tydens 'n beradingsgesprek so 'diep' in die gesprek betrokke geraak het dat ek alle sin vir tyd, ruimte en plek verloor het. Dit was asof iets of iemand déúr my gepraat het. 'Ek' was nie meer 'my liggaam' nie. Dis onmoontlik om so 'n ervaring in woorde te beskryf.

Later het ek van tyd tot tyd nog heelwat sulke ervarings gehad: sowel in Noodlyn as wanneer ek met kinders gespeel het ('outentieke spel'), met veral olifante in kommunikasie was, in talle interaksies met mense waar ek my doelbewus op vergifnis toegespits het, en soortgelyke ervarings waarvoor ek later meer te sê het.

Die uiteindelijke kriterium vir die waarheid van enigiets is vir my die praktiese toepasbaarheid daarvan: Werk dit in die praktyk? In daardie opsig was die wetenskap reg: die toepassing van wetenskaplike teorieë het 'n magdom tegnologie tot gevolg gehad. Waar dit gefaal het (maar dit selde erken) is by die menslike natuur: nóg die godsdiens nóg die wetenskap kan die patrone verklaar waarvan ek voorheen melding gemaak het. Die wetenskap kon ons net so min by die teenstellings in ons menslike natuur, en dus vrede, uitbring as wat die godsdiens kon.

Die wetenskap kan basies nie die verskynsels van lewe en bewussyn verklaar nie. Om sekere uitdrukkings van bewussyn met spesifieke dele van die brein te assosieer verklaar nog nie bewussyn nie, en om die anatomie en fisiologie van plante en diere in die fynste besonderhede te beskryf verklaar nie hoe hulle vanself 'weet' hoe hulle moet ontwikkel nie.

Selfs voordat ek ACIM begin bestudeer het, het ek my werk as koördineerder vir oseanografiese navorsing bedank om 'in geloof te gaan leef. Dis nou nie die 'geloof' waarvan ons in die meesterverhaal geleer het nie. Jesus het nie 'vir ons sondes gesterf' nie, so ek glo dit nie, en ek aanvaar hom nie as my 'persoonlike saligmaker en verlosser' nie. Jesus is

gekruisig omdat hy vir die Jode gesê het hul God bestaan nie. My geloof, of sal ek eerder sê die geloof waarna ek streef, is die geloof waarvan Jesus gepraat het: 'n vaste vertroue op 'God' as die uiteindelijke Bron van alles. In Hoofstuk 8 vertel ek meer oor my reis in geloof.

Dit was die diep beradingservarings in Noodlyn, sowel as my insig in groepsproses, wat 'n groot rol gespeel het in my besluit om 'in geloof' te gaan leef. In daardie ervarings van Eenheid het ek 'n 'kennis' ervaar wat nie van hierdie wêreld is nie. Ek het begin verstaan waarvan Erich Fromm en Albert Sweizer gepraat het.

Iemand het op 'n keer gesê: “Geloof is nie geloof totdat daar niks anders is om aan vas te hou nie.” Daar was heelwat sulke tye in my lewe. Dit het by tye uiters moeilik gegaan, maar ek het altyd 'n dak oor my kop gehad, kos gehad om te eet en selfs 'n kar om my te bring waar ek moes. Die hoeveelheid kere dat ek 'toevallig' op kritieke oomblikke geld gekry het, soms op die wonderbaarlikste maniere, en dinge andersins elke keer presies reg uitgewerk het, laat by my geen twyfel meer van 'n baie groter Werklikheid as wat ons beperkte persepsies ons toelaat om te ervaar nie – die Werklikheid waarvan Jesus gepraat het.

Die 'kennis' van God wat ek in die proses opgedoen het is nie die soort kennis wat 'n mens in woorde kan beskryf of waarvan 'n mens ander kan oortuig nie. Sulke kennis staan soms bekend as 'gnostiese' kennis. Gnostiese kennis is slegs moontlik wanneer 'n mens volkome van jou eie ego bewus word en dit sodoende sy krag verloor. Wanneer die ego verdwyn, verskyn die Liefde.

Hierdie boek is die resultaat van sowel my rasonele soektog as my geloofservarings: die kop en die hart. Die 'koninkryk van die hemel' is nie 'n rasonele begrip nie: dis 'n *ervaring*. Om by die ervaring uit te kom moes ek egter eers sowel die godsdienst as die wetenskap tot in hul wortels bevraagteken. Ek moes leer dat om oordeel te laat vaar en te vergewe, soos Jesus ons gemaak het, nie maar nog een of ander sinnelose ding is wat ons moet doen om die patriargale God van die Jode tevrede te stel nie, maar die sleutel tot die ongedaanmaking van die ego en die gepaardgaande dualisme. Met daardie ongedaanmaking kom die ervaring van absolute vrede en geluk, sy dit aanvanklik net af en toe.

Die boek kan min of meer in vier dele verdeel word. In Hoofstuk 1 tot 3 bespreek ek die konteks rondom die woorde van Jesus; iets wat deur die jare grotendeels van ons weerhou is, juis omdat dit krities is vir die betekenis wat ons aan Jesus heg. Hoofstuk 4 is as die kern van die boek 'n herinterpretasie van die begrip 'koninkryk van die hemel' en alles wat daarmee gepaard gaan. Hoofstuk 5 tot 7 handel oor die toepassing van Jesus se woorde in die praktyk: die verskil tussen 'geloof' en vertroue, hoe ons ons kinders benader en hoe 'n nuwe benadering tot die begrip 'liefde' al

die verskil maak. In Hoofstuk 8 bespreek ek my persoonlike “reis in geloof”.

In Hoofstuk 1 voer ek die argument aan dat al die Abrahamiese godsdienste – die Christendom, Judaïsme en Islam – die produk van 'n patriargale kultuur is waarin die eienskappe van die *paterfamilias* op God geprojekteer is.

Hoofstuk 2 gaan oor die dilemma dat baie van Jesus se oorspronklike woorde deur die jare verander is – deur evangelieskrywers wat bang was vir die Fariseërs, Bybelvertalers wat vanuit hul eie konteks en raamwerk (die meestersverhaal) vertaal het, kerkvaders en Roomse keisers wat spesifiek dinge uitgelaat wou hê omdat dit nie in die meestersverhaal sou pas nie, en so meer. Hoe weet 'n mens dus wat werklik Jesus se woorde was en wat nie? Dis waar moderne geskrifte wat daarop aanspraak maak dat hulle deur Jesus geïnspireer is vir my van baie nut was.

In Hoofstuk 3 kom die dilemma van 'uiteindelike waarheid' onder die loep. Ek wys daarop dat die patriargale godsdienste van 'n 'uiteindelike waarheid' in die vorm van 'n geskrif afhanklik is – sy dit die Bybel, die Koran of die Talmud. Daardie geskrifte mag egter slegs deur goedgekeurde godsdienstamptenare aan Jan en Alleman uitgelê word. In die wetenskap het die 'wetenskaplike metode' en goedgekeurde wetenskaplikes effektief dieselfde rol begin vervul as die geskrifte en amptenare in die godsdienst.

Hoofstuk 4 gaan om die herinterpretasie van die begrip 'koninkryk van die hemel'. Daarvoor maak ek grotendeels op Jesus se woorde in die vier evangelies in die Bybel staat, maar verwys ek ook heelwat na die Evangelie van Thomas en die moderne geskrifte om hierdie woorde in 'n breër perspektief te stel.

In Hoofstuk 5 bespreek ek spesifiek die betekenis en dilemma van die woorde 'geloof' en 'kennis', en hoe 'n gebrek aan duidelikheid oor presies wat hulle beteken ons dikwels verwar.

Met Jesus se spesifieke verwysing na kinders en al my ervaring met klein kinders kon ek nie die kinders afskeep nie! Hoofstuk 6 gaan gevolglik spesifiek oor wat Jesus oor kinders te sê gehad het en oor hoe my eie ervarings met kinders daarby inpas.

In Hoofstuk 7 lê die klem op die praktiese toepassing van die Liefde as die essensie van wie ons is in plaas van bloot 'n menslike emosie. Daarin verwys ek spesifiek na emosies en gevoel, groepsproses, verhoudings en hoe ons 'spesiale' (ego-gebaseerde) verhoudings na 'heilige' (Liefde-gebaseerde verhoudings) kan verander.

Hoofstuk 8 is my persoonlike verhaal waarin ek veral my 'reis in geloof' beskryf.

Jesus se boodskap was uiters radikaal. Dis hoekom die Kerk dit nooit as sulks wou aanvaar nie. Maar dis 'n boodskap van hoop in 'n wêreld waar

nóg godsdiens nóg wetenskap werklik antwoorde op die toestand van die mensdom het. Dis vandag seker nog meer van toepassing as toe Jesus self die woorde gespreek het.

Dan net 'n paar praktiese aspekte.

Daar verskyn heelwat aanhalings uit veral ACIM en *Christ's Letters* (CL) in hierdie boek. Hoewel Henri Theron ACIM intussen in Afrikaans vertaal het, en dit nou in Afrikaans as die *Kursus in Wonders* op CD beskikbaar geword het, verkies ek om die oorspronklike Engelse uitgawe te gebruik. ACIM het in Engels 'n deel van my lewe geword voordat Henri se vertaling verskyn het, en ek voel gemakliker met die Engels. Een rede daarvoor is dat ACIM nie sommer in gewone Engels geskryf is nie. Dit maak gebruik van dieselfde jambiese vers wat in die tyd van Shakespeare gebruik is, wat vir my daaraan 'n besondere gesag verleen. Dis iets wat ek in enige vertaling mis. Vandaar dat ek besluit het om by die Engelse weergawe te hou.

ACIM beslaan drie dele: die teks (T), die werkboek (W) en die handboek (manual) vir onderwysers (M) en is, soos die Bybel, in hoofstukke en versies verdeel. Verwysings na ACIM is dienooreenkomstig aangedui.

CL bestaan uit 'n inleiding, nege briewe, 'n aantal 'artikels' en 'n dokument met die titel 'Membership'. Verwysings na CL verwys na die spesifieke brief of ander dokument en die bladsynommer.

Toe ek begin het, was ek van plan om elke uitspraak van Jesus in die lig van veral ACIM en CL te herinterpreteer. Namate ek gevorder het, het ek besef dat die boek gans en al te lank sou word as ek dit doen, benewens die feit dat daar te veel herhaling sou wees. Paramahansa Yogananda het 'n boek geskryf waarin hy elke vers in die Bybelse evangelies verklaar het aan die hand van sy insigte as Hindoe Jogi (*The Second Coming of Christ: The Resurrection of the Christ Within You – a Revelatory Commentary on the Original Teachings of Jesus*). Die boek beslaan 1 700 bladsye!

Gevolglik behandel ek net die hooftemas van Jesus se prediking – temas soos die groot gebod, die liefde, oordeel, vergifnis, die wederkoms, wonderwerke en so meer, maar laat ander woorde en gelykenisse van Jesus onaangeraak. Ek is daarvan oortuig dat die leser wat daarin belang sou stel op grond van wat ek hier bespreek self seker omtrent al Jesus se ander uitsprake sal kan herinterpreteer.

Ek gebruik hoofletters vir alles wat na 'n groter werklikheid verwys; 'n Werklikheid wat die menslike verstand ver te bowe gaan. Dit sluit in die woorde 'God', 'Jesus' en 'Christus', maar ook woorde soos 'Een', 'Eenheid', 'Al' en selfs 'Lewe', 'Liefde' en 'Waarheid'. Ek volg tradisie deur die woord 'Bybel' met 'n hoofletter te skryf, maar wyk daarvan af

deur die woord 'hy', wanneer dit na Jesus verwys, nie met 'n hoofletter te skryf nie. Dit doen ek spesifiek omdat Jesus dit duidelik gemaak het dat hy in wese nie van enige ander mens verskil nie. Al waarin hy verskil het, was dat hy van sy goddelikheid bewus was. Die woord 'Kerk' skryf ek met 'n hoofletter wanneer dit na die Kerk as geheel as instelling verwys, maar anders met 'n kleinletter.

1 Patriargie en die oorsprong van die Bybel

No one can conceive of his creator as unlike himself

ACIM W-68.1:7

What is punishment but evil-doing under the guise of goodness?

CL 2 p18

Om die Bybel – of enige ander geskrif – as die ‘Woord van God’ te verklaar is seker een van die slimste truuks wat ooit op die mensdom gespeel is.

Die Ou Testament is ‘n versameling van wyd uiteenlopende ou Joodse geskrifte wat die ou Joodse siening van God weerspieël. Dit sluit in die sameflansing van allerhande oeroue mites en legendes, reels en regulasies, die uitsprake en gedigte van profete en konings, en so meer.

Die Godsbeeld van die ou Jode kan nie van hul patriargale sisteem geskei word nie. Soos vandag nog in patriargale kulture (insluitend die Afrikanerkultuur tot relatief onlangs), was die vader die hoof van die huis en die gesaghebber in sy huishouding. Sy wil was wet. As hy kwaad geword het, beteken dit dat iemand iets verkeerd gedoen het, en daardie iemand moes dit ontgeld. Om voor te stel dat hy sêlf die probleem was, was onvoorstelbaar.

In so ‘n ouerhuis het kinders gou geleer om nie hul ouers, of wat hul ouers as die waarheid voorhou, te bevraagteken nie. Klein kinders absorbeer *alles* wat hulle om hul ervaar. Dit sluit die patriargale kultuur in. So teen die tyd dat hulle groot word, is hulle dikwels bewustelik of onbewustelik net so patriargaal as hul ouers.

So ‘n sisteem is natuurlik potensieel onderhewig aan geweldige misbruik. Mans kon (en kan) doen wat hulle wil en bloot aandrang dat dit hulle (God-gegewe) reg is. Met die onderdrukking van seksualiteit wat ‘n integrale deel van patriargale kulture uitmaak, was kinders dikwels die ideale voorwerpe vir die uitlewing van mans se seksuele drange. In sy boek *The History of Childhood* en verskeie artikels het Lloyd DeMause heelwat

geskryf oor die voorkoms van kindermishandeling. Hy was oortuig dat seksuele molestering 'n integrale deel van patriargale kulture was en is.

In die tyd dat Sigmund Freud as neuroloog hom op die menslike psige begin toelê het, was die seksuele misbruik van kinders skynbaar 'n algemene verskynsel. Almal het geweet dit gebeur, maar niemand het daaroor gepraat nie.

In 1896 het Freud in een van sy heel eerste lesings getiteld 'Die Etiologie van Histerie' bekend gemaak dat al agtien gevalle van 'histerie' wat hy behandel het (ses mans en twaalf vrouens) aan die onderdrukking van ervarings van seksuele mishandeling as kinders toegeskryf kon word.

Dit het hom amper sy loopbaan gekos. Benewens die geweldige kritiek wat hy van sowel sy kollegas as die gemeenskap as geheel gekry het, is hy sleggesê, gemarginaliseer en geïsoleer. Baie van sy kliënte het nie meer vir behandeling gekom nie.

In *Thou Shalt Not Be Aware* het Alice Miller 'n sterk argument aangevoer dat die verwerping wat Freud ervaar het dalk 'n deurslaggewende rol gespeel het in die formulering van sy latere teorieë oor psigiese energie, libido en so meer. Met sy lesing het hy iets openbaar gemaak waarop daar 'n baie sterk sosiale taboe was, en daarmee 'n belangrike implikasie van die (patriargale) kultuur aan die kaak gestel. Dit was ongehoord, en Freud het die gevolge daarvan terdeë aan sy lyf ervaar.

Met sy latere teorieë het Freud twee betekenisvolle dinge gedoen:

1. Hy het die inherente belangstelling in seks met volwassenes aan die kinders self toegeskryf (byvoorbeeld sy Oedipus-teorie). Hiermee het hy effektief volwassenes van die blaam vir seksuele mishandeling van kinders onthef.

2. Deur sy intellektualisering van seksualiteit het hy seksualiteit uit die werklikheid van die alledaagse lewe geneem en dit na die 'veilige hawe' van die intellek verskuif. Hierdie intellektualisering is 'n uitstaande kenmerk van die westerse kultuur as geheel oor die laaste paar eeue. Intellektualisering kan ons baie maklik van ons daaglikse werklikheid verwyder en ons verhoed om na onself te kyk.

Van toe af was Freud baie meer sosiaal aanvaarbaar!

Veral in die lig van my huidige kennis en ervaring van skuldgevoel en vrees, maak Alice Miller se interpretasie vir my volkome sin. Die belangrikheid daarvan lê vir my in die ontbloting van die geweldige weerstand wat 'n patriargale kultuur bied teen die openbaarmaking van enigiets wat sy aannames bevraagteken – en van enigiets wat skuldgevoel na die oppervlak kan bring.

Klein kinders leer letterlik ‘n werklikheid skep op grond van wat hulle ervaar. Wat is meer natuurlik vir klein kinders as om te aanvaar dat die manlike God waarvan hulle elke dag in hul ouerhuis hoor basies ‘n groter weergawe van hul eie pa’s is? Watter ander vergelyking kan hulle maak sonder ‘n relevante verwysing in hul eie werklikheid? En met die idee dat God liefde is, watter ander gevolgtrekking kan hulle maak as dat die manier waarop hul pa’s optree ‘liefde’ is?

In haar boek *Indescribable* beskryf Candice Derman hoe sy as agtjarige kind deur haar pa verkrag is, en haar pa vir haar vertel het dat hy dit uit liefde vir haar doen en dat dit God se wil is. Watter ander verwysing het sy gehad om hierdie patriargale ‘waarheid’ te kon bevraagteken? In vandag se tyd kon sy haar ervarings openbaar maak, maar in die patriargieë van ouds – en sommiges van vandag – was en is dit nie moontlik nie.

In verskeie van haar boeke noem Alice Miller dat mense wat as kinders seksueel gemolesteer is dikwels later positiewe herinneringe gehad het van die seksuele aandag wat hulle van hul pa’s of ander mans gekry het.

Dis ‘n ekstreme voorbeeld, maar dis doelbewus. Dit is bedoel om die geweldige effek wat patriargie (soos enige kultuur) op kinders het uit te lig. Kinders sien van nature op na hul pa’s, en smag na enige vorm van wat hulle as liefde ervaar van hul pa’s. Dis volgens my een van die belangrikste redes waarom patriargale godsdienste dikwels so ‘n geweldige houvas op mense het.

Effektief is dit ‘n vorm van hipnose. Dis vandag welbekend dat wat ons in die eerste vyf of ses jaar van ons lewens ervaar basies ons wêreldbeeld vorm, ‘n beeld wat vanaf die ontwikkeling van ons ‘rasionele’ verstand grotendeels ‘ondergronds’ gaan, met ander woorde waarvan ons onbewus word. Dis belangrik om daarop te let dat hierdie beeld gevorm word op ‘n stadium dat kinders nóg logies kan redeneer, nóg ‘n breër verwysingsraamwerk het waarmee hulle hul ervarings kan vergelyk.

Totdat ons daarvan bewus word, sit seker meeste van ons met ander woorde met ‘n onbewuste wêreldbeeld wat nie logies konsekwent is nie, maar tog ‘n groot deel van ons lewens beheer. Ons is nie naasteby so rasioneel as wat ons dink ons is nie. Ons rasionaliseer bloot wat ons op ‘n dieper vlak voel. Selfs die wetenskap bevestig dit skynbaar. (Sien byvoorbeeld hierdie artikel: <http://www.alternet.org/media/most-depressing-discovery-about-brain-ever>). Dis waarskynlik hoekom miljoene mense so maklik die idee kan aanvaar dat ‘n God van liefde geen probleem het met menseslagtings, seksuele molestering, verkragting en so meer in die Bybel, en uiteindelik met die doodmaak van sy eie seun nie.

Hoeveel van ons het al werklik oor die implikasies van ons godsdiens nagedink? Hoeveel van ons het daaroor nagedink dat die kruisiging van Jesus as die wil van God daarop neerkom dat God nodig het om wraak te neem en effektief sy eie seun te vermoor sodat Hy self kan beter voel? Maak dit enigsins rasideel sin?

Vandag, noudat pioniers soos Sakkie Spangenberg, Hansie Wolmarans, Abel Pienaar, Flip Schutte, Piet Muller en so meer die weg van bevraagtekening gebaan het, begin al hoe meer mense daaroor nadink. Maar nie destyds nie. En die rede daarvoor is volgens my dat ons onder 'n algemene hipnose was wat sy oorsprong in ons kindertyd gehad het. Biljoene mense is nog steeds onder daardie hipnose.

'n Mens kry nie ander uit hul hipnose deur hulle te kritiseer en te verneder nie. Inteendeel. Deur iemand se geloofsisteem te kritiseer, maak ons 'n diep gevoel wakker van "ek is nie goed genoeg nie". Vanuit daardie gevoel is iemand se reaksie wat effektief onder hipnose is allermins om die rasidele argumente aan te hoor en sy of haar posisie te heroorweeg. In pleks daarvan is die neiging eerder om te probeer 'bewys' dat hulle reg is en dus 'goed genoeg' is!

Wat Jesus kom doen het, het in 'n sekere sin nie veel verskil van wat Freud aanvanklik gedoen het nie. Jesus het die patriargale kultuur en die gepaardgaande godsdiens van sy tyd radikaal (tot in sy wortels) bevraagteken. Soos *A Course of Love* (ACOL) dit stel: "Jesus embodied God by embodying love. He came to reverse the way God was thought of, to put an end to seeing God in human terms of vengeance, punishment, and judgment" (Prelude 34). Waar Freud by wyse van spreke gekruisig is, is Jesus l  tterlik gekruisig.

Daar is vandag seker min geletterde westerlinge wat nog nie van Freud gehoor het nie. Meeste van hulle weet dat dit iets met seks te doen het, maar ook nie altyd veel meer nie. Die sielkundige studierigting bekend as psigoanalise het sy ontstaan grotendeels in Freud se teorie   gehad – teorie   wat eers veertien jaar na sy lesing van 1896 amptelik die lig gesien het. Vandag nog gebruik baie sielkundiges Freud se teorie   as hul basis, hoewel die 1896 lesing skynbaar grotendeels vergete is.

Daarenteen het relatief min mense al van Carl Jung gehoor. Carl Jung was een van Freud se belowendste studente, en Freud het aanvanklik Jung as sy opvolger gesien. Maar toe begin Jung Freud se fokus op seksualiteit bevraagteken, en al hoe meer in 'n 'geestelike' rigting beweeg. Uiteindelik is die twee kwaai vriende uitmekaar.

Sjoe, nou's ek darem ver van die 'Woord van God' af. Of nie?

Freud se 1986 lesing was bloot op waarneming gebaseer. Hy't 'n direkte verband gesien tussen seksuele molestering en 'histeria'. Hy't ingesien dat die 'siekte' direk met die onderliggende norme van die samelewing verband hou.

Waarom sou mense 'histeries' geword het as dit nie was dat hulle basies in konflik met hulself was nie? Daardie konflik het sy oorsprong in skuldgevoel gehad. Die 'pasiënte' het hul seksuele ervaring as kinders – en die feit dat sommige van hulle dit selfs geniet het – basies uit skuldgevoel onderdruk, en die onbewuste onderdrukking het as fisiese simptome gemanifesteer.

Meeste van ons ken waarskynlik die fabel van die keiser wat naak was. 'n Kleremaker het vir hom verskriklik duur klere gemaak, en almal het ge-oe! en ge-aah! en voorgegee dat hulle nie sien dat hy eintlik naak is nie. Dit kos toe 'n kind om uit te wys dat die keiser eintlik naak is.

Freud het basies uitgewys dat die keiser naak was, en is figuurlik gekruisig daarvoor. Met sy latere teorieë het hy die krag van sy aanvanklike waarneming ongedaan gemaak. Die samelewing was (en is) nog nie reg vir self-ondersoek nie. Dis waarskynlik ook hoekom Jung selfs vandag nog so relatief min aanklank vind: Jung het die psigoanalise teruggebring na self-ondersoek.

Soos Freud, het Jesus kom sê: “Die keiser is naak!”. Hy't die valsheid van die Fariseërs se godsdienst uitgewys en hulle patriargale gesag kom ondermyn. Hy't basies kom sê dat hul God in werklikheid nie bestaan nie. Hoe dūrf hy!

Dit is hoekom Jesus gekruisig is. Soos Socrates voor hom, Freud, Galileo, Bruno, Sheldrake en talle ander na hom wat dit durf waag het om die bestaande opvattinge oor die 'werklikheid' te bevraagteken figuurlik gekruisig of letterlik vermoor is.

Ek is seker daar was enkele mense wat die implikasies van Freud se 1896 lesing ingesien het, maar dit nie durf waag het om dit openlik te erken nie. So was daar ook mense wat Jesus se dieper wysheid verstaan het. Van hulle het skynbaar in klein groepies begin bymekaar kom om oor Jesus se leringe te besin. Dis egter nie asof dit skielik die wêreld verander het nie.

Maar toe kom Paulus op die toneel.

Soos ons weet, was Paulus 'n Fariseër met 'n passie om die eerste Christene te vervolg. En toe kry hy sy 'openbaring' in Damaskus.

Niemand sal ooit weet presies wat Paulus ervaar het nie. Sommige sal sê dit was net 'n hallusinasie – as daar in die eerste plek so iemand soos Paulus was.

Tog is daar meer mense wat sulke tipe ervarings gehad het. Baie mense maak daarop aanspraak dat hulle God ervaar het. Om ‘n oordeel daaroor uit te spreek (“dis nie waar nie” of “ja, dit wás God” en so meer) is om ‘n intellektuele besluit te maak oor iets waarvan ons geen benul het nie. Slegs mense wat soortgelyke ervarings gehad het sal dalk kan sê: “Ja, dit klink baie soos wat ék ervaar het”.

In ons patriargale hipnose was dit maklik om net te aanvaar dat dit God was wat met Paulus gepraat het. Ons het immers geleer dat, hoewel dit vandag nie meer gebeur nie, dit in die ou dae so gewerk het, nie waar nie? Die vaders het gespreek.

As ons vir ‘n oomblik die opinie van die vaders tersyde stel en na Paulus kyk as ‘n doodgewone mens, lyk dit beslis asof hy ‘n diep, betekenisvolle ervaring gehad het. Maar ons weet ook dat hy van kleins af in die weë van die Fariseërs geïndoktrineer is, en dat sulke indoktrinasie nie sommer maar net verdwyn nie. Vir die Fariseërs het dit om ‘n intellektuele begrip van God gegaan – nie oor ‘n vaste vertroue nie.

As ek Paulus se briewe lees, nie as die ‘Woord van God’ nie, maar as die woorde van ‘n gewone mens soos ek en jy, is dit vir my duidelik dat hy baie konflik in homself ervaar het. Aan die een kant praat hy gereeld van God se toorn op dié wat nie ‘reg’ leef nie, en aan die ander kant val hy van tyd tot tyd weer terug op “jy hoef niks te doen om jou redding te bewerkstellig nie”. Aan die een kant verwys hy na mense soos Abel, Henog, Noag, Abraham en Ragab wanneer hy oor geloof praat, met ander woorde as ‘n vaste vertroue op God, maar dan val hy gereeld weer terug op ‘geloof’ as die intellektuele aanvaarding dat Jesus vir ons sondes gesterf het.

Romeine 3:26 omvat seker die kern van wat Paulus preek: “Hom het God gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir die wat glo. Hierdeur het God getoon wat Sy vryspraak behels: Hy het die sondes wat Hy voorheen in Sy verdraagsaamheid tydelik ongestraf laat bly het, vergewe.....Hy oordeel regverdig deurdat Hy elkeen vryspreek wat in Jesus glo.”

Dit lyk asof Paulus aan so ‘n geweldige diep skuldgevoel gely het dat hy net nie kon aanvaar dat Jesus volkome vergifnis verkondig het nie. Daarom dat hy gereeld praat van ‘vryspraak’ in plaas van ‘vergifnis’: iets totaal anders.

Paulus was nog steeds ‘n patriarg en effektief nog ‘n Fariseër. Hy kon eenvoudig nie aanvaar dat God nie slagoffers nodig het nie (‘n integrale deel van die Fariseërs se geloof), en maak toe van Jesus die slagoffer wat Jesus self gesê het God nie nodig het nie!

Dis 'n paar eeue later. Die Romeinse Ryk is besig om te skeur. Keiser Konstantyn probeer baie hard om te keer. 'n Christelike kerk het geleidelik vorm begin aanneem, maar daar was heelwat verdeeldheid in hierdie kerk, veral tussen die 'hoofstroom' kerk wat grotendeels deur Paulus beïnvloed is en die Ariane (volgelingen van Arius). Dan was daar ook nog kleiner groepies soos die Gnostici, wat 'n meer 'vroulike' benadering gevolg het.

Hierdie verdeeldheid het Konstantyn allermens gepas, en gevolglik roep hy die eerste Ekumeniese Raadsvergadering van wat nou as die Rooms Katolieke Kerk bekend staan bymekaar in Nicea in 325 n.C. Dit was nadat hy in 313 n.C. Die Christendom tot wettige godsdienst in die Romeinse Ryk verklaar het.

Vir Konstantyn was dit skynbaar 'n politieke set, hoewel niemand presies sal weet nie. Dit lyk asof hy besef het hy kon nie meer die groeiende Christendom keer nie, en dit toe in 313 n.C. maar gewettig het en later (380 n.C.) as die amptelike godsdienst van die Romeinse Ryk verklaar het. Dis onwaarskynlik dat hy nie die voordeel daarvan vir homself raakgesien het nie!

Dit het egter nog nie die probleem van die talle splintergroepies opgelos nie, en hy en die Kerk het verder gegaan: slegs die Rooms Katolieke Kerk se interpretasie is as die 'ware' een verklaar, en enigiemand wat iets anders glo is as ketter verklaar. Enige geloof wat die Katolieke geloof weersprek het is as 'anathema' verklaar. Dit sluit die geloof in reïnkarnasie in; 'n algemeen gehuldigde geloof in daardie tyd.

Die Kerk se amptelike geloofsbelydenis is op die eerste en tweede ekumeniese vergaderings in Nicea (325 n.C.) en Konstantinopel (381 n.C.) saamgestel en bekragtig. Ten spyte van die latere Protestantse Hervorming, is hierdie geloofsbelydenis presies so deur die Protestantse kerke oorgeneem en word dit vandag nog in sowel die Katolieke Kerk as die Protestantse kerke gebruik.

Daarmee het 'n grootskaalse vervolging begin van alle Christene wat nie die Rooms Katolieke geloof aanvaar het nie. Derduisende Christene is vermoor, gemartel en getreiter deur die Rooms Katolieke Kerk – iets wat eintlik vir eeue voortgegaan het in die vorms van die onderdrukking van die Katarë en ander 'kettergroepe', die Spaanse Inkwisisie en so meer.

Daar was op daardie stadium talle geskrifte in omloop – sowel die Joodse geskrifte as verskeie evangelies en ander geskrifte oor Jesus, en natuurlik die briewe van Paulus. Om die 'eenheid' verder te versterk, het die Kerk besluit om een enkele geskrif saam te stel. Die meeste aanvoerwerk daarvoor was reeds gedoen.

In 90 n.C. is die Ou Testament reeds vir die eerste keer in sy finale vorm geformaliseer, en in 170 n.C. het die opkomende Rooms Katolieke Kerk die grootste deel van die Nuwe Testament saamgestel. Op die eerste raadsvergadering in Nicea in 325 n.C. is hierdie twee samestellings bymekaar gesit en as een gesaghebbende geskrif aanvaar. In 367 n.C. het Athanasius nog 'n paar geskrifte bygevoeg, en op die tweede raadsvergadering in Konstantinopel in 381 n.C. is die geskrif as die Rooms Katolieke Bybel aanvaar. (Eintlik is dit eers op die Raadsvergadering in Trente van 1545-1563 finaal bekragtig.) Die Kerk het verklaar dat hierdie geskrif deur God self geïnspireer is, en dus die 'Woord van God' is.

Die finale besluit dat die Bybel die 'Woord van God' is, is deur die Rooms Katolieke Kerk geneem, waarskynlik in samewerking met keiser Konstantyn. Die Bybel is dus nie 'n unieke boek wat op sy eie verskyn het nie, maar onlosmaaklik verbind aan patriargie, kerk en staat.

Dit het jare se geredekawel, bakleiery en herformulerings gekos, en talle geskrifte soos die evangelies van Lukas, Thomas en Maria is in die proses uitgesluit. Die Kerk het skynbaar besluit dat die massas "nie reg was" vir sulke evangelies nie.

'n Deel van hierdie Bybel was die sogenaamde Apokriewe Boeke. Met die Protestantse Hervorming is hierdie briewe uit die Bybel gelaat. Die Protestantse Bybel verskil dus effens van die Katolieke Bybel, maar die kern is dieselfde. Die besluit dat die Bybel die 'Woord van God' is, ookal is dit nou 'n bietjie gewysig, is direk so by die Katolieke oorgeneem. Die feit dat daar nou in der waarheid meer as een 'Woord van God' was is maklik verdiskonteer deur te verklaar dat die Protestantse Bybel nou die enigste 'ware' Bybel was en dat die Katolieke geloof verkeerd was. Ek onthou hoe ek op Sondagskool geleer het dat die Katolieke hel toe gaan. In sy *Conversations with God* trilogie vertel Neale Donald Walsch hoe hy as Katoliek dieselfde oor die Protestante geleer het.

Die logiese konsekwensie van wat die Kerk – sowel die Katolieke as die Protestantse Kerk – hiermee gedoen het is van kritieke belang. Deur al die geskrifte saam as die 'Woord van God' te verklaar, het elke woord wat deur en oor elke profeet, koning, evangelieskrywer, Paulus, en Jesus self neergeskryf is presies dieselfde krag as 'woorde van God' gekry. Die idee dat God Moses opdrag gee om die Midianiete se seuntjies en vrouens wat al gemeenskap gehad het dood te maak, die maagde saam met diere te buit en te verkrag (Numeri 31), die opdrag dat vrouens wat aan 'n seun geboorte gee een week, maar in die geval van 'n dogter twee weke onrein is en daarna 'n sondeoffer moet doen (Levitikus 12), die feit dat God skynbaar goedkeur dat Lot sy maagdlike dogters aan die mense van

Somdom beskikbaar stel sodat hulle nie sy gaste iets sal aandoen nie (Genesis 19:1-11), Paulus se pragtige bekende woorde oor die liefde in 1 Korintiërs 13 en Jesus se woorde “Vergewe sewentig maal sewe keer”, is hierdeur almal as gelyke ‘woorde van God’ verklaar.

Die resultaat is ‘n absolute warboel van dubbele boodskappe. Talle spreuke en gesegdes in die Bybel weerspreek mekaar. Hoewel Jesus ‘n heeltemal ander interpretasie van die wet gegee het, is beide Jesus se siening en die ou Joodse wette saam in dieselfde geskrif, en is die implikasie dat altwee kontrasterende sienings die ‘woorde van God’ is!

Die feit dat al hierdie gebeure binne ‘n patriargale bestel plaasgevind het is van groot belang.

Eerstens is die Bybel in die westelike deel van die Romeinse Ryk na die skeuring van die Ryk in Latyn vertaal. Latyn het egter as spreektaal begin verdwyn en was in groot dele van die Romeinse Ryk afwesig, met die gevolg dat die gemiddelde mens geen toegang tot die Bybel gehad het nie en volkome van die interpretasies van die priesters en biskoppe afhanklik was. Niemand het dit durf waag om die priesters of die biskoppe te bevraagteken nie.

Vanaf Martin Luther se vertaling van die Bybel in Duits het die Bybel al hoe meer vir die gemiddelde mens toeganklik geword. Die patriargale kultuur was egter nog net so sterk soos altyd, en die basiese dogma van die Kerk, soos vervat in die geloofsbelydenis van Nicea, al diep in die onbewuste van die algemene bevolking gewortel. Selfs toe die Bybel toeganklik geword het, het niks werklik verander nie. Ons mense hou nie van verandering van die *status quo* nie!

Met dié dat die Bybel so geweldig baie inherente teenstellings het, was en is dit vandag nog moontlik vir enige priester, dominee, onderwyser, ouer of regering om iewers in die Bybel relevante versies te kry om hul spesifieke, dikwels opponerende sienings te weerspieël. Enige persoon in ‘n gesagsgestelde posisie kon en kan dus sy of haar spesifieke kerk of regering se standpunt en gedrag regverdig as die ‘Woord van God’. Dié van ons wat voor die nuwe bedeling grootgeword het kan daarvan getuig! In Suid-Afrika het ons effektief dieselfde eenheid van kerk en staat gehad as in die dae van Konstantyn en die Katolieke Kerk, en is die staat se gedrag deur middel van die Bybel geregverdig.

Dit was in Europa dat die patriargale kultuur die eerste begin verbreek het. Daarmee saam het al hoe meer mense dit begin waag om die geweldige teenstellings en inkonsekwensies van die Bybel te begin uitlig.

In Suid-Afrika is die proses is bietjie vertraag. Die patriargale kultuur van die sewentiende eeu in Europa is net so na Afrika oorgedra. Met die isolasie van Europa en die weerstand van baie Afrikaners teen Engelse oorheersing en opvoeding, veral in die tyd van die Groot Trek, was Afrikaners relatief ongeletterd, en was die Bybel dikwels die enigste boek wat gelees is. In 1948, toe die Nasionale party aan bewind gekom het, is die ou eenheid van kerk en staat weereens ingestel en Suid-Afrika weereens geïsoleer. Die uittog uit die Afrikaanse kerke het dan ook eers na 1990 begin toe die Nasionale Party en die Broederbond hul mag verloor het.

Suid-Afrika is dus in 'n sekere sin waar Europa lankal verby is.

Die hipnotiese effek van die Christendom, soos dié van die ander twee Abrahamiese godsdienste, Judaïsme en Islam, kan waarskynlik direk toegeskryf word aan die patriargale bestel waar sowel kinders as volwassenes wat die geweldige inherente teenstellings en logiese sinneloosheid van die Bybel as die 'Woord van God' (soos die Joodse Bybel en die Koran) insien dit nie durf waag om die teenstellings uit te lig nie en van kleins af leer om dit te ontken.

Kinders word effektief van kleins af gekondisioneer om nie die 'naaktheid van die keiser' raak te sien nie. Hoewel hulle aan die een kant streng gemaan is om eerlik te wees – in opdrag van God – is hulle in werklikheid gestraf vir eerlikheid wanneer hulle kommentaar lewer op die inherente teenstellings van die godsdiens. Die persoonlike ervaring daarvan is iets waarvan ek baie bewus is.

Enige godsdiens is gebaseer op 'n dubbele boodskap: "Jy moet eerlik wees, maar maar nie té eerlik nie." Dis op sigself weer deel van 'n meer algemene dubbele boodskap: "Jy moet goed wees, maar jy kan nie, want jy is inherent sleg." Die implikasie hiervan is dat kinders van kleins af geleer word dat opregtheid gestraf word. Die enigste alternatief vir hierdie dilemma is om voor te gee. Godsdiens kan nie anders as om Fariseërs te kweek nie.

Enige sielkundige ken die krag van dubbele boodskappe. Dis dubbele boodskappe wat mense in inrigtings laat beland. Die konsekwensie van die dubbele boodskappe van patriargale godsdienste is volgens my niks minder as psigose nie, en ek is daarvan oortuig dat hierdie psigose die oorsprong van ons hipnose is. Uiteindelik glo ek dat die geweld wat so dikwels met godsdiens gepaard gaan grotendeels hieraan toegeskryf kan word.

2 Wat het Jesus gesê en wat nie?

I did not come to earth to introduce a new religion or higher moral code than that given by Moses in the Ten Commandments. My purpose was to bring a new perception of 'God' as creator and understanding of existence itself. Out of that knowledge would come a new way of life.

CL 3 p10

Fear of Orthodox Jews kept my disciples in line with what they had decided they would tell the public about me.

CL 5 p2

As 'n mens die idee dat die Bybel die 'Woord van God' is laat vaar, word dit moontlik om dieselfde boek op 'n heel ander manier te lees. Dit word daardeur nie minder 'waar' nie, maar op 'n sekere manier selfs meer 'waar'. Die nuwe 'waarheid' is egter op insig gebaseer in pleks van op letterlike onvoorwaardelike aanvaarding. Nou kan 'n mens werklik probeer verstaan wat Jesus – en Paulus, en ander – in werklikheid probeer sê het sonder om hul woorde heeltyd met 'n dogma te probeer versoen.

Daar is egter nog 'n probleem. Is wat in die Bybel opgeteken staan werklik wat mense gesê het? Meer spesifiek; is wat in die evangelies opgeteken staan werklik wat Jesus gesê het?

Daar is skynbaar taamlik ooreenstemming in teologiese kringe dat die meeste evangelies eers lank na Jesus se dood geskryf is, en dikwels deur mense wat Jesus self nie eers geken het nie. In *Jesus van Nasaret* bespreek Sakkie Spangenberg hierdie aspek breedvoerig, en verwys hy na die misterieuse 'Q-bron' wat skynbaar as bron vir ander evangelies gedien het. Verskeie teoloë beskou die Evangelie van Thomas, wat nie in die Bybel opgeneem is nie, maar vandag vrylik beskikbaar is en deur Piet Muller ook in Afrikaans vertaal is, as dalk die eerste een wat geskryf is, en dus ook die mees betroubare.

Feit is, ons sal nooit presies weet watter woorde van Jesus in die Bybel werklik sy woorde was en watter nie. Op grond hiervan, asook ander oorwegings, het baie mense skynbaar besluit dat Jesus self 'n fiktiewe figuur was.

En tog is daar baie van ons wat intuïtief verstaan dat die woorde wat in die Bybel aan Jesus toegeskryf word nie sommer net woorde is nie. Iewers kan baie van ons aanvoel dat daar 'n diep wysheid in hierdie woorde verskuil lê.

As ‘n mens die evangelies (insluitend ander evangelies soos veral die Evangelie van Thomas) as geheel lees en met mekaar vergelyk kom daar, niesteenstaande die skynbare teenstrydighede, tog ‘n samehangende boodskap na vore. Van kleins af al het ek diep aangetrokke gevoel tot hierdie boodskap, en ook besef dat die boodskap as geheel (die blye boodskap!) bitter min ooreenkoms toon met die boodskap wat deur die kerk verkondig is.

Toe ek die Evangelie van Thomas (EVT) vir die eerste keer lees, was dit asof daar ‘n lig vir my opgegaan het. Dit het baie aspekte van Jesus wat ek vermoed het bevestig. Die ooreenkoms met ander evangelies is duidelik, maar daar is tog ook heelwat verskille. Oor die algemeen is dit meer ‘mistiek’ as die ander evangelies.

Uit die boodskap van die kerk het ek destyds afgelei dat God om een of ander onverklaarbare rede skynbaar gereeld in die verlede met mense gepraat het, maar dit nie vandag meer doen nie. As iemand vandag kom en sê dat God met hom of haar gepraat het is die neiging van sowel kerk as wetenskap inderwaarheid om te beweer dat die persoon van lotjie getik is!

En tog is daar vandag baie mense wat daarop aanspraak maak dat God of Jesus met hulle gepraat het of nog steeds praat, en neergeskryf het wat hulle ervaar het. Hiermee bedoel ek iets heel anders as mense wat daarop aandring dat hulle die nuwe Jesus is of deur God as leier aangewys is. Die verskil is (letterlik!) hemelsbreed, maar nie almal sien dit nie. Die verskil lê in hoe ‘n mate die ego betrokke is. Later heelwat meer hieroor.

Jesus in die moderne tyd

In 1965 het Helen Schucman as navorser by die Columbia University College of Physicians and Surgeons in New York diens aanvaar. Aan die hoof van haar afdeling was William (ook bekend as Bill) Thetford. Albei van hulle was professore in mediese sielkunde. Soos by talle akademiese departemente was daar heelwat struwelinge, onderstrominge en rugstekery in die departement, en Helen en William het gereeld vasgesit. Op ‘n dag sê William Thetford vir Helen: “Daar moet ‘n ander manier wees.”

Om ‘n lang storie kort te maak (daar is baie inligting in Kenneth Wapnick se boek *Absence from Felicity* en op die Internet); Helen het ‘n ‘stem’ begin hoor wat haar opdrag gee om alles neer te skryf wat sy gehoor het. As sielkundige was sy diep bekommerd hieroor, want sy het gedink sy is besig om mal te word. Sielkundiges laat mense tóésluit wat stemme

hoor! Sy het vir William vertel wat besig is om te gebeur en, in plaas van die oordeel wat sy verwag het, het dié haar aangemoedig om die ‘stem’ ernstig op te neem en alles neer te skryf.

Die uiteinde daarvan was dat sy vir sewe jaar notas geneem het wat sy aan William voorgelees het, en dié dan oorgetik en geredigeer het. Hierdie dokument het as *A Course in Miracles* bekend geword. In al daardie tyd het sy haar notas agter slot en grendel gehou en nie 'n woord daarvoor gerep teenoor haar ander kollegas nie. Dit sou vir haar te vernederend wees om as professionele sielkundige en verklaarde ateïs met 'n hoë aansien te moes erken sy hoor 'n ‘stem’ en is besig om dit neer te skryf! Tot kort voor haar dood het sy ernstige bedenkinge daarvoor gehad.

Later het Kenneth Wapnick die boek heeltemal hersien en met Helen se goedkeuring sekere dele uitgehaal wat hulle as persoonlike boodskappe aan Helen beskou het. In 1976 het die eerste amptelike uitgawe van *A Course in Miracles* (ACIM) verskyn.

Selfs iemand wat die oorsprong daarvan betwyfel kan nie ontken dat die oud-Engelse styl waarin dit geskryf is, in teenstelling met die Bybel, besonder gesaghebbend oorkom en uiters konsekwent is nie.

Voor die verskyning van die geredigeerde weergawe in 1976 is wat vandag as die *Oerteks* bekend staan al onder 'n aantal mense versprei. In hierdie uitgawe word dit duidelik gemaak dat die inspirasie vir ACIM van Jesus self gekom het.

Toe ek die eerste keer met ACIM kennis maak, het dit vir my interessant gelyk, maar ek het nie regtig belanggestel nie. Eers 'n paar jaar later het ek skielik gevoel ek is reg daarvoor, en het ek ACIM deurgewerk. Dit het 'n drastiese invloed op my lewe gehad.

Daar was verskeie redes waarom ACIM my so aangetrek het. Een daarvan was soortgelyk aan dié waarom die EVT my so aangetrek het: dit het my aanvanklike intuïtiewe interpretasie van die evangelies in die Bybel bevestig. Op 'n hele paar plekke in ACIM word woorde van Jesus in die Bybel in 'n heel ander lig gestel as waaraan ons gewoond is, maar wat op die ou end baie meer sin maak.

'n Ander rede was my belangstelling in sielkunde. Ek het heelwat opgelees oor sielkundiges soos Sigmund Freud, Carl Jung, Wilhelm Reich, Erich Fromm, Alice Miller en so meer. Ek het besef dat ACIM basies 'n geestelike handleiding vir psigoterapie is. Die manier waarop die werking van die ego verduidelik word het vir my absoluut sin gemaak en vir my alles verklaar wat die sielkunde nog nooit vir my kon verklaar nie. Wat

sielkundiges waarskynlik altyd nog daarvan weerhou het om die ego in soveel diepte te beskryf is die ego!

Dan is daar natuurlik die integriteit van die geskrif. In 'n totaal van 1249 bladsye is die geskrif absoluut logies konsekwent en sonder enige teenstellings; baie meer as wat 'n mens van die Bybel kan sê! Ek is nie van enige ander ekwivalente boek of geskrif bewus wat ACIM kan ewenaar in terme van logiese integriteit en volkome konsekwensie nie.

Die uiteindelijke 'bewys' vir my is egter die effek op myself. Talle kere het bloot die lees van 'n stukkie uit ACIM my met 'n diep, onverklaarbare vrede gelaat, en ek kon sien hoe my gedrag en die effek wat ek op ander het verander. In die inleiding van ACIM staan daar: “It emphasizes application rather than theory, and experience rather than theology. It specifically states that 'a universal theology is impossible, but a universal experience is not only possible but necessary'.” Dit is waar dit van seker alle ander soortgelyke geskifte verskil.

Nie lank na ACIM nie het die *Conversations with God* trilogie van Neale Donald Walsch verskyn. Dit was ook 'n besondere storie. Neale se lewe was 'n gemors, en eendag toe hy in woede op God skree en sê: “Waarom is my lewe in so 'n gemors?!” het hy 'n antwoord ‘gehoor’. ‘God’ het met hom begin ‘praat’. Soos Helen Schucman het hy alles begin neerskryf.

Weereens het hierdie boeke en dié wat daarop gevolg het direk tot my gespreek. Hulle was baie meer ‘gebruikersvriendelik’ as ACIM, en het waarskynlik as gevolg daarvan topverkopers geword, maar die boodskap was in wese dieselfde. Hulle het vir my egter nie die 'diepte' van ACIM nie.

A Course of Love (ACOL) bestaan uit drie dele (*A Course of Love*; *The Treatises of A Course of Love* en *The Dialogues of a Course of Love*), en het in 2001 vir die eerste keer verskyn. Volgens die geskrif self is dit 'n 'vervolg' op ACIM, en is dit op die 'hart' gerig waar ACIM op die verstand gerig is. Dis op soortgelyke wyse as ACIM deur Mari Perron 'gekanaliseer'.

ACOL is op dieselfde basiese beginsels as ACIM geskoei, maar vir my was die alternatiewe aanslag verfrissend. Dis egter nie naasteby so 'intens' as ACIM nie.

Van ACIM is daar blykbaar al meer as 3 miljoen kopieë in 22 tale verkoop. Veral na Marianne Williamson, outeur van *A Return to Love*, se gesprekke met Oprah Winfrey op televisie het verkope die hoogte in geskiet. Eckhart Tolle se gereelde verwysings na die geskrif dra ook tot die algemene bekendheid daarvan by. In Suid-Afrika het Henri Theron die

geskrif in Afrikaans vertaal. Vir so 'n uikers 'swaar' boek sê dit nogal iets. Vandag is daar talle ACIM besprekingsgroepe regoor die wêreld, en heelwat mense soos ek self wy hul lewens daaraan om die boodskap in die vorm van lesings, werksinkels en so meer te versprei.

Van Walsch se boeke is daar nog meer miljoene verkoop. Dis duidelik dat hierdie boeke 'n diep behoefte aangespreek het.

ACIM en die *Conversations with God* trilogie en opvolgboeke is verreweg die bekendste, maar daar is heelwat ander geskrifte.

In Suid-Afrika het 'n boek met die naam *Christ Returns – Speaks His Truth* verskyn. Dis destyds deur 'n anonieme tagtigjarige Engelse vrou van Pietermaritzburg 'gekanaliseer' en is gratis op die Internet beskikbaar as *Christ's Letters*. Hierdie boek is effektief die evangelie vanuit 'Jesus' se eie oogpunt. Dit bevat heelwat meer inligting oor Jesus se persoonlike ervarings as die Bybelse evangelies, sowel as korreksies van Bybelse interpretasies, en het ook heelwat oor die wetenskap te sê. Op die webwerf www.christsway.co.za is daar meer inligting beskikbaar.

The Aquarian Gospel of Jesus the Christ is al lank in omloop, en maak daarop aanspraak dat dit inligting is wat uit die 'Akashic Records' verkry is – 'n soort allesomvattende 'geestelike biblioteek'. Ook hierdie boek gee heelwat meer inligting oor Jesus se persoonlike lewe, insluitend sy besoek aan Indië, waar hy die boeddhistiese priesters skynbaar netsoveel moeilikheid gegee het as die Fariseërs!

Dan is daar die Urantia-boek. Die inleiding op die Internet (www.urantia.org/urantia-book) begin as volg: "The *Urantia Book*, first published by Urantia Foundation in 1955, claims to have been presented by celestial beings as a revelation to our planet, Urantia. The writings in the Urantia Book instruct us on the genesis, history, and destiny of humanity and on our relationship with God the Father. They present a unique and compelling portrayal of the life and teachings of Jesus. They open new vistas of time and eternity to the human spirit, and offer new details of our ascending adventure in a friendly and carefully administered universe." Dis nie die doel van hierdie boek om oor hierdie geskrifte uit te wei nie. Vir dié wat meer inligting soek is die Internet 'n onuitputbare bron. Waarom ek hulle noem is dat hulle almal in breë trekke dieselfde boodskap weergee, hoewel in heeltemal verskillende vorms en skryfstyl. Daar is skynbaar ook teenstrydighede, maar wanneer 'n mens werklik met 'n diep belangstelling sulke geskrifte lees en in die proses oordeel laat vaar, kan selfs dinge wat op die oog af as teenstrydig voorkom deur 'n dieper insig met mekaar versoen word.

Benewens die Urantia-boek het ek deur al die geskifte hierbo genoem gewerk. Miskien is 'geworstel' 'n meer beskrywende woord! Verder het ek talle boeke gelees en na CD's en videos geluister van Eckhart Tolle, Jiddu Krishnamurti, Thich Nhat Hanh, Michael Roads en ander. Deur hierdie prosas van soeke na 'n dieper waarheid is baie van wat ek as kind van Jesus intuïtief verstaan het vir my bevestig, en het ek ook tot ander, dieper insigte gekom. In die geval van die Urantia-boek het ek dit eers onlangs ontdek, maar deur *A Course in Miracles* het ek 'n stadium bereik waar my ego-begeerte om alles intellektueel te wil verstaan al redelik getemper is. Op hierdie stadium het ek geen begeerte om die boek te bestudeer nie. Die geweldige drang om alles te wil lees en verstaan is daarmee heen. Nou gaan dit vir my net om die ervaring van die vrede van God.

In hierdie boek verwys ek hoofsaaklik na twee geskifte: *A Course in Miracles* en *Christ's Letters*; die twee geskifte wat vir my persoonlik die meeste beteken het. *Christ's Letters* verteenwoordig vir my die mees toeganklike vorm van 'Jesus se eie storie', iets wat belangrik is vir die konteks van hierdie boek.

A Course in Miracles is in heeltemal 'n ander klas. Die werkboek van die geskrif beslaan 365 lesse – een vir elke dag in 'n jaar, hoewel dit nie noodwendig so gedoen hoef te word nie. Dit is 'n praktiese boek wat niks minder ten doel het as om ons deur 'mind training' al ons konvensionele geloofsisteme te laat bevraagteken en hulle te laat vaar nie. Ek het nog nêrens anders so 'n volledige en akkurate beskrywing van die ego, oftewel die 'menslike natuur', teëgekomp as in hierdie geskrif nie.

In die sielkunde is daar talle teorieë wat allerhande aspekte van die menslike natuur probeer verklaar, maar altyd iewers te kort skiet. ACIM se verklaring is volledig, duidelik, volkome rasioneel en op die punt af. Die verskil tussen ACIM en die sielkunde is natuurlik dat die sielkunde die menslike psige 'objektief' probeer bestudeer, terwyl ACIM dit duidelik maak dat enige 'objektiewe' studie van ander mense bloot ons eie projeksies is en dat ons slegs in onself van die ego bewus kan word. Hoe meer ons daarvan bewus word, hoe meer kan ons dit laat vaar.

Hoe meer die ego ongedaan gemaak word, hoe meer kom ons met wat ACIM die 'Heilige Gees' of 'Universele Inspirasie' noem in aanraking: ons eie individuele interne leiding; die Waarheid in onself waarop wysgere deur die eeue ons attent gemaak het. Dit is dan ook die uiteindelijke doel van ACIM: “Its only purpose is to provide a way in which some people will be able to find their own Internal Teacher” (ACIM Preface pviii).

As ek eerlik moet wees, is daar vir my nog steeds enkele teenstrydighede tussen ACIM en CL wat ek sukkel om met mekaar te versoen. Ek besef egter dat dit my ego is wat alles wil probeer analiseer en verklaar, en dat dit op sigself die probleem kan wees:

“The ego will demand many answers that this course does not give. It does not recognize as questions the mere form of a question to which an answer is impossible. The ego may ask, “How did the impossible occur?”, “To what did the impossible happen?”, and may ask this in many forms. Yet there is no answer; only an experience. Seek only this, and do not let theology delay you (ACIM In. 4).

In daardie woorde vind ek vrede. Werklike oortuiging kan slegs in ervaring gevind word.

Om weer na die oorspronklike vraag terug te kom: Wat het Jesus werklik gesê? Vandag is dit vir my ‘n wonder hoe, ten spyte van inmenging van die kerk, verkeerde vertalings, verdraaiing deur persoonlike opinies en so meer, so baie van wat Jesus gesê het skynbaar tog eg oorgekom het.

Hierdie stelling is nie die resultaat van diep teologiese studies nie. Dis die resultaat van ‘n intense spirituele reis, waarin ek alles laat vaar het om ‘in geloof’ te leef en tot diep insigte gekom het wat ‘n daadwerklike verskil in my lewe gemaak het. “Aan hulle vrugte sal julle hulle ken,” het Jesus gesê. Dis die vrugte wat ek in my eie lewe begin ervaar het wat my van die waarheid in die evangelies begin oortuig het.

En dit bring my by ‘n kritieke punt. Die boeke wat ek kort tevore genoem het is almal die resultaat van persoonlike ervarings van ‘stemme’ wat neergeskryf is. Mense wat skynbaar direk met God in verbinding was. In die meestersverhaal het ons geleer dat dit in die verlede met mense gebeur het, maar nie meer vandag nie. Die wetenskapisme laat ons verstaan dat dit onmoontlik is, en dat dit alles basies versinsels is.

Deur persoonlik en onafhanklik van enige ‘amptelike’ siening die woorde van Jesus te interpreteer, verskuif ons die fokus van ‘waarheid’ van die amptelik verklaarde bron van waarheid na onself. Eintlik is dit maar wat alle ‘amptelike’ verteenwoordigers van die kerk in elk geval gedoen het, maar deur te sê dis die ‘Woord van God’ het hulle effektief ontken wat hulle doen. Alles deel van die meestersverhaal se dubbele boodskap.

Tog weet ons dat talle mense verskillende interpretasies het. Tydens my besoeke aan mense in inrigtings vir ‘geestelik versteurdes’ het dit my opgeval hoe dikwels hierdie mense ‘n behepthed met Jesus het, en heelwat van hulle hulself as Jesus beskou. Dit was vir my nie sonder betekenis nie,

veral in die lig van wat ek vroeër oor die psigotiese en hipnotiese effekte van godsdiens te sê gehad het.

As soveel mense soveel verskillende interpretasies het, hoe kan ons dan op ons eie interpretasies staatmaak? Wie is dan uiteindelik reg?

Dis die tema van die volgende hoofstuk.

3 Wat is die bron van waarheid?

Jesus sê: “As julle onderwysers vir julle vertel die koninkryk is in die hemel, moet julle oppas dat die voëls van die hemel nie voor julle daar is nie. As hulle sê: ‘Dit is onder die aarde’, pasop dat die visse van die see nie voor julle daar is nie. En hy sê: Die koninkryk is in julle en rondom julle. As julle juisself ken sal julle geken word en julle sal besef dat julle die kinders van die Lewende Vader is. Maar as julle juisself nie ken nie leef julle in (geestelike) armoede en julle self is die armoede.”

EVT 3

The religious leaders are at ease in their own comforts of positions of authority. They have no need of anything beyond their own physical satisfactions. Because they have no personal knowledge of God, they must read, from their Holy Books, the words of holy men spoken a thousand years ago, and tell the people what they think the words mean.

CL 2 p19

Vir eeue het die Kerk die Bybel letterlik as die ‘Woord van God’ aan haar ledemate voorgehou. Daar is gesê dat elke woord letterlik deur God geïnspireer is. Omdat die Bybel vir eeue nie vir die gewone mens toeganklik was nie en gewone mense maar net die woord van die priesters aanvaar het, is daar mettertyd ‘n soort hipnotiese kultuur gevestig waarin mense eenvoudig nie bevraagteken het wat aan hulle gesê is nie. Selfs toe die Bybel wêl meer toeganklik geword het was hierdie kultuur, as deel van die algemene patriargale kultuur, al só sterk gevestig dat niks regtig verander het nie.

Eers in die sestiende en sewentiende eeu, met die koms van Galileo, Kopernikus en so meer as deel van die Renaissance as geheel, het ‘n kultuur van bevraagtekening geleidelik begin posvat. Ten spyte van die aanvanklike weerstand van die Kerk en die gewelddadige pogings om die bevraagtekening stop te sit het dit begin duidelik word dat die letterlike idee dat die aarde plat is nie waar is nie. Vir baie was dit ‘n geweldige skok en, soos dit maar gaan, het baie mense dit eenvoudig ontken. Selfs vandag nog is daar ‘n ‘Flat Earth Society’!

Soos dit ook vandag nog dikwels gaan, het die mense vir wie dit van praktiese belang was die idees baie gouer ge-eien as die ortodoksie. Vir die seevaarders was Galileo se besef dat die aarde rond is van kritieke belang!

Die kwantumfisika het 'n soortgelyke proses ondergaan: toe die fisici nog onder mekaar kibbel oor die geldigheid daarvan was regerings al besig om aan die idee van 'n atoombom te begin werk!

Die wetenskap het natuurlik 'n groot rol gespeel in die bevraagtekeningsproses. Met die algemene aanvaarding van die proses van evolusie, en die besef dat dinge soos 'n maagdelike geboorte biologies onmoontlik is, het selfs baie kerkmense begin aanvaar dat die Bybel nie letterlik opgeneem kan word nie.

Min mense het dit egter aanvanklik gewaag om die implikasies hiervan verder te voer. As die Bybel as geheel nie letterlik opgeneem kan word nie, wie besluit dan watter dele wél letterlik opgeneem kan word en watter nie? En wat gemaak met die basiese dogma van die kerk soos die Heidelbergse Kategismus en die Belydenis van Nicea wat nog op die letterlike interpretasies berus het?

Die proses het in Suid-Afrika al begin met mense soos Ferdinand Deist, wat subtiel die fundamente van die kerk begin bevraagteken het. Toe ek hom eendag vra nadat ek van sy siening van dinge bewus geword het: "Hoe kan jy nog in die NG Kerk funksioneer?" was sy antwoord: "Verskillende mense kan dieselfde woorde verskillend interpreteer."

Maar dit was eers toe mense soos Sakkie Spangenberg, Flip Schutte, Abel Pienaar en so meer die moed gehad het om openlik die kerkdogma te bevraagteken dat die storm losgebars het. Hoewel ledemate wel die kerk begin verlaat het, veral toe kerkbywoning nie meer 'n vereiste vir 'n goeie werk was nie, dink ek ons samelewing was op daardie stadium nog té paternalisties vir die gewone mens om op groot skaal die kerk te verlaat. Eers toe 'die wat wéét' – die teoloë – openlik standpunt ingeneem het, het mense op groot skaal die kerk begin verlaat. Selfs vandag nog is dit grotendeels teoloë en dominees wat die beweging lei.

Die verskillende reaksies op die proses interesseer my.

Aan die een kant is daar die 'fundamentaliste'; mense wat weier om werklik oor dinge na te dink en bly vasklou aan die dogma van die kerk.

Dan is daar talle mense wat – dink ek – maar te bly is dat hulle nie meer elke Sondag hoef kerk toe te gaan nie en verder nie eintlik gepla is nie!

Vir baie mense het die gevoel dat hulle al die jare basies deur die kerk bedrieg is tot diep teleurstelling en woede gelei. Sommige van hulle wil niks meer met die kerk te doen hê nie en het aggressief anti-godsdiens geword. Mense soos Richard Dawkins met sy boek *The God Delusion* het hierin waarskynlik ook 'n groot rol gespeel. Dis asof die besef dat hulle al die jare deur die kerk om die bos gelei is tot die doelbewuste besluit gelei het dat God glad nie bestaan nie. Nie net dit nie: enigiets 'bonatuurlik' word in beginsel verwerp.

Ek noem hierdie omdat dit vir my nog steeds betrekking het op die vraag: "Wat maak iets *waar*?"

Die idee dat die Bybel letterlik die 'Woord van God' is het basies sy ontstaan gehad in die onderliggende geloof dat waarheid nooit in onself

gevind kan word nie. Dis weer 'n ding van die patriargale kultuur. Dis altyd 'n kwesse van 'hulle' weet: die vaders, die dominees, die priesters, die imams – en natuurlik die professore en die doktore. Maar hoe weet 'hulle'?

Vir 'hulle' om hul gesag te kan handhaaf is dit noodsaaklik dat daar uiteindelik een of ander vorm van onfeilbare gesag moet wees. 'Hulle' gesag kom dan van hul kennis van daardie onfeilbare bron. Dit geld vir die Bybel, die Koran, die Talmud, en so meer, maar net soseer vir die 'wetenskaplike metode'.

Die wetenskap het min of meer in die Renaissance sy ontstaan gehad as 'n reaksie op die dogma en rigiditeit van die Rooms Katolieke Kerk. Mense soos Galileo, Kopernikus, Bruno en Francis Bacon het 'n belangrike rol daarin gespeel.

Baie mense het, deur bewus te word van 'n groter werklikheid as dié wat deur die Kerk voorgehou is, besef dat daar 'n ander manier moet wees om by antwoorde uit te kom. Hulle het die basiese feilbaarheid van 'n 'onfeilbare bron' begin besef. Maar wat is die kriteria vir 'n nuwe bron van waarheid?

Galileo en die ander het deur sistematiese waarneming en logiese redenering by hul sienings uitgekom. Later was dit veral Francis Bacon wat hierdie sistematiese manier van navorsing tot 'n formele metode vervolmaak het. Hierdie metode staan vandag as die 'wetenskaplike metode' bekend. Francis Bacon was ook die een wat verklaar het dat die uiteindelik doel van die wetenskap is om die natuur te kan beheer.

Kortliks kom die wetenskaplike metode op die volgende neer:

1. Op grond van jou waarnemings as wetenskaplike, ander wetenskaplikes se waarnemings en teorieë en so meer, stel jy 'n hipotese. Dis hoe jy *dink* 'n ding werk.

2. Nou besluit jy: watter gegewens gaan jou hipotese bevestig? Dalk is dit verdere spesifieke waarnemings en dalk moet jy eksperimente opstel om jou hipotese te toets. Kom ons neem 'n eenvoudige voorbeeld: Jy het gesien dat plante op sekere grondtipes swakker groei as op ander grondtipes, en na aanleiding van wat jy reeds oor voedingstowwe weet is jou hipotese dat die swak groei van 'n spesifieke plant aan 'n tekort aan stikstof toegeskryf kan word.

3. Nou stel jy 'n eksperiment op waarin jy so ver moontlik alles wat die groei van die plant kan beïnvloed (water, ander voedingstowwe, temperatuur en so meer) konstant hou (die konstantes) en net die hoeveelheid stikstof van een eksperiment na 'n ander verander (die veranderlike). As die hoeveelheid en/of kwaliteit groei van die plante nou direk gekorrelleer is met die hoeveelheid stikstof wat aan hulle toegedien is, lyk dit asof jou hipotese waar kan wees.

4. Een so 'n waarneming maak egter nie die hipotese waar nie. Dalk was dit maar net toeval. Jy moet die proefneming met 'n hele klompie plante herhaal om vas te stel of die beginsel universeel van toepassing is. Voorts is dit moontlik dat daar iets is waaraan jy nie gedink het nie; iets wat dalk direk aan die stikstoftoediening gekoppel is, wat in werklikheid die groei beïnvloed.

5. Dis dus nodig dat die eksperiment 'n aantal kere herhaal word om jou afleidings te kan bevestig.

6. En dan die crux van die metode: die eksperiment moet deur ander wetenskaplikes gedupliseer kan word. As 'n aantal wetenskaplikes deur dieselfde eksperiment te doen tot dieselfde gevolgtrekking kom, is dit baie waarskynlik dat die plante se groei wel direk deur die hoeveelheid stikstof bepaal word.

Dis 'n baie eenvoudige voorbeeld. In die praktyk is dit selde so eenvoudig. Veral wanneer dit by dinge soos die neo-Darwinistiese evolusieteorie kom, en baie dinge kompleks word en indirek afgelei moet word, is dinge nie altyd so swart en wit nie.

In die geval van die wetenskaplike metode het die metode self dieselfde funksie begin vervul as die godsdienstige geskrifte. Soos in die godsdienst, is die metode op sigself egter nie voldoende nie. Jy móét die regte status en kwalifikasies hê om as 'kenner' aanvaar te word. In die praktyk is dit meestal 'n doktorsgraad (PhD). En verkieslik moes jy jou opleiding by 'n universiteit met 'n goeie reputasie gekry het.

Soos jy in die kerk amptelik as 'n priester of 'n dominee bevestig moes word om met gesag te kon praat, ookal is die Bybel veronderstel om die uiteindelijke bron van gesag te wees, moet jy as wetenskaplike deur 'n spesifieke opleidingsproses gaan en deur 'n universiteit deur middel van 'n PhD as gesaghebber aangewys word, ookal is die wetenskaplike metode veronderstel om die uiteindelijke bron van gesag te wees.

In sowel godsdienst as wetenskap is daar dus 'n onderliggende aanname dat die 'gewone mens' nie toegang tot die waarheid het nie, maar slegs deur die bemiddeling van maatskaplik goedgekeurde tussengangers by die waarheid kan uitkom.

Die aanname kan verder getrek word na elke aspek van die moderne samelewing: die politiek, die ekonomie, die onderwys en selfs demokrasieë word vandag deur 'n handjievol mense beheer.

In die geval van die wetenskap het daar geleidelik sekere aannames ontstaan. Vir die wetenskaplike metode om te kan werk, moet dinge waargeneem en gemeet kan word. Hoe anders kan 'n eksperiment gedupliseer word? Eerlike, of miskien moet ek eerder sê bewuste wetenskaplikes het dit so aanvaar en besef dat dinge wat nie met die sintuie

of verlengings daarvan (meetapparate) waargeneem kan word nie, nie deur die wetenskap ondersoek kan word nie. In die verlede is sulke dinge, soos dinge van die menslike siel, moraliteit en so meer, dikwels aan die godsdiens oorgelaat.

Mettertyd het daar veral in die natuurwetenskappe egter 'n aanname begin ontwikkel dat dinge wat nie met die gewone sintuie of aparate waargeneem en gemeet kan word nie, nie bestaan nie. Vandag is wetenskapisme 'n algemene wêreldsiening: slegs kennis wat deur toedoen van die materialisties-reduksionele wetenskap ontstaan het, is geldig. Daar is geen ander kennis nie.

Daar is dus een ding wat die godsdiens en die wetenskapisme volkome in gemeen het: persoonlike ervarings is irrelevant. Vir die godsdiens was persoonlike ervarings van God 'n bedreiging, want per definisie moes alle 'kennis' van God deur die tussengangers van die relevante geskrif af kom. Vir die wetenskap, of in elk geval die wetenskapisme, was menslike ervarings te wisselvallig en onbetroubaar om objektief waar te neem, en kon hulle ook nie gemeet word nie. Gevolglik is die idee van 'objektiwiteit' spesifiek gekoppel aan die uitskakeling van 'subjektiwiteit', met ander woorde menslike ervarings.

Op grond van hierdie beskouing is my intuïtiewe interpretasies van wat Jesus gesê het irrelevant en nutteloos. Geskrifte soos *A Course in Miracles* en *Conversations with God* word op soortgelyke wyse dikwels deur sowel godsdiens as wetenskapisme verwerp as 'irrelevante hallusinasies', 'van die Duiwel' of iets dergelyks. Die Christendom verwerp hulle omdat hulle nie met (die amptelike siening van) die Bybel ooreenkom nie. Die wetenskapisme verwerp hulle omdat daar geen 'objektiewe' manier is om te bepaal of hulle waar is nie, en in elk geval omdat dit nie die verskynsel van 'kanalisering' erken nie.

"Die koninkryk van die hemel is binne-in julle" het Jesus gesê. Sommige vertalings het dit verander na "hier by julle". Dis te verstane: "binne-in" en "hier by" het totaal verskillende betekenisse, hoewel hulle altwee skynbaar geldige vertalings van die Griekse woord *entos* is. "Hier by julle" pas baie beter in die meestersverhaal. Met "binne-in julle" het Jesus probeer aandui dat die waarheid in onself is; in direkte teenstelling met sowel godsdiens as wetenskap. Hierin lê die basiese verskil tussen die 'koninkryk van die hemel' en die 'wêreld'.

Maar hoe nou gemaak? In beginsel het die wetenskap iets beet wanneer dit beweer dat dit nie op menslike ervarings kan staatmaak nie. Dis 'n feit dat menslike ervarings en opinies geweldig verskil. As vyf 'geestelik versteurdes' almal beweer dat hulle Jesus is, word dit 'n bietjie moeilik om op almal se ervarings te vertrou!

Op 'n muur van die tempel van die orakel van Delfi is daar die inskrywing: *gnōthi seautón*, wat beteken “ken jouself”. Die implikasie daarvan is duidelik: Ons ken nie werklik onself nie, en om werklik onself te leer ken is glad nie so maklik as wat dit mag voorkom nie. Jesus het basies daarop gesinspeel dat, hoewel die ‘koninkryk’ binne ons is, daar iets is wat ons daarvan weerhou, en dat dit ‘n ‘nou paadjie’ verg om daar uit te kom.

Volgens vers 67 van die EVT het Jesus gesê: “Wie alles ken, behalwe homself, weet niks.”

Ek het reeds genoem dat daar iets in my was wat van kleins af die wysheid in Jesus se woorde aangevoel het. Wat was dit? Die kerk en my pa het vir my gesê ek is verkeerd. Diep in my het ek gewéet ek is reg. Hoe nou gemaak?

Die probleem lê by die ‘ego’ of die ‘eie ek’. Wie ons dink ons is (die ego) is nie wie ons werklik is nie. Wie ons dink ons is, is van die ‘wêreld’. Wie ons werklik is, is van die ‘koninkryk van die hemel’. In die volgende hoofstuk bespreek ek hierdie verskil breedvoerig, en vertrou ek dat die betekenis daarvan duideliker sal word. Kortliks nou net die volgende:

Sowel die godsdienst as die wetenskap is heeltemal reg in hul aanname dat ‘n mens nie op die wisselvallige menslike natuur en emosies kan staatmaak nie. Waar hulle dit verkeerd het is dat hulle by ons ‘wisselvallige natuur’ opgehou het. Waarop Jesus, die orakel van Delfi en talle wysgere probeer wys het is dat ons wisselvallige en ‘sondige’ natuur nie is wie ons werklik is nie.

Wat sowel Jesus as die orakel van Delfi probeer sê het is dat die uiteindelijke bron van waarheid slegs gevind kan word in wie ons werklik is. Dít wie ons dink ons is; ons ego, is in werklikheid dit wat ons van waarheid weerhou. Die probleem is dat, hoewel ons eintlik almal terugverlang na die vrede van God, die ego dink dat hy van God geskei wil wees en ons daarom daarvan weerhou om werklik na vrede te soek.

In Paulus se briewe is dit duidelik dat hy ‘n groot probleem met sy ‘eie ek’ gehad het en geweldig daarteen baklei het. Daardie houding is direk deur die kerk oorgeneem. Om teen ons ‘sondige natuur’ te baklei is seker die kern van enige godsdienst. Die hele idee van ‘verlossing’ is om ons van ons ‘sondige natuur’ te verlos.

Dis egter waar die godsdienst dit mis het. Die beste manier om die ego in stand te hou en te versterk is juis om daarteen te baklei. “What you resist, persists,” het Carl Jung gesê. Met sy voortdurende stryd teen die ‘sonde’ hou godsdienst die ‘sonde’ in stand en verhoed dit ons om by die uiteindelijke waarheid uit te kom.

Hierin lê die kern van die verskil tussen godsdienst en wat ek voortaan ‘spiritualiteit’ sal noem: dit wat Jesus in werklikheid aan ons probeer

duidelik maak het. Godsdienst – enige godsdienst – is van die ego. God kan net gevind word deur by die ego verby te beweeg. Dis waar die probleem lê.

Waar die godsdienst in die bestaan van God as 'n entiteit glo wat objektief bestudeer kan word, en die wetenskap deur objektiewe waarneming by die waarheid wil uitkom, kan die ego nie 'objektief' bestudeer word nie. Dis in die aard van die ego om nie na homself te wil kyk nie. Die rede daarvoor is dat dit in werklikheid 'n illusie is. Wanneer 'n mens 'n illusie voluit in die oë kyk, verloor dit sy krag en verdwyn dit. Dis presies wat die ego wil vermy.

Dis die ego wat ons van ware selfkennis weerhou, en die enigste manier om by hierdie selfkennis uit te kom, is om eers ons ego ten volle in die oë te kyk. Solank ons ander se ego's wil bestudeer, is dit ons eie ego wat die geloof in die ego in stand hou.

Die enigste manier om by ware selfkennis uit te kom is om eers van ons eie ego bewus te word, dit te beleef en te besef dat dit nie is wie ons werklik is nie. Die Waarheid is inderdaad in onself, maar dit kan slegs gevind word deur eers die ego te transendeer.

Elke mistikus en wysgeer, Jesus ingesluit, wat deur die eeue nog die ego getransendeer het en daardeur selfkennis – oftewel 'verligting' ('enlightenment') – verkry het, het bevestig dat kennis van die Waarheid slegs in hierdie selfkennis gevind kan word.

Miskien is dit nou 'n goeie tyd om terug te keer na die woorde van Jesus.

4 Die koninkryk van die hemel

Die koms van die koninkryk van God kan nie uit voortekens bereken word nie. Hulle sal nie kan sê: 'Kyk, hier is dit!' of 'Daar is dit!' nie, want die koninkryk van God is hier by julle.

Lukas 17:20-21

In the final analysis, my teachings are exclusively directed at assisting you to open your consciousness to newness of life, vitality and spiritual power that you may abandon your old way of limited and dissatisfied living and find a new source of inner joy and fulfilment of your every need. I long for you with Divine Love to reach this supreme state of being before you pass into the next dimension, that your passing may be painless and your transition one of sublime anticipation.

This is the sole motivating purpose behind the Letters.

The above statement is a more compelling and powerful re-phrasing of the statement I made when on earth: 'Seek first the Kingdom of Heaven and all good things will be added to you.' I did not make this statement to entice people to be 'good'. I stated a fact of existence.

CL 5 p4

Die kern van die boodskap van Jesus soos in die vier evangelies in die Bybel sowel as die EVT uiteengesit draai om 'n konsep wat in die Afrikaanse vertalings afwisselend as die 'koninkryk', die 'koninkryk van God', die 'koninkryk van die hemel', die 'koninkryk van die Vader', en die 'ewige lewe' vertaal is. Die kontekste waarin Jesus hierdie variasies gebruik is almal soortgelyk, en 'n mens kan dus aflei dat hy met al hierdie variasies dieselfde ding bedoel.

Die groot vraag is nou: Wat?

In die meestersverhaal het ons van kleins af geleer dat dit alles na die hemel verwys waarnatoe ons eendag gaan as ons liggame weer opgestaan het – maar slegs as ons in Jesus geglo het en mooi soet was.

As jy 'n klomp verskillende mense sou vra hoe die hemel lyk, gaan die antwoorde wat jy kry waarskynlik direkte refleksies wees van wat hulle idee van mooi of lekker is. Iemand wat lief is vir musiek stel homself 'n hemel voor waar daar baie musiek gespeel word. Iemand wat van tuinmaak hou stel haarself waarskynlik groot tuine met baie blomme voor. Vir sommige seksueel gefrustreerde Moslem-mans is die hemel 'n plek waar hulle 'n klomp maagde kan verkrag. En so meer. So hier en daar besef

iemand dat, as alles in die hemel net mooi en lekker is en dit vir ewig so aanhou, dit dalk uiteindelik baie vervelig kan word! En wat gebeur as al die maagde klaar verkrag is en nie meer maagde is nie?

Die probleem is dat, net soos 'n klein kind se konsep van God 'n projeksie van haar konsep van haar pa is, ons *konsep* van die hemel bloot 'n projeksie van ons aardse bestaan is, waarvan tyd, ruimte, verandering, kontras, ontkenning, onderdrukking, hoogte- en laagtepunte en so meer almal deel is. Jesus het juis probeer aandui dat ons ons die 'hemel' in beginsel nie kán indink nie. Dit gaan om 'n geesteservaring wat letterlik alle verstand te bowe gaan.

Dis seker net die hipnose van 'n sterk patriargale kultuur waarin geen bevraagtekening geduld word nie wat vir amper twee millennia die ooglopende teenstrydigheid tussen die meestersverhaal en wat Jesus werklik gesê het in stand kon hou. Toegegee, ons weet nie altyd wat werklik Jesus se woorde was en wat nie. As 'n mens egter selfs net dit wat in die Bybel aan Jesus toegeskryf word as geheel beskou, en selfs al is dit nie alles Jesus se oorspronklike woorde nie, staan dit in direkte teenstelling met die meestersverhaal. Dan is daar nog die ander evangelies wat nie in die Bybel opgeneem is nie. Veral evangelies soos die EVT maak die meestersverhaal basies 'n bespotting van Jesus.

Ironies genoeg het die idee van die 'wederopstanding van die vlees' en die gepaardgaande idee van 'n fisiese hemel glad nie sy oorsprong in Jesus se woorde gehad nie, maar wel by die Fariseërs. Jesus het nooit van so 'n verskynsel gepraat nie. Inteendeel; hy het vrae oor hierdie 'hemel' altyd beantwoord met iets in die lyn van "Julle weet nie wat julle vra nie" (Markus 10:38) of "Julle dwaal omdat julle nie die skrif en ook nie die krag van God ken nie" (Matteus 22:29).

As 'n mens egter kyk na die basiese tema van al die 'geestelike' geskrifte waarvan ek voorheen al melding gemaak het, en van mense soos Eckhart Tolle, Thich Nhat Hanh en Jiddu Krishnamurti wat vandag soveel aanhang geniet, is daar inderdaad 'n baie groot ooreenkoms met wat Jesus oor die 'koninkryk van die hemel' te sê gehad het. Sowel die Indiese goeroe Paramahansa Yogananda as sý goeroe Sri Yukteswar het boeke geskryf waarin hulle die direkte ooreenkoms tussen die woorde van Jesus en die Hindoeïsme uitlig.

Dit het niks met 'n toekomstige hemel te doen nie, maar alles met 'n toestand van gees in die hier en nou. Daardie toestand van gees kan slegs ervaar word deur volkome vergifnis, met ander woorde deur alle oordeel te laat vaar.

Hoeveel keer het ons nie al gehoor: "Moenie oordeel nie," maar hoeveel van ons het al werklik oor die implikasies daarvan nagedink? Hoeveel Christene het dit op mense soos Oscar Pistorius van toepassing

gemaak? Die wêreld wat ons ken is in beginsel op oordeel gebaseer. Om 'suksesvol' te wees word daar van ons verwag om goed te kan oordeel. Om te sê: "Moenie oordeel nie" is absoluut radikaal.

Net iets oor die begrip 'koninkryk'. Dit het tipies 'n patriargale oorsprong waar 'n man oor sy onderdane heers en die onderdane verwag word om sy woord as wet te aanvaar, aan hom onderdanig te wees en aan hom belasting te betaal. (Daar was natuurlik af en toe ook koninginne, maar hulle is net in 'noodgevalle' aangestel. Die beginsel was en is nog steeds dat 'n koning se oudste of enigste seun hom opvolg. Slegs as daar geen seun was of is om die koning te volg nie, was of is die enigste manier om die koningskap in die familie te hou om 'n dogter as koningin te laat opvolg.)

Hoewel daar in baie lande nog steeds koningshuise is, is dit vandag nie eintlik meer 'n gesagstruktuur nie, maar bloot 'n simbool (van die patriargie!). In meeste lande met koningshuise is die regering van die land deesdae in die hande van 'n verkose regering. In die tyd van Jesus was dit egter nie so nie. Die koning was die baas van die land, en as jy nie gehoorsaam en onderdanig was nie, het jy tweede gekom!

Wat vir die wêreldse konings gegeld het, het vir God – die koning van konings – gegeld. Hy was die baas van die hele wêreld en in beheer, en jy was sy onderdaan. Op die ou end was sowel wêreldse konings as God die koning basies 'n refleksie van die patriargale bestel waar die vader die baas van die huis was, en sy wil was wet.

Jean-Jacques Rousseau is bekend vir sy opmerking: "God created man in his own image. Man, being a gentleman, returned the favour." Hy was nie ver verkeerd nie. Want uiteindelik is die God waarvan ons in veral die Ou Testament lees nie veel beter as enige gewone mens nie: wisselvallig, humeurig, dikwels aggressief, soms tegemoetkomend, soms onbetroubaar, en soms selfs uit en uit krimineel!

Die mense in Jesus se tyd het die begrip 'God' verstaan aan die hand van hul alledaagse verwysingsraamwerk: die patriargale bestel. Jesus het die onbenydenswaardige taak gehad om hierdie mense uit daardie beperkte begrip van God te probeer lei na iets wat ver buite die menslike begrip val. Hy moes deur middel van woorde iets probeer verduidelik wat nie in woorde uitgedruk kan word nie. Vandaar dat hy gereeld gelykenisse gebruik het: stories wat op die waarheid dui, maar self nie die waarheid is of kan wees nie.

Die woord 'koninkryk' het in daardie tyd op die magtigste konsep moontlik gedui. Die koning was die magtigste persoon en sy koninkryk was die fisiese manifestering van sy mag. Sou dit nie maar wees hoekom Jesus die woord gebruik het nie?

Die konteks van 'n patriargale bestel was dalk ook die rede waarom Jesus na God as 'Vader' verwys het. Selfs ACIM gebruik die Christelike terminologie van Vader, Seun en Heilige Gees. Ek verstaan dit nie altyd heeltemal nie, want dit sit baie mense af, maar skynbaar was die doel daarvan weereens om by die konteks van die Abrahamiese godsdiens (Judaïsme, Islam en die Christendom) aan te pas. Hierdie patriargale godsdiens beheer nog steeds die wêreld.

David Hawkins het 'n boek geskryf met die titel *Power vs Force*. Daarin verduidelik hy dat *Power* op geestelike mag dui en *Force* op menslike mag. Daar is 'n hemelsbreë verskil tussen die twee. Jesus het gepraat oor *Power*. Helaas het daardie begrip feitlik nie bestaan in sy tyd nie (toe't hulle nog nie geweet van 'verligting' nie!), en was die naaste verwysing wat hy kon gebruik – dié van koninkryk – dalk sy enigste alternatief. Ek vermoed dis hoekom hy so baie deur middel van gelykenisse moes verduidelik dat die 'koninkryk van die hemel', ten spyte van die woord 'koninkryk', absoluut niks met 'n menslike koninkryk – of met *force* – te doen het nie.

Ek vermoed dis hoekom daar in die Ou Testament gepraat word van “Ek is wat Ek is” toe Moses God vra om Homself aan hom te openbaar. Ons beperkte menslike verstand wil alles in konsepte vasvang, sonder om te besef dat 'n konsep bloot 'n intellektuele *idee* is en nie die werklikheid nie. Dis soos 'n kaart: die kaart is 'n simboliese voorstelling van 'n gebied, maar nie die gebied self nie. Die kaart is bloot 'n beginpunt om 'n in-diepte verkenning van 'n gebied mee te begin. Om 'n konsep met die werklikheid te verwar is soos om te sê: “Ek ken Kaapstad” omdat ek 'n kaart daarvan bestudeer het!

As ek Kaapstad werklik ken, het ek nie meer 'n kaart nodig nie. In die Ooste is daar 'n gesegede: “Hy wat weet, praat nie. Hy wat praat, weet nie.”

Enige intellektuele idee oor iets is in werklikheid 'n oordeel.

Die oomblik wat ons die Oneindige in 'n konsep probeer vasvang en sê: “God is sus” of “God is so”, en iemand anders dieselfde doen met 'n ander konsep, is daar konflik. Dan is die einste vrede waarvan godsdiens praat in werklikheid onmoontlik. In 'n sekere sin is die voortdurende konflik tussen Israel en Hamas, om maar een van die talle godsdienslike konflikte te noem, 'n konflik tussen konsepte waarin die werklikheid van menswees volkome geïgnoreer word!

Jesus se hele doel was om aan te toon dat die werklikheid wat mense van sy tyd 'God' genoem het iets oneindig groter is as wat die menslike verstand ooit kan verstaan. Die twaalfde eeuse Christelike mistikus Meester Eckhart het gesê: “Moenie oor God praat nie, want wat 'n mens ookal oor Hom sê, is onwaar.”

Ons heg vandag in so 'n mate waarde aan ons verstand dat ons glo ons kan die wêreld en onself met ons verstand verstaan en beheer. Die geweldige groei van die tegnologie versterk ons dikwels in daardie illusie. Dat ons in die proses vergeet (ontken) dat biljoene mense almal verskillende persepsies het van hoe die wêreld verstaan en beheer moet word maak dit nou in die praktyk 'n geval van “sommiges weet beter as ander”, en daarmee 'n onfeilbare resep vir konflik.

Wat Jesus en die ander effektief sê is: “Nee, dis juis jou verstand wat jou verstaan van God, en dus werklikheid as geheel, beperk!” Hy het 'n paar keer geïnsinueer dat die skrifgeleerdes se kennis eintlik niks beteken nie, soos byvoorbeeld in Matteus 22:29: “Julle dwaal omdat julle nie die skrif en ook nie die krag van God ken nie.”

In sy eerste brief aan die Korintiërs (hoofstuk 1 vers 20-21) skryf Paulus: “Waar is die wysgeer van hierdie wêreld nou? Waar die skrifgeleerde? Waar die slim woordvoerder? Het God nie die wysheid van die wêreld tot onsin gemaak nie? Dit was die bedoeling van God in sy wysheid dat die wêreld nie deur geleerdheid tot kennis van God sou kom nie.” En later in 1 Korintiërs 8:2: “As iemand meen hy het kennis van iets, het hy nog nie die kennis wat 'n mens behoort te hê nie. Maar as iemand God liefhet, ken God hom.” Soos voorheen genoem, sê Erich Fromm in sy boek *The Art of Loving* effektief dieselfde: “It [the experience of union] is based on our knowledge of the fundamental, and not accidental, limitations of our knowledge. It is the knowledge that we shall never ‘grasp’ the secret of man and of the universe, but that we can know, nevertheless, in the act of love.

'n Basiese beginsel van sowel die oosterse ‘godsdienste’ as die moderne weergawes daarvan deur mense soos Eckhart Tolle is dat dit onmoontlik is om by 'n dieper werklikheid (God) uit te kom is sonder om ons denke stil te maak. Dis die uiteindelijke doel van alle meditasie.

Dis met ons verstand dat ons oordeel, en dis deur ons denke te laat stil word dat ons ophou oordeel. Dit beteken nie dat ons glad nie meer moet dink nie, maar wel dat, om by die essensie van die betekenis van die lewe uit te kan kom, dit nodig is om te leer om nie meer aan ons onbeheerste denke verslaaf te wees nie. Seker die meeste mense is glad nie eers bewus van hierdie verslawing nie. Voorts kan ons denke ons baie in ons aardse bestaan help, mits dit gefokus en beheer is, maar dit kan ons nooit by God uitbring nie.

Uiteindelik kan die werklikheid van God slegs *ervaar* word, en daardie ervaring *is* die ‘koninkryk van die hemel’. Daardie ervaring – die ervaring van *Liefde* – is egter nie maar nog een van talle menslike emosies nie, maar iets totaal anders. Dis 'n ervaring wat slegs bereik kan word deur al ons normale ervarings te transendeer en alle oordeel te laat vaar. Dis die

‘wedergeboorte’ waarvan Jesus gepraat het. In ‘n wêreld wat effektief op oordeel gebaseer is, kan dit nie slegs as uiters moeilik voorkom nie, maar is dit iets wat ons glad nie met ons verstand kan verstaan of uitdeneer nie.

Dis hoekom Jesus – en Paulus – so gereeld daarna verwys dat die ‘wêreld’ en die ‘koninkryk van die hemel’ lynreg teen mekaar staan.

Voordat ek in meer diepte ingaan op wat Jesus alles oor die koninkryk van die hemel te sê gehad het, glo ek dis nodig om eers na die fondament van alles te kyk: die begrippe ‘Eenheid’ en die ‘ego’.

Eenheid, Illusie, Ego en die Duiwel

Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. Die heerlijkheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet.

Johannes 17:21-23

The ingeniousness of the ego to preserve itself is enormous, but it stems from the very power of the mind the ego denies. This means that the ego attacks what is preserving it, which must result in extreme anxiety. That is why the ego never recognizes what it is doing. It is perfectly logical but clearly insane. The ego draws upon the one source that is totally inimical to its existence for its existence. Fearful of perceiving the power of this source, it is forced to depreciate it. This threatens its own existence, a state which it finds intolerable. Remaining logical but still insane, the ego resolves this completely insane dilemma in a completely insane way. It does not perceive its existence as threatened by projecting the threat onto you, and perceiving your being as nonexistent. This ensures its continuance if you side with it, by guaranteeing that you will not know your own safety.

ACIM T-7.VI.3:1-10

Although it is impossible for something to have gone wrong in God's creation, something has gone wrong!

ACOL 12.10

Die begrip ‘Eenheid’ is nie iets wat die menslike verstand kan verstaan nie. Ons hele denke is gebaseer op geskeidenheid, afsonderlikheid en dualiteit.

Ons ken 'n blom of 'n klip of 'n kar of 'n mens, en kan allerhande teorieë oor hierdie voorwerpe formuleer en dit later as 'kennis' eien, maar die idee dat dit alles Een is, kan ons eenvoudig nie met ons verstand kleinkry nie. In sy bekende boek *Zen and the Art of Motorcycle Maintenance* beskryf Robert Pirsig hoe sy pogings om Eenheid te verstaan hom byna tot waansin gedryf het!

Vandaar dat ons ook nooit werklik verstaan het wat Jesus met sy uitsprake oor Eenheid bedoel het nie.

Die geestelike geskrifte waarna ek vroeër verwys het wys almal daarop dat slegs wat Een is – Gees, werklik is. In terme van liniêre tyd, wat eintlik ook 'n illusie is (selfs die wetenskap kan minstens gedeeltelik daarmee akkoord gaan), was ons aanvanklik Een met mekaar, met God en met die natuur. Alles was (en is nog steeds) Een. Toe, in die groot misterie waaraan Genesis 1 en 2 simbolies gestalte probeer gee, het die skynbare skeiding tussen God en ego, en daarmee saam die ontstaan van dualiteit en van tyd plaasgevind.

In Neale Donald Walsch se eerste boek van die *Conversations with God* trilogie verduidelik 'God' dat dit 'n geval was van God wat Homself wou ervaar. Hoewel Hy almagtig, alwetend en alomteenwoordig was (is), kon Hy dit nie ervaar nie, omdat daar niks was om dit mee te vergelyk nie. 'n Mens kan warm slegs beleef in vergelyking met koud; goed in vergelyking met sleg, lank in vergelyking met kort en so meer. Dit was dus vir God nodig om 'nie-God' te ervaar om Homself as 'God' te ervaar.

Dit plaas Hom egter in 'n logiese dilemma: God is al wat daar is! 'Nie-God' sou dus nog steeds deel van God moes wees!

Die enigste uitweg sou wees om die *illusie* van 'nie-God' te skep. God sou iets moet skep wat nie werklik bestaan nie en Homself deur middel van daardie illusie moet ervaar. Daar was geen ander logiese uitweg nie.

ACIM verduidelik dit effens anders. Volgens ACIM het die ego besluit om homself van God af te sonder. Die ego is die ervarings wat ons van onself as afsonderlike liggame het, en sluit ons verstand en al ons kulturele indoktrinasie in: "The ego is a wrong-minded attempt to perceive yourself as you wish to be, rather than as you are" (ACIM T-3.IV.2:3). Dit sluit ook die heelal rondom ons in wat ons as afsonderlik van onself ervaar. Omdat ons onself in werklikheid egter nie van God kán afsonder nie, kan die ego nie anders as om 'n illusie te wees nie.

Dis natuurlik nie 'n nuwe begrip nie: in sowel die Boeddhisme as die Hindoeïsme is die illusie van die ego al vir millennia as *maya* bekend. Ego en maya is dieselfde ding (of nie-ding!). In sy boek *Autobiography of a Yogi* skryf Paramahansa Yogananda hoe die uitsluitlike doel van die Indiese geestelikes was en is om deur die transendering van *maya* by die direkte ervaring van God (*samadhi*) uit te kom.

Op grond van die veelvuldige gebruik van simboliek in die Hindoeïsme het daar 'n algemene wanopvatting in die Weste ontstaan dat Hindoeïsme talle gode aanbid. Dis nie so nie, maar hou direk verband met die westerse verwarring tussen die *geloof* in 'een God' en die diepgaande *beseft* dat God Een is. In die Hindoeïsme is daar skynbaar 'n neiging om simboliese vergestaltungen van God, en selfs jogi's, te 'aanbid', maar uiteindelik is die beseft dat God Een is skynbaar baie dieper in die Hindoeïsme en die Boeddisme gevestig as in die Christendom!

In sy boek *Autobiography of a Yogi* maak Paramahansa Yogananda dit baie duidelik dat die geestestoestand bekend as *samadhi* in werklikheid Christus-bewussyn is.

Hoewel iets diep in onself nog steeds weet, het ons bewustelik vergeet waar ons vandaan kom: "In order to learn what the idea of separation would teach you, you needed to believe that you existed in a separate state. Thus, 'forgetting' that you actually reside in unity was a requirement of this condition you wished to experience. This condition was thus made available" (ACOL18.9). Omdat ons vergeet het, sou ons nooit die illusie ongedaan kon maak as dit nie was vir 'n teenvoeter vir die skeiding wat op dieselfde oomblik as die skynbare skeiding ontstaan het nie: wat ACIM die 'Heilige Gees' noem.

ACIM gebruik dieselfde terminologie as die Bybel: Vader, Seun en Heilige Gees, maar bedoel daarmee iets heel anders as wat ons in die meestersverhaal geleer het. Die belangrikste is dat ACIM met die 'Seun van God' ons *almal* bedoel, en nie net Jesus nie. Die 'Seun van God' is die Christus – in ons sowel as in Jesus. God die Vader is die uiteindelijke bron van alles met wie ons slegs deur middel van die Christus in ons weer herenig kan word. God is al wat werklik is en is nie eers bewus van die illusie waarin ons leef nie. Die Heilige Gees, daarenteen, is bewus van sowel die goddelike in ons as ons illusie, en is daardie aspek van God wat ons voortdurend weer terug na God lei in die mate waartoe ons 'Hom' toelaat om dit te doen. Sonder ons gewilligheid kan die Heilige Gees niks doen nie.

Christ's Letters het nog 'n ander verklaring. Aan die een kant kom dit ooreen met *Conversations with God* se verklaring: "The intention behind individualisation was to enable Divine Reality Itself to experience Its own Nature of creativity, joy and personal fulfilment" (CL 7 p19). Aan die ander kant gee dit 'n nogal ingewikkelde verduideliking van hoe wat dit die Universele Bewussyn noem in 'vroulike' en 'manlike' beginsels verdeel het, maar terselfdertyd ook nog onveranderd gebly het. Die verdeling van die 'manlike' en 'vroulike' impulse het uiteindelik aan alle verskynsels in die natuur, insluitend die menslike ego, oorsprong gegee.

Hierdie verklaring toon 'n groot ooreenkoms met die oosterse idee van 'yin' en 'yang'.

Volgens hierdie verklaring was die manlike impuls (wil, intensie, aktiwiteit, beweging, kreatiwiteit, elektrisiteit) oorspronklik in balans met die vroulike impuls (doel, verskaffing van sekuriteit, aantrekking en afstoting, magnetisme). Met die skeiding van die twee impulse het die manlike impuls gesorg vir 'n sterk identiteitsgevoel, terwyl die vroulike impuls hierdie identiteitsgevoel in stand hou deur die *aantrekking* van alles wat individualiteit versterk en oorlewing verseker, en die verwerping of *afstoting* van alles wat dit bedreig.

Hierdie twee impulse sou die oorsprong wees van die *dualiteit* van *maya*: alles in ons ervaring het twee kante. SHier's hoe die bekende Engelse digter Ralph Waldo Emerson dit in sy *Essay* met die titel *Compensation* stel (www.emersoncentral.com/compensation.htm):

“Polarity, or action and reaction, we meet in every part of nature; in darkness and light; in heat and cold; in the ebb and flow of waters; in male and female; in the inspiration and expiration of plants and animals; in the equation of quantity and quality in the fluids of the animal body; in the systole and diastole of the heart; in the undulations of fluids, and of sound; in the centrifugal and centripetal gravity; in electricity, galvanism, and chemical affinity. Superinduce magnetism at one end of a needle; the opposite magnetism takes place at the other end. If the south attracts, the north repels. To empty here, you must condense there. An inevitable dualism bisects nature, so that each thing is a half, and suggests another thing to make it whole; as, spirit, matter; man, woman; odd, even; subjective, objective; in, out; upper, under; motion, rest; yea, nay.

Die Lewe self – die bron van die bewussyn van alle lewende organismes en selfs nie-organiese materie – onderlê, transendeer en is 'n integrale deel van hierdie impulse.

Netsoos die aard van die skepping deur die manlike en vroulike impulse kreatief is, is ook die menslike denke en emosies, as deel van die Lewe self, oftewel die Universele Bewussyn, kreatief. Gevolglik skep ons deur ons eie gedagtes en emosies die vorms van bewussyn wat die dinge wat ons begeer en verwerp reflekteer.

Waar ACIM en *Conversations with God* deurgaans van *Eenheid* praat, praat *Christ's Letters* merendeels van Universele of Goddelike Bewussyn. Op die ou end is dit dieselfde: dit is in ons gesamentlike bewussyn, oftewel Gees, dat ons Een is.

Op die oog af lyk dit asof ACIM, *Conversations with God* en *Christ's Letters* verskillende verklarings van dieselfde misterie gee, maar ek vermoed dis juis omdat die menslike verstand nie die geheel van die misterie kan omvat en verstaan nie. Al wat hierdie geskifte dus kan doen

is om die geheel vanuit verskillende perspektiewe te probeer beskryf. Dit kan nie anders nie: wanneer die onpeilbare deur mense in taal uitgedruk word sal dit van mens tot mens verskil en sal dit altyd bloot 'n riglyn wees.

In 'n sekere sin kan 'n mens hulle almal as gelykenisse beskou. Hoewel dit my van tyd tot tyd heelwat konflik besorg het, was dit deur al hierdie verskillende geskrifte te lees dat ek mettertyd 'n geheelbeeld as 'n diep insig begin vorm het van die 'skeiding'. Die geheelbeeld is egter juis 'n geheelbeeld omdat ek dit vir myself geïntegreer het en nie meer direk kan verwoord nie.

Dis soos die bekende gelykenis van die blindes en die olifant. 'n Klomp blindes bestudeer 'n olifant. "'n Olifant is lank en dun en beweegbaar, en het 'n gat aan die einde," sê een van hulle. "Nee," sê 'n ander, "hy's 'n regop pilaar." "Nee," sê 'n derde, "hy's vet en massief!"

Elkeen het 'n deel van die werklikheid van die olifant beskryf, en was reg, maar slegs deur al die verskillende beskrywings saam te voeg kan 'n geheelbeeld verkry word.

Ons het hier te doen met die begrip *insig*. Ons samelewing is behep met die intellek en logika en rasonale analise, maar van diep insig is daar bitter min sprake. Om die waarheid te sê, die reduksionele model waarop feitlik al ons wêreldse 'kennis' berus verhinder in werklikheid dieper insig. (Die reduksionele model aanvaar dat alles tot in sy kleinste komponente opgebreek en bestudeer kan word, en dat die geheel verstaan kan word deur die 'kennis' van al die deeltjies saam te voeg. In die praktyk beteken dit dat 'kennis' so gefragmenteerd geword het dat niemand daaruit 'n geheelbeeld kan vorm nie.)

Die gevolg is dikwels alles behalwe wat ons eintlik wil hê. In sy artikel [*The Limitations of Thought*](#) gee die beroemde kwantumfisikus David Bohm 'n briljante uiteensetting van hierdie probleem.

Die woord *insig* spreek vir homself: in-sig. 'n Sig na binne.

Daar is 'n hemelsbreë verskil tussen logiese analise en insig. Insig ontken of vermy geensins logika nie; intendeel, maar dit behels die vermoë om verby liniêre logika te dink – en te voel – deur verskillende vlakke van logika en die resulterende paradoks in ag te neem. (Lees gerus Whitehead en Russell se *Principia Mathematica* of Gregory Bateson se *Mind and Nature* indien jy meer hieroor te wete wil kom.)

Die verskil lê nie soseer in ons verstand nie as in ons houding. Ons dink ons is rasioneel, maar eintlik is baie van ons 'rasionaliteit' bloot die rasionalisering van ons onderliggende geloof, meestal sonder dat ons daarvan bewus is. Kyk maar hoe gaan dit in enige parlement of in enige 'debat' op die Internet. Die onderliggende houding is: "Ek is reg, en ek sal vir jou bewys dat ek reg en jy verkeerd is."

Die gevolg van sulke ‘rasionaliteit’ is dat daar nooit gemeenskaplike antwoorde gevind word nie. Ateïste oortuig nie die kreasioniste nie en andersom. Almal glo dat hulle rasioneel is, maar niemand is bereid om sy of haar posisie van “ek is reg” prys te gee nie.

Insig, daarenteen, kan slegs bereik word as daar die *bereidwilligheid* en die *wil* is om by die waarheid uit te kom. Iemand wat op insig ingestel is, sal gou die foutiewe aannames en vals redenasies in ‘n ‘debat’ raaksien en uitwys; nie om die ander persoon te kritiseer nie, maar om by ‘n antwoord uit te kom. Dit was die essensie van Sokrates se manier van redeneer. Dit het hom ook uiteindelik sy lewe gekos, want die stadvaders *wou* – soos meeste mense – nie by die waarheid uitkom nie!

En so is dit met ons geestelike geskrifte. Ons kan al die skynbare teenstrydighede uitwys en daarmee ‘bewys’ dat die geskrifte nie ‘waar’ is nie, of ons kan, deur al die verskillende geskrifte (insluitend die Bybel) te bestudeer, insig probeer kry in die waarheid wat uiteindelik nie deur een geskrif verwoord kán word nie.

Insig is natuurlik altyd ‘n persoonlike ding; iets wat deur die wetenskapisme as ‘subjektief’ beskou sou kon word, en daarom nie iets waarop staat gemaak kan word nie. Benewens die feit dat die kwantumfisika al uitgewys het dat ‘objektiwiteit’ uiteindelik nie bestaan nie, kan ware insig – en dus diepgaande kennis – nie sonder ‘subjektiwiteit’ bereik word nie. Dis een rede waarom die aandrang van die wetenskapisme op ‘feite’ en ‘objektiewe waarneming’ nooit tot ware kennis kan lei nie.

Met die idee van Eenheid kom die werklikheid dat ons, as Een met God, self met die krag van God skep. Elke gedagte wat ons het, en veral die gedagtes wat met intense emosies gepaard gaan, skep op een of ander manier: “Remember that it is your *intention* or *motivation* or *conviction* which gives creative power to do whatever you want to do” (CL 8 p8).

So is dit dat, as ek glo dat ek ‘n slagoffer van die wêreld is, ek dit ook so ervaar en dit werklik lyk asof alles en almal teen my gekant is. As ek glo dat ek gelukkig en tevrede is, dan ervaar ek dit so. As ek glo dat ek niks werd is nie, ‘skep’ ek allerhande situasies wat my geloof in my minderwaardigheid bevestig. As ek glo dat daar niks buiten die materiële bestaan nie, vind ek al die ‘bewyse’ dat dit so is. Net so vind ek, as ek glo God bestaan en laat wonderwerke gebeur, al die ‘bewyse’ daarvoor!

Hoewel dit op die ou end alles illusie is, skep ons daardie illusie met die krag van God! Ons ervaar gevolglik die illusie as absolute werklikheid.

Hierdie idee selfs vir mense wat beweer dat hulle glad nie in ‘n metafisiese werklikheid glo nie eintlik nie so vreemd nie. In die mediese wetenskap is die ‘placebo-effek’ algemeen bekend.

Farmaseutiese maatskappye word verplig om nuwe medisyne te toets. Soos met enige wetenskaplike eksperiment moet daar kontrole-

eksperimente wees. As die medisyne wat getoets word byvoorbeeld vir die verlaging van bloeddruk bestem is, sal sommige mense bloeddruk medisyne kry en ander pille wat presies dieselfde lyk, maar nie die bestanddele het vir die verlaging van bloeddruk nie.

Slegs as daar 'n beduidende verskil tussen die effek van die ware medisyne en die effek van die 'vals' medisyne is, kan die maatskappy daarop aanspraak maak dat die medisyne doeltreffend is.

Dit is algemeen bekend dat mense dikwels dieselfde reaksie op die 'vals' medisyne toon as wat ander op die regte medisyne toon. Dit staan bekend as die placebo-effek. Bloot die idee dat die pille wat hulle drink dalk die regte pille is kan veroorsaak dat hulle bloeddruk verlaag. Daar is aan my vertel dat die placebo-effek soms net so sterk as die pille is wat getoets word!

Ek het 'n mediese dokter geken wat 'n paar groot bottels met verskillend gekleurde kapsules in sy spreekkamer op die platteland gehad het. Hoewel die kapsules met suiker gevul was, het hy hulle gereeld aan pasiënte verskaf. Die pasiënte het gereeld vir hom vertel hoe doeltreffend die medisyne is! Toe ek hom vra of dit nie oneties is nie, was sy antwoord: "As ek dit nie doen nie, kan ek maar my praktyk toemaak."

Ten spyte van die algemene bekendheid van die placebo-effek is daar bitter min mense wat werklik daarvoor nadink. Watter beter bewys is daar dat ons gedagtes effekte kan skep waaroor ons glo ons geen beheer het nie? In sy boek *The Biology of Belief* bevestig die selbioloog Bruce Lipton hierdie verskynsel selfs vanuit 'n wetenskaplike oogpunt.

Volgens Johannes 14:12 sê Jesus: "Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat ek na die Vader toe gaan." Om te kan verstaan wat hy hiermee bedoel het, is dit nodig om te verstaan wat hy met 'glo' bedoel het – iets wat later bespreek word. Met die wetenskaplike inslag van die moderne teologie is daar skynbaar 'n algemene neiging om te ontken dat Jesus werklik wonderwerke verrig het. Dis egter waarskynlik presies omdat ons nie verstaan wat Jesus met die 'koninkryk van die hemel' bedoel het nie. Ons is so oortuig van die illusie as werklikheid dat ons ons nie kan indink dat ons dalk verkeerd kan wees, en dat ons in staat is om een illusie met 'n ander te vervang nie.

Jesus sê dat ons dieselfde dinge as hy en groter dinge kan doen omdat hy na die Vader toe gaan. Wat het dit met die prys van eiers te doen? Ek vermoed dat Jesus weereens na Eenheid verwys. Omdat die Christus Een met God is, en ons Een met die Christus (Johannes 17:21-23), kan ons letterlik enigiets met die krag van God doen, mits ons daardie Eenheid as werklikheid ervaar. Dit gebeur slegs as ons die 'koninkryk van die hemel' vind en dus "opnuut gebore" word, soos Jesus dit in Johannes 3:3 stel.

Dit is in die ervaring van Eenheid dat ons God ervaar. Nie die teïstiese God in die vorm van 'n ou man met 'n wit baard wat op 'n troon sit en oordeel nie, maar die onsigbare, alomteenwoordige Bron van alles wat is. Dit is hierdie ervaring wat Jesus die 'koninkryk van die hemel' noem. In Eenheid is daar geen tyd of ruimte nie; vandaar dat dit vir Jesus so moeilik was om die begrip oor te dra. Wanneer Jesus van die 'ewigheid' praat, praat hy nie van ewige tyd nie, maar van die ervaring van *tydloosheid* – weereens iets wat ons nie met ons verstand kan verstaan nie, maar wat iemand soos Eckhart Tolle in sy boeke en praatjies duidelik maak as die ervaring wat volg wanneer ons ons gedagtes laat stil word.

Die misterieuse skeiding tussen God en mens (ego), hoewel uiteindelik denkbeeldig ('n illusie), het 'n besliste, kragtige en duidelike effek:

Skuldgevoel.

Skeiding veroorsaak skuldgevoel. Skuldgevoel is dus nie die gevolg van ons inherente sondigheid nie, maar ons skynbare inherente sondigheid is die gevolg van die skuldgevoel wat sy oorsprong in die ervaring van skeiding met God het. Wat nie beteken dat ons noodwendig daarvan bewus is nie. Ons het 'n fenomenale vermoë om gedagtes en emosies te onderdruk en te ontken. Dis die krag van die ego.

Skuldgevoel verwag straf, en dit skep vrees.

Die onderliggende beginsel van alles wat Jesus gesê het, en terselfdertyd waarskynlik die rede waarom so min mense dit verstaan het, is dus die volgende:

Ons voel nie skuldig omdat ons sondig is nie, maar ons glo ons is sondig omdat ons skuldig voel. In hierdie beginsel lê die totale ommekeer van al ons wêreldse begrippe, en daarmee die sleutel tot die 'koninkryk van die hemel'.

Interessant genoeg het die bekende sielkundige Erich Fromm lank voordat ACIM verskyn het in sy boekie *The Art of Loving* tot presies dieselfde gevolgtrekking gekom: "The awareness of human separation, without reunion by love – is the source of shame. It is at the same time the source of guilt and anxiety."

Ek praat spesifiek van die *ervaring* van skeiding. God is al wat daar is en ons is deel van God, en dis dus onmoontlik om van God geskei te wees. Hoewel ons dit geensins so ervaar nie, is die toestand wat ons as geskeidenheid en dualiteit ervaar dus in werklikheid 'n illusie. Omdat ons dit nie met ons verstand kan verstaan nie, het ons op grond van ons diepliggende skuldgevoel die betekenis van 'illusie' verander na 'sleg'; iets wat vir ons oneindige ellende veroorsaak het.

“It must be understood that there is nothing evil about the ego-drive. It is the necessary tool of creation. It is the individual himself who brings about the imbalances in life by allowing the ego-drive full control in his personality without thought or consideration for other people.

“This too, is not to be judged or criticised, since the person possessed by ego-drive knows no other way to think or operate within the earthly dimension,” aldus CL 6 p5.

As Jesus in sy tyd op aarde van illusie sou gepraat het, sou die mense heel waarskynlik gedink het hy is mal. Nie dat sommiges nie in elk geval so gedink het nie, en vandag nog so dink! Vandag het ons egter die addisionele konteks van ‘n geskiedenis van eeue se bewuswordingsproses, asook van die kwantumfisika. As wetenskaplike was dit grotendeels my beperkte kennis van die kwantumfisika wat my ontvanklik gemaak het vir ACIM want, soos ACIM, wys die kwantumfisika uit dat wat ons as werklikheid ervaar nie noodwendig werklikheid is nie.

Daar is seker min geletterde mense wat nie die bevindings van die kwantumfisika implisiet of eksplisiet aanvaar nie. En tog, vanuit ons konvensionele raamwerk gesien bestaan meer as 99% van atome uit niks nie, en behoort ons materie dus eintlik glad nie raak te sien of te kan voel nie! Konsepte soos elektrone wat op verskillende energievlakke kan voorkom maar nie tussen die vlakke kan beweeg nie, die feit dat 'n mens óf die momentum van 'n elektron óf die posisie daarvan kan vasstel, maar nie albei tegelyk nie, die ekwivalensie van materie en energie ($E = Mc^2$), die bevinding dat deeltjies ook golwe kan wees en andersom, en so meer, vorm deel van 'n 'werklikheid' wat bitter min ooreenkoms toon met wat ons as 'werklikheid' ervaar.

'n Diep insig in die kwantumfisika is slegs vir diegene met 'n grondige kennis van wiskunde beskore, maar tog aanvaar die meeste mense maar die kwantumfisici se woord daarvoor. Waarom sou dieselfde nie kon geld vir mense wat 'n geestelike insig verkry het wat die gewone mens nie intellektueel kan verstaan nie?

Hoewel dit nodig is om in te sien dat alles wat ons met die liggaam ervaar illusie is, kan die idee daarvan op sigself maklik ‘n soort intellektuele ontsnapping van ons daaglikse werklikheid word: “The body is merely part of your experience in the physical world,” sê ACIM. “Its abilities can be and frequently are overevaluated. However, it is almost impossible to deny its existence in this world. Those who do so are engaging in a particularly unworthy form of denial. The term ‘unworthy’ here implies only that it is not necessary to protect the mind by denying the unmindful” (T-2.IV.3:8-12).

ACOL stel dit dalk 'n bietjie eenvoudiger: “While you have been taught that you are not your body, it is impossible for you to deny the body here.

Yet you can change the function you have ascribed to it, and so its way of functioning. If you do not see it as the result of a fall, as a curse, as a punishment from God, or as your home, a dwelling place that keeps you separate, then you can begin to see it as what it is, a learning device given you by a loving creator.”

Die *insig* in die illusie en die *beseft* dat ons dit nie as illusie ervaar nie is dus ewe belangrik.

“The idea of separation changed nothing in reality, but became a drama acted out upon a stage so real that it seemed to be reality” (ACOL 12.22). Shakespeare het dalk 'n bietjie sinies oorgekom in *Macbeth* toe hy die volgende geskryf het, maar eintlik het hy in wese dieselfde gesê:

“Life's but a walking shadow, a poor player that struts and frets his hour upon the stage and then is heard no more: it is a tale told by an idiot, full of sound and fury, signifying nothing”!

In Matteus 13:13-16 vind ons die volgende woorde van Jesus aan sy dissipels wanneer hy aan hulle verduidelik waarom hy gelykenisse gebruik:

“Om hierdie rede praat ek met hulle in gelykenisse: omdat hulle kyk maar nie sien nie, en hoor maar nie luister en verstaan nie. In hulle geval word die profesie van Jesaja vervul wat sê: ‘Julle sal hoor en hoor en tog niks verstaan nie, en kyk en kyk en tog niks sien nie’.

“Hierdie volk se verstand is afgestomp: hulle het hulle ore toegedruk en hulle oë toegemaak, sodat hulle nie met hulle oë kan sien en met hulle ore kan hoor en met hulle verstand kan verstaan en hulle bekeer, en Ek hulle gesond maak nie.

“Maar julle oë is bevoorreg dat hulle sien, en julle ore dat hulle hoor.”

Dis tog duidelik dat Jesus hier nie van fisiese oë en ore praat nie. Ons is bekend met die woord ‘siener’, wat dui op iemand wat dinge buite die normale sintuie ‘sien’. Jesus praat hier van ‘n ‘dieper’ sien: van insig. Ons is weer terug by daardie woordjie. Vroeër het ek genoem dat insig die vermoë is om verby streng logiese analise te ‘sien’. Dit gaan vir my nog verder: insig is die vermoë om ook verby die fisiese sintuie te ‘sien’.

Daarom dat Jesus gesê het: “Soek, en julle sal kry (vind).” Die doel van die soeke waarvan hy hier praat is die insig in die ‘koninkryk van die hemel’; die werklikheid van die Bewussyn agter die illusie; wat hulle in die Ooste verligting (‘enlightenment’) noem. Logika kan en moet beslis ‘n rol speel in ons soeke, maar uiteindelik kan dit ons op sigself nie by die Waarheid uitbring nie.

Met uitsprake soos “Julle kan nie God én Mammon dien nie” in Matteus 6:24 het Jesus gereeld op die direkte teenstelling tussen die ‘wêreld’ en die ‘koninkryk van die hemel’ gewys, en beklemtoon dat die

twee in beginsel onversoenbaar is. Dit het niks te doen met 'n 'goeie' God en 'gelowige' Christene teenoor 'n 'slegte' wêreld nie, maar alles met die 'wêreldse' vasklou aan illusie en skuldgevoel – en daarmee saam oordeel – teenoor die verlossing van skuldgevoel deur vergifnis en hereniging met God. Hoewel dit soms heeltemal anders voorkom, soos in die geval van sy tirades teenoor die Fariseërs en skrifgeleerdes, het Jesus kom verkondig dat ons maar deur vergifnis ons skuldgevoel kan laat vaar; dat daar hoegenaamd geen rede is om skuldig te voel nie. Met daardie boodskap het hy die bestaande Joodse godsdienst onderstebo gekeer. Dit is hoekom hy gekruisig is!

'n Mens kan jou helaas nie oor die woorde van Jesus uitlaat sonder om die duiwel in gedrang te bring nie. 'Mammon' is natuurlik net 'n ander woord vir 'duiwel'. Hoeveel ellende het hierdie konsep nie al in menselewens veroorsaak nie!

In die Ou Testament praat die profete van *Satan*, wat in werklikheid 'teëstaander' beteken. Die Griekse Nuwe Testament gebruik die woord *diabolos*, wat in Afrikaans met 'duiwel' vertaal is. Maar 'diabolos' beteken in werklikheid iets in die lyn van 'leuenaar'; iemand wat vals getuienis lewer.

Maar waar kom die 'duiwel' vandaan? Nêrens in die Bybel word sy oorsprong verklaar nie. Die woord 'Satan' verskyn vir die eerste keer vanuit die bloute in 1 Kronieke 21:1: “Satan was teen Israel. Hy het Dawid aangehits om 'n sensus van Israel te hou.”

Hoewel dit die eerste verskyning van die woord 'satan' in die Bybel is, is dit die tweede keer dat die verhaal van die volkstelling van Dawid vertel word. In 2 Samuel 2:24 staan daar: “Op 'n keer was die Here vertoorn op Israel. Hy het Dawid teen hulle aangehits en gesê: 'Gaan tel die Israeliete en die Judeërs'.”

'Satan' en 'die toorn van die Here' is met ander woorde dieselfde ding?!

In Johannes 8:42-47 staan daar: “Maar Jesus sê vir hulle: 'As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van God af gekom, en hier is Ek nou. Ek het immers ook nie uit my eie gekom nie, maar Hý het My gestuur. Waarom begryp julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle my boodskap nie kán verstaan nie. Julle is kinders van die duiwel; hy is julle Vader, en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen. Hy was van die begin af 'n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaalk praat, is dit volgens sy aard, want hy is 'n leuenaar en die vader van die leuen. En omdat Ek die waarheid praat, glo julle nie in My nie. Wie van julle kan sonde by My aanwys? As Ek dan die waarheid praat, waarom glo julle nie in My nie? Wie 'n kind van God is, luister na die woorde van God. Juis daarom luister julle nie, omdat julle nie kinders van God is nie.’”

'Satan' of die 'duiwel' is niks anders as *maya* of die *ego* nie. Wat is illusie anders as iets wat nie waar is nie? In daardie sin is dit *diabolos*; 'n leuenaar. Godsdiens is gebaseer op die idee van 'n teëstaander (*satan*) wat oorwin moet word. Ons het gesien waartoe daardie stryd gelei het. Want godsdiens het nie besef dat die teëstaander 'n illusie is nie, en dat enige poging om daarteen te baklei bloot die illusie versterk!

Satan, of die duiwel, verskil dus in werklikheid nie veel van die 'stemme' in hul kop waarteen skisofreniese mense so baklei nie!

Om "kinders van God" te wees is om deur die illusie te sien en van ons Eenheid met God bewus te word.

Hoewel ek toegee dat dit allermens maklik is om te verstaan, hoop ek dat hierdie bespreking sal help om te verklaar wat Jesus probeer sê het. Terselfdertyd hoop ek dat die bespreking van wat Jesus gesê het op sy beurt weer die begrippe 'Eenheid' en 'ego' kan ophelder.

Die gelykenis van die verlore seun is vir my 'n goeie begin, want daarin word volgens my die eerste kern van Jesus se boodskap vervat wat so teen al ons wêreldse konsepte indruis.

Die gelykenis van die verlore seun

Verder het Jesus gesê: "Daar was 'n man wat twee seuns gehad het. Die jongste het vir sy pa gesê: 'Pa, gee my die deel van die besittings wat my toekom.' Hy het toe die goed tussen hulle verdeel.

"Nie lank daarna nie het die jongste seun alles tot geld gemaak en van die ouerhuis af na 'n ver land toe vertrek. Daar het hy sy geld verkwis deur losbandig te lewe. Nadat hy alles deurgebring het, het daar 'n kwaai hongersnood in daardie land gekom, en ook hy het begin gebrek ly. Hy het toe sommer by een van die mense van daardie land gaan bly, en dié het hom na sy plaas toe gestuur om varke op te pas. Daar het hy gewens hy kon sy honger stil met die peule wat die varke eet, maar niemand het hom daarvan gegee nie.

"Toe kom hy tot inkeer en sê: 'My pa het wie weet hoeveel dagloners, en hulle het almal oorgenoeg kos, en hier vergaan ek van die honger. Ek sal dadelik na my pa toe teruggaan en vir hom sê: Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig! Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie. Behandel my soos een van Pa se dagloners.' En hy het sonder versuim na sy pa toe teruggegaan.

"Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom. Toe sê die seun vir hom: 'Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig. Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie.' Maar sy pa roep sy

werksmense: 'Maak gou! Bring klere, die beste, en trek dit vir hom aan; sit vir hom 'n ring aan sy vinger en trek vir hom skoene aan! En bring die vetgemaakte kalf, slag hom, en laat ons eet en feesvier! Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ek het hom teruggekry.' Toe het hulle begin feesvier.

"Sy oudste seun was nog in die veld. Toe hy terugkom en naby die huis was, hoor hy die musiek en die singery. Hy roep toe een van die bediendes nader en vra hom wat aan die gang is. Die bediende antwoord: 'U broer het gekom, en u pa het die vetgemaakte kalf geslag omdat hy hom behoue en gesond geruggekry het.'

"Toe het die oudste seun kwaad geword en hy wou nie in die huis ingaan nie. Sy pa gaan toe uit en praat mooi met hom; maar hy antwoord: 'Kyk, al die jare werk ek soos 'n slaaf vir Pa. Nog nooit het ek 'n opdrag van Pa verontagsaam nie, en vir my het Pa nog nooit eers 'n bokkie gegee sodat ek saam met my vriende kan feesvier nie. Maar nou dat hierdie seun van Pa, wat Pa se goed met prostitute deurgebring het, terugkom, het Pa vir hom die vetgemaakte kalf geslag!'

"Toe sê die pa vir hom: 'Kind, jy is altyd by my, en alles wat ek het is ook joune. Maar ons kan tog nie anders as om fees te vier en bly te wees nie, want hierdie broer van jou was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ons het hom teruggekry'."

Lukas 15:11-31

Ons weet almal wat die klassieke interpretasie van hierdie verhaal is: Ons is sondig en het gevolglik van die weg na God afgedwaal. Wanneer ons ons sonde bely en Jesus as ons persoonlike verlosser aanvaar, vergewe God ons en aanvaar Hy ons elke keer weer as sy kinders. Ons dink nie meer daaroor nie. Ons wéét mos dis waaroor dit gaan, nie waar nie?

Maar wat dan van die broer wat kwaad is omdat sy pa sy broer volkome vergewe? O ja; dis natuurlik die ongelowiges wat jaloers is. Maar waar kom die erkenning van Jesus as verlosser in?

Ons het hier te doen met die fundamentele begrip van sonde, skuld en verlossing.

Volgens die meestersverhaal is ons op een of ander vreemde manier inherent sondig bloot omdat Adam en Eva gesondig het. Volgens daardie verhaal wou God óns eintlik straf, maar het Hy toe maar besluit om Jesus namens ons almal te straf. Jammer – slegs namens dié wat 'glo'. Die hele verhaal berus dus op die basiese patriargale en menslike aanname dat God kwaad word, nie sy eie emosie kan verwerk nie en daarom iemand móét straf. Verlossing in hierdie konteks beteken dat God Jesus gestraf het in plaas van ons. Maar hoe 'verlossend' is dit werklik? Is die hele idee van verlossing nie juis om van skuldgevoel ontslae te raak nie? As Jesus

namens ons gestraf is, beteken dit nie in wese dat ons nou nog méér rede vir skuldgevoel het nie? Want het ons dan nie effektief deel aan die moord op Jesus nie?

Alle godsdienste is nie net op skuldgevoel gebaseer nie, maar hou dit in stand. Hulle doen dit egter op so 'n manier dat dit lyk asof hulle die teenoorgestelde doen. Dit is wat die ego doen. In elke kerkdiens oortuig ons onself deur middel van die intellek, opruiende emosies of enigiets tussenin dat ons nie meer skuldig voel nadat ons ons sondes bely het nie, maar ons bedrieg onself. Die meeserverhaal op sigself induseer skuldgevoel waarvan ons nooit kan ontsnap nie. Want altyd bly die vrae: “Is my geloof sterk genoeg? Is ek goed genoeg?”

Soos die verlore seun het ons, omdat ons een met God is, almal deel aan die erfenis van God. Ek het reeds genoem dat Jesus in die Evangelie van Johannes spesifiek na hierdie Eenheid verwys. Met die skynbare skeiding het ons egter 'n vreemde land betree; 'n land waar ons eintlik ontuis voel: die wêreld soos ons dit ken.

In hierdie wêreld leef ons losbandig en ekstreem. Ons streef plesier na in talle vorms maar, met die dualistiese aard van die ego, ensoos die Boeddiste al vir millennia uitwys, gaan hierdie plesier *altyd* met pyn gepaard. Altwee is dinge van die illusie van die liggaam en daarom simptome van die skeiding van God. Soos die verlore seun al hoe meer pyn begin ervaar het, ervaar ons ook elke keer weer pyn saam met ons plesier.

Die verlore seun se intense pyn is skynbaar deur die ‘noodlot’ teweeggebring: daar was 'n hongersnood. Net so is daar in ons lewens dikwels ook skynbaar geen duidelike verband tussen plesier en pyn nie. Dan lyk dit asof ons pyn deur die ‘noodlot’ teweeggebring word. Daar is egter in werklikheid geen ‘noodlot’ of ‘toeval’ nie. Op 'n baie diep vlak waarvan ons meestal onbewus is, trek ons al ons pyn na onself toe aan.

Eers toe die seun tussen die varke die laagste vlak van armoede en vernedering bereik, begin hy weer aan sy vaderhuis dink, of in elk geval ernstig daaraan dink om terug te gaan. Hy het tien teen een al vroeër heelwat daaraan gedink, maar elke keer die gedagte laat vaar in die hoop dat dit weer beter sou gaan. Net soos hereniging met God ons elke keer van ons diepste binneste af roep, maar ons slegs werklik begin soek as die pyn te erg raak.

Terwyl ons ons siklusse van plesier en pyn in die wêreld beleef en daarmee tevrede is, het ons geen belang daarby om weer eenheid met God te ervaar nie. Selfs in tye van oorlog kan ons so vas glo dat ons ons lewens vir ‘volk en vaderland’ in gevaar stel dat dit vir ons ten spyte van die pyn nog steeds die moeite werd is. Op die oog af is baie van ons nie tevrede met ons lot nie maar, soos baie sielkundiges sal getuig, is ons op 'n dieper

vlak dikwels so verknog aan ons identiteit van pyn en ellende dat ons dit nie werklik wil prysgee nie.

Onbewustelik is baie van ons verslaaf aan pyn. Dit gee ons 'n gevoel van identiteit. "Kyk hoe sleg behandel die lewe my. Kyk hoe sukkel ek. Is dit nie vreeslik nie?" In elke gesprek word die patroon herhaal. In 'n wêreld wat op 'n slagoffermentaliteit gebaseer is kan dit vir ons nogal 'n sterk identiteit verskaf!

Eers wanneer die pyn uiteindelik te veel raak en ons, om die Engelse woord te gebruik, letterlik 'disillusioned' word, begin ons sê: "Daar moet 'n ander manier wees." Vir baie van ons neem dit geweldige teleurstelling, depressie en pyn om daar te kom.

Depressie is vandag 'n algemene verskynsel. Vanuit ons materialistiese lewensbeskouing is ons geneig om dit aan 'n chemiese wanbalans in die brein toe te skryf, en die farmaseutiese maatskappye maak 'n fortuin daaruit. Vanuit 'n spirituele oogpunt is die fisiese egter bloot die manifestasie van die spirituele, en is depressie die natuurlike gevolg van die besef, in watter vorm ookal, dat daar in hierdie wêreld geen ware geluk of finale antwoorde te vinde is nie.

"Without these dark periods of depression," lees ek in *Christ's Letters* 9 (p9), "you would not grow in spiritual stature. They have a special message for you, so do not give way to despair or bitterness. Although you may feel fragile, this is your winter season of self-discovery and inner renewal which will ultimately prove to be of greater blessing than ever were your 'peak periods'. Take heart and do not lose faith. Hold on patiently until winter gradually yields to your spiritual spring again."

Talle kere maak Jesus dit duidelik dat die 'koninkryk van die hemel' slegs bereik kan word wanneer dit ons enigste doel is, en wanneer ons bereid is om alles daarvoor op te gee (byvoorbeeld die gelykenisse van die ryk jong man in Matteus 19:16-30; die skat in die landbougrond in Matteus 13:44, die pêrelhandelaar in Matteus 13:45-46, die verlore muntstuk in Lukas 15:8-10 en die ryk dwaas in Lukas 12:13-21). Daarmee het hy nie bedoel dat ons beter moet probeer wees en sterker moet 'glo' nie, maar wel dat, slegs wanneer die wêreldse dinge nie meer vir ons belangrik is of betekenis het nie, met ander woorde wanneer die pyn te veel word, ons met toewyding na die 'koninkryk van die hemel' begin soek. Dit kan nie anders nie. Ons kan nie terselfdertyd skuldig voel en nié skuldig voel nie! Skuldgevoel hou ons in die 'wêreld', verlossing lê in die ongedaanmaking van skuldgevoel. Die probleem is dat die verlossing van skuldgevoel ook die einde van ons dualistiese drama is, en vir meeste van ons is dit net te veel gevra. Ons is mal oor die drama!

Op 'n baie diep, onbewuste vlak weet ons dat ware geluk en vrede slegs in eenheid met God te vinde is, net soos die seun op 'n diep vlak geweet

het dat hy eintlik beter af was in sy ouerhuis. Maar terwyl ons die dinge van die 'wêreld' geniet is daardie wete so diep weggebêre dat ons dikwels nie eers daarvan bewus is nie. Eers wanneer ons werklik besef dat daar in die wêreld geen geluk te vinde is nie, begin daardie diep gevoel weer na die oppervlak kom in die vorm van 'n onbewustelike 'besef' hoe goed ons dit in werklikheid in Eenheid met God gehad het.

Dan kom ons by die kern van die saak. Die seun voel skuldig oor wat hy gedoen het, gaan terug na sy pa en sê: "Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig. Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie." Hy voel skuldig, en in tipiese patriargale styl is hy bereid om vir sy 'sondes' gestraf te word en met die minste tevrede te wees – soos die Siro-Fenisiëse vrou wat Jesus gevra het om haar dogter te genees en met net die krummels tevrede sou wees. Solank hy net weer iets van sy ouerhuis kon ervaar.

Die seun het dus – soos ons – in terme van die 'wêreldse' bestel van straf en regverdigheid, goed en sleg gedink. Die verrassende reaksie van die pa is egter iets totaal anders: hy sien eenvoudig geen sonde nie! Wat hy sien is: "Jy was en is nog altyd my seun. Daardie band kan nooit van ons weggeneem word nie. Jy is weer terug en dis al wat belangrik is!" Hy't nie eers belanggestel in wat sy seun alles gedoen het nie. Dit het vir hom hoegenaamd nie saak gemaak nie.

Die pa het géén voorwaardes gestel vir sy seun se terugkeer nie. Hy hoef nie 'goed' te wees of enigiets te 'glo' of enigiets te doen nie. Hy is nie net aanvaar nie, maar vreugdevol verwelkom presies soos hy was.

Die God waarvan Jesus hier metafores praat is 'n heel ander God as die Joodse God waarvan ons in die meestersverhaal geleer het! Hierdie God dring nie aan op belydenis van skuld en sonde, 'goed' wees en die 'regte' geloof nie. Inteendeel. Hy aanvaar en vergewe onvoorwaardelik en volkome. Soos die metaforesiese pa, sien God nie eers ons 'sonde' nie. Die rede hiervoor kan slegs verstaan word as ons besef dat ons 'sonde' in werklikheid illusie is en absoluut géén verskil kan maak aan wie ons werklik is nie.

Dit is presies die boodskap van ACIM en soortgelyke geskrifte: Ons is en was nog altyd Een met God, en niks kan iets daaraan verander nie. Terwyl ons dit nie besef nie, ervaar ons wêreldse plesier en pyn wat uiteindelik ondraaglik word. Wanneer ons reg is in ons soeke na die 'koninkryk van die hemel' is al wat ons hoef te doen om ons skuldgevoel en vrees te laat vaar en versoening ('atonement') te aanvaar. Hoe moeilik kan dit wees?

In teorie is dit die maklikste ding onder die son. In die praktyk is ons ego's egter só verknog aan skuldgevoel en vrees dat dit vir baie van ons 'n lang en moeilike pad deur 'n 'nou poort' is.

Die broer is glad nie beïndruk met die pa se onvoorwaardelike vergifnis en liefde nie. Hy is die een wat altyd 'goed', verantwoordelik en gehoorsaam was en die 'regte' goed gedoen het. Hy het hard gewerk en op regverdigheid staatgemaak. Hy verteenwoordig ons 'wêreldse' konsep van liefde: voorwaardelike liefde. Dit was ook die Fariseërs se idee van liefde. Dis hoekom hulle so skynheilig was soos hulle was. Nie omdat hulle sleg was nie, maar omdat hulle geglo het hulle kan die liefde van God net verdien deur 'goed' en 'reg' op te tree.

Interessant dat die broer sê: "Al die jare werk ek soos 'n slaaf vir Pa." In plaas van 'n hegte familieband insinueer die broer met hierdie woorde 'n ongelyke verhouding tussen sy pa en hom van baas en knecht. Ek bemerk in daardie woorde heelwat weersin. Daarmee verteenwoordig die broer ons gesamentlike ego. Ons ego is gebaseer op skuldgevoel en vrees, en glo aan regverdigheid en verdienste op 'n baas en knecht basis. Daarmee saam egter, soos ACIM duidelik uitspel, gaan 'n woede teenoor God gepaard.

Die pa antwoord: "Kind, jy is altyd by my, en alles wat ek het is ook joune." Dis God se antwoord aan ons almal: ons bly Een met God! Ons woede is op 'n verkeerde persepsie gebaseer. Voordat ons nie van ons woede teenoor God bewus word, dit aanvaar en dit laat gaan nie, is dit nie God (die pa) wat ons van die fees weerhou nie, maar onself!

Die pa sê vir die verlore seun se broer: "Hierdie broer van jou was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ons het hom teruggekry." Net so is so baie van ons 'dood' vir God. Volgens ACIM weet God nie eers van die illusie waarin ons ons begeef nie. Meeste van ons is geheel en al onbewus van wat werklik is. Ons besef nie hoe wie ons dink ons is eintlik maar net die produk van ons indoktrinasie en ons eie denke is nie, en niks te doen het met wie ons werklik is nie.

Effektief sê Jesus met hierdie gelykenis dus: "Jy kan doen wat jy wil, en dit maak nie saak nie. *Niks maak saak nie*. Die oordeel oor wat jy doen kom nie van Góð af nie, maar van jouself. Jy is Een met God, en sal dit altyd wees. Sodra jy reg is, is jy onvoorwaardelik welkom om weer die heerlijkheid en vrede van God te ervaar. Al wat nodig is, is gewilligheid."

Selfs gewilligheid is nie 'n voorwaarde waaraan ons moet voldoen nie. Hoe meer bewus ons word en ons vrees en skuldgevoel na die oppervlak kom, hoe meer intens word ons verlange na God, en gewilligheid is die natuurlike gevolg daarvan. En as ons nie bewus wil word nie, is dit ook reg. Die tyd kom vir elkeen van ons dat ons genoeg gehad het daarvan.

In Matteus 21:31 vind ons die bekende woorde van Jesus aan die Fariseërs: "Tollenaars en prostitute gaan eerder as julle in die koninkryk van God in." Die tollenaars en die prostitute was seker omtrent die slegstes van die slegstes in Jesus se tyd. Weereens dieselfde boodskap: Al julle 'goed doen' beteken absoluut niks nie. Juis deur ten volle 'sleg' te wees sou die

tollenaars en die prostitute tot die besef kom dat daar 'n ander manier moet wees. Deur te probeer 'goed' wees (met ander woorde deur skynheilig te wees) sou die Fariseërs hulself soos die verlore seun se broer voortdurend van die hereniging met God weerhou. Hoe baie van ons is nie maar Fariseërs nie?

Die begrip *egtheid* kom hier ter sprake, en is 'n kritiese deel van die boodskap. Basies is die boodskap van Jesus hier: "Wees volkome jouself – moenie probeer voorgee nie."

Enige godsdienst of ander geloofsstelsel kan nie anders as om tot skynheiligheid te lei nie. Want as my godsdienst of geloof bepaal dat ek sus of so moet wees, en ek vóél nie so nie, watter alternatief is daar vir my as om te máák asof ek sus of so is? Jesus het gesê: Volg jou eie pad en wees net aan jouself getrou. As jou paadjie deur ander as 'sleg' beoordeel word, het dit niks met jou uit te waai nie. Uiteindelik sal jy op die punt kom waar niks jou meer van die vrede van God sal weerhou nie.

"If a fool would persist in his folly, he would become wise;" aldus William Blake.

Wat kan meer verlossend wees as hierdie boodskap?

Patriargie, Skuldgevoel en vrees

Die essensie van die Abrahamiese godsdienste is dieselfde as die essensie van patriargie: Jy kan nie net doen wat jy wil of wees wie jy is nie; jy moet altyd dit doen of wees wat jou pa, die priesters, die dominees, die rabbi's, die imams en/of God tevrede gaan stel. Dit gaan dus daarom wat jy *moet* of *behoort* te doen (Engels 'should') teenoor wat jy *wil* doen (Engels 'want'). Met dié dat God, soos pa's, dikwels wispelturig, humeurig en onbetroubaar is, weet 'n mens egter nooit of jy Hom tevrede gestel het of nie! En dus moet jy maar aanhou probeer. Maar altyd is daar die onderliggende onsekerheid en skuldgevoel: Het ek genoeg gedoen? Is ek goed genoeg vir God? Hoe baie van ons sit nie nog met daardie emosies teenoor ons ouers nie, om nie eers van God te praat nie?

Om hierdie skuldgevoel te probeer aanspreek het ons die beginsel ontwikkel van die belydenis van sondes. In die Rooms Katolieke Kerk moet jy gereeld jou sondes by die priester gaan bely. Die priester gee dan vir jou een of ander takie, soos om tien keer die 'Hail Mary'-gebed op te sê (waarin jy eintlik maar net vir Maria vra om namens jou om vergifnis van sondes te bid, met die implikasie dat jy nie eers goed genoeg is om vir jou eie sondes vergifnis te vra nie!), en daarmee is jou sondes dan vergewe – tot volgende keer. Daar kom nooit 'n einde aan nie. In die Protestantse

kerke gaan ons maar net elke Sondag kerk toe en bely ons sondes in die erediens met dieselfde doel.

Vanuit hierdie raamwerk is daar talle vrae wat nie beantwoord kan word nie. Wat gebeur as ek gesondig het nadat ek belydenis gedoen het en dan te sterwe kom? Wat van 'n baba wat nie gedoop is nie? En so meer.

'n Betekenisvolle verskil tussen die Christendom en die ander twee Abrahamiese godsdienste lê in die beginsel dat Jesus vir ons sondes gesterf het. Vandaar dat Jesus as 'verlosser' beskou word.

In die ander twee godsdienste moet jy net goed wees, en is daar nooit 'n punt wat jy kan bereik waar jy goed genoeg is nie. Volgens my hou die konsep van 'n heilige oorlog (Jihad), en die feit dat mense hulself ter wille van daardie oorlog selfs saam met ander sal opblaas, direk hiermee verband. Want as jy heelyd voel jy is nog nie goed genoeg nie, word jy heelyd van binne af gedryf om meer te doen om God tevrede te stel – 'n God wat net so wraaksugtig soos jyself is. So 'n aanhoudende skuldgedrewe drang kan enige mens letterlik tot waansin dryf.

In die Christendom lyk dit asof daardie probleem opgelos is: jy hoef nie meer te probeer om goed genoeg te wees nie, want 'deur die bloed van Jesus' is al jou sondes vergewe.

Regtig? Beteken dit ek kan nou maar sondig nes ek wil? Dit was skynbaar St Augustinus se interpretasie: "Wees lief vir God en doen wat jy wil" (*Ama Deum et fac quod vis*). In die praktyk werk dit egter nie so nie, want daar is 'n gevaarlike slang in die gras: Jy word net vrygespreek *as* jy in Jesus glo!

Hiermee is ons weer presies terug in die ou 'goed wees' beginsel. Want wanneer is my geloof *goed genoeg*? En so sit ons nog steeds met die innerlike onsekerheid en skuldgevoel – die uitstaande kenmerk van die ego.

Hierdie ding het al by Paulus begin. As 'n mens sy briewe in die geheel lees as dié van 'n doodgewone mens met al ons menslike wroegings, foute en wyskede, kom sy innerlike stryd duidelik na vore. Gereeld verander hy van "Jy hoef net te glo" na "Eintlik moet jy ook goed wees". So selfs die idee dat Jesus finaal vir ons sondes gesterf het werk nie. Dit was 'n slim truuk om te probeer weggom van die dilemma van "Wanneer is ek goed genoeg?", maar uiteindelik is dit oëverbliedery.

Uiteindelik is dit onmoontlik om óf jou pa óf God volkome tevrede te stel.

Saam met hierdie dilemma kom die basiese probleem dat, as jy probeer wees soos jy dink Góð (of jou pa of ma) wil hê jy moet wees, jy nie anders kan as om jou inherente natuur te ontken nie. Daarmee het waarskynlik die idee gekom dat jy jou 'eie ek' moet ontken. Paulus se hele lewe was skynbaar een groot stryd teen sy 'eie ek'.

Ek vermoed dat dit die oorsprong is van die fundamentele onderliggende dubbele boodskap van al die Abrahamiese godsdienste: “Jy moet goed wees, maar jy kan nie, want jy is inherent sleg.”

Dit gaan nog dieper. As ek “in sonde ontvang en gebore” is, beteken dit dat die einste daad wat ‘my’ die lewe laat sien het – seks – óók sonde moet wees. Die ontkenning en onderdrukking van seksualiteit was deur die eeue dan ook nog ‘n integrale deel van die Abrahamiese godsdienste. Ek vermoed dat die fenomenale seksbedryf en die geweldige omvang van oppervlakkige en gewelddadige seks vandag die direkte resultaat daarvan is. Dít wat onderdruk word, word versterk en móét in een of ander vorm iewers uitkom.

Weer gaan dit dieper. As my seksualiteit – ‘n basiese fondament van my natuurlike biologiese wese – inherent ‘sondig’ is, beteken dit nie maar dat die natuur as geheel inherent ‘sondig’ is nie? Dalk verklaar dit waarom die geskiedenis van die patriargale godsdienste – voortgesit in die moderne globale kultuur – een van ‘n voortdurende stryd teen en onderwerping en vernietiging van die natuur is?

Maar wat is dan die oplossing? Oftewel, wat is ‘verlossing’?

Soos ons hierbo gesien het, kan basies ons hele wêreldbeskouing van konflik met sowel ons eie natuur as die natuur as geheel teruggevoer word na die onmoontlike behoefte om (ons konsep van) God te probeer tevrede stel en die gepaardgaande ervaring van ‘n diep skuldgevoel. Die idee dat, ómdat ons ‘sondig’ is, ons skuldig voel, hou ons logieserwys vasgevang in ‘n bose kringloop van selfvernietiging en die vernietiging van die omgewing. Die idee dat ons die ‘koninkryk van die hemel’ moet nastreef om God tevrede te stel, met sy oorsprong in die hipnose van patriargie, het ons nie net in ‘n logiese doodloopstraat besorg nie, maar kan uiteindelik as die oorsaak van ons self- en omgewingsvernietiging gesien word.

Die oplossing is eenvoudig: om tot die besef en aanvaarding te kom dat die skeiding met God in werklikheid nooit plaasgevind het nie. Of, soos ACIM dit stel: “To accept atonement (at-one-ment) for yourself.” Wanneer ons na ons ‘ouerhuis’ terugkeer en weer ons eenheid met God ervaar, verdwyn skuldgevoel, en daarmee saam die geloof in sonde, outomaties.

Veroordeling, Sonde, Straf en Verlossing

God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. God het nie Sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word. Wie in Hom glo,

word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie.

Johannes 3:16-18

Because he draws Life and Mind from the 'Father', man himself is creative in thought, words and deeds. Whatever he thinks, says, does, and believes returns to him in like form, some time later. There is no punishment from the 'Father'; whatever ills come to mankind are of their own making entirely.

CL 2 p10

Life is one vast continuum, in and out of physical matter. Without beginning – without end.

Michael Roads, *Talking with Nature*

Johannes 3:16 is seker omtrent die basiese fondament van die Christelike meestersverhaal. Dit laat egter verskeie vrae:

Wat word bedoel met 'glo'? Johannes sê hier niks van 'glo' dat Jesus vir ons sondes gekruisig is, soos die meestersverhaal dit wil hê nie. Hy kón ook nie, want dis Paulus wat eers later met daardie idee tevoorskyn gekom het. Johannes praat net van geloof in Jesus/Christus. In 'n latere hoofstuk sal ek probeer uitwys dat hierdie 'glo' absoluut niks te doen het met die meestersverhaal se intellektuele 'geloof' dat Jesus vir ons sondes gekruisig is nie, maar wel met 'n dieper insig in en ervaring van die 'koninkryk van die hemel'. Waarop ek hier wil konsentreer is wat Johannes oor oordeel te sê het.

In Johannes 5:22 staan daar: "Self veroordeel die Vader niemand nie, maar die oordeel het Hy geheel en al aan die Seun oorgelaat."

Hier het ons 'n interessante situasie. God veroordeel nie: Hy het alle oordeel aan die Seun oorgelaat. Die Seun veroordeel óók nie, want Hy het gekom om die wêreld te red. Waar kom die oordeel dan vandaan?

En wat van al die oordeel wat Jesus skynbaar veral oor die Fariseërs uitgespreek het? Uitsprake soos:

"Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank" (Matteus 5:21).

"Julle slange, addergeslag! Hoe sal julle ontkom aan die straf in die hel?" (Matteus 23:33).

"En hierdie mense [wat nie ander mense wou help nie] sal die ewige straf ontvang, maar dié wat die wil van God gedoen het, die ewige lewe" (Matteus 25:46).

"Pas op vir die skrifgeleerdes, wat daarvan hou om met swierige klere rond te stap en om op straat begroet te word, wat die voorste sitplekke in

die sinagoges en die ereplekke by die feesmaaltye wil hê. Hulle palm die huise van die weduwees in en sê vir die skyn lang gebede op. Hulle sal baie swaar gestraf word” (Markus 12:38-40).

Is dit nie duidelik dat God op die ou end dus wél straf nie?

As dit die geval is, weerspreek dit die kern van die verhaal van die verlore seun, waar die seun se ‘sondes’ hoegenaamd nie vir sy pa saakgemaak het nie. Dit weerspreek ook in beginsel die genoemde versies in Johannes.

Dit bring my by ‘n aspek van die gelykenis van die verlore seun wat ek nog nie regtig aangespreek het nie: As ons kan doen wat ons wil, beteken dit ons kan nou maar na hartelus lieg en bedrieg en mense vermoor en verkrag en te kere gaan? Tog sekerlik nie? Is dit nie tog maar noodsaaklik dat daar seker morele norme en waardes moet wees nie? Wat dan sou beteken dat daar tog sekere dinge is wat ons *moet* of *behoort* te doen om die straf te vermy waarvan Jesus skynbaar gepraat het?

“Wie nie glo nie,” sê Johannes, “is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie.”

Is reeds veroordeel. Deur wie? As nóg die Vader nóg die Seun veroordeel, wie veroordeel dan?

In Matteus 23 en Lukas 11 vind daar ‘n interessante gesprek plaas tussen Jesus en die Fariseërs. (Uitvreet is dalk ‘n beter beskrywing!) Die kern daarvan is seker Lukas 11:50-51: “So is die huidige geslag dan skuldig aan die bloed van al die profete wat vergiet is van die begin van die skepping af: van die bloed van Abel af tot by die bloed van Sagaria, wat tussen die altaar en die tempel doodgemaak is. Ja, Ek sê vir julle, hulle bloed sal van die huidige geslag geëis word!” En Matteus 23:36: “Dit verseker Ek julle: die straf vir al hierdie dinge sal op die mense van vandag neerkom.”

Eina. So nou word ons nie net vir ons eie sondes gestraf nie, maar is ons skielik verantwoordelik vir al die sondes van dié wat ons vooraf gegaan het?! Hoe is dit moontlik? Waar is die idee van ‘n regverdigte God nou?

Daar is vir my net een verklaring: reïnkarnasie. Dit word ook bevestig in *Christ's Letters*.

Seker die meeste geletterde mense in die Weste is vandag bewus van die begrip ‘karma’, ‘n begrip wat aan reïnkarnasie of hergeboorte gekoppel is en in die Ooste skynbaar meer algemeen aanvaar word as in die Weste. Om in Indië voor te stel dat reïnkarnasie nie bestaan nie sal waarskynlik dieselfde tipe reaksie uitlok as om voor ‘n groep ateïste in die Weste voor te stel dat dit wél bestaan! Basies kom dit neer op: “Wat jy saai sal jy maai.”

Sommige glo daaraan; ander nie. Die interpretasie daarvan wissel ook. Eckhart Tolle se interpretasie som dit basies vir my op: reïnkarnasie is “gehegtheid aan vorm.” Met ander woorde, so lank as wat ons aan ons

liggaamlike werklikheid vasklou, gaan ons aanhou om as liggame op aarde te verskyn. Wanneer ons daarvan bewus word dat ons liggame in werklikheid illusie is en dat ons Een met God is, verdwyn daardie 'gehegtheid' en daarmee saam reïnkarnasie. In die tyd van Jesus was reïnkarnasie skynbaar, net soos in Egipte en die Ooste, algemeen aanvaar. Die Gnostici en verskeie van die vroeë kerkvaders, soos Clement van Aleksandrië en Origenes in die derde eeu, en St Jerome in die vyfde eeu, het daaraan geglo. Dis eers later deur die Rooms Katolieke Kerk as 'kettery' verklaar toe Origenes by die Tweede Raadsvergadering van die Katolieke Kerk in Konstantinopel in 553 n.C. As 'ketter' verklaar is. Sedertdien het die begrip grotendeels uit die Christendom verdwyn. Dis te verstane: reïnkarnasie en die meestersverhaal is onversoenbaar.

Daar is dalk meer hieragter. Die Rooms Katolieke Kerk was van haar ledemate afhanklik vir inkomste, en daardie inkomste was direk afhanklik van skuldgevoel en vrees vir die hel. Dit was dus vir die Kerk belangrik om haar ledemate te laat glo dat 'n mens net een keer lewe en in daardie lewe alles moet probeer doen om toegang tot die hemel te kry. Sonder die verwerping van reïnkarnasie sou die Rooms Katolieke Kerk waarskynlik nooit die geweldige rykdom en mag gehad het wat dit gehad het nie . . .

Tog is daar nog aanduidings in die Bybel dat reïnkarnasie in die tyd van Jesus 'n algemeen aanvaarde konsep was. Wanneer Jesus byvoorbeeld volgens Matteus 16:13 vir sy dissipels vra: "Wie, sê die mense, is die Seun van die Mens?" is hul antwoord: "Party sê Johannes die Doper, party Elia, party Jeremia of een van die profete." Volgens Matteus 11:14 en Matteus 17:10-13 het Jesus dit duidelik gestel dat Johannes die Doper "die Elia was wat sou kom." Ook oor die beweerde verskyning van Moses en Elia volgens Matteus 17:3 word geen ophef gemaak nie, wat daarop sou dui dat dit niks ongewoons was nie.

Ook wanneer Jesus se dissipels hom volgens Johannes 9:1-2 vra deur wie se sonde 'n man blind gebore is, sy eie of sy ouers s'n, word reïnkarnasie geïmpliseer. Hoe anders kon hy as gevolg van sy eie sonde blind gebore word?

Wanneer ek iemand seermaak, of selfs net negatiewe gedagtes oor iemand anders het, stuur ek daarmee 'n intensie uit wat my geskeidenheid – en my diepliggende skuldgevoel – bevestig en versterk, en daardeur pyn veroorsaak. In die illusie van skeiding kom dit vir my voor asof ek dit aan iemand anders doen, maar in die werklikheid doen ek dit aan myself.

Ek doen dit aan my Een Self, maar dis onmoontlik om die uiteindelijke werklikheid van Eenheid te beïnvloed. In uiteindelijke Eenheid, wat in werklikheid Liefde is, is pyn onmoontlik. Die resultaat van my skepping kan dus nie anders as om weer in die illusie te voorskyn te kom nie. Waar

dit te voorskyn kom is in my skynbare identiteit – nou of in die toekoms: die ego.

En so kom die intensie of energie wat ek op ander projekteer, fisies al dan nie, altyd weer terug na my eie identiteit toe. Dit kan in my huidige lewe of in ‘n toekomstige lewe wees.

Ek vermoed dus dat die ‘oordeel’ wat Jesus skynbaar oor die Fariseërs uitspreek, en die idee dat hulle (ons) verantwoordelik is vir die ‘sondes van die vaders’, daarna verwys dat vandag se pyn die oorsaak is van wat in vorige lewens gebeur het, en dat alles wat ons vandag aan ander doen, weer in die toekoms in ons eie huidige of toekomstige lewens sal manifesteer. Omdat alles Een is en tyd uiteindelik ‘n illusie is, is ons almal saam verantwoordelik vir wat nou, in die verlede en die toekoms gebeur.

Dis baie maklik om hierdie verskynsel aan die oordeel van God toe te skryf. Hoe baie mense glo nie dat, as dit met hulle sleg gaan, hulle deur God gestraf word nie, of andersom, as dit met hulle goed gaan, dat dit God is wat hulle seën? In die wêreld van die illusie van skeiding is dit verstaanbaar, en dis ook in die konteks van daardie wêreldsiening dat die meesterverhaal van die Christendom sy oorsprong het.

Volgens hierdie siening moet alles iémand se skuld wees: God of die Duiwel of Apartheid of die noodlot of my eks of die ANC of my ouers of my verkrachter of wie ookal. Die natuurlike resultaat van hierdie siening is ‘n slagoffermentaliteit: iemand anders is verantwoordelik vir die pyn wat ek ervaar. Ons hele wêreldse siening – insluitend ons ‘reg’sstelsel – is daarop gebaseer, want dit is die aard van ons ego.

Die probleem is natuurlik dat die persoon of nasie wat ek vir my pyn verantwoordelik hou dieselfde voel oor my! En so is konflik onvermydelik.

Jesus het egter van iets heel anders gepraat.

In hierdie lig kry Matteus 5:21-26 ‘n heel ander betekenis:

“Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: ‘Jy mag nie moord pleeg nie; en elkeen wat moord pleeg is strafbaar voor die regbank.’ Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank. Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir ‘n gek, is strafbaar voor die Joodse Raad; en wie hom uitskel vir ‘n idioot, is strafbaar met die helse vuur.

“As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe.

“As iemand ‘n regsak teen jou begin, kom betyds tot ‘n skikking solank jy nog saam met hom op pad hof toe is, sodat hy jou nie voor die regter bring en die regter jou aan die polisie oorgee en dié jou in die tronk sit nie. Dit verseker Ek jou: Jy sal sekerlik nie daar uitkom voordat jy die laaste sent betaal het nie.”

Jesus maak dit hier duidelik dat dit nie net gaan om fisiese daade nie, maar selfs om ons gedagtes, woorde en intensies. Weereens praat hy in die idioom van sy tyd: die regbank, die Joodse Raad, die helse vuur. Hy verwys na drie verskillende vorms van oordeel; volgens my juis om aan te dui dat daar wel 'n 'oordeel' oor ons skadelike intensies is, maar dat dit nie GóD is wat oordeel nie. Die 'oordeel' is die 'wat jy saai sal jy maai'-effek. Hy maak dit ook duidelik dat materiële simbole van versoening (offers op die altaar) niks beteken sonder 'n intensie van vrede en opregte vergifnis nie.

As ons reïnkarnasie ernstig sou opneem sou dit natuurlik baie dinge drasties verander. Hoe sou ons dan reageer op mense wat verkrag, mishandel of andersins sleg behandel word? En sou dit baie mense nie twee keer laat dink voordat hulle ander skade aandoen nie? Dit sou effektief die konsep 'slagoffer' elimineer! Vir my persoonlik maak dit die begrip 'vergifnis' baie makliker.

Die *Institute for the Integration of Science, Intuition and Spirit* (www.iisis.net) spits hom spesifiek op navorsing oor reïnkarnasie toe. Een geval wat nagevors is, was die van Anne Frank, die bekende Joodse meisie van Nederland wat in die Tweede Wêreld dagboek gehou het van haar ervarings terwyl hul familie vir die Duitsers probeer wegkruip het tot sy uiteindelik gevang en in 'n konsentrasiekamp vermoor is. Volgens die navorsing was sy voorheen 'n Christenvrou in Swede. Tereg word daarop gewys dat, as die Duitsers geweet het dat 'n Jood ook as 'n Christen kan reïnkarneer, die *Holocaust* nooit sou kon plaasgevind het nie!

Interessant dat Jesus ons selfs maan om vrede te maak met dié wat iets teen óns het. In die klassieke interpretasie van regverdigheid maak dit absoluut geen sin nie. Dis tog seker die ander ou se verantwoordelikheid om met my vrede te maak as hy iets teen my het?

In die konteks van Eenheid en projeksie maak dit egter wel sin. Die ander ou en ek is in werklikheid Een. Alles wat ek buite myself sien is inderwaarheid 'n refleksie van wat binne-in my aangaan. Hoewel dit dus mag lyk asof iemand anders iets teen my het, is dit bloot 'n refleksie van my eie onbewuste emosies van haat, wrewel of iets dergeliks. Die ander ou se gevoelens teenoor my is vir my 'n aanduiding dat daar iets in myself is waarna ek moet kyk om vrede te vind.

Wanneer Johannes beweer dat dié wat nie glo nie “reeds veroordeel” is, bedoel hy daarmee nie dat dit God of Jesus is wat ons veroordeel nie, maar dat wat ons as 'oordeel' ervaar die natuurlike resultaat van ons eie daade, gedagtes en emosies is. Ons skep ons eie werklikheid met die krag van God, met wie ons Een is.

In die gelykenis van die boom en sy vrugte sê Jesus in Matteus 12:36-37: “Van elke ligsinnige woord wat die mense sê, sal hulle rekenskap moet

gee op die oordeelsdag. Op grond van jou eie woorde sal jy vrygespreek of veroordeel word.” Weereens nie Gód wat oordeel nie, maar ons eie aksies en gedagtes.

Die groot probleem is dat ons meestal nie daarvan bewus is nie. “Omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie” verwys volgens my na hierdie onbewustheid. Om “in die enigste Seun van God te glo” beteken dan om daarvan bewus te wees dat ons – almal van ons – in werklikheid Een met God is. In daardie werklikheid kan daar geen skuld of oordeel wees nie. Daardie bewustheid is die ‘koninkryk van die hemel’. In die onbewustheid van die ego wat op dualiteit, skuld en vrees gebaseer is, besef ons nie dat alles wat ons aan ander doen ons bloot aan onself doen nie.

Die implikasies daarvan is enorm. Dis hoe ACIM dit opsom:

I am responsible for what I see.

I choose the feelings I experience, and I decide upon the goal I would achieve.

And everything that seems to happen to me

I ask for, and receive as I have asked. (T-21.II.2:3-5)

Dit kom uiteindelik daarop neer dat daar nie so iets soos ‘toeval’ of ‘noodlot’ bestaan nie. Die pyn wat ons ervaar is of was iewers ons eie skepping:

Deceive yourself no longer that you are helpless in the face of what is done to you. Acknowledge but that you have been mistaken, and all effects of your mistakes will disappear.

It is impossible the Son of God be merely driven by events outside of him. It is impossible that happenings that come to him were not his choice. His power of decision is the determiner of every situation in which he seems to find himself by chance or accident. (T-21.II.2:6-7; 3:1-3)

Om terug te keer na die verlore seun: Ja; ons kan doen wat ons wil, en dóén dit ook. Dit verander niks aan wie ons in werklikheid is nie, maar dit beteken nie dat ons nie op een of ander tyd en op een of ander manier die gevolge daarvan gaan ervaar nie. Hoe meer bewus ons hiervan is, hoe minder sal ons ‘negatiewe’ dinge wil doen of dink.

Die logiese konklusie hiervan is krities:

Om te probeer ‘goed’ wees of, by gebrek daaraan, om ‘goedheid’ voor te gee, lei tot skynheiligheid en help absoluut niks nie. Inteendeel. Soos Jesus dit baie duidelik aan die Fariseërs gestel het, vererger dit net dinge.

Hoe meer bewus ons word van die werklikheid van Eenheid, hoe meer manifesteer ons daade en gedagtes as 'n direkte uitvloeisel van daardie Eenheid, en hoe meer word ons dus 'goed'!

Dis wat ek glo Jesus bedoel met: "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken" (Matteus 7:16) en "Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is" (Matteus 5:48). Hoe nader ons aan die 'koninkryk van die hemel' beweeg, en dus op outentieke wyse van die werklikheid van Eenheid bewus word, hoe meer getuig ons lewens daarvan. Dan begin die Liefde wat ons in werklikheid is in die wêreld manifesteer. Jesus was by uitnemendheid die voorbeeld hiervan. Terselfdertyd het hy dit duidelik gestel dat ons almal tot dieselfde in staat is; nie deur te probeer 'goed' wees nie, maar deur te soek na die 'koninkryk van die hemel' binne-in ons.

Daar is waarskynlik baie meer mense op hierdie aarde wat hemelse volmaaktheid bereik het as waarvan ons bewus is. Volgens Paramahansa Yogananda (*Autobiography of a Yogi*) was (en vermoedelik is) daar talle suke mense in Indië, waar die hele kultuur in elk geval in die verlede daarop ingestel was. Ek het die voorreg gehad om 'n 'retreat' te doen saam met David Hoffmeister en sy 'Messengers of Peace'. Daar is nou mense wie se 'ja', 'ja' is en wie se 'nee', 'nee'. Hulle leef met absolute integriteit en straal aanhoudend liefde uit. Ek kon geen greintjie onegtheid in hulle vind nie. Wat 'n ervaring om bloot in hul teenwoordigheid te wees!

Net so getuig diegene se lewens wat nog in die land van plesier en pyn en 'sonde' van die verlore seun leef van die gebrek aan besef wie hulle werklik is. Dieselfde geld vir diegene wat eenheid met God probeer feins. Alle 'sonde' is in werklikheid op die vrees en skuldgevoel van die ervaring van skeiding gebaseer. Niemand wil werklik in die diepste van sy of haar wese iemand anders doodmaak, seermaak of verkrag nie. Ons oordeel oor mense wat dit wêl doen as 'sondig' dui slegs op ons eie gebrek aan begrip van die aard van God.

Ek het persoonlik nog nooit enige vorm van herinnerings aan vorige lewens gehad nie. Ek was egter al wel in aanraking met mense wat wêl sulke herinnerings en ander ervarings gehad het, en in die kontak met hierdie mense was dit soms duidelik dat dat ek ook in hul vorige lewens 'n rol gespeel het. Hul ervarings was so eg dat ek nie daaraan kan twyfel nie, hoewel 'n mens natuurlik nooit presies sal weet wat dit beteken nie. Dit verklaar ook vir my baie dinge in my lewe wat andersins baie moeilik verklaarbaar sou wees. Omdat daar ander mense by betrokke is wat nie noodwendig oor hierdie dinge dink soos ek nie, verkies ek om nie meer hieroor te sê nie.

Net 'n woord van waarskuwing. Ons ego dink in terme van liniêre tyd, en dis hoe ons dinge probeer verstaan. Dit beteken nie dinge is soos ons

dink dit is nie. Dalk is reïnkarnasie glad nie so 'n liniêre proses as wat ons dink nie. Hoofstuk vyf van boek twee van die *Conversations with God* trilogie van Neale Donald Walsch gee 'n goeie aanduiding van hoe kompleks dit werklik kan wees.

Daar is talle boeke en videos oor hierdie onderwerp waarin daar getuigenisse gegee word wat moeilik is om sommer net so te verwerp as 'n mens met 'n oop gemoed daarna kyk of luister en ernstig daaroor nadink. Ek onthou spesifiek 'n BBC onderhoud waarna ek lank gelede geluister het. In die gesprek het 'n ongeletterde vrou vertel dat sy in 'n vorige lewe een van Napoleon se soldate was. Lank voor die onderhoud het sy vertel van 'n kerk met 'n kelder wat sy in daardie lewe besoek het. Navorsers het die kerk gekry, maar geen kelder nie – totdat hulle die vloer begin oopkap en wél op 'n kelder afkom.

Saam met die ondervraer en die vrou was 'n baie skeptiese joernalis wat aanhou beweer het sy versin dit alles. Die joernalis se verklaarings (byvoorbeeld dat sy 'n fotografeuse brein gehad het en al die inligting wat sy gehad het 'fotografies' uit boeke ingeneem het hoewel sy glad nie kon lees en dus nooit in 'n biblioteek gekom het nie) was naderhand so vergesog dat die ondervraer vir die joernalis gevra het: “Is jou verklaarings nie op die ou end baie meer onwaarskynlik en absurd as die moontlikheid dat die vrou wél 'n vorige lewe gehad het nie?” 'n Duidelike geval van “Ek wil nie eers die moontlikheid oorweeg dat die werklikheid anders is as wat ek glo nie”!

Op die ou end is dit, soos ACIM ook benadruk, nie nodig om spesifiek in reïnkarnasie te glo nie. Die geloof in reïnkarnasie kan, soos so dikwels gebeur, sêf weer 'n soort godsdienst met allerhande reëls en regulasies en rituele en bygelowe word wat ons van die werklikheid en 'n verantwoordelikheid vir onself weerhou. Op die ou end is sowel verlede as toekoms illusie. Al wat nodig is is om volledig in die oomblik te leef en alles te aanvaar soos dit is.

Ek vind dit interessant dat Jesus, in elk geval volgens die evangelies, spesifiek so teen die Fariseërs en skrifgeleerdes uitgevaar het. Dit in teenstelling met die prostitute en die tollenaars, van wie hy nie net gesê het dat hulle nader aan die ‘koninkryk van die hemel’ is as die Fariseërs nie, maar met wie hy ook openlik geassosieer het. Waarom sou dit wees?

In sowel die gelykenis van die verlore seun as in sy optrede teenoor die Fariseërs het Jesus dit *baie* duidelik gestel dat goeie dade – al die goed bedoelde ‘norme en waardes’ – absoluut niks beteken solank dit vir die skyn gedoen word nie: “Moenie julle godsdienstige pligte in die openbaar nakom om deur mense gesien te word nie, want dan kry julle geen beloning van julle Vader wat in die hemel is nie.”

“As jy iets vir die armes gee, moet jou linkerhand nie weet wat die regterhand doen nie, sodat jou goeie daad verborge kan bly. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon” sê Jesus volgens Matteus 6:3-4. Toe hy praat oor gebed (Matteus 6:5-15) stel hy dit baie duidelik dat gebed iets persoonliks is tussen jou en God, en niks met ander te doen het nie.

Wanneer Jesus hier en elders van ‘beloning’ praat, is dit duidelik dat dit weereens nie Gód is wat beloon nie, maar dat ons maai wat ons saai. Ons eie opregtheid wanneer ons bid of vir die armes gee versterk ons bewuswording van Eenheid, en bring ons daardeur nader aan die vrede van God.

ACIM en ander geskifte maak dit duidelik dat geeneen van ons gedagtes sonder effek is nie. En tog, as ek vir myself sê: “Ek is ryk en gelukkig,” beteken dit nie dat ek nou skielik ryk en gelukkig gaan wees nie! Baie mense sukkel met hierdie een, en ek het ook lank daarmee gesukkel.

Die probleem is wat *Conversations with God* van Neale Donald Walsch ‘sponsoring thoughts’ noem. Dis altyd die gedagtes agter die gedagtes agter die gedagtes – die grondliggende gedagtes, wat skep. Die probleem met daardie gedagtes is dat ons meestal nie van hulle bewus is nie. Sodoende help dit niks om heeltyd te dink, “Ek is ryk en gelukkig” terwyl ek elke sent omdraai nie, huiwerig is om vir ander te gee, en so meer. Ons gedrag is seker die beste aanduiding van ons onderliggende gedagtes. Ons onderliggende gedagtes is weer direk gekoppel aan wat ons glo:

“In reality, you live within the Kingdom of Heaven, and the Kingdom of Heaven is within you, and you are governed by the ‘Father’, but because you believe in the punishments from God, believe that only sacrifices in the Temple will save you, believe that you are heir to sickness, poverty and misery, you create within your minds the very things you do not want” (CL 2 p18).

Hoe verander ons ons grondliggende gedagtes? Die blote feit dat hulle buite ons bewussyn is, maak hulle ‘onaantasbaar’.

Weereens is die kern egtheid, openheid en bewustheid van sowel gedagtes as emosies. Dit begin met die bereidwilligheid om geen gedagtes of emosies ‘onaangeraak’ te laat nie: om absoluut eerlik na onself te kyk. Wat ons normaalweg daarvan weerhou is juis die vrees dat ons daardeur gaan uitvind hoe sleg ons in werklikheid is. Die idee van “in sonde ontvang en gebore” versterk daardie vrees. Daarom is dit krities om van sulke idees ontslae te raak; iets wat nie maklik is nie, juis omdat ons vir geslagte lank so diep daarin geïndoktrineer is.

Ek wil hieroor nie verder uitwei nie. Vir 'n in-diepte bespreking van die onderwerp kan ek met vrymoedigheid Boek een van Neale Donald Walsch se *Conversations with God* trilogie aanbeveel.

Ons het deur middel van die meestersverhaal die indruk gekry dat die Fariseërs slegte mense was. Dis nie so nie. Die Fariseërs was die kerkmense van hul tyd. Die rede hoekom hulle so skynheilig was was eenvoudig dat hulle geglo het dat verlossing daarom gaan om God tevrede te stel. Soos met enige geloofsisteem was hulle so diep in daardie geloof geanker dat hulle in der waarheid begin glo het hulle is beter as ander mense omdat hulle so ‘goed’ is. Daardeur is die idee van skeiding versterk. Ek vermoed dít is hoekom Jesus so teen hulle te velde getrek het. Dis nou te sê as hy werklik so gal af gegaan het.

Vir eeue al is ons geneig om godsdienst as die riglyn vir norme en waardes te beskou, met ander woorde van hoe ons behoort op te tree. As daar een boodskap van Jesus is wat vir my uiters duidelik deurkom, is dit dat die godsdienst juis *nie* daardie riglyne kan gee nie!

Jesus maak dit duidelik dat dit gaan om *egtheid* of *outentiekheid*. Soos Shakespeare dit in *Hamlet* gestel het: “To thine own self be true, and it must follow, as the night the day, thou canst not be false to any man.”

Egtheid is onmoontlik in die teenwoordigheid van vrees. Van geboorte af leer ons dat sekere aspekte van onself nie deur ander – veral ons ouers – goedgekeur word nie, en uit vrees vir verwerping begin ons daardie aspekte onderdruk of ontken.

Egtheid kan per definisie nie gefeins word nie.

Hier het ons weer die fundamentele verskil tussen spiritualiteit en godsdienst. Spiritualiteit gaan om ‘n outentieke persoonlike ervaring; godsdienst om ‘n verfeinsde menslike (ego) weergawe daarvan. Dis juis hul egtheid wat ons so van kinders aantrek, en tog doen ons, meestal onbewustelik, ons bes om hulle egtheid so gou as moontlik dood te druk!

Wat die gelykenis van die verlore seun vir my duidelik maak is dat die verlore seun werklik eers ‘verlore’ moes wees om te kon besef wat hy aan sy ouerhuis gehad het. Met ons godsdienst wil ons, soos die broer, kortpad vat en die ‘verlore’ deel uitsny. Dit werk nie. En om ons kinders te probeer ‘opvoed’ om die ‘verlore’ deel uit te sny maak van hulle Fariseërs. Jesus maak dit baie duidelik dat dit vir hulle nadeliger is as om hul eie natuurlike impulse te volg!

Die rede daarvoor is eenvoudig: ons vertrou nóg ons eie, nóg ons kinders se inherente natuur. Die idee van “in sonde ontvang en gebore” lê baie, baie diep in ons onbewuste ingewortel. Daardie geloof het op sy beurt weer sy oorsprong in skuldgevoel en vrees as gevolg van die ervaring van skeiding van God.

Alles draai dus daarom om die noodsaaklikheid van hereniging met God, oftewel ons inherente Eenheid met God te besef. Dis dan ook die boodskap van ACIM: “You cannot abide in peace unless you accept the atonement, because the atonement *is* the way to peace” (T-9.VII.2:5) en

“The atonement is the final lesson he [the Son of God] need learn, for it teaches him that, never having sinned, he has no need of salvation” (T-13.In.4:6).

‘Atonement,’ oftewel versoening deur hereniging, kan slegs bereik word deur outentieke strewe na waarheid en bewuswording. Vandaar Jesus se woorde in die bergrede: “Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word.” “Honger en dors” dui op ‘n opregte behoefte. Terwyl ons soos die verlore seun onbewus is van wat ons van hereniging weerhou, kan ons nie hereniging beleef nie. Helaas kom die “honger en dors” en bewustheid in seker die meeste gevalle, soos in die geval van die verlore seun, en soos Carl Jung ook ontdek het, nie altyd vanself nie:

“There is no coming to consciousness without pain. People will do anything, no matter how absurd, in order to avoid facing their own Soul. One does not become enlightened by imagining figures of light, but by making the darkness conscious.”

Oordeel

Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie; met dieselfde oordeel waarmee julle oor ander oordeel, sal oor julle geoordeel word, en met dieselfde maat waarmee julle vir ander meet, sal vir julle gemeet word.

Waarom sien jy die splinter raak wat in jou broer se oog is, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie? Of hoe kan jy vir jou broer sê: “Wag, laat ek die splinter uit jou oog uithaal,” en intussen is daar ‘n balk in jou eie oog? Huigelaar! Haal eers die balk uit jou eie oog uit, dan sal jy goed kan sien om die splinter uit jou broer se oog uit te haal.

Matteus 7:1-5

If it be that evil comes to you, do not look at your neighbour to see from whence has come that evil – look within your own hearts and see when last you were at odds with someone, destructively – by slander, falsifying truth, rejection, criticism. That was the moment of the birth of your present grief!

CL 4 p11

Met Jesus se bekende uitspraak oor oordeel is die moderne sielkunde dit heeltemal eens: Wat ons in ander sien is in onself.

Die woord ‘oordeel’ kan in Afrikaans dieselfde betekenis as ‘veroordeel’ hê, en in die praktyk word die twee dikwels oor en weer gebruik. In die praktyk word Jesus se woorde “moenie oordeel nie” dikwels geïnterpreteer as “moenie iemand as sleg oordeel nie,” met ander woorde “moenie iemand *veroordeel* nie.”

Dit lyk tog asof dit die tipe betekenis is waarvan Jesus hier praat, hoewel die betekenis van “moenie oordeel nie” eintlik baie wyer strek as dit.

Waarom sou Jesus so ‘n stelling gemaak het? Ek onthou hoe ek as kind al gewonder het hoekom óns nie mag oordeel nie, maar Gód mag maar na hartelus oordeel? ’n Geval van “Doen wat ek sê en nie wat ek doen nie?!” In terme van die meestersverhaal was dit ‘n logiese gevolgtrekking. Dis egter nie wat Jesus bedoel het nie.

Jesus het basies ‘n stelling gemaak: Wat ons in ander sien is in onself. As ons iemand as selfsugtig oordeel, reflekteer dit ons eie selfsugtigheid. As ons iemand as geldgierig oordeel, reflekteer dit ons eie geldgierigheid. As ek iemand as ‘n slet veroordeel, reflekteer dit my eie skuldgevoelens oor seks, en so meer. Die sielkunde noem dit ‘projeksie’.

Ons individuele ego’s is die resultaat van die ervaring van skeiding van God, en daardie ervaring moet noodwendig met skuldgevoel en vrees gepaard gaan. Dis die onderliggende dilemma van die mensdom as geheel. As ons ten volle van daardie skuldgevoel en vrees bewus sou wees, sou die natuurlike reaksie wees om weer hereniging met God te verwelkom.

Ons ego’s het egter so ‘n sterk gevoel van eie vreesgebaseerde identiteit ontwikkel dat ons nou, in plaas daarvan om hereniging of versoening (atonement) te verwelkom, bang is vir die einste versoening. Want as ons weer met God versoen word, beteken dit die einde van die ego, en dus ons gevoel van identiteit. Hoewel dit dus juis skuldgevoel in stand hou, is dit vir die ego belangrik om nie te bewus van die skuldgevoel te wees nie, want volgens die ego gaan dit ons vernietig as ons ons skuldgevoel ten volle in die oë kyk.

Die teenoorgestelde is natuurlik waar: Deur ons vrees en skuldgevoel ten volle in die oë te kyk gaan ons eintlik sien dat dit niks is nie, en dan is hereniging met God die natuurlike gevolg.

Een manier om ons skuldgevoel te ontken is om dit op ander ego’s te projekteer. My onderliggende skuldgevoel maak dat ek ‘sondig’ of ‘sleg’ voel. Ek hou nie daarvan nie, en om daaraan te ontkom sien ek nou iemand anders, of ‘n ander groep mense, as ‘sleg’. Deur dit te doen glo ek dat ek van my skuldgevoel ontsnap het, maar in werklikheid hou ek deur my oordeel bloot my onderliggende skuldgevoel in stand.

Meer nog: wat ek in ander oordeel ontken of onderdruk ek in myself, en wat ek in myself onderdruk word net al hoe sterker. Een of ander tyd gaan

dit op een of ander manier tot uiting kom. Een of ander tyd verloor ek beheer, en begin ek presies die gedrag openbaar wat ek in ander veroordeel het. Die gevolge daarvan kan soms drasties wees: dit kan die einde van my loopbaan of my verhouding beteken, of dit kan beteken dat ek in die tronk opeindig.

Stephen Collins, die akteur wat die rol van die vaderlike pastoor Eric Camden in *7th Heaven* vertolk het, is 'n goeie voorbeeld. Collins het, toe sy mede-aktrise in *7th Heaven*, Jessica Biel, sonder 'n bostuk in 'n tydskrif verskyn het, groot opslae verwek toe hy sy skok daaroor uitgespreek het en gesê het hy kan nie toelaat dat sy dogter aan sulke 'kinderpornografie' blootgestel word nie. Nou kom dit uit dat hy self kinders gemolesteer het. Die geweldige oordeel wat hierdie openbaring uitgelok het is aan die een kant natuurlik sy eie oordeel oor homself, maar aan die ander kant dalk 'n aanduiding daarvan dat seksuele belangstelling in kinders baie meer algemeen is as wat ons wil erken. Vir baie is Collins 'n gerieflike sondebok.

Op die ou end maak dit nie saak watter spesifieke vorm van 'sleg' ek in ander sien nie: gierigheid, losbandigheid, rassisme, selfsugtigheid, moorddadigheid, wellus, pedofilie of wat ookal. Wat dit wel beteken is dat die spesifieke vorms van die 'bose' wat ek in ander sien die spesifieke onderdrukte of ontkende vorms daarvan in myself reflekteer, en dat ek hierdie spesifieke vorms in myself veroordeel. Uiteindelik gaan dit egter bloot daarom dat ek van my eie skuldgevoel en vrees wil ontkom deur dit op ander te projekteer.

Die morbiede behepthed met openbare figure soos Stephen Collins en Oscar Pistorius fassineer my. Altwee was openbare ikone: die toonbeeld van mense wat die illusie van sukses en 'goedheid' vervolmaak het. Toe hulle egter 'val', is die reaksie een van onvoorstelbare venyn.

Dis tipies van die ego. Ons projekteer dit wat ons self graag wil wees op ander en plaas hulle op 'n troontjie, maar o wee as hulle dan net so feilbaar soos ons blyk te wees! "Heaven has no rage like love to hatred turned, nor hell a fury like a woman scorned," aldus Shakespeare.

Die verskynsel hou direk verband met ons ego vrees vir ons eie geestelike mag en grootheid: "In the life of the tragic hero, excluding those who are posthumously given such a title, the tragedy is most often considered a fall from greatness. It is seen in the allure of myths where those who associate themselves too closely with the gods are punished for such folly. Such fear of greatness and glory, of the possibility of a fall from greatness and glory, results in many tragedy-less lives. 'Nothing ventured, nothing gained,' is an axiom for such lives. Fear of the 'fall' is a primal fear, the first fear, the fear behind all such axioms" (ACOL 26.3).

In Genesis lees ons dat Adam en Eva van die "boom van alle kennis" geëet het nadat hulle verbied was om dit te doen. In elk geval aldus die

1983 vertaling. In alle vorige vertalings en ander vertalings waarvan ek bewus is was dit die “boom van die kennis van goed en kwaad.” In die volksmond is dit nog steeds so. Waarom sou dit verander het? Om beter by die meeserverhaal in te pas?

Vir my klink “die boom van die kennis van goed en kwaad” inderdaad soos die regte vertaling, omdat dit spesifiek betrekking het op die onderskeid tussen goed en kwaad. Simbolies sou die verhaal kon dui op die mens se oorspronklike Eenheid met God waarin hulle geen konsep van goed en kwaad kon hê nie. Met die skeiding het die onderskeid (oordeel) tussen goed en kwaad gekom, juis as gevolg van die skuldgevoel wat met die skeiding gepaard gaan.

Die sielkundige Carl Jung het gereeld geskryf oor die belangrikheid daarvan om ons projeksies “terug te trek”, wat in wese niks anders is as om oordeel te laat vaar nie. Dis egter nie so maklik nie. ACIM draai geen doekies om oor die venynigheid van die ego nie. Die ego sal alles doen om sy gevoel van eie identiteit te behou en die gewaarwording van die omvang van ons skuldgevoel te vermy. Ons hele regsisteem is daarop gebaseer!

Die volgende verduideliking oor hoe die ego te werk gaan kom uit 'n praatjie wat Kenneth Wapnick oor ACIM gegee het (*A Talk Given on A Course in Miracles: An Introduction*):

“What the ego does then, very cleverly, is set up a cycle of guilt and attack, whereby the more guilty we feel, the greater will be our need to deny it in ourselves and attack someone else for it. But the more we attack someone else, the greater will be our guilt over what we have done, because at some level we will recognize that we have attacked that person falsely. That will only make us feel guilty, and this will keep the whole thing going around and around. It is this cycle of guilt and attack that makes this world go around; it is not love. If anyone tells you that love makes this world go around, then he does not know very much about the ego. Love is of God's world and it is possible to reflect that love in this world. In this world, however, love has no place. What does have a place is guilt and attack, and it is this dynamic which is so present in our own lives, individually as well as collectively.”

Een van die beste van talle voorbeelde van hierdie dinamika – 'n dinamika waarvan ek ook in myself baie bewus geword het – is vir my die biskop Waleran Bigod in Ken Follett se boek *Pillars of the Earth* en die film wat daarvan gemaak is. Waleran is skynbaar 'n gemene en gevoellose skurk wat almal om hom vir sy eie gewin manipuleer en nie skroom om ander te blameer en te laat doodmaak nie.

Maar dan, wanneer hy alleen in sy binnekamer is en skynbaar tog opreg bid, sien ons hoe hy homself gesel tot die bloed loop. Nou is dit nie vir die

skyn nie. Nou is dit sy geweldige onderliggende skuldgevoel wat hy (tevergeefs) deur selfgeseling probeer verwerk.

Waleran is die klassieke skurk in die verhaal, en daarmee die klassieke projeksie van ons eie skuldgevoel.

Die boek en film as geheel beeld ook vir my op briljante wyse die manier uit waarop die kerk deur skuldgevoel in stand gehou word en daardeur net so deel van die 'wêreld' is as al die ander.

ACIM praat baie oor 'defenses', oftewel verdedigingsmeganismes. In die sielkunde word die woord ook gebruik, maar gewoonlik met 'n effens ander betekenis. Die vraag is altyd: waarteen wil ons onself 'beskerm'? ACIM se interpretasie is duidelik: Die ego wil homself daarteen beskerm dat hy ontbloot word, want wanneer die illusie daarvan in die lig kom, verdwyn die ego.

Projeksie is een van die belangrikste verdedigingsmeganismes. Wanneer ons ons projeksies terugtrek, oftewel oordeel laat vaar, is dit onvermydelik dat ons na onself begin kyk, en daardeur mettertyd van ons skuldgevoel en vrees bewus word. Dis nie lekker nie. As deel van die ego se projeksiestrategie is ons hele mediese en 'sielkundige' bedryf daarop gerig om sowel ons fisiese as ons emosionele pyn te stil. "Moenie skuldig voel nie!" sê ons vir mekaar. "Moenie bang wees nie!" of "Moenie huil nie!" sê ons vir ons kinders. Depressie – die natuurlike gevolg van die besef van die betekenisloosheid van die wêreld wat ons ervaar – word as 'n siekte gesien en met nog medisyne behandel. Ons is basies uiters ongemaklik met enige 'negatiewe' emosies, en selfs met uitermate 'positiewe' emosies.

Jesus se vergelyking van 'n splinter en 'n balk is vir my baie betekenisvol. Die 'hoeveelheid slegheid' wat ons in ander sien is maar baie klein teenoor die 'hoeveelheid slegheid' wat ons in onself gaan ontdek as ons ons oordeel laat vaar. Dis presies hoekom ons nie oordeel wil laat vaar nie! Want hoe meer ons van ons skuldgevoel en vrees bewus word, hoe meer is ons geneig om oor onself te oordeel, en daardie oordeel is op die ou end die ergste!

Dis waar die godsdienst dikwels die grootste houvas op ons het: dis maar te gretig om ons 'sondes' te bevestig en ons daarvan te oortuig dat ons "Jesus as ons verlosser moet aanvaar" - nog 'n projeksie!

Weereens is die 'koninkryk van die hemel' die teenoorgestelde van die 'wêreld'. Die 'wêreld' ontken gevoel en probeer alles in sy vermoë om 'n dieper gewaarwording van emosies te vermy. Om by die 'koninkryk' uit te kom is dit egter noodsaaklik om van ons emosies bewus te word.

Deur ons skuldgevoel en vrees vierkantig in die oë te kyk, dit ten volle te beleef en daardeur te beweeg is ons effektief terug by die punt van die

oorspronklike besluit om van God geskei te wees. Dan is die volgende stap die koninkryk van die hemel.

Dis helaas die moeilike deel. Dis wat St Johannes van die Kruis beskryf het as die “donker nag van die siel.”

Ek het vroeër daarna verwys dat die betekenis van die woord ‘oordeel’ baie wyer strek as ‘veroordeel’. Om te oordeel is per definisie om ‘n opinie te vorm of tot ‘n gevolgtrekking te kom. Dis waarop ons hele moderne samelewing berus. Ons sukses in omtrent enige werksituasie word direk gemeet aan ons vermoë om ‘goed’ te kan oordeel!

Van geboorte af word ons geleer hoe dinge ‘is’. Ouers is terdeë bewus van die ‘hoekom?’ stadium van klein kinders: na omtrent elke stelling wat ons maak vra die kind: “Hoekom?” Dié van ons wat die nodige geduld het, antwoord dan elke keer maar weer.

Daardie antwoorde is gebaseer op ons eie ‘kennis’ van hoe dinge ‘is’, en dus op ons eie oordeel. Eintlik is daardie ‘kennis’ net persoonlike opinies en gevolgtrekkings. Dis in die aard van die wetenskap dat wetenskaplike ‘kennis’ voortdurend verander. Later sal ek daarop wys dat enige geloof basies onderliggende aannames en idees is oor hoe dinge is wat nie noodwendig enigiets met die werklikheid te doen het nie.

In Jon Young, Ellen Haas en Evan McGown se boek *Coyote’s Guide to Connecting with Nature* skryf Ellen Haas:

“I remember when my son was about three, in the constant questioning stage. Trying to be a good mother, I dutifully answered every question with some informative explanation. Then one day in the middle of another train of questions and answers, he suddenly wailed up at me, “Mom, DON’T ANSWER!” and he burst into tears of outrage. I was stunned, but crouching down to hug his tears away, I realized that he didn’t want my answers. All those questions were a plea to come into his world with him, at his level, to join with him in his curiosity.”

Albert Einstein het destyds gesê: “Never lose a holy curiosity.”

Jesus het gesê: “Soek en jy sal vind.” Daarmee het hy nie bedoel dat ons ‘n klomp kennis moet versamel nie. Inteendeel; hy het juis op die nuttelosheid van ons aardse ‘kennis’ gewys. Jesus het na ‘n dieper soeke verwys waarin intellektuele kennis – en dus oordeel – dikwels ‘n hindernis kan wees.

Vergifnis

What is true forgiveness? It is a state of understanding the other person and their reasons for their behaviour so clearly that you can say in all honesty: there is nothing to forgive.

CL 9 p11

Forgiveness, which replaces judgment, must come from your heart. To forgive based on the logic of your mind rather than the compassion of your heart is to only give thought to forgiveness. This many of you will give, even to deciding to forgive despite your better judgment. See you not how little sense this makes, how insincere this even sounds?

ACOL 17.16

Vergifnis is seker die kern van die boodskap van Jesus. Dit is ook die kern van ACIM. Dis die sleutel tot die Lewe.

In die meestersverhaal het ons geleer dat vergifnis iets is wat ons in opdrag van God doen, en dus doen om God tevrede te stel; hoewel die God van die Bybel self oordeel en dus nie vergewe nie. Die kern van die meestersverhaal – Jesus se kruisiging ‘vir ons sondes’ – is inderwaarheid gebaseer op ‘n gebrek aan vergifnis!

Vergifnis is uiteindelik nie iets wat ons aan ander doen nie. Dis basies die ongedaanmaking van ons eie oordeel. Soos voorheen genoem, is oordeel seker ons vernaamste onbewuste verdedigingsmeganisme. Deur oor ander te oordeel probeer ons (onbewustelik) om ons eie onderliggende skuldgevoel en vrees ‘op ‘n afstand’ te hou deur dit op ander te projekteer. Om te vergewe is om daardie projeksies te laat vaar of terug te trek.

Vergifnis kom daarop neer dat ons ophou om ander vir ons eie pyn verantwoordelik te hou. Daarmee saam kom die verantwoordelikheid vir onself, en dit het fenomenale implikasies, wat onder meer die bewuswording van ons eie skuldgevoel en vrees behels.

Waar ACIM baie op die intellek ingestel is en vergifnis leer deur herhaaldelik op die heiligheid en onskuld van ons naaste te fokus, is ACOL baie meer op gevoel ingestel. Vir my het albei baie beteken, maar ek het ook gevind dat vergifnis nie moontlik is sonder die bewuswording van my emosies nie. Vergifnis behels baie meer as net ‘n intellektuele besluit.

Die eerste stap (vir my in elk geval) is om daarvan bewus te word dat ek ‘n grief teenoor iemand het (wat ACIM ‘n ‘grievance’ noem). Dikwels

is ons so vasgevang in ons projeksies dat ons nie eers besef dat ons negatiewe emosies koester nie.

Dan help dit om te vra: “Hoekom haat ek hierdie persoon so? Wat het hy of sy aan my gedoen?” En veral: “Hoe laat dit my voel?” Want dis éintlik die probleem. Ek voel dat ek as gevolg van iemand anders van iets in myself ontnem is.

Kom ons neem ‘n baie algemene voorbeeld: My man of my vrou of my geliefde het my ‘verneuk’. Om al die ‘hy’s’ en ‘sy’s’ te vermy, en hoewel die beginsel niks met geslag te doen het nie, kom ons sê ek is ‘n man en my vrou het my ‘verneuk’.

Wat gaan in my aan? Ek raak bewus van ‘n ongelooflike woede, en moet dalk ‘n rukkie daarmee saamleef. Dis nie maklik nie, en dus val ek gereeld weer terug in oordeel: “Die *%\$@#%\$! Wat dink sy het sy gedoen?!! Ek moes geweet het ek kon haar nie vertrou nie!!” En so meer. My verstand gaan mal om tog net te keer dat ek voel wat ek voel.

Vir seker die meeste mense is dit waar dit bly. Dis ‘n konstante proses van onbewuste verslawing aan ‘n bese kringloop van gedagtes en emosies. Dikwels draai dit in die hof, wat dan net weer ‘n nuwe kringloop van oor en weer beskuldigings aan die gang sit. Die hof is ‘n maatskaplike instelling vir mense wat nie in staat is om met hul emosies in aanraking te kom en te vergewe nie.

Wanneer ek my spesifiek daarop toelê om van my emosies bewus te word (sien hoofstuk 7) en daarop te konsentreer, begin ek die woede op ‘n dieper vlak ervaar, en ek gaan “in die gevoel in.” Dis nie lekker nie. As ek my lank genoeg daarop toelê, gebeur daar mettertyd iets: die woede begin verswak, en ander emosies kom in die plek daarvan. Wat voel ek nou?

Seergemaak. Diep seergemaak. Is sy dan nie meer lief vir my nie? Het ek die beste deel van my lewe verniet vir haar opgeoffer? Is ek dan so ‘n nuttelose eggenoot? Weer die verstand wat oorneem. Okei, kom ek konsentreer net op die gevoel van seergemaak, wat eintlik al begin oorgaan in ‘n diep gevoel van “ek is nie goed genoeg nie.” Meer nog: “Ek is sleg.”

En daarmee saam kom vrees. Wat gaan ek nou maak? Hoe gaan ek sonder haar leef? En wat van my kinders? As ek nie goed genoeg vir my vrou is nie, wie gaan dan in my belangstel?”

Ek laat my gedagtes gaan en kom weer terug na die gevoel.

Dis onwaarskynlik dat dit alles in een dag gebeur. Dit kan ‘n hele ruk neem, en in die proses kan dit baie help as ander werklik vir my luister. As ek my egter daarop toelê om gereeld van my gevoel bewus te word, kom ek agter hoe my emosies kom en gaan, en by tye ervaar ek selfs ‘n eienaardige gevoel van vrede.

In haar boek *On Death and Dying* het Elizabeth Kübler-Ross destyds die patroon beskryf wat sy waargeneem het wanneer mense tot sterwe kom, sowel in die sterwendes as die geliefdes wat agterbly:

Ontkenning (Denial)

Woede (Anger)

Onderhandeling (Bargaining)

Depressie (Depression)

Aanvaarding (Acceptance)

Ware vergifnis is 'n soortgelyke proses. Eintlik is vergifnis 'n soort 'klein dood': die afsterwe van die ego.

Hoe baie van ons wat geliefdes het of gehad het wat ons 'verneuk' het, het nie al lank die simptome begin sien, maar dit heelyd ontken nie, of het daarvan uitgevind, maar ontken hoe ons werklik voel? Die eerste fase.

Toe ons dit uiteindelik nie meer kón ontken nie, het die ontkenning in 'n diep woede oorgegaan. Hoe minder ons met ons gevoel in aanraking is, hoe langer duur die fase. Baie mense bly vir 'n ewigheid in hierdie fase, en word as gevolg daarvan bitter, sinies en onaangenaam.

Wanneer ons onself toelaat om die woede werklik te ervaar, gaan dit geleidelik in 'n soort irrasionele onderhandelingsproses oor. Ons wil weer teruggaan en ongedaan maak wat gebeur het, en probeer 'onderhandel' – met wie anders as met God? – om dinge tog net weer te kry soos hulle was. Rasioneel weet ons dis nie moontlik nie, maar iets in ons wil tog probeer om die onmoontlike weer moontlik te maak. Om die sterwende weer lewend te maak.

Ek kan deur talle emosies gaan voordat ek uiteindelik besef dat my 'rein' huwelik, of my voormalige vertroue in my vennoot, of die geloof van my kindertyd, of wat ookal – nooit weer gaan terugkom nie. Wanneer ek uiteindelik besef dat dit nie gaan gebeur nie, verval ek in depressie. Depressie is die natuurlike reaksie op die besef dat dinge nie is soos wat ek (oftewel my ego) wil hê dit moet wees nie. Dis nie 'n siekte nie.

En dan, deur al hierdie emosionele pyn en depressie, kom aanvaarding.

Wanneer die ego so gedeeltelik afgesterf het, is ek nie meer dieselfde mens as wat ek was nie. "Your pain is the breaking of the shell that encloses your understanding," skryf Kahlil Gibran in *The Prophet*. Die dop wat my dieper begrip en volwassenheid omring het, is gebreek. Ek kan nooit weer teruggaan na wie ek was nie. Ek is op pad na God.

Wanneer ek myself toelaat om deur hierdie proses te gaan, gebeur daar ook iets anders: Ek begin die ander persoon of groep se punt insien.

Dan begin ek wyer dink. "As ek eerlik moet wees, het ek nie eintlik maar deel aan my vrou se ontrouheid nie? Het ek nie al hoe meer tyd by die werk spandeer en my familie verwaarloos nie? En wanneer het ons laas seks gehad?" Omdat ek deur my aanvanklik intense emosies 'gewerk' het,

is ek nou in staat om, ookal is dit in beperkte mate, die situasie van haar kant af te sien.

Wanneer ek my eie rol in die drama begin raaksien is die gevolg dikwels dat ek sêlf skuldig begin voel. Dalk baie skuldig. En daarmee saam kom die oordeel oor myself. “Hoekom het ek dinge so ver laat gaan?! Dom onnosel!! Kon jy nie maar ‘n bietjie meer tyd saam met jou familie spandeer het nie?!”

Ek neem verantwoordelikheid vir my gevoel en “gaan in die skuldgevoel in”. Dis seer. Baie seer. My gedagtes wil net heeltyd oorneem. Maar ek hou vol. Ek besef dat ek daarsonder nooit by die kern van vrede in myself gaan uitkom nie.

En dan, half onverwags, ervaar ek weer daardie vrede. Ek het weer deur ‘n laag skuldgevoel beweeg en weer is daar ‘n oomblik, hoe kort ookal, van vrede. ‘n Deel van my skuldgevoel is ongedaan gemaak. Ek is ‘n meer volwasse mens.

Dis nie ‘n maklike proses nie, en dit kan vir jare kom en gaan. Die feit is egter dat ek, deur van my eie emosies bewus te wees, sêlf ‘n verandering ondergaan. Ek ontwikkel begrip en mededoë. Ek leer wat liefde is. Ek is nader aan Eenheid met God en my naaste.

Wanneer dit gebeur, kom ek agter dat dit nie net ék is wat verander nie. My vrou se houding begin ook verander. My vergifnis veroorsaak skynbaar dat sy ook begin vergewe. Ons kan openlik oor dinge begin praat. Dit blyk dat sy met net so veel skuldgevoelens rondloop as ek. Met daardie besef begin ons nader aan mekaar voel: ons begin ons Eenheid besef.

Dit beteken natuurlik nie noodwendig dat ons nou weer gaan trou nie. Dalk kom ons weer bymekaar; dalk nie. Sommige mense kan na die egskeiding in vrede met mekaar omgaan, maar ander verdrink vir jare byna in hul eie haat.

In my geval het ons ‘n paar maande na die egskeiding weer bymekaar gekom. Dit het nie gewerk nie. Ons het onmiddelik weer in ons ou patrone teruggeval. As ek toe geweet het wat ek nou weet sou dit dalk anders kon gewees het, maar as is verbrande hout.

(Laat ek dit net duidelik stel dat die voorbeeld wat ek hier genoem het bloot ‘n hipotetiese voorbeeld is. Daar was geen ontrouheid ter sprake in my eie huwelik nie.)

Die idee van “Ek sal vergewe maar nie vergeet nie” is tipies die ego se manier om van die diepgaande aard en konsekwensies van vergifnis te ontsnap. Eintlik beteken dit: “Ek sal voorgee dat ek jou vergewe, net omdat ek geleer het dis wat ek moet doen, maar ek gaan jou nie regtig vergewe nie.” So ‘n reaksie is kenmerkend van godsdiens, waar dit gaan om God tevrede te stel. As jy egter nie werklik vergewensgesind is en voel om te

vergewe nie, watter ander opsie het jy dan, in 'n godsdienstige konteks, as om maar te máák asof jy vergewe?

Jesus het spesifiek gepraat van “van harte vergewe”, wat egtheid impliseer. Egtheid is 'n gevoelsproses waarin daar 'n interne verandering in myself plaasvind. Dis nie altyd maklik nie. Allesbehalwe. Dis egter die enigste pad na vrede.

Laurens van der Post is iemand wat diep spore getrap het waaruit baie wysheid na vore gekom het. In sy boek *Venture to the Interior* skryf hy:

“I have so often noticed that the suffering which is most difficult, if not impossible, to forgive is unreal, imagined suffering. There is no power on earth like imagination, and the worst, most obstinate grievances are imagined ones. Let us recognize that there are people and nations who create, with a submerged deliberation, a sense of suffering and of grievance, which enable them to evade those aspects of reality that do not minister to their sense of self-importance, personal pride, or convenience.”

Hy noem dat mense wat soos hy self die geweldige wreedhede van krygsgevangenskap beleef het gewoonlik baie meer vergewensgesind was as dié wat dit self nie beleef het nie. In ons land het ons die voorbeeld van mense soos Mandela wat na sy 27 jaar in die tronk ongekende vergifnis geopenbaar het, terwyl talle wat nooit die ontberings van die ‘Struggle’ meegemaak het nie baie minder vergewingsgesind was of is. Dieselfde geld waarskynlik vir die ontberings in die konsentrasiekampe in sowel Suid-Afrika as Duitsland.

“These imagined ills,” skryf Van der Post oor mense wat met hul tweedehandse ervaring van griewe minder vergewingsgesind is as dié wat dit self beleef het, “enable them to avoid the proper burden that life lays on all of us.”

Met hierdie diep insig bevestig hy dat die proses van vergifnis slegs deur die volle belewing van die pyn van die lewe self kan plaasvind. Dis die mense wat self wegstroom van die volle belewing van pyn – en dus die lewe self – wat dikwels die meeste te kere gaan oor vermeende ongeregtighede in die samelewing.

Jesus het nie doekies omgedraai oor die erns van vergifnis nie: “Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘Jou naaste moet jy liefhê en jou vyand moet jy haat.’ Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat julle vervolg, sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel” (Matteus 5:43-45). Effektief beteken dit dat jy geen vyande mag hê nie!

Net iets oor die woord ‘moet’. Die moderne Engelse “Love your neighbour” het 'n heel ander betekenis as “Jy moet jou naaste liefhê.” Die Afrikaanse vorm, soos die Nederlandse “Gij Zult uw naaste liefhebben” en die ou Engelse “Thou shalt love thy neighbour” is 'n opdrag van 'n

meerdere aan 'n mindere, met die implikasie van straf as jy nie gehoorsaam nie; tipies van die patriargie. Die moderne Engelse vorm is, soos die oorspronklike Griekse vorm (*agapate*), nie noodwendig 'n opdrag nie, maar het meer die implikasie van goeie raad.

'n Mens kan dit vergelyk met die woorde “Wees gerus” wat Jesus verskeie kere gebruik het. Hoe sou dit oorgekom het as dit vertaal is met “Jy móét gerus wees”?

Jesus verduidelik dat dit nodig is om ons vyande lief te hê “[so]dat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel.”

Hoe kan 'n mens kinders *word* van 'n Vader? Jy is óf 'n kind, óf jy is nie 'n kind van iemand nie. Jy kan nie 'n kind van iemand *wórd* nie. Vir my dui hierdie betekenisvolle woorde dus op die bewuswording van ons reeds bestaande Eenheid met God wat die natuurlike konsekwensie van diepgaande vergifnis is.

Soos die Bybelse evangelies, maak ACIM dit duidelik dat vergifnis die kern van die ‘koninkryk van die hemel’ is. Die doel van vergifnis is om ‘atonement’, met ander woorde hereniging of versoening met God, vir onself te aanvaar en ervaar. Daardie ‘aanvaarding’ is nie bloot 'n intellektuele idee, soos die idee dat Jesus vir ons sondes gekruisig is nie, maar die diep besef van die Eenheid van alles wat slegs deur die verwerking van ons emosies en 'n diepgaande bewuswordingsproses bereik kan word. En daardie Eenheid is die Liefde, oftewel God.

Daar is absoluut niks wat ons hoef te doen of te glo om by die besef van Eenheid – die ‘koninkryk van die hemel’ – uit te kom nie. Dit kan egter slegs ervaar word deur van die illusie van dualiteit bewus te word en dit te laat vaar. Dis die ding van illusie: sodra ons in ons diepste wese besef iets is 'n illusie, verloor ons die behoefte om daaraan vas te klou. Die resultaat is dat die illusie sy krag verloor en verdwyn. En aangesien al wat ons van die ‘koninkryk’ weerhou illusie is, is die noodwendige gevolg hereniging met God.

Sowel ons gedagtes as on emosies is deel van die illusie.

Om die illusie te kan laat vaar is dit nodig om, soos die verlore seun, dit eers ten volle te beleef en daardeur geleidelik tot die besef te kom van die aard daarvan. Slegs deur volkome van die illusie bewus te word kan ons by die besef van Eenheid uitkom. Hier's hoe ACIM dit stel:

You must look upon your illusions and not keep them hidden, because they do not rest on their own foundation. In concealment they appear to do so, and thus they seem to be self-sustained. This is the fundamental illusion on which the others rest. For beneath them, and concealed as long as they are hidden, is the loving mind that thought it made them in anger. And the pain in this mind is so apparent, when it is uncovered,

that its need of healing cannot be denied. Not all the tricks and games you offer it can heal it, for here is the real crucifixion of God's Son.

And yet he is not crucified. Here is both his pain and his healing, for the Holy Spirit's vision is merciful and His remedy is quick. Do not hide suffering from His sight, but bring it gladly to Him. Lay before His eternal sanity all your hurt, and let Him heal you. Do not leave any spot of pain hidden from His light, and search your mind carefully for any thoughts you may fear to uncover. For He will heal every little thought you have kept to hurt you and cleanse it of its littleness, restoring it to the magnitude of God. (T-13.III.6:1-6; 7:1-6)

In die bergrede (Matteus 5:4) sê Jesus: “Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word.” Ek vermoed dat hy hier na dieselfde verskynsel verwys: Slegs deur van ons emosionele pyn bewus te word en dit ten diepste te beleef kan ons uiteindelik met God versoen word.

En daarmee het ons die werklike ‘blye boodskap’. Weereens ACIM:

For the reality of guilt is the illusion that seems to make it heavy and opaque, impenetrable, and a real foundation for the ego's thought system. Its thinness and transparency are not apparent until you see the light behind it. And then you see it as a fragile veil before the light.

This heavy-seeming barrier, this artificial floor that looks like rock, is like a bank of low dark clouds that seem to be a solid wall before the sun. Its impenetrable appearance is wholly an illusion. (T-18.IX.5:2-4; 6:1)

Volgens ACIM is die doel van vergifnis om tyd te verkort. Deur bewus te word en ernstig na ander antwoorde te soek, maar veral deur ons projeksies terug te trek en bereid te wees om die heiligheid en onskuld van elke mens op aarde (insluitend onself) raak te sien, verminder ons uiteindelik die pyn en lyding waardeur ons moet gaan om by die ‘koninkryk’ uit te kom.

Piet Muller se vertaling van vers 2 van die EVT lees soos volg:

Jesus sê: “Laat hy wat soek nie ophou soek totdat hy gevind het nie, en as hy gevind het sal hy geskok word en as hy geskok is sal hy hom verwonder en sal hy as koning oor die Al heers en rus vind.”

Voordat Muller se vertaling beskikbaar geword het, het ek dit as volg vir myself uit Elaine Pagels se *The Gnostic Gospels* en Hugh McGregor Ross se *The Gospel of Thomas* vertaal:

En Hy het gesê: “Laat hom wat soek nie ophou soek totdat hy vind nie: wanneer hy vind sal hy ontsteld wees; en wanneer hy ontsteld is sal hy in bewondering staan en oor die heelal heers!”

Ek het die woord ‘ontsteld’ gekies op grond van McGregor Ross se bewering dat die oorspronklike koptiese woord ‘disturbed’ of ‘troubled’ beteken.

Hoewel ek baie respek vir Muller se vertaling het en baie dankbaar daarvoor is, verkies ek in hierdie geval nog steeds die woord ‘ontsteld’, spesifiek omdat dit vir my op die emosionele pyn (angs, skuldgevoel, depressie en so meer) dui wat volg wanneer ons ons verdedigingsmeganismes laat vaar en vergewe.

Wanneer ons werklik met erns begin soek – en ek vermoed dat meeste lesers wat tot op hierdie punt in hierdie boek gekom het min of meer daar is – begin ons agterkom dat dinge nie is wat ons gedink het hulle is nie. Wanneer die persepsie van al die jare van vastigheid onder ons voete begin verkrummel, is die natuurlike resultaat onsekerheid en daarmee angs, skuldgevoel en dikwels depressie. Dan, namate ons deur die emosionele pyn ‘werk’, begin die lig van die ‘koninkryk’ al hoe meer deur die mis van skuldgevoel en vrees skyn, en die eindresultaat is die ‘koninkryk’: Die absolute wete dat ons Een met God is, en daarmee saam volkome vertroue, vrede en geluk. Dan het ons, in die woorde van ACIM, die vlerkies van ‘n mossie vir die vlerke van ‘n arend verruil en “heers ons oor die Al en vind ons rus.”

In die trant van Jesus wil ek ook ‘n gelykenis gebruik:

Om die ‘koninkryk’ deur vergifnis te vind kan vergelyk word met ‘n eksotermiese chemiese reaksie. ‘Ekso’ beteken ‘na buite’, en ‘termies’ verwys na hitte. In ‘n eksotermiese reaksie, soos byvoorbeeld die brand van die swael van ‘n vuurhoutjie, word heelwat hitte vrygestel, maar slegs as daar eers hitte toegedien is.

In die geval van ‘n vuurhoutjie word die hitte toegedien deur dit op ‘n stuk spesiale papier te vryf. Die wrywing sit die proses aan die gang, en wanneer die reaksie begin, gaan dit vanself verder. Dan is die potensiaal daarvan oneindig: solank daar materiaal is wat kan brand, duur die reaksie voort.

So kan ons deur een vuurhoutjie te vryf, derduisende hektaar veld of plantasies laat afbrand. ‘n Weerligstraal kan dieselfde doen. Sommige mense sal alles in hul vermoë doen om so ‘n brand te verhoed, maar feit is dat baie ekosisteme nie kan funksioneer sonder brand nie. Dit is deur vuur dat ‘n vernuwingsproses plaasvind. In die Kaapse fynbos is daar dikwels derduisende bolplante wat na ‘n vuur begin blom nadat hulle vir jare nie geblom het nie. Sonder vuur sterf hulle uiteindelik uit.

Om die ‘koninkryk’ binne te gaan, is dit eers nodig om deur ons emosionele pyn te werk. Dis nie lekker nie, en dit gaan nie vanself gebeur nie. Dit vereis ‘n aktiewe proses van bewuswording. Wanneer ons eger deur die pyn gewerk het, staan die potensiaal van onvoorstelbare vrede in

geen verband met die bietjie pyn waardeur ons moes gaan om daar uit te kom nie.

Dalk het Jesus met die gelykenis van die mostersaadjie iets soortgelyks bedoel? Dis maar 'n klein saadjie, en dit kan maklik doodgaan. Dit het water en hitte nodig om te ontkiem, en is in die begin baie verwondbaar. Wanneer dit egter diep wortel geskiet het en stewig begin groei, is daar niks wat dit meer kan keer om 'n groot plant (maar nie 'n boom!) te word nie.

In hierdie afdeling het ek 'n benadering tot vergifnis bespreek wat vir my werk. Hoewel die beginsel altyd dieselfde is, verskil die spesifieke manier om vergifnis te bewerkstellig van persoon tot persoon. Sommiges verkies 'n meer verstand-gesentreerde benadering, terwyl ander, soos ek, meer op die emosies fokus. Daar is nie een spesifieke regte manier nie.

Dit is waarskynlik om hierdie rede dat talle mense talle verskillende maniere beskryf om tot vergifnis te kom. Daar is duisende verwysings op die Internet. Byron Katie is een voorbeeld van 'n persoon wat haar lewe aan vergifnis gewy het en heelwat praktiese wenke verskaf. Vir dié wat belangstel kan ek ook David Hoffmeister se 'Instrument for Peace' aanbeveel as 'n praktiese oefening in vergifnis. Dis beskikbaar op <http://awakening-mind.org/resources-2/publications>.

Die vervulling van die wet

Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry. Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is.

Wie dan ook een van die geringste van hierdie gebooie ongeldig maak en die mense so leer, sal die minste geag word in die koninkryk van die hemel. Maar wie die wet gehoorsaam en ander so leer, sal hoog geag word in die koninkryk van die hemel. Ek sê vir julle: As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie.

Matteus 5: 17-20

Whatever man profoundly believes himself to be, good or bad, that will he become.

Whatever man fears others will do to him, so will they do.

Whatever man hopes that others will do to him, he must first do to them, since he is then creating a consciousness pattern which will return to bless him to the extent he has blest others.

Whatever disease man dreads so will he become prey to it, for he will have created a consciousness pattern of the very thing he least wants to experience.

Whatever is sent forth from man's mind and heart returns to him in due course in some form or another; but remember that like always breeds like. Strongly emotional thoughts are 'consciousness seeds' planted within a man's own orbit of consciousness. These will grow, bearing a like harvest for his reaping.

These are the fruits of free will.

CL 1 p19

In die meestersverhaal leer ons dat, hoewel Jesus vir ons sondes gesterf het, ons nog steeds die wet van die Ou Testament – of in elk geval die tien gebooie – moet onderhou. Paulus het ook maar baie gesukkel met daardie een. Eintlik is die Christendom maar 'n bietjie verward oor die onderhouding van wette want, hoewel die tien gebooie elke Sondag in die kerk voorgelees word (of in elk geval tot onlangs voorgelees is), is daar niemand wat sal aandring dat al die wette oor 'reinheid' in Levitikus nog onderhou moet word of seuns gestenig moet word wat nie aan hul ouers gehoorsaam is nie (Deuteronomium 21:18-21)!

Waar ons die pot missit is dat Jesus hier nie van die wet van die Ou Testament as 'n reeks opdragte van 'n patriargale God praat nie, maar van die 'wet' van die 'koninkryk van die hemel', amper in dieselfde sin as 'die wet van die natuur'. Die natuur funksioneer volgens sekere 'wette' (altans, so dink ons). Net so funksioneer die Eenheid van alles volgens sekere 'wette' wat deur niemand verander kan word nie. Dinge is soos hulle is.

Jesus som hierdie wet op in sy bekende woorde: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat" (Matteus 22:37-40).

Ek het vroeër al verwys na die patriargale implikasie van die woordjie 'moet'. Die Griekse woord *agapate* beteken eerder: "Wees lief vir (God)," nie in die sin van "As jy nie lief vir God is nie gaan jy gestraf word" nie, maar in die sin van "Hierdie is die enigste manier om by hereniging met God, met ander woorde volkome geluk uit te kom."

Aan die een kant sê Jesus dat daar 'n rangorde in die twee gebooie is, maar aan die ander kant sê hy dat hulle gelyk is. Vir my is die boodskap wat ek kry presies dieselfde as dié van *A Course of Miracles*: Ons is Een

met God, maar die pad na die besef daarvan is deur liefde vir ons naaste. Om die waarheid te sê; dis onmoontlik om God lief te hê sonder om ons naaste lief te hê. Dis deur vergifnis dat ons leer om ons naaste lief te hê.

ACIM maak dit duidelik dat die ego in beginsel op vrees gebaseer is, en haat is 'n vorm van vrees. Terwyl ons nog glo ons is ons ego's, haat ons in werklikheid God, want die bewussyn van God is die einde van die ego. Ons is natuurlik nie noodwendig van ons haat bewus nie, maar dit kom uit in woorde soos 'Goddamn!' en selfs in die ydelike gebruik van die naam van God of Jesus, wat gewoonlik nie in 'n konteks van liefde geskied nie! Ek het vir lank, as ek in onbewuste woede verval, die Nederlandse woord 'Godverdomme!' gebruik. Dit het my nie goed gedoen nie.

Die probleem is natuurlik dat, omdat ons Een met God is, ons haat of woede teenoor God basies na onself toe terugkom. God is nie gepla of ons sy naam ydelik gebruik of nie, maar dit boemerang op onself.

Die enigste manier om van daardie vrees en haat ontslae te raak is deur vergifnis van sowel ons naaste as onself.

Jesus sê dat Hy gekom het om die wet sy volle betekenis te laat kry. Daarmee bedoel hy volgens my bloot dat sy lewe en sy daad die direkte manifestering van die 'wet' van Eenheid is. Dis omdat hy besef dat alles Een is en hy nie sy liggaam is nie dat hy openlik kan doen wat hy doen sonder vrees vir gevolge of vir die Fariseërs, en uiteindelik selfs vir sy kruisiging. Sy bewustheid van Eenheid beteken dat hy geen vrees het nie. Hy het dit duidelik gestel dat dieselfde paadjie vir ons bestem is.

Ek het self onlangs 'n soortgelyke ervaring gehad. Direk nadat ek 'n 'retreat' met David Hoffmeister en die 'Messengers of Peace' bygewoon het, en waartydens ek fenomenale liefde en vrede ervaar het, is ek gekonfronteer met iemand wat op my afgestorm het en gesê het hy "gaan my doodmaak". Ek het geweet hy was ernstig. Ek het gevoel hoe 'n ongekende krag my oorneem met die besef dat ek nie my liggaam is nie en dat ek in werklikheid niks kan oorkom nie. Hoewel ek kortstondige visies gehad het van hoe my liggaam by die hospitaal ingedra word, het ek in absolute vreesloosheid vir hom gesê: "Gaan voort, voel vry om my aan te val."

Hy het my arm probeer draai en my neus gegryp, maar toe sy vriend wat naby gestaan het sy naam skree, hou hy op en loop hy al vloekende weg. Ek was veilig.

Dis Jesus se besef dat die wêreld bloot 'n illusie is wat hom in staat gestel het om wonderwerke te doen. 'n Wonderwerk is bloot die verandering van een vorm van illusie na 'n ander. Meeste van ons reken op grond van ons wetenskaplike 'kennis' dat wonderwerke nie regtig moontlik is nie. Die probleem is nie die wonderwerke nie, maar ons 'kennis'.

“Wie die gebooie ongeldig maak en ander so leer” is diegene wat, soos die Fariseërs, nie die dieperliggende ‘wet’ van Eenheid en Liefde verstaan nie. Daardeur maak hulle byvoorbeeld die wet van “Wat jy saai sal jy maai” ‘ongeldig’, omdat hulle nie besef hoe hulle self hul wêreld skep nie.

Die “minste in die koninkryk van die hemel” is bloot dié wat nie hul Eenheid met God besef nie, en daardeur ook nie die vrede van God ervaar nie.

Eintlik is die bergrede in Matteus 5:3-12 op ‘n manier ook die samevatting van die ‘wet en die profete’:

Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.

“Afhanklik van God” verwys na ons Eenheid met God, en dat ons geluk slegs in daardie Eenheid lê. Solank ons dink dat ons op ons eie kan klaarkom, is dit die ego wat praat, en gaan ons een of ander tyd tweede kom.

“Laat u wil geskied,” soos Jesus in die tuin van Getsemane gebid het, en “Laat u koninkryk kom: laat u wil ook op die aarde geskied soos in die hemel,” soos wat hy ons maan om te bid, is nie woorde van moedelse opgee nie. Soos ACIM herhaaldelik duidelik maak, is God se wil uiteindelik óns wil, omdat slegs die Eenheid weet wat vir ons die beste is. Wanneer ons dit besef, weet ons hoe afhanklik ons van God is.

Geseënd is die wat treur, want hulle sal vertroos word.

Hierdie versie het ek reeds bespreek: Hoe meer ons met ons emosionele pyn in aanraking is, hoe nader is ons aan Eenheid met God.

Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang.

Volgens my is die ‘sagmoediges’ dié wat geen haat in hulle het en dus niemand kwaad wil doen nie. Volgens CL 8 was Jesus se woorde hier in werklikheid “Geseënd is dié met vrede in hul harte.”

Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word.

Ook hieroor het ek reeds kommentaar gelewer: Slegs ‘n outentieke soeke na waarheid uit die diepte van ons siel kan vrugte afwerp.

Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.

‘n Kwessie van “wat jy saai sal jy maai”?

Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien.

Om God te ‘sien’ is om die Eenheid met God te ervaar, en dit kan slegs gebeur deur ‘n proses van opregte soeke. Kinders is van nature eg, en dus ‘rein van hart’, en dis hoekom Jesus oor hulle gesê het wat hy het.

“Most blessed of all,” sê CL 2 (p21), “are the pure in heart, for such as these have rid themselves of all anger, hatred, vindictiveness, unkindness, envy and hardness of heart, and stand before the world as Love-made-

visible. They will know the *Reality* called ‘God’ and they will know the *Reality* is the ‘Father’ within them.”

Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.

Die vredemakers is dié wat vrede in hulself vind. Ons is in elk geval almal kinders van God, maar slegs in ‘n opregte soeke na vrede word dit vir ons werklikheid.

Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.

Die ego is illusie, en enige poging om die ego te laat vaar om by Eenheid met God uit te kom gaan weerstand kry. Dis hoekom feitlik almal wat die bestaande orde bevraagteken het, Jesus ingesluit, gekruisig, op die brandstapel verbrand, gemarginaliseer, verwerp en/of verdag gemaak is.

Dieselfde geld vir die volgende versies: “Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg.” “Ter wille van My” verwys egter nie na die man Jesus nie, maar na die Christus in ons almal.

Tyd en die begrip ‘hier en nou’

Moet julle nie bekommer oor julle lewe nie, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng? En wat bekommer julle julle oor klere? Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie. Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges?

Julle moet julle dus nie bekommer en vra: “Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?” nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.

Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie.

Matteus 6:25-34

There is no greater obstacle to God than time.

Meester Eckhart

With the timeless dimension comes a different kind of knowing, one that does not 'kill' the spirit that lives within every creature and every thing. A knowing that does not destroy the sacredness and mystery of life but contains a deep love and reverence for all that is. A knowing of which the mind knows nothing.

Eckhart Tolle, *The Power of Now*

Die preek oor die “lelies van die veld” is seker een van Jesus se bekendstes, maar hoeveel opregte Christene het deur die eeue nie al gewroeg oor die dieper betekenis daarvan nie? Want weerspreek hierdie woorde in beginsel nie die hele fondament van die westerse werksetiek, en eintlik van die hele westerse beskawing nie? Ons het van kleins af geleer dat God sorg vir mense wat vir hulself sorg. As ons hard werk sal ons beloon word. “No pain, no gain.” Jy kry niks wat jy nie verdien nie.

Jesus sê: nee, dis nie nodig nie. Vertrou net op God.

Ek neem aan talle ernstige soekers ervaar met die beste bedoelings by die lees van hierdie woorde van Jesus skuldgevoel: “Dis duidelik dat my geloof nie sterk genoeg is nie, want ek bekommer my en maak dinge bymekaar en vertrou nie werklik op God nie.” In ‘n godsdiens waar daar van ons verwag word om God tevrede te stel – of anders ...! – is dit ‘n natuurlike reaksie. Die hele essensie van so ‘n godsdiens is skuldgevoel – maar ‘n skuldgevoel wat ons maar so in die agtergrond hou sonder om té diep daarna te kyk.

Ons hele ‘werksetiek’, ons werk, ons beleggings, ons onderwyssisteem en so meer is alles daarop gerig om vir die toekoms te voorsien. Jesus sê: vergeet van die toekoms.

In Markus 4:26-29 is daar ‘n kort gelykenissie wat in geen van die ander evangelies voorkom nie (maar wel in die EVT), en waarvan ons selde hoor:

“Met die koninkryk van God gaan dit só: Iemand saai die saad op die land en gaan slaap en staan op, dag na dag, en die saad ontkiem en groei – hóé weet hy self nie. Vanself bring die aarde die graan voort, eers ‘n halm, dan ‘n aar, dan die vol koringaar. En wanneer die graan ryp is, steek hy dadelik die sekel in, omdat die oestyd daar is.”

Weereens is die implikasie dat die ‘koninkryk’ nie van ons eie doen en late afhanklik is nie. Daar is niks wat ons hoef te doen of glo om dit te laat gebeur nie. Al wat ons hoef te doen is om die saad te saai (bewus te wees van wat ons ‘saai’ in gedagtes, woord en daad), seker die onkruid uit te haal (onsself deur vergifnis van negatiewe gedagtes te suiwer) en dan die vrugte daarvan te pluk.

In Lukas 9:60 sê Jesus: “Laat die dooies hulle eie dooies begrawe, maar gaan verkondig jy die koninkryk van God”, en net daarna: “Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie”. Daarmee sê hy dus ook: vergeet van die verlede.

As jy die verlede en die toekoms uitsny, is al wat oorbly die ‘nou’ of die oomblik.

Toe Eckhart Tolle se boek *The Power of Now* verskyn het, het dit onmiddelik ‘n blitsverkoper geword. Dit het duidelik ‘n diep behoefte in die mensdom aangespreek. In beginsel sê hy eintlik niks anders as wat Jesus twee duisend jaar voor hom al gesê en uitgeleef het nie: vergeet die verlede en die toekoms, en leef in die oomblik. Soos Eckhart Tolle egter tereg uitwys, is dit nie so maklik as wat dit klink nie. Want nie net word ons aangeraai om in die oomblik te leef nie; ‘nou’ is letterlik al wat daar is. Toekoms en verlede is illusie. Met die volle beleving van die oomblik verdwyn tyd.

Dit het te doen met ons verstand, of wat in Engels as ‘mind’ bekendstaan. Ons glo dat ons verstand ons bo die diere verhef en ons in staat stel om ons omgewing en ons lewens te beheer. Dit is ook so, maar slegs as ons in beheer van ons verstand is. Waarop Eckhart Tolle in al sy boeke en praatjies wys is dat dit die meeste van die tyd nié die geval is nie, en dat ons in werklikheid deur ons gedagtes beheer word.

Die probleem is dat ons dink ons *is* ons verstand. Descartes het eeue gelede al daardie basiese fout gemaak met sy bekende woorde: “Ek dink, daarom is ek.”

Al wat jy hoef te doen om die waarheid hiervan te besef is om heeltemal stil te word en net jou gedagtes “dop te hou”. Dan kom jy agter dat jou gedagtes aanhou en aanhou en nooit stil word nie. ‘Verstandelike geraas’ (mental noise) noem Tolle dit. Die oomblik dat jy van jou ‘verstandelike geraas’ bewus word, kom jy egter ook agter dat ‘jy’ nie jou denke is nie.

Dis nie iets wat ‘n mens sommer so in ‘n paragraaf kan verduidelik nie. Dis ook nie nodig nie, want dis die sentrale tema van al Eckhart Tolle se boeke en praatjies.

Die gedagtes wat so in ons koppe maal gaan *altyd* oor die verlede of oor die toekoms, en hou altyd verband met wat ons werklik glo: hoe ons

bewustelik en veral onbewustelik glo dinge 'is'. Die konsepte en idees wat ons in die verlede geleer het bepaal hoe ons die toekoms sien. Ons verwag dat die toekoms presies soos die verlede gaan wees, en dis presies hoekom dit so is: "You judge your todays and expect of your tomorrows what you have experienced in the past. Therefore, are the ills of your yesterdays continually repeated in the future" (CL 2 p18).

Dis onder meer hoekom wonderwerke skynbaar nie gebeur nie.

Seker die meeste van ons gedagtes is direk gekoppel aan skuldgevoel of vrees. "O gaats, dit het ek verkeerd gedoen. Nou gaan ek gestraf word. Wat gaan ek maak? En sê nou ek doen dit weer? Sê nou ek verloor my werk? Wat gaan ek dan doen? Hoe kan ek keer dat dit weer gebeur?" En so meer. Elke keer die verlede wat op die toekoms geprojekteer word.

Die gevolg is dat ons hele lewe draai om die verlede en die toekoms. Ons beleef oor en oor ons emosies van die verlede en vrees vir die toekoms. In die proses mis ons die intense bewus wees van die 'nou'.

Vir baie van ons is die gevolg ook dat ons feitlik permanent in 'n toestand van onderliggende onsekerheid en vrees leef.

Om in die oomblik te kan leef is dit nodig om ons gedagtes tot stilstand te bring. Solank ek die slaaf van my gedagtes is, is ek 'iewers anders'. Om in die oomblik te leef is om volkome bewus te wees van wat binne-in my sowel as om my aangaan, en dus volkome 'teenwoordig' te wees. In die Ooste praat hulle van 'mindfulness'. Eckhart Tolle praat van 'presence'.

Dit werk nie om ons gedagtes te probeer stilmaak nie, want dan probeer die verstand om die verstand stil te maak en dus te beheer. Dis soos om jouself aan jou skoenveters te probeer oplig. Ons gedagtes kan paradoksaal slegs stilgemaak word deur hulle toe te laat en "dop te hou", met ander woorde deur bewus te word. Dieselfde beginsel dus as alle ander vorms van illusie: Deur van die illusie bewus te word, verloor dit sy krag.

Die uitsluitlike doel van die talle meditasietegnieke wat in die Ooste ontwikkel het is om ons gedagtes stil te maak. Dis deur hierdie tegnieke gereeld met uiterste toewyding toe te pas dat baie jogi's uiteindelik verligting ('enlightenment') ervaar het.

Ons emosies is die liggaam se reaksie op ons gedagtes. Van meeste van ons gedagtes is ons nie eers bewus nie, met die gevolg dat ons talle emosies beleef sonder om te weet waar hulle vandaan kom. Wat meer is; ons 'eie ek' is geneig om allerhande 'redes' te vind vir hoekom ons voel soos ons voel.

Miskien voel ek kwaad. Die onderliggende gedagte is dalk dat ek 'n slagoffer van die wêreld (of van God) is. Ek is nie bewus van daardie gedagte nie. Terwyl ek in my kar ry, draai iemand skielik voor my in. Ek skrik, en onmiddelik vlam die woede – wat eintlik heeltyd al daar was – op. Die vark!!! Dis tog duidelik dat dit hý is wat my kwaad gemaak het?

Nee. Die ander bestuurder het my nie kwaad 'gemaak' nie. Ek kon anders gereageer het. Die insident was op 'n onbewuste vlak bloot 'n 'verskoning' vir my (ego) om my onderliggende woede te laat ontvlam.

Eckhart Tolle praat van die 'painbody'. Die pynliggaam is die resultaat van negatiewe emosies wat ons van kleins af al 'versamel'. Hoe groter dit word, hoe meer wil dit tot uitdrukking kom. Vir sommige van ons beteken dit 'n woede-uitbarsting of 'n depressie van tyd tot tyd. Ander van ons word só deur ons pynliggaam oorgeneem dat ons amper permanent negatief is. Daar was tye in my lewe waar laasgenoemde beslis vir my gegeld het.

Vir die pynliggaam geld presies dieselfde as vir ons gedagtes. Deur volkome daarvan bewus te word, verminder dit in intensiteit.

In *The Power of Childhood* beskryf ek hoe ek dikwels ervaar het hoe die bewuswording van my pynliggaam tot 'n diep gevoel van vrede gelei het. Dis ongelooflik wat so 'n eenvoudige bewuswordingsproses kan vermag.

Uiteindelik is ons pynliggaam bloot die uitdrukking van ons onderliggende skuldgevoel en vrees, en om by die vrede van God uit te kom vereis die volkome ongedaanmaking van die pynliggaam. In Eckhart Tolle se geval was dit skynbaar 'n relatief vinnige proses. Na jare van intense depressie, neigings tot selfmoord en ander emosionele pyn het hy skielik tot 'n helder insig gekom wat tot die ongedaanmaking van sy pynliggaam gelei het. Vir meeste van ons, en beslis vir my, is dit skynbaar egter 'n langdurige proses!

Die ideale voorbeeld van in die oomblik leef is kinders.

Die deel van die brein wat vir rasonale analitiese denke verantwoordelik is ontwikkel eers op die ouderdom van ongeveer ses jaar. Die bewussyn van 'n kind voor daardie ouderdom is totaal anders as dié van 'n volwassene. Dis seker een van die mees algemeen geïgnoreerde basiese feite van die lewe. Hoe dikwels probeer ons as volwassenes nie kinders behandel asof hulle soos volwassenes dink nie! Hoeveel kleuterskole en ander plekke vir kinders word nie ontwerp en ingerig volgens volwassenes se denkwyses in pleks daarvan om hulle vanuit kinders se perspektief te ontwerp nie?

Die gevolg van die spesifieke ontwikkeling van die brein van kinders is dat kinders nie so deur hul verstand beheer word as volwassenes nie. Dit stel hulle in staat om volledig in die oomblik te leef. Ons is geneig om te dink dat hulle daardeur minder as volwassenes is, maar in werklikheid is hul vermoë om dinge te absorbeer en te leer in 'n totaal ander klas as dié van volwassenes: verreweg die meeste wat ons in ons lewens geleer het het ons in die eerste vyf of ses jaar van ons lewens geleer! Dink maar aan taal.

Tot op die ouderdom van ongeveer ses jaar kan kinders binne 'n paar maande verskeie tale tegelyk leer.

Kleuterskoolonderwysers sien dit gereeld. Ek het op 'n stadium 'n Montessori kleuterskool met 'n aantal Tswana-kindertjies en een blanke seuntjie gehad. Toe hulle begin het kon die Tswana-kinders nie 'n woord Engels praat nie. Vir ongeveer vier maande het die blanke seuntjie en ek Engels gepraat en hulle Tswana. Toe skielik begin hulle een vir een amper volmaakte Engels praat – met my aksent! Hulle't nooit geoefen nie. Bloot alles 'geabsorbeer' en toe byna volmaak begin weergee. Selfs die intelligentste volwassenes kan dit nie doen nie. Is dit nie een van die beste aanduidings dat wat ons 'intelligensie' noem – ons bewuste volwasse intellek of verstand – eintlik glad nie so intelligent is as wat ons dink nie?

Hou gerus 'n klein kind dop wat in iets verdiep is. Dit kan enigiets wees: 'n gogga, werk wat hy of sy besig is om te doen, speel – enigiets. Daar is geen gedagtes om die kind af te lei nie. Die kind is in 'n toestand van gees wat Csikszentmihalyi 'flow' noem in sy boek *Flow: The Psychology of Optimal Experience*. Dis wat Eckhart Tolle 'presence' noem.

Jon Young van die *Wilderness Awareness School* in Amerika vertel in een van sy lesings met die titel *Seeing through Native Eyes* hoe hy saam met sy klein dogtertjie buite in die bad sit. Sy konsentreer intens op haar fantasieë oor 'n stuk speelgoed waarmee sy speel.

Jon, wat intens van voëlgeluide bewus is, hoor die sagte fluitgeluid van 'n towhee ('n Amerikaanse voëltjie). Vir vyf minute sê hy niks nie, en sy dogtertjie hou aan speel. Dan sê hy vir haar: "Kom, ons moet nou uit die bad klim en aantrek. Ek het 'n verassing vir jou, maar net as jy vir my kan sê waar die towhee nou-nou gefluit het." Sonder om te skroom of eers die aandag van haar speelgoed af te neem wys sy presies in die rigting waar die voëltjie gefluit het!

Dis hierdie vermoë van kinders wat Maria Montessori raakgesien het en waarop sy haar onderwysstelsel gebaseer het. Ek dink Montessori se 'sien' was die tipe 'sien' waarvan Jesus gepraat het. Almal van ons wat met klein kinders in aanraking is sien dit elke dag, maar tog het dit iemand soos Maria Montessori gekos om die omvang van hierdie vermoë van kinders werklik op 'n diep vlak te besef: "The child is truly a miraculous being, and this should be felt deeply by the educator." Helaas twyfel ek of baie onderwysers wat in die Montessori-metode opgelei is dieselfde diep insig het.

In die gelykenis van die tien meisies (Matteus 25:1-13) onderskei Jesus tussen die verstandige meisies wat sorg dat hulle genoeg olie vir hul lampe het en dus voorbereid is op die koms van die bruidegom, en die onverstandige meisies wat nie genoeg olie saamgebring het nie.

Vanuit die meestersverhaal kan dit maklik lyk asof Jesus hier oordeel en kan dit geïnterpreteer word as: “Ons beter sorg dat ons heeltid goed lewe en ‘glo’, want anders, as die oordeelsdag dalk skielik sou kom en ons onverhoeds betrap word, gaan ons uitgevang word en gaan ons hel toe.” Daar is egter ook ‘n ander interpretasie moontlik.

Hier is Eckhart Tolle se interpretasie in *The Power of Now*:

“Jesus speaks of the five careless (unconscious) women who do not have enough oil (consciousness) to keep their lamps burning (stay present) and so miss the bridegroom (the Now) and don't get to the wedding feast (enlightenment). These five stand in contrast to the five wise women who have enough oil (stay conscious).”

Hy wys daarop hoe selfs die skrywers van die evangelies waarskynlik nie eers die betekenis van sulke gelykenisse verstaan het nie, en die korrekte interpretasie mettertyd heeltemal verlore gegaan het.

In sy boeke en praatjies praat Eckhart Tolle dikwels van ‘alertness’, met ander woorde waaksaamheid. Hierdie waaksaamheid is die essensie van in die oomblik leef. Deur heeltid bewus te wees – van wat binne-in ons sowel as buite ons aangaan, kan ons ‘n geestestoestand bereik waar die ervaring van Eenheid met God werklikheid kan word. Sonder daardie waaksaamheid is daardie ervaring onmoontlik.

Die begrip van in die oomblik leef – en die moeite wat ons menslike verstand het om dit te verstaan – is direk gekoppel aan nog een van die fundamentele misverstande van die godsdienst: geloof teenoor vertroue.

Geloof teenoor vertroue

Whoever insists on safety and security as primary conditions of life cannot have faith.

Erich Fromm, *The Art of Loving*

Up to this time, some of you have had faith in ‘Jesus Christ’ but you have been like precocious children. Your faith has been partially blind and accepting, yet interwoven with much doubt. Therefore, whatever you needed to be done for you, you depended on ‘Jesus’ for the work to be accomplished. Whereas, in fact, much of what you believe you have derived directly from ‘Jesus’ has been your own ‘faith in Jesus’ made visible in the form of things asked for.

CL 3 p9

Jesus het gereeld vir mense wat hy gesond gemaak het gesê: “Jou geloof het jou gered.” Vir die offisier van Kapernaum wie se slaaf Jesus gesond gemaak het, het hy byvoorbeeld gesê: “Ek het nog by niemand in Israel so ‘n groot geloof teëgekom nie” (Matteus 8:10), en vir die Kanaänietiese vrou wie se kind hy genees het: “Mevrou, jou geloof is groot. Jou wens word vervul” (Matteus 15:28).

En so is daar nog heelwat voorbeelde. Dis duidelik dat in alle gevalle waar Jesus na ‘geloof’ verwys het, hy ‘n vaste vertroue op hom/God bedoel het. Dit verstom my nog steeds hoe Paulus en die kerk na hom die betekenis van geloof as vertroue kon verander na ‘n intellektuele idee dat Jesus vir ons sondes gesterf het – iets totaal anders! Jesus het nooit gesê: “Ek gaan gekruisig word namens julle, en slegs as julle dit glo sal julle hemel toe gaan nie”!

In Afrikaans kan sowel vertroue as intellektuele geloof met die woord ‘geloof’ aangedui word, en in die Bybel is dit ook die geval. In Engels word daar ‘n onderskeid tussen ‘faith’ en ‘belief’ gemaak, hoewel die twee in die Engelse Bybels maar oor en weer gebruik word en die onderskeid nie duidelik is nie.

Dis nie net die kerk nie. Dis die menslike verstand wat nie werklik die idee van vertroue op God kan verstaan nie. Die menslike verstand kan nie vertroue verstaan nie, punt. Die ‘hart’ kan, want vertroue is ‘n gevoelservaring. (Met die ‘hart’ bedoel ek nie die fisiese orgaan wat die bloed deur die liggaam pomp nie, maar wel ons konneksie met die Eenheid van alles wat baie van ons as ‘n gevoel in die omgewing van die hart ervaar.)

Klein kinders vertrou van nature. Hulle vertrou dat aan al hul behoeftes voorsien sal word terwyl hulle dit self nog nie kan doen nie. Hulle vertrou dat hul ouers weet wat die beste vir hulle is om in hul gemeenskap in te pas en te oorleef, en so meer.

Maar dan begin hulle geleidelik, of nie so geleidelik nie, agterkom dat hul vertroue teleurgestel word. ‘n Goeie voorbeeld is ‘n baba se natuurlike verwagting om geborsvoed te word, gereeld vasgehou te word, nie alleen gelaat te word nie en so meer: dinge wat in die westerse samelewing veral in die laaste eeu of wat al hoe meer agterweë gelaat is. Wetenskaplikes het gesê dis nie nodig nie. Vandag se wetenskaplikes sê iets heel anders.

Wanneer kinders groter word, weet hulle bewustelik of onbewustelik dat hulle nie ten volle op hul ouers kan vertrou nie. Natuurlik nie: ons ouers is mense soos ons. Met dié dat ons vertroue as klein kinders ‘n knou gekry het, word vertroue as geheel moeilik. In ‘n patriargale sisteem, waar God ‘n man is, en boonop een wat nodig het om sy seun dood te maak, word vertroue byna onmoontlik. Die einste sisteem maak dit egter noodsaaklik om vertroue te feins!

Ek vermoed dis waar baie van die sinisisme en aggressie vandaan kom van sommige mense wat tot die besef gekom het dat hulle deur die kerk om die bos gelei is. Op 'n diep vlak het hulle heel moontlik die ervaring gehad dat hulle vertroueteleurgestel is.

Op 'n manier dink ek alle mense gaan op een of ander manier deur hierdie proses. Almal van ons word as kinders in ons vertroueteleurgestel. Sommige (meeste?) van ons ontken dit, en onthou net al die goeie dinge van ons kindertyd. Die bekende sielkundige Alice Miller skryf in haar boeke hoe dikwels mense vir haar gesê het hoe 'n lekker kindertyd hulle gehad het. Met 'n bietjie 'krap' onder die oppervlak het dit haar dan gewoonlik nie lank geneem om agter te kom dat hul kindertyd glad nie so gelukkig was nie.

Ander is weer geneig om al die negatiewe dinge te onthou. Baie van hierdie mense is dan geneig om hul ouers en ander te blameer vir alles wat in hul lewens verkeerd gegaan het. Helaas het ek lank in hierdie kategorie geval.

Ek wil weer terugkom na die woorde in Johannes 3:18: "Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie." Toe ek dit vroeër bespreek het, het ek genoem dat die woordjie 'glo' hier betekenisvol is en niks met die idee van 'glo' van die meestersverhaal te doen het nie. Hierdie 'glo' verwys weereens na vertrouete.

Geloof in "die enigste Seun van God" al dan nie hou in hierdie versie skynbaar direk met veroordeling verband, hoewel Johannes dit duidelik maak dat hierdie veroordeling nie van God óf van Jesus af kom nie. Dis bloot die hel wat ons ervaar terwyl ons ons skeiding van God in stand hou.

In Johannes 14:12 staan daar: "Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen." Vir sy dissipels sê Jesus dat hulle nie duiwels kon uitdryf nie omdat hul geloof te klein was (Matteus 17:20). Uit hierdie woorde is dit duidelik dat Jesus homself nie uitsonder soos ons in die meestersverhaal geleer het nie, maar juis probeer aandui dat almal van ons soos hy kan wees. Dat, as ons nie daarna streef om sy Eenheid met God te ervaar nie, ons altyd 'veroordeel' sal bly in die sin dat ons die hel van skeiding bly ervaar.

ACIM maak dit duidelik dat die 'Seun van God' nie net Jesus is nie, maar almal van ons, oftewel die Christus in ons. Die mensdom as geheel is as Een met God geskape en is dit nog steeds. Jesus was maar een van heelwat meer mense wat tot volkome besef van hul Eenheid met God gekom het, en daardeur kon hy leef en wonderwerke doen soos wat hy het. In *Autobiography of a Yogi* beskryf Paramahansa Yogananda talle wonderwerke wat deur verligte jogi's gedoen is. Jesus se besef van sy Eenheid met God, soos ook ander mense se besef daarvan, was in

werklikheid sy en hulle “geloof in die Seun van God.” Wonderwerke het altyd hul oorsprong in die Christus – in Jesus en in ons.

Wanneer ons soos Jesus met God versoen is, met ander woorde ons Eenheid met God nie net besef nie maar ook ten volle vertrou, glo ons in die Seun van God op die manier waarvan Johannes gepraat het. Dit kan slegs gebeur wanneer ons al ons oordeel en griewe laat vaar het en volkome vergewe – en dus deur al ons dieperliggende vrees en skuldgevoel ‘gewerk’ het.

Wanneer ons by hierdie diep ervaring – die koninkryk van die hemel – uitkom, verander alles. Die wêreld verander, en ons is terug in ‘n toestand van tydloosheid. Nou ervaar ons volkome vrede en geluk en leef ons as die vrugte van die Liefde. Eers dan is ons “in die wêreld, maar nie van die wêreld nie.”

In hierdie toestand verloor al ons menslike onderskeidings hul betekenis. Nou is leef in die oomblik dieselfde as geloof, vertroue en Liefde: een onvoorstelbare ervaring van Eenheid.

Ons ‘wêreldse’ neiging is om alles met die verstand te probeer uitwerk en verstaan. Dit lei tot ons menslike ‘kennis’, maar in die meeste gevalle is daardie ‘kennis’ eintlik glad nie kennis nie, maar geloof in die sin van ‘belief’. As ‘n mens in diepte na die wetenskap as geheel kyk kan dit, ten spyte van die geweldige ontwikkeling van die tegnologie, nooit finale antwoorde verskaf nie. Elke wetenskaplike teorie is op aannames gebaseer. As die aannames verkeerd is, beteken die teorieë niks nie.

Teen die einde van die negentiende eeu het baie fisici geglo dat die fisika min of meer sy einde bereik het en dat hulle alles geweet het wat daar te wete was. Toe kom die kwantumfisika, wat effektief die hele fondament van die fisika omver gegooi het. Vandag is die ‘nuwe biologie’ besig om, te midde van groot weerstand van die ou garde, dieselfde te doen. Hoe kan gene of breinselle, wat bloot chemiese reaksies kataliseer, aan idees of bewussyn oorsprong gee? Wat is bewussyn in die eerste plek? Kan ons dit meet en definieer? Die wetenskap kan dit nie verklaar nie en sal met sy reduksionistiese benadering dit ook nooit kán doen nie.

Soos Jesus en Paulus twee millennia gelede al uitgewys het, beteken ons menslike intellektuele ‘kennis’ niks wanneer dit by die ‘koninkryk van die hemel’ kom nie.

Met al ons wetenskaplike ‘kennis’ is dit asof ons vrees nog steeds toeneem en ons vertroue verminder. Ons sukkel nog net so veel soos in die verlede om ons inherente natuur te vertrou.

Toe ek gereeld met die kinders by die Hatfield Montessori Preschool in Pretoria gespeel het, het ek gesien hoe die kinders my al hoe meer vertrou. Ek kon hulle rondswaai en in die lug gooi en omtrent enigiets met hulle

doen, en hulle het my volkome vertrou. Dit is wat outentieke spel aan kinders (en volwassenes) doen.

Daar was 'n moerbeiboom in die tuin van die skool wat 'n ideale klimboom was. Die kinders mog slegs in die boom klim as die direkteur van die skool of ek daar was. In baie skole word kinders vandag heeltemal verbied om in bome te klim.

Terwyl ek eendag onder die boom staan en 'n aantal kinders in die boom klim, val daar reg bo my skielik 'n kind uit die boom. Ek reageer onmiddelik – iets waarin ek deur outentieke spel goed geoefen was – en vang die kind. Sy lag en hou my vas. Sy het dit aspris gedoen!

Hierdie kind het so absoluut op my vertrou dat sy gewéét het ek gaan haar vang! En omdat sy so geglo het, het ek haar gevang. “Haar geloof het haar gered.”

Dit is die aard van die geloof waarvan Jesus gepraat het. “As julle maar geloof so groot soos 'n mosterdsaadjie gehad het,” sê Jesus volgens Lukas 17:6, “sou julle vir hierdie moerbeiboom kon sê: ‘Trek jou met wortels en al uit die grond uit en plant jouself in die see,’ en hy sou julle gehoorsaam.” Volgens Matteus 17:20 het hy gesê: “As julle maar geloof het so groot soos 'n mosterdsaadjie sal julle vir hierdie berg sê: ‘Gaan staan daar anderkant’ en hy sal gaan. Niks sal vir julle onmoontlik wees nie.”

Dis die tipe geloof wat ons vandag sê nie moontlik is nie. Baie van ons erken Jesus was 'n goeie man, en probeer selfs om soos hy te leef, maar dat 'n mens werklik siekes kan genees en selfs dooies opwek? Nee wat, ons weet mos dit werk nie so nie.

“Few appreciate the real power of the mind, and no one remains fully aware of it all the time. However, if you hope to spare yourself from fear there are some things you must realize, and realize fully. The mind is very powerful, and never loses its creative force. It never sleeps. Every instant it is creating. It is hard to recognize that thought and belief combine into a power surge that can literally move mountains. It appears at first glance that to believe such power about yourself is arrogant, but that is not the real reason you do not believe it. You prefer to believe that your thoughts cannot exert real influence because you are actually afraid of them” (ACIM T-2.VI.9:3-10).

Die dogtertjie wat uit die boom in my arms gespring het, het nie al ons ‘kennis’ gehad om te ‘weet’ dat wat sy gedoen het, sy nie kon doen nie. Intendeel; as sy ons ‘kennis’ gehad het sou sy dit nie gedoen het nie! Dis ons einste ‘kennis’ wat ons van ware geloof weerhou. Dis hierdie ‘kennis’ wat as vreesgeassosieerde gedagtes in ons koppe rondmaal en eers stilgemaak moet word voordat ons werklik in die oomblik kan leef. Vertroue is altyd 'n ervaring in die oomblik.

Ek het een keer op 'n byeenkoms van mense wat die tradisionele godsdienst bevraagteken het hierdie storie vertel. Na die tyd sê iemand vir my: “Wat probeer jy nou éintlik sê?” Die menslike verstand kán eenvoudig nie die konsep ‘geloof’, in die sin van vertroue, verstaan nie. ‘n Mens leer net vertrou deur te vertrou. Sulke vertroue is net moontlik as ‘n mens op ‘n dieper vlak wéét dat ons uiteindelik Een met God is. Dis hoekom Jesus gesê het: wees soos die kinders.

Daardie wete is nie iets wat ‘n mens kan forseer nie. Dis iets wat die lewe self ons leer terwyl ons soos die verlore seun baljaar en swaarkry. Ons kan die proses egter versnel deur te leer vergewe en bewus te word van hoe ons ons eie werklikheid skep.

Dis interessant dat ‘n vrou op dieselfde byeenkoms vir my gesê het: “Jy is ons myle vooruit.” Sy het met haar ‘hart’ verstaan wat die intellek nie kan verstaan nie. En omdat sy dit verstaan het, was ek haar nie regtig ‘vooruit’ nie.

Hiermee is ons nou by seker een van die mees kontroversiële aspekte van ‘geloof’: wonderwerke. Is wonderwerke regtig moontlik in die lig van al ons wetenskaplike kennis?

Wonderwerke

I realised that ‘Father Creative Consciousness’ was the ‘worker’ and that It was eternal and infinite and nothing – nothing except the human mind could stop it from doing its work.

CL 1 p27

The correct attitude towards my mission on earth, in this third millennium, is to acknowledge that the ‘miracles’ I performed are beyond the capabilities of the average human being at this time. However, such ‘miracles’ were examples of what can be achieved in the future when people’s minds are fully imbued with the true knowledge of existence and are also, through faith, meditation and prayer, fully attuned to and imbued with ‘Universal Life/Love Consciousness’.

CL 3 p11

Gebeur daar vandag nog wonderwerke? Het wonderwerke ooit gebeur? Daar is talle mense wat daarby sweer dat hulle wonderwerke beleef het, en seker net so veel of nog meer wat met absolute sekerheid glo dat dit nie moontlik is nie. Daagliks nog baklei talle atëiste en ‘fundamentalistiese’ Christene hieroor op Internetforums en elders.

A Course in Miracles beteken letterlik ‘n *Kursus in Wonderwerke*. (Henri Theron noem dit ‘n *Kursus in Wonders*, op grond van die Nederlandse vertaling met dieselfde titel.) Hoewel ek as opgeleide wetenskaplike op ‘n diep vlak eintlik maar baie skepties was, het ek tog op ‘n intellektuele vlak gehou van die idee van ‘wonderwerke’ toe ek met ACIM begin het. Dit het my jare geneem om van my naïwiteit ontslae te raak en die diepte te besef van wat ‘miracles’ presies beteken.

Met ‘miracles’ bedoel ACIM nie noodwendig die tipe wonderwerke wat Jesus gedoen het nie, hoewel dit hulle nie uitsluit nie. ACIM gee nêrens ‘n spesifieke kort en bondige definisie van wonderwerke nie (dit sou weer daarop neerkom om God in ‘n konsep te probeer vasvang), maar hier volg ‘n paar aanhalings uit die geskrif:

“Miracles occur naturally as expressions of love. The real miracle is the love that inspires them. In this sense everything that comes from love is a miracle.” (T-1.I.3:1-3).

“The miracle entails a sudden shift from horizontal to vertical perception” (T-1.II.6:3).

“Miracles are a kind of exchange. Like all expressions of love, which are always miraculous in the true sense, the exchange reverses the physical laws. They bring more love both to the giver and the receiver” (T-1.I.9:1-3).

“Miracles are natural signs of forgiveness. Through miracles, you accept God’s forgiveness by extending it to others” (T-1.I.21:1-2).

Die konsep hou direk verband met nog ‘n algemene konsep in ACIM; die ‘Holy Instant’ of *heilige oomblik*.

Op die webwerf [*Circle of Atonement*](#) word die ‘Holy Instant’ as volg beskryf:

“A moment in which we temporarily set aside the past and enter into the timeless present, in which we momentarily transcend identification with illusions and recognize what is real. We enter the holy instant not by making ourselves holy, but by forgetting our normal frame of reference, with its absorption in the past, the future, the body and our own sinfulness. This allows our minds to be still and shift into another state of mind. There we experience the lifting of the barriers of space and time, unawareness of the body, the sudden feeling of peace, joy and love, recognition of our true holiness, and communion with all that seemed to lay outside of us – with all our brothers and with God. ... The holy instant is the birthplace of the miracle. In it our thoughts are healed and this healing then extends out to the world.”

Nogal ‘n mondvul. Laat ek probeer opsom:

In die eerste plek is ‘wonderwerk’ nie ‘n goeie vertaling van die Engelse woord ‘miracle’ soos dit in ACIM gebruik word nie. Vandaar dat

Henri Theron in sy vertaling die word 'wonder' gebruik, wat ek ook voortaan sal doen.

Die 'miracle' of wonder van ACIM is die natuurlike resultaat van 'n oomblik waarin ons Eenheid met God beleef. Dit vind plaas wanneer ons ander volkome vergewe, en deur daardie daad van vergifnis self vergifnis ervaar. In die heilige oomblik word illusies – en dus ook die fisiese wette – vir 'n oomblik ongedaan gemaak. Dit kan slegs gebeur *omdat* dit illusies is. In daardie oomblik ervaar ons absolute Liefde, en daardie Liefde kan in enige vorm uitgedruk word. Dikwels neem dit die vorm van 'n soort persoonlike ekstase (Engels: *bliss*) aan. In ander gevalle kan dit die vorms aanneem van die tipe wonderwerke wat Jesus gedoen het en wat skynbaar gereeld in die Ooste voorkom.

Die 'graad' van wonderwerke hang nie van die wonderwerke af nie, maar van ons vermoë om hulle te kan assimileer. Daardie vermoë hang op sy beurt weer van ons vlak van vrees af. Die rede waarom ons so min wonderwerke ervaar is in werklikheid ons intense vrees daarvoor op 'n grotendeels onbewuste vlak.

Hoe dieper ons ervarings van Eenheid word, met ander woorde hoe meer ons vrees laat vaar, hoe meer word wonderwerke 'n moontlikheid. Omdat Jesus skynbaar in 'n voortdurende staat van Eenheid met God was, kon hy enige tyd wonderwerke doen. In werklikheid was dit egter nie die man Jesus wat die wonderwerke 'gedoen' het nie, maar was die wonderwerke die natuurlike resultaat van Jesus se ervaring van Eenheid met God as die Christus.

In *Christ's Letters* 3 (p7) vind ons 'n meer persoonlike weergawe van die wonderwerk van die vermeerdering van die brode en visse as in die Bybelse evangelies:

"I withdrew some way from the crowd and quietly contemplated the loaves and fishes, knowing that they were but 'God Mind Power', the substance of all 'matter', made visible.

"I *knew* that 'God Mind Power' was limitless and powerfully active within my consciousness.

"I *knew* that the nature of the 'Father' is the fulfilment of need.

"As I blest the food, I felt the Power flow fully through my mind, body and hands and I *knew* the people's hunger would be satisfied. I did not know how this would be, I just knew it would.

"I then took the baskets of food and told the disciples to distribute it, *feeling* absolutely certain that everyone would have as much food as they needed.

"As it was broken and passed around, so did it multiply itself until all the thong were fed and satisfied. There were several baskets of left-overs.

"In this way, I demonstrated that:

- ‘Matter’ – whatever is visible within the universe – is mind/consciousness made visible through the vibration of the ‘motes’ (which science terms particles).
- Changes in the ‘vibration of motes’, hence changes in ‘matter’, take place as a result of a powerfully directed, disciplined, focused movement/imagery in mind/consciousness energy.
- When one acts purely out of a ‘love consciousness’ to accomplish good for others, the only limits to the ‘Father’ Love Work within the world *are the limits which man’s mind sets upon that work*.

“Such changes in ‘matter’ can only take place when the consciousness of ‘man’ is perfectly in harmony and united with ‘Father’ Universal Consciousness.”

Net iets oor 'bewyse'. “Proof,” skryf Michael Roads in *Talking with Nature* (p62), “has become mankind’s obsession. It is an intellectual attachment which, rather than expanding your horizons, is rapidly becoming a restriction. Proof can easily become a denial of that which “IS”, and the seeds of tragedy are contained in this. Those who feel these words resonate in their hearts will need no proof, while those who do not could accept none.

Dis onmoontlik om te 'bewys' dat dit wel Jesus is wat hier of in enige van die ander geskifte praat, of selfs dat wonderwerke enigsins moontlik is. Elkeen van ons aanvaar 'bewyse' in die mate waarin hulle met ons eie wêreldsiening ooreenkom, of in die mate waarin ons die egtheid daarvan aanvoel. Die vermoë om egtheid aan te voel is egter direk gekoppel aan die mate waarin ons met ons eie egtheid in aanraking is, en dus die mate waarin ons onself van die ego – en dus van vrees – kan losmaak.

Een rede waarom hierdie woorde van 'Jesus' vir my so eg oorkom is dat ek direk kan identifiseer met die woorde: “I felt the Power flow fully through my mind, body and hands and I *knew* the people’s hunger would be satisfied. I did not know how this would be, I just knew it would.” Hoewel ek nog nooit Jesus se tipe wonderwerke beleef het nie, het ek talle kere al presies dieselfde sekerheid ervaar in wat seker net so goed in ACIM se definisie van wonders pas as Jesus se ervarings. Ek kan aan enkele spesifieke gevalle dink.

Die eerste geval was tydens 'n verkoping van plante by Kirstenbosch botaniese tuin. Toe ek 'n orgidee sien waartoe ek onmiddellik baie aangetrokke voel, besluit ek om dit te koop.

“Dis nie te koop nie,” sê die dame by die toonbank. “Dis die prys vir 'n lotery.”

Sonder om na te dink kom die woorde spontaan uit my mond: “Dan sal ek hom só neem,” en ek haal die geld vir 'n loterykaartjie uit my beursie. Ek het met absolute sekerheid geweet dat ek die orgidee gaan wen.

Die middag bel hulle my waar ek by vriende tuisgegaan het om my te laat weet dat ek die orgidee gewen het.

'n Ander geval was op 'n wildernisstaptoer in die Hluhluwe-iMfolozi-wildtuin. My mede-gids Siphos het voorgeloop terwyl ons teen 'n effense helling opgeloop het. Skielik verskyn daar 'n groot olifantbul op die horison. Hy was besig om van die ander kant af op dieselfde wildspaadjie as ons in ons rigting te stap.

“Come!” skree Siphos vir die groep, en beweeg teen 'n aansienlike spoed min of meer terug van waar ons gekom het. Hulle volg hom met besondere gewilligheid.

Sonder aarseling, voordat my rasonale denke kon inmeng, stap ek skuins op die olifant af. Ek het met absolute sekerheid geweet dat dit die regte ding was om te doen en dat die olifant vir my geen gevaar inhou nie.

Toe die bul my sien, begin hy so half op my afstorm, maar duidelik sonder passie. Dit was so al asof hy gedink het dis die “regte ding om te doen” as 'n olifant, maar nie regtig lus was om te storm nie.

Ek steur my nie eers daaraan nie en loop verder. Ek wou wind-op van hom kom, sodat daar geen verassings sou wees nie (eerlikheid en deursigtigheid!).

Toe ek die posisie bereik waar ek wou wees, stop die olifant, draai na my kant toe en kom stadig sonder enige aggressie na my toe aangestap. Hy stop so 20 meter van my af. Dit was weer een van daardie oomblikke waar ek die Eenheid van alles intens ervaar het.

“Magtag, maar jy is darem 'n ongelooflike wese!” is die woorde wat uit my mond kom om die onbeskryflike gevoel van Eenheid wat ek met die dier ervaar te verwoord. Op daardie stadium het ek die olifant geken, en ek het geweet die olifant ken my, en ek het myself geken, en daar was Eenheid, en daar was vrede.

Dis nie 'n ervaring wat ek aan enigeen kan 'bewys' nie, maar ek is daarvan oortuig dat daar baie mense is wat kan sê: “Ja, dis presies wat ek ook al ervaar het!” Tien teen een in ander kontekste, maar die ervaring van Eenheid is universeel.

Terwyl ek so met die olifant staan en kommunikeer, sien ek die groep is nou ver weg, maar reg in die pad van die olifant. Ek wys vir hulle om heeltemal in 'n ander rigting te beweeg, want die olifant gaan presies daar loop waar hulle nou staan.

So al asof die olifant verstaan het, begin hy net daar in die rigting van die groep loop.

“Hokaai!” sê ek vir die bul. “Jy kan nie nou al loop nie. Hulle is nog nie reg vir jou nie. Gee hulle net kans om weg te kom!”

Hy stop, draai om, loop terug en staan weer vir my en kyk – net mooi lank genoeg om die groep kans te gee om weg te kom. Toe loop hy.

Toe ek weer by die groep aansluit, is daar groot opgewondenheid. En dis alles op video.

Hierdie diep sekerheid het ek heelwat kere in interaksie met wilde diere soos olifante, leeu en renosters ervaar.

Ek onthou hoe ek eenkeer met 'n klein groepie mense in 'n swartrenoster vasgeloop het. Hy het met sy agterstewe in die bos gestaan, en al rigting waarin hy kon beweeg was na ons toe. Ek skree vir die mense om skuiling te soek, en wag 'n oomblik om hulle kans te gee. In daardie oomblik hardloop die renoster reg op my af. Ek draai om en hardloop. Ek was in 'n oopte en moes by 'n bos uitkom, maar die naaste bos was so twee meter terug.

Soos ek hardloop, kyk ek agter my, en sien die renoster se horing al nader kom. Toe hy reg was om my te skraap, is ek by die bos en duik agter die bos in. Die renoster hou aan hardloop.

Wat vir my interessant was, was dat ek absoluut geen vrees ervaar het nie. Dit was vir my amper soos 'n speletjie: “Wanneer moet ek spring...? Nee, nog nie ..., nog nie..., NOU!”

Ek vermoed dat my eie gebrek aan aggressie iets te doen gehad het met die feit dat die renoster ook geen aggressie getoon het nie. Hy't net geskrik en al waarnatoe hy kon hardloop was waar ons was. Hy't ook nie omgedraai en teruggekom soos renosters dikwels doen nie. Swartrenosters is bekend vir hul aggressie, en tog het ek hulle nog nooit as opstetlik aggressief ervaar nie.

Op 'n keer het ek in Northcliff, Johannesburg gestap toe 'n wolfhond verwoed op my afstorm. Die hek was toe, maar hy het met soveel aggressie op my afgestorm dat hy die hek oopgestamp het. Weereens het ek met volkome sekerheid gewéet ek is veilig en vreesloos vir die hond gekyk. Toe, in wat seker 'n breukdeel van 'n sekonde was maar soos 'n ewigheid gevoel het, sak hy af grond toe en kom lê met sy kop op sy pote voor my in 'n gebaar van absolute onderdanigheid. Sy eienares het hom geroep, en hy het na haar toe teruggehardloop.

Ek het vroeër al die insident genoem waar ek 'n diep gevoel van vrede en veiligheid ervaar het toe 'n verwoede persoon op my afgestorm het om my aan te val.

En so was daar baie meer gevalle waarvan ek lankal al vergeet het. Die kumulatiewe effek daarvan is egter 'n diepliggende vertroue – geloof – in 'n werklikheid wat nie van hierdie wêreld is nie.

Op 'n stadium was ek saam met 'n vrou fasiliteerder op 'n bus vol skoolkinders van Johannesburg na Durban toe, as deel van die READ opvoedkundige trust se pogings om kinders aan te moedig om te lees.

Langs die pad het ons lekker gesels, en op 'n stadium het ons lank langs die see gestap. Seksualiteit het ter sprake gekom omdat albei van ons as kinders heelwat seksuele onderdrukking ervaar het. Bloot die praat daaroor het dinge losgemaak en 'n soort genesing bewerkstellig. Ek kon sien hoe sy al hoe 'ligter' word, en daarmee saam het ek 'n diep vreugde in myself ervaar.

Toe ons in Durban aankom, het hierdie vrou 'n metamorfose ondergaan. Daardie aand vra iemand wat haar al jare lank geken het vir my: "Wat het jy aan daardie vrou gedoen?" Hy het haar nog nooit so vreugdevol gesien nie.

Ander het dit ook raakgesien. Later die aand toe ek al in my hotelkamer was, klop iemand aan die deur. Ek maak oop en 'n huilende vrou kom binne. Sy was ook deel van die geselskap. Ek luister na haar storie, maar kom gou agter dat sy 'n verskuilde agenda het. Sy het, soos waarskynlik al die ander, vermoed dat ek met my mede-fasiliteerder seks gehad het en dat dit was hoekom sy so vreugdevol was. Nou wou sy dieselfde ervaring hê.

Ek is maar 'n man soos alle mans, en so 'n naggie saam in die bed met 'n glad nie onaardige vrou nie sou heel lekker kon gewees het! Met my dieper insig in die situasie sou dit egter misbruik gewees het, en ek het dit dus nie so ver laat gaan nie. Ek het bloot geluister tot sy opgehou huil het en beter gevoel het.

Weke later kry ek 'n briefie van die vrou: "Dankie dat jy nie seks met my gehad het nie."

Die effek wat ek op my mede-fasiliteerder gehad het was 'n wonder. Juis daarom het dit dieselfde effek op my gehad: 'n wonder werk altyd na twee kante toe. Al twee van ons het 'n oomblik van volkome Eenheid beleef; 'n ervaring wat ons nooit aan ander sou kon verduidelik nie.

Die ego is altyd geneig om geestelike ervarings in terme van die liggaam te interpreteer. Dit kan nie anders nie: die liggaam is die ego se enigste verwysingsraamwerk. ACIM noem alle fisiese impulse, en dit sluit uiteraard die seksdrang in, "misdirected miracle impulses." Ek kan aan geen beter voorbeeld dink as die huilende vrou wat na my hotelkamer toe gekom het nie.

Hierdie soort wonders het ek gereeld ervaar, en was altyd die gevolg van my besluit om ander mense as volkome heilig en sonderloos te sien, met ander woorde die gewilligheid om volkome te vergewe. Ek het dit ook gereeld ervaar as ek met kinders gespeel het. Tydens outentieke spel is ek so gefokus op die interaksie met die kinders, en leef ek so absoluut in die oomblik dat ek soms alle bewussyn van tyd en ruimte verloor en my

bewegings al hoe meer spontaan van diep binne-in my ontstaan sonder dat ek enigsins beheer daaroor het.

Ek vermoed dat seker meeste mense al by tye hierdie soort ervarings gehad het: met ander mense, in die natuur, terwyl hulle hardloop en so meer. Weereens Csikszentmihalyi se *flow*. Dis ons natuurlike toestand van gees! Helaas is dit in die aard van die ego om sulke ervarings dan te wil rasionaliseer, byvoorbeeld deur dit aan een of ander chemiese reaksie te wil toeskryf.

In hoofstuk 8 beskryf ek my 'reis in geloof', en noem ek daarin dat ek dikwels geld gekry het op presies die tyd waar ek dit die nodigste gehad het. Dit sluit 'n geval in waar ek geld by 'n ATM getrek het sonder dat daar geld of krediet op my rekening beskikbaar was. Ek weet dat al hierdie ervarings onmoontlik toeval kon gewees het, maar ek weet ook dat ander mense dit nie noodwendig so sal sien nie. Ons glo wat ons wil glo.

Hoewel hierdie ervarings nie naasteby so skouspelagtig was soos Jesus se wonderwerke nie, was dit vir sover dit my aangaan net so wonderbaarlik. As 'toeval' nie bestaan nie, en daar is nie 'n manier waarop al my ervarings of derduisende ander mense se ervarings aan toeval toegeskryf kan word nie, beteken dit dat al ons fisiese wette ongedaan gemaak kan word!

David Hoffmeister het dit nog 'n stap verder geneem. Hy leef absoluut in geloof. Op ons 'retreat' en verskeie van sy YouTube videos vertel hy hoe sy lewe een lang avontuur van wonders is. As hulle 'n stuk grond nodig het, daag daar skielik iemand op wat vir hulle die geld gee. Toe die organiseerders van sy toer in Suid-Afrika nie genoeg geld bymekaar kon kry om vir sy en sy 'boodskappers' se vliegkaartjies te betaal nie, bied iemand in Europa aan om daarvoor te betaal.

En so is daar talle mense wat soortgelyke verhale kan vertel.

In verskeie van sy boeke noem Deepak Chopra gevalle van waar wonderbaarlike genesing van siektes soos kanker plaasgevind het. In sy boek *Supernature* vertel Lyall Watson hoe genesers in die Fillipyne sonder verdowing, instrumente of antibiotika operasies op mense doen, en die wonde dan onmiddelik genees. Op YouTube is daar vandag heelwat videos oor hierdie genesing, en natuurlik net soveel videos en skrywes waarin die geldigheid daarvan ontken word. En so is daar baie verhale van wonderbaarlike genesing en net so veel ontkennings.

In *Autobiography of a Yogi* noem Paramahansa Yogananda talle voorbeelde van wonderwerke deur jogi's in Indië.

Dis natuurlik baie maklik om alles net aan wensdenkery af te skryf. Hierdie baie algemene verskynsel is bloot ontkenning met die uitsluitlike doel om ons eie geloofsisteem in stand te hou.

Volgens die fisiese wette van die wetenskap is wonderwerke inderdaad onmoontlik. Dit is 'n feit. Dit is waarom baie mense so oortuig is dat wonderwerke nie kan plaasvind nie. Dit is ook waarom ek onderskei tussen *wetenskap* en *wetenskapisme*. Wetenskap assulks is vir my die sistematiese, onbevooroordeelde ondersoek wat daarop gerig is om die natuur beter te probeer verstaan. Wetenskapisme is 'n geloof: die geloof dat waarheid slegs binne die materialisties-reduksionele wetenskapmodel gevind kan word.

Die enigste manier waarop wonderwerke kan plaasvind is as die fisiese wette in werklikheid deel van 'n groot illusie is, soos wat ACIM en ander geskryfte inderdaad beweer. Dit is presies waarom daar soveel weerstand teen die idee is.

Wat ons glo bepaal ons skynbare werklikheid. Hoe meer ons geloof op vrees gebaseer is, hoe minder ontvanklik is ons vir enigiets – wonderwerke ingesluit – wat daardie geloof bedreig. Solank ons oortuig bly dat wonderwerke nie moontlik is nie, sal daar geen wonderwerke wees nie. Wanneer ons onself oopstel vir die moontlikheid dat wonderwerke wel gebeur, is daar talle voorbeelde.

ACIM waarsku dat wonders altyd die onbewuste gevolg is van die heilige oomblik wanneer ons oordeel laat vaar en vergewe. Wanneer ons bewustelik wonderwerke probeer doen, is dit van die ego. Die ego het sy bestaan egter nog steeds aan die krag van God te danke, en kan in sommige gevalle dus skynbaar wel wonderwerke doen.

Ek kan die bron nie meer opspoor nie, maar lank gelede het iemand beweer dat wonderbaarlike genesing al aangeteken is tydens verskeie vorms van massa-histerie, soos politieke en godsdienstige opsweping, asook wanneer mense intens verlief is. Ek het persoonlik al die geweldige krag van die opsweping tydens geloofsgenesingdienste (en van verliefdheid!) ervaar, en opgemerk dat die genesing in sulke dienste altyd deur 'n opswepingsproses voorafgegaan word.

In die geval van sulke 'geloofsgenesers' glo ek dat die 'wonderwerke' inderdaad van die ego is. Kenmerkend van sulke genesers is dat, hoewel hulle dit mooi verpak in godsdienstige retoriek, hulle basies daarop aanspraak maak dat genesing hul persoonlike vermoëns is.

Is die Fariseërs deur Jesus se wonderwerke 'bekeer'? Nee. Inteendeel. Dit het hulle net al hoe meer gemotiveer om Jesus te laat kruisig.

Vandag het ons nog presies dieselfde verskynsel. Sekere wetenskaplikes erken dat die wetenskap nooit 'n allesomvattende begrip van die werklikheid kan hê nie, en is oop vir enigiets wat bestaande teorieë en paradigma's in twyfel trek. Eintlik is só 'n benadering egte wetenskap. 'n Ware wetenskaplike is altyd oop vir nuwe idees: dis presies hoe die wetenskap vordering maak!

Daar is egter ook baie wetenskaplikes, of liever wetenskapiste, wat enigiets wat bestaande paradigma's in twyfel trek in beginsel verwerp. Dit val my op dat wetenskapiste feitlik deur die bank skynbaar 'n baie beperkte kennis van wetenskapfilosofie het. Sonder om 'wonderwerke' in gedrang te bring het die filosofie van wetenskap lankal al uitgewys dat die fundamente van die wetenskap glad nie so solied en onbetwisbaar is as wat algemeen aanvaar word nie.

In sy boek *A New Science of Life* het Rupert Sheldrake 'n teorie voorgestel wat hy 'morfiese resonansie' genoem het. Daarvolgens stel hy voor dat alle organismes en organe deur 'morfiese velde' soortgelyk aan dié van die kwantumfisika omring word wat die vorm en funksie daarvan bepaal.

Sheldrake was 'n briljante en suksesvolle biochemikus, maar na nege jaar van navorsing oor hoe differensiasie van selle in die groeipunte van plante veroorsaak word, maak hy die volgende stelling:

"After nine years of intensive study, it became clear to me that biochemistry would not solve the problem of why things have the basic shape they do" (aangehaal uit Brad Lemley se artikel *Heresy, Rupert Sheldrake*).

Hoewel bitter min mense daarvan bewus is, was hierdie stelling vir die wetenskap effektief net so radikaal as wat Jesus vir die Joodse godsdiens was. Sheldrake het ingesien en uitgewys dat daar géén manier is waarop die wetenskap kan verklaar hoe gene, of enige ander biochemiese meganismes, aan vorm en funksie oorsprong kan gee nie.

Dit is hoekom hy sy teorie oor morfiese resonansie geformuleer het. Hy het besef dat die verklaring vir vorm en funksie op 'n totaal ander vlak gesoek moet word.

Gene is bloot sjablone vir chemiese reaksies. Vir enige liggaam om volgens spesifieke patrone te kan ontwikkel en funksioneer is *inligting* nodig. Hoe kan 'n chemiese reaksie inligting voorsien? Wat is 'inligting'? Dit het te doen met bewussyn. Wat is 'bewussyn'? Dieselfde dilemma doen hom voor in die verhouding tussen die brein en bewussyn. Dit is die tipe vra waarmee Sheldrake hom besig gehou het.

Vir Sheldrake se radikale insig in die inherente beperkings van die genetiese model is hy figuurlik gekruisig. In 'n onderhoud met die BBC in 1994 het John Maddox, die destydse redakteur van die vooraanstaande wetenskaplike tydskrif *Nature* gesê: "Sheldrake is putting forward magic instead of science, and that can be condemned in exactly the same language the pope used to condemn Galileo, and for the same reason. It is heresy." Hy het ook voorgestel dat Sheldrake se boeke verbrand word.

Ek verkneukel my oor sy 'Freudian slip': hier doen 'n vooraanstaande wetenskaplike effektief presies waarvan die kerk nog altyd beskuldig is, en

hy besêf dit nie eers nie! Maddox en ander 'skeptici' het ook in ander gevalle, soos waar Jacques Benveniste se eksperimente uitgewys het dat homeopatiese medisyne wêl effekte kan hê, alles in hul vermoë gedoen om die wetenskaplikes verdag te maak.

Dis duidelik dat wat hier aan die gang was op 'n diep onbewuste vlak plaasgevind het. Sheldrake het 'n briljante akademiese rekord gehad, en het sy hipotese baie goed gemotiveer. Tog word hy aangeval (en vandag nog steeds grotendeels deur die ortodokse wetenskap verwerp) bloot omdat wetenskaplikes nie van sy hipotese gehou het nie. Hoe wetenskaplik is dit?

Die rede is natuurlik dat hierdie wetenskaplikes die implikasies van Sheldrake se insig besef het en op 'n diep vlak daardeur bedreig gevoel het: soos Jesus die fondament van die Joodse godsdien bevestigte, het Sheldrake die fondament van die reduksionistiese wetenskap bevestigte.

In sy klassieke boek *The Structure of Scientific Revolutions* het Thomas Kuhn destyds al 'n klassieke patroon in die wetenskap uitgewys – 'n patroon wat nie tot die wetenskap beperk is nie. Hy het daarop gewys dat, in plaas daarvan dat die wetenskap 'n geleidelike uitbreiding van kennis is, dit in werklikheid 'n herhaling van 'n patroon is waar spesifieke paradigma's of geloofstelsels gevestig word, bevestigte word en dan met nuwe paradigma's vervang word. Die oorgang van een paradigma na 'n ander gaan altyd gepaard met sekere groepe wat fanaties aan die ou paradigma vaslo, nuwe's wat dit bevestigte en heelwat konflik tussen die twee. Die bekende kwantumfisikus Max Planck het destyds gesê: "A new scientific theory does not triumph by convincing its opponents and making them see the light, but rather because its opponents eventually die."

Hierdie patroon is niks anders as dié van die ego nie. Die ego wil altyd aan spesifieke geloofstelsels vaslo. Dit wil nie verandering hê nie, want verandering bring onsekerheid en daarmee die moontlikheid dat die ego se denkbeeldige krag ondermyn sal word.

Christ's Letters 5 se uiteensetting van die dilemma van die wetenskap maak vir my baie sin, of dit nou 'Jesus' is wat daar praat of nie:

"When men of science attempted to announce their discoveries and theories, they were forced to describe their new beliefs in the presence of enormous religious opposition. Consequently, they found it necessary to concentrate much of their mental energy on proving the Prophets' pronouncements wrong. In doing so, their agenda caused them to lose clarity of vision and they also became ego-driven. Thereafter, *any intuitive perception* proposed by the scientific fraternity was derided and rejected out of hand by other scientists. Because of this mental climate, the pendulum of the search for 'Truth' swung solely to an undeviating belief in

reason and logic, thus imprisoning the human intellect in materialism for the answers to the origins of life and existence.”

Veral in die vyfde brief bevraagteken CL die basiese fundamente van die wetenskap, en gee dit ‘n breedvoerige uiteensetting van hoe die wetenskap nog deur ou godsdienstige konsepte teruggehou word en opsetlik die onderliggende lewensimpuls ontken. Daardeur word dit tot ‘n effektief onlogiese materialistiese siening beperk. Ongeag of ‘n mens die ‘metafisiese’ oorsprong van CL aanvaar of nie, is hierdie bevraagtekening vir my absoluut geldig en logies konsekwent. Interessant dat dit ook ‘n paar jaar voor die verskyning van die selbioloog Bruce Lipton se boek *The Biology of Belief* spesifiek die rol van die ‘onbeheerbare’ selmembraan bespreek het. Lipton het tot presies dieselfde gevolgtrekking gekom en lighartig van die selmembraan as die ‘cell membrain’ gepraat!

Die wetenskap het ons ‘n blik op die onvoorstelbare kompleksiteit van lewe gegee, maar word tans deur die ekwivalent van die Fariseërs in die tyd van Jesus gekniehalter.

Van die Fariseërs staan daar opgeteken in Matteus 13:58: “Vanweë hul ongeloof het hy daar nie baie wonderwerke gedoen nie.” Waar Jesus geloof teëgekom het, het hy wonderwerke gedoen, maar waar daar geen geloof was nie, skynbaar nie. Sy wonderwerke het dus skynbaar direk verband gehou met die geloof al dan nie van die mense waarmee hy in aanraking was. ‘n Mens sou kon vra: was dit op die ou end Jêsus wat die wonderwerke gedoen het, of was dit die interaksie tussen Jesus en die mense se eie geloof?

In die eindelose ‘debatte’ oor die bestaan van God al dan nie word daar dikwels op ‘bewyse’ aangedring. Tog doen, wanneer iemand met ‘bewyse’ van wonderwerke voor die dag kom, sekere mense alles in hul vermoë om te ‘bewys’ dat die ander se ‘bewyse’ vals is. Daar is verskeie webwerwe van ‘skeptici’ wat hulle daarop toespits. Wat hulle skynbaar nie besef nie is dat juis hul ‘skeptisisme’, wat in werklikheid ‘n weiering is om enigiets te erken wat teen hul geloofsstelsel indruis, veroorsaak dat hulle altyd ‘reg’ is en geen bewyse van wonderwerke vind nie!

Hoeveel atêiste is al deur die godsdienstiges oortuig dat God bestaan? En hoeveel godsdienstiges is al deur die atêiste oortuig dat God nie bestaan nie?

Die ego wil altyd reg wees, en sal alles in sy vermoë doen om te ‘bewys’ dat hy reg is. So sal dié wat in wonderwerke glo, daarin bly glo en dié wat nie daarin glo nie, bly glo dat hulle nie plaasvind nie. Om dié wat nie in wonderwerke glo nie te probeer oortuig is volkome nutteloos. Dis waarskynlik waarom Jesus nie wonderwerke gedoen het vir die Fariseërs nie.

In die groter prentjie kan 'n mens dalk baie van die verskille tussen die Ooste en die Weste so verklaar. In *Autobiography of a Yogi* noem Paramahansa Yogananda talle gevalle van wonderwerke deur jogi's in Indië. Hoewel daar in sy tyd (begin van die twintigste eeu) ook maar baie skeptici was, was daar veral in die Hindoe-kultuur 'n algemene aanvaarding van die werklikheid van 'n geestelike dimensie en gepaardgaande wonderwerke.

In die Weste, daarenteen, het die ontvanklikheid vir wonderwerke na die sewentiende eeu drasties afgeneem. Die ironie is dat dit baie te make gehad het met die invloed van die godsdienst op die eerste moderne wetenskaplikes soos Galileo en Newton se denke. Hoewel hulle die skepping as 'n 'wonderwerk' van God gesien het, het hulle die skepping self as 'n soort masjien gesien wat deur God aan die gang gehou word. Daardie masjien het volgens onwrikbare 'wette' gefunksioneer, en afwykings van daardie 'wette' – wonderwerke – was onmoontlik.

Met die kwantumfisika aan die begin van die twintigste eeu is hierdie model, en daarmee die skynbare sekerheid van die natuurwetenskappe, heeltemal omvergegooi. Die ou model was skynbaar egter al diep in die menslike onbewuste gewortel, en met dié dat die kwantumteorie moeilik verstaanbaar was sonder 'n grondige kennis van wiskunde, het die ou meganistiese, reduksionele model in sowel die wetenskap as die samelewing as geheel bly voortbestaan. ('n Soortgelyke proses, met ander woorde, as wat in die godsdienst plaasgevind het.)

Dit geld veral vir die biologiese wetenskappe. Met die ontdekking van gene en DNA het die ou tendens van die fisici om die 'uiteindelike deeltjie' te probeer vind weer in die biologiese wetenskappe herleef. Hierdie keer was dit DNA in plaas van atome. Vandag speel wetenskaplikes soos Bruce Lipton en Rupert Sheldrake dieselfde rol in die biologiese wetenskappe as wat die kwantumfisika destyds in die fisika gespeel het, en ervaar hulle skynbaar nog meer teenkanting. Dalk het dit iets daarmee te doen dat die ontwikkeling van die atoombom 'n direkte 'bewys' van die geldigheid van die kwantumfisika was, terwyl geen soortgelyke praktiese 'bewys' nog uit die nuwe biologie te voorskyn gekom het nie?

Om op te som: Ja, wonderwerke of wonders is moontlik. ACIM gaan verder: wonders is natuurlik. Vir 'n moderne denkende mens om hierdie moontlikheid te ervaar vereis egter 'n radikale herevaluasie van alles wat ons tot dusver geglo het. So 'n herevaluasie is vir die ego 'n enorme bedreiging wat as 'n diep vrees manifesteer.

Sonder hierdie herevaluasie sal die 'debatte' oor godsdienst en wetenskap eindeloos voortduur en nooit tot 'n vergelyk kom nie. Helaas beteken dit ook dat die ellende van die wêreld sal bly voortduur en vererger.

Dit is die einste hopeloosheid van ons huidige bestel wat al hoe meer mense laat besef: Daar móét 'n ander manier wees!

Gebed en meditasie

Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word, want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word.

Matteus 7:7-8

When praying, never focus on your problems; always ask for the right remedy. Let your Creator bring you the right solutions which your human mind is incapable of thinking up.

CL 1 p26

Until you have got rid of your deep and darkest feelings of anger, vitriolic criticism, rejection, resentment and frustration, you will not be able to hear my Voice. ...Remember that to receive even my first whispers in the silence of your meditation or during a moment of inner quiet, you have to make changes in your consciousness, you have to become fully aware that Love is the only way to freedom, and this takes patience and time.

CL Articles 6

Hier het ons met nog een van die kontroversiële aspekte van geloof te doen. Hoeveel miljoene mense, ekself ingesluit, het God nie al gevra en gesmeek en gesoebat vir uitkoms, dinge wat ons dink ons nodig het, genesing van siekte en so meer nie? En hoeveel van ons het nie al in die diepste put van depressie beland omdat ons voel ons kry nie antwoorde nie?

Wat is die doel van gebed?

Vir die ego is dit om iets te probeer kry wat dit dink dit nodig het: geld, 'n beter werk, 'n verhouding, 'n kind, genesing van siekte of iets dergeliks.

Dikwels gaan dit om een of ander vorm van wen: van 'n sportwedstryd tot 'n oorlog. Hoeveel oorloë is nie al in die naam van God geveg waarin albei kante glo God is aan hulle kant nie, en waarin albei kante bid dat God hulle moet laat wen? Die inherente konflik in so 'n situasie is duidelik. As dit gaan om wen of verloor, of as wat ek wil hê enigsins ten koste van iemand anders of die groter geheel is, is dit duidelik van die ego.

Vir die Fariseërs het dit daarom gegaan dat hulle deur die mense gesien moet word, en vir hulle was die doel dus die versterking van hul eie

identiteit as ‘goed’. Vandaar Jesus se woorde: “As julle bid, moet julle nie soos die skynheiliges wees nie. Hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die straathoeke te staan en bid sodat die mense hulle kan sien. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg” (Matteus 6:5).

Hierdie soort bid – die ego wat iets vra – hou direk verband met ons konsep van God as ‘n soort pa wat sal gee as ons hom genoeg smee om te manipuleer: een persoon wat iets aan ‘n ander persoon gee. Dis menslike vra geprojekteer op God. Ego-gebed probeer ‘n mensgemaakte konsep van God manipuleer om te kry wat dit wil hê, of dit misbruik gebed om sy eie identiteit te versterk.

Die siel, aan die ander kant, het ‘n diep behoefte aan hereniging met God, en vir die siel is die doel van gebed hierdie einste kontak met God. Daarom dat Jesus voortgaan in Matteus 6:6: “Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.” Die siel se bid is ‘n diep persoonlike ervaring.

“Wanneer julle bid,” sê Jesus volgens Matteus 6:7-8, “moet julle nie soos die heidene ‘n stortvloed van woorde gebruik nie. Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word omdat hulle baie woorde gebruik. Moet dan nie soos hulle maak nie, want julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra.”

Waarom sou ons nog iets moet vra as die Vader al klaar weet wat ons wil hê?

Wanneer ons siel as ‘n liggaam sy bestaan hier op aarde voortsit, weet dit al klaar wat dit nodig het om te ervaar wat dit wil kom ervaar.

Dit beteken natuurlik nie dat ons nie vanuit ons ego vir dinge kan vra nie. Die probleem is dat wat ons ‘vra’ nie noodwendig is wat ons bewustelik dink ons behoefte is nie, maar wat ons glo ons sal kry. Of, soos CL 3 (p2) dit stel: “You are heard, but within the context of your present consciousness, there is little I can do for you. I cannot penetrate the thongs and chains of your years of ignorant thinking and acting.”

Soos voorheen al genoem, kry ons al klaar wat ons vra: ons skep ons eie werklikheid. Alles wat met ons gebeur is die skepping van ons eie geloof hoe dinge is; van ons ‘sponsoring thoughts’.

“Your prayer is certainly received into the Source of Being,” aldus CL 5 (p5), “and an answer is frequently received swiftly and the need is fulfilled, even as you have asked. But true contact with the Source of your Being is only experienced when you have sufficiently cleansed your consciousness of the gross human ego-drive and have spent some time in meditation and a regular emotionally powerful ‘reaching out’ in consciousness to your Source seeking contact and renewal and refreshment of spirit.”

“The Christ in you is very still,” sê ACIM. Slegs wanneer sowel ons gedagtes as ons emosies stil word – die uitsluitlike doel van meditasie, kom ons met die Christus in ons in aanraking, en wanneer dit gebeur, ervaar ons Eenheid. Ware gebed is dus in werklikheid ‘n vorm van meditasie.

In Matteus 6:9-15 vind ons die bekende ‘Onse Vader’. As ons aanneem dat wat in Matteus staan werklik is wat Jesus gesê het (wat nie noodwendig die geval is nie), is my interpretasie die volgende:

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.

Wat ek in hierdie woorde hoor is ‘n soort oorgawe (‘surrender’). Hoe meer ek besef dat God se wil uiteindelik ook my wil is, omdat God se wil niks anders as volkome vrede en vreugde is nie, hoe meer kan ek myself ten volle aan die wil van God oorgee. Wanneer ek dit nié besef nie, is hierdie ‘versoek’ bloot ‘n skynheilige voorgee dat ek God belangriker ag as myself.

God se wil sál geskied, ongeag wat ek daaroor te sê het of wat ek bid. Wanneer ek dus opreg vra dat God se wil op aarde geskied net soos in die hemel, is dit in werklikheid die bevestiging van die diep, interne aanvaarding van die wil van God – en dus vrede en geluk.

Vandaar dat meditasie, wanneer dit werklik ernstig en doeltreffend gedoen word, dikwels ‘n diep gevoel van vrede meebring. Dis nie maar net een of ander chemiese reaksie in die brein nie: dis Eenheid met God.

Gee ons vandag ons daaglikse brood.

In die evangelies kom dit duidelik na vore dat God weet wat ons nodig het en dit sal voorsien. “Nothing I need will be denied me,” aldus ACIM. Hoekom dan nog vra?

Vir my is hierdie weereens ‘n soort erkenning dat, terwyl ons in ons aardse werklikheid leef, ons sekere dinge nodig het om te oorleef, en die bevestiging dat dit nie van ons weerhou sal word nie. Dis iets heel anders as om te bid vir al die dinge wat ons dink ons nodig het, maar wat ons nie werklik nodig het nie.

En vergeef ons ons oortredinge soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree.

Hieroor het ek vroeër reeds uitgewei. Vergifnis werk altyd na twee kante toe. Dis onmoontlik om vergifnis te ervaar sonder om ander te vergewe: “As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie” (Matteus 6:14-15). Weereens bevestig die gebed bloot ‘n geestelike werklikheid en herinner dit ons aan die noodsaaklikheid om te vergewe.

En laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.

Hierdie is dalk die moeilikste deel, want dit hou skynbaar verband met sonde en die Duiwel. Soos ACIM egter herhaaldelik uitwys, is 'versoeking' nie die neiging tot sonde nie, maar die neiging om te vergeet wie ons in werklikheid is. Sodra ek met my ego identifiseer, is ek van God vervreem. Met hierdie 'versoek' bevestig ek dus weereens my gewilligheid om hereniging met God te ervaar.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Hierdie woorde het skynbaar net in sekere manuskripte voorgekom, maar verskyn nie in die 1983-vertaling van die Bybel nie. As kinders het ons dit egter as 'n integrale deel van die 'Onse Vader' geleer. Vir my is dit weereens die bevestiging van die almag van God en daarmee van ons afhanklikheid van God.

ACIM beklemtoon dat, hoewel ons uiteindelik Een met God is, ons die skepping van God is en dit nooit andersom kan wees nie. Aan die ander kant wil die ego graag glo dat hy homself geskep het. Miskien was die doel van hierdie versie juis om hierdie waarheid te bevestig? Dis baie maklik vir die ego om die begrip van 'Eenheid' te misbruik deur te beweer dat ons as mense self God is. Die verskil tussen die ego se "Ek is God" en die Gees se "Ek is God" is nederigheid.

Amen.

Met hierdie woord bevestig ons die erns en die waarheid van die gebed "met ons hele hart, ons hele verstand en ons hele siel."

Vanuit hierdie perspektief gesien is die 'Onse Vader', wanneer dit opreg bedoel word, dus eintlik 'n diep meditasie.

Op 'n sielsvlak het ons vir alles gevra wat ons ervaar. In my geloofsreis was ek dikwels raadop en moedeloos, en tog het dinge altyd weer uitgewerk. En hoe sou ek geloof kon leer as ek nie in 'n posisie was waar ek slegs op geloof kon vertrou nie? As ek nou terugkyk is dit vir my duidelik dat, as my lewe verloop het soos ek gedink het dit moes verloop en ek alles gekry het waarvoor ek gevra het, daar nie 'n manier is waarop ek sou geleer het wat ek geleer het nie.

As deel van die ego skep ons ons eie werklikheid deur middel van ons gedagtes, woorde en daade. Dit beteken dat elke gedagte wat ons het, elke woord wat ons uiter en elke daad, maar veral ons intensies, uiteindelik tot een of ander vorm van fisiese manifestasie lei. Die probleem is dat ons so dikwels nie bewus is van wat ons dink, sê en doen nie.

As ek vir myself sê, maar veral as ek dit op 'n diep vlak glo: "Die lewe is net een lang stryd. Hoekom moet alles altyd verkeerd gaan?" skep ek daarmee 'n lewe van stryd en sukkel.

Wanneer ek iemand uitskel vir 'n idioot, is ek strafbbaar met die helse vuur, het Jesus gesê. Deur my negatiewe intensie, versterk deur my woorde, 'vra' ek effektief vir negatiwiteit in my eie lewe.

Op 'n stadium het ek gereeld Sondagmiddae na konserte in die Staatsteater in Pretoria gaan luister. Dit was op 'n tyd dat dit finansieel maar moeilik gegaan het. Die eerste keer het ek vergeet om 'n kaartjie te koop, en besluit toe ek gaan somer hoor of iemand daar nie 'n ekstra kaartjie het om te verkoop nie.

Toe ek by die kaartjieskantoor aankom, sien ek iemand het 'n ekstra kaartjie en ek vra hom of ek sy kaartjie kan koop. "Ag wat," sê die man, "ek is maar te bly as iemand die kaartjie kan gebruik. Vat dit gerus vir jou." Ek was hom baie dankbaar en het die konsert verniet bygewoon.

Die volgende keer dat ek weer 'n konsert wou gaan bywoon besluit ek dat, as dit een keer gewerk het, dit dalk weer 'n keer kan werk! Ek gaan toe, en ja waarlik, presies dieselfde ding gebeur. Weereens was ek baie dankbaar.

Op 'n diep vlak het ek begin glo dat al wat ek hoef te doen om die konserte by te woon is om te gaan en selfs net in die ry by die kaartjieskantoor te gaan staan. Dan is daar altyd iemand wat vir my 'n kaartjie het. En dis presies wat meeste van die tyd gebeur het. Feitlik elke keer wat ek gegaan het, het ek 'n kaartjie verniet gekry. Hoe meer dit gebeur het, hoe meer is my geloof versterk dat dit gaan gebeur, en daardie einste geloof het dit al hoe meer laat gebeur.

Daar is geen oordeel oor wat ek 'vra' nie. Of ek 'positiewe' of 'negatiewe' intensies uitstuur, ek kry waarvoor ek 'vra'.

Die *Conversations with God* trilogie van Neale Donald Walsch, en veral boek een, het nogal heelwat hieroor te sê. Ons woorde versterk ons gedagtes, en ons dade versterk weer ons woorde. As ek glo ek is 'n slagoffer van die wêreld, heeltyd vir almal vertel hoe sleg dit met my gaan en heeltyd in vrees leef asof daar elke oomblik iets met my verkeerd kan gaan, is dit presies die werklikheid wat ek vir myself skep, en dus waarvoor ek 'vra'.

Miskien sê ek nou: "Maar ek wil dit nie hê nie! Ek wil vrede hê en geluk en baie geld!" Die reaksie hierop is: Goed so. So sal dit wees!

Wat is die boodskap wat ek in werklikheid uitgestuur het? "Ek wil dit en dit hê." Die antwoord is: "Dis reg so, jy wil." En so wil ek al hoe meer en meer en raak ek al hoe meer gefrustreerd! Want waarvoor ek 'vra' is om te wil!

"You see what you do not want and try to replace it with its opposite. Your life is thus spent in struggling against what you have for what you have not. ... You feel lacking and so you want. You want and want and want. You truly believe you do not have what you need and so make

yourself continuously needy. You thus spend your life trying to fulfill your needs” (ACOL 9.23).

Onder die 'geestelike wet' werk 'vra' nie soos by mense nie. Daar is vra en geloof basies dieselfde ding. Dít wat ek glo, manifesteer. Dis presies wat dit skynbaar so moeilik maak.

Om net te bid soos ons dit in die konteks van die meestersverhaal verstaan deur God te vra vir genesing of 'n nuwe kar of 'n baba of wat ookal is effektief om die boodskap uit te stuur: “Ek het nie genoeg nie.” En dus is dít wat in die praktyk manifesteer. As ek egter vas oortuig is dat ek reeds iets het, manifesteer dit. Maar hoe vertrou ek dat ek reeds iets het as die probleem juis is dat ek dit nié het nie?!

Soos ek dit vir myself uitgemaak het is die sleutel om te aanvaar dat alles wat ek nodig het aan my voorsien sal word, en dankbaar te wees vir wat ek wél het. Dankbaarheid vir wat ek het stuur die boodskap uit: “Ek het presies wat ek wil hê.”

Dankbaarheid is nog iets wat ons in die konteks van die meestersverhaal heeltemal verkeerd verstaan het. Ons leer ons móét dankbaar wees vir wat God ons gee. En so sê ons gereeld dinge soos: “Ai, dit gaan maar swaar, maar ek dank die Here dat ek darem gesond is,” of “Ek dank die Here dat hy my seun gespaar het,” ookal is daar dalk tien mense dood in dieselfde ongeluk waarin my seun oorleef het! Wat van die ander tien?

Dalk sê ek iets in die lyn van: “Ek is die Here baie dankbaar dat Hy my soveel rykdom gegee het,” terwyl ek op 'n dieper vlak heeltyd dink: “Sê nou net die beurs val” of “Gaan my versekering ooit al my onkoste dek as daar nou iets moet gebeur?” of iets dergelyks. My skynbare dankbaarheid word onderlê deur vrees vir verlies. Ek het waargeneem dat, hoe ryker mense is, hoe meer vreesbevange hulle dikwels word. Dis 'n bekende verskynsel, waarvan ook Jesus melding maak, dat arm mense skynbaar oor die algemeen makliker gee as ryk mense.

Ek vermoed dis hoekom Jesus gesê het: “Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te kom as vir 'n ryke om in die koninkryk van God te kom” (Matteus 19:24).

Hoe meer rykdom ons het, hoe meer is ons geneig om op die wêreldse mag van ons geld staat te maak – die mag wat ons nooit vrede en geluk kan bring nie. Baie ryk mense is geneig om te dink dat hulle enigiets kan koop wat hulle wil hê – behalwe vrede en geluk. En uiteindelik gaan die onderliggende vrees dat hulle dalk hul rykdom kan verloor in die praktyk manifesteer – miskien in hierdie lewe; miskien in 'n volgende.

Hoe meer ons op ons wêreldse rykdom en mag staatmaak, hoe minder vertrou ons op Eenheid, en hoe minder kan die Eenheid in ons lewens manifesteer.

Wat natuurlik nie beteken dat daar enigiets met rykdom verkeerd is nie. In Matteus 19:29-30 sê Jesus: “Elkeen wat ter wille van my Naam afgesien het van huise of broers of susters of vader of moeder of kinders of grond sal honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe as erfenis kry. Maar baie wat eerste is, sal laaste wees en wat laaste is, eerste.”

Solank ons aardse mag en rykdom nastreef, en ‘eerste’ in die wêreld is, vind ons nie vrede nie. Wanneer ons egter bereid is om alles op te gee en deur vergifnis en vertroue (geloof) by die besef van Eenheid uit te kom, kan die vrugte daarvan ook aardse rykdom behels.

Tot dusver het dit grotendeels gegaan om wat Jesus gesê het. In die Christendom gaan dit grotendeels om die betekenis van wat met Jesus gebéúr het. Hier volg nou ‘n kort bespreking oor twee aspekte wat in die Christendom baie belangrik geag word maar waarop ek, omdat dit nie veel verband hou met wat Jesus self gesê het nie, nie in veel besonderhede wil ingaan nie.

Die Drie-enige God en die ego

The Holy Spirit is God's attempt to free you of what He does not understand.

ACIM T-15.VIII.5:1

Christ consciousness is the individualised manifestation of your Source of Being.

CL 9 p7

Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle sal dit nie nou kan begryp nie. Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan My; daarom dat Ek gesê het: Wat Hy van My ontvang sal Hy aan julle verkondig.

Johannes 16:12-15

Die idee van ‘n drie-enige God is maar verwarrend, en ek moet erken dat geen verklaring daarvan deur my Sondagskool- of katekisasie-onderwysers ooit vir my sin gemaak het nie. ACIM se verduideliking, aan die ander kant, maak vir my baie meer sin. Dit maak nog steeds onderskeid tussen

drie ‘aspekte’ van God, hoewel alles Een is, en dit maak dit moeilik om te verstaan. Ek verstaan egter ook dat ACIM se konsep van die drie-enige God bloot ‘n poging is om sowel by die tradisionele Christelike terminologie aan te sluit as om ‘n soort brug tussen die verstand en die ervaring van Eenheid te skep.

God die Vader is die uiteindelik bron van alles, en is uiteindelik ook al wat daar is. ‘Hy’ is volkome buite die bereik van die menslike verstand, en selfs die gebruik van die manlike voornaamwoord ‘Hy’ is in werklikheid ‘n vervalsing. Dis waarskynlik waarom *Christ's Letters* die woord ‘Father’ altyd in aanhalingstekens sit, en dikwels alternatiewe soos ‘Universal Mind’ en ‘Universal Consciousness’ gebruik. Die uiteindelige Eenheid het geen geslag nie en kan nie in menslike persepsies vasgevang word nie. Hierdie uiteindelige Eenheid is volgens ACIM nie eers van die illusie bewus nie.

Die Seun van God is die Christus: God-as-mens. Wanneer die Christus binne die illusie tot volle verwesenliking kom, is die ego ongedaan gemaak, en is die volgende stap volle hereniging met God. Dis wat met Jesus gebeur het.

Jesus het homself sowel die ‘Seun van God’ as die ‘Seun van die Mens’ genoem: hy was albei. Dieselfde geld vir ons. Ons is sowel God as mens. Om vervulling en vrede te vind is dit noodsaaklik dat die Goddelike in ons as mens manifesteer: dat ons getransformeer word na die ‘Elevated Self of Form’, soos ACOL dit stel.

Uiteindelik is dit elkeen van ons se keuse – ons vrye wil – tot watter mate ons die Christus in ons tot volle verwesenliking laat kom.

Die ego, as ‘n gedissosieerde deel van God, wil dit nie laat gebeur nie, want hierdie proses van verligting (‘enlightenment’) is die einde van die ego. As dit dus van die ego afgehang het, sou die Christus in ons nooit weer kon manifesteer nie. Dan sou ons permanent in die illusie vasgevang gewees het.

In dieselfde oomblik as die misterieuse skeiding van God, het ‘n teenvoeter vir die skeiding volgens ACIM egter sy ontstaan gehad: die Heilige Gees.

Die Heilige Gees is weereens ‘n ‘aspek’ van God, maar een wat van sowel die uiteindelige Eenheid as die illusie bewus is. Volgens ACIM gebruik die Heilige Gees alles wat die ego gemaak het om ons weer na die waarheid terug te lei. Alles wat die ego doen is daarop gerig om die skeiding te bevestig en te versterk. In die mate waarin ons gewillig is, kan die Heilige Gees egter die ego se einste gedagtes, emosies en dade gebruik om ons weer terug na Eenheid te lei. Enige besef van “Daar moet ‘n ander manier wees,” in watter vorm ookal, is in werklikheid die gewilligheid om

die Heilige Gees toe te laat om die ego ongedaan te maak en ons weer na God terug te lei:

*I must have decided wrongly, because I am not at peace.
I made the decision myself, but I can also decide otherwise.
I want to decide otherwise, because I want to be at peace.
I do not feel guilty, because the Holy Spirit will undo all the
consequences of my wrong decision if I will let Him.
I choose to let Him, by allowing Him to decide for God for me.*
(ACIM T-5.VII.6:7-11)

Die ego is in beginsel in konflik met homself. Dis ons redding.

Skuldgevoel is die onvermydelike konsekwensie van die ervaring van skeiding. Volgens ACIM is die ego diep verknog aan skuldgevoel, want dit is deel van sy identiteit. Aan die ander kant, as ons té bewus van ons skuldgevoel word, begin die drang na hereniging met Eenheid (“Daar móét ‘n ander manier wees”) al hoe sterker word, en daardie hereniging sou die einde van die ego beteken. Die ego moet dus ‘n ongemaklike balans handhaaf. Dit laat ons voortdurend met ‘n onderliggende ongemaklikheid en gebrek aan vrede, wat ons heeltyd deur geld, mag, harde werk, seks, status, kennis, verdowingsmiddels en dies meer probeer verbloem, maar moet terselfdertyd sorg dat ons deur talle vorms van wêreldse plesier of verdowingsmiddels nie só ongemaklik raak dat ons weer hereniging met God wil hê nie!

Die Heilige Gees kan slegs met ons gewilligheid werk. Daardie gewilligheid is dikwels die resultaat van pyn in talle vorms. Dit gebruik dan die einste skuldgevoel en vrees wat na die oppervlak kom om ons na Eenheid te lei: “God can bring you there [beyond the pain to unity], if you are willing to follow the Holy Spirit through seeming terror, trusting Him not to abandon you and leave you there” (ACIM T-18.IX.3:7-9).

Ons kan dus uiteindelik nie by Eenheid terugkom sonder die Heilige Gees nie. God kan dit nie doen nie, want God weet nie eers van ons as afsonderlike liggame nie. Ek vermoed dat dít die betekenis van Matteus 20:31-32 is wat vir baie van ons al soveel wroeging veroorsaak het: “Daarom sê Ek vir julle: ‘Elke sonde en lastering kan die mense vergewe word, maar die lastering teen die Heilige Gees kan nie vergewe word nie. As iemand iets teen die Seun van mens sê kan dit hom vergewe word; maar as iemand iets teen die Heilige Gees sê, kan dit hom nie vergewe word nie, nie in hierdie bedeling nie en ook nie in die toekomstige nie’.”

Waarom sou Jesus so iets onsinnigs sê, wanneer ons eintlik nie eers presies weet wat die Heilige Gees eintlik is nie? Selfs die meestersverhaal het nie regtig ‘n verklaring hiervoor nie.

Die Heilige Gees is volgens my uiteindelik bloot die 'stemmetjie' of gevoel diep (en vir sommiges minder diep) in ons onderbewuste wat ons healtyd terug na Eenheid lei. Sommiges ervaar 'n duidelike 'stem'. In enkele gevalle het dit al met my gebeur, maar in verreweg die meeste gevalle kom my 'leiding' bloot deur gevoel. “Lastering teen die Heilige Gees” dui vir my dus op die weiering om na daardie 'stemmetjie' of gevoel te luister en dit ernstig op te neem. Daardie weiering verhoed ons om sowel te vergewe as om vergewe te word, en weerhou ons dus van die vrede van God.

Die 'stemmetjie' of gevoel van die Heilige Gees hou direk verband met egtheid. Solank ons ons verdedigingsmeganismes soos projeksie en ontkenning in stand hou of in vrees leef, is ons nie met ons egte 'Self' in kontak nie, en kan ons dus ook nie die 'stem' van die Heilige Gees 'hoor' nie. Godsdiens self is op die beginsel van voorgee geskoei, en kan dus op sigself as 'n vorm van 'laster teen die Heilige Gees' gesien word!

Kinders is van nature eg, en dus in voeling met die Heilige Gees. Boonop het hul rasonale verstand nog nie genoeg ontwikkel om hulle, soos in ons geval, te oortuig dat hulle nie hul gevoelens kan vertrou nie! Daar is 'n rede waarom dit 'n kind is wat in die verhaal van die keiser wat naak is die waarheid deur die illusie sien! Daarom ook dat Jesus volgens Matteus 18:3 sê: “As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie.” Meer daaroor in hoofstuk 6.

ACIM verduidelik dat die 'doel' van die lewe is om deur vergifnis ons persepsie te verander: om eers die illusie van skuld en vrees na 'n illusie van geluk en vrede te verander voordat God self die laaste stap na volkome hereniging neem.

Soos ek dit verstaan is die doel van die Heilige Gees dus om ons te help om deur vergifnis ons illusie te verander. Namate ons illusie verander, begin die Christus in ons al hoe meer manifesteer. Wanneer die Christus volkome tot sy reg kom, vind volkome hereniging met God plaas en is dit die einde van sowel ons fisiese manifestasie as van tyd.

In die meestersverhaal leer ons dat Jesus van geboorte af volmaak en sonder sonde was. Daardie idee hou direk verband met die idee dat 'n slagoffer vir God vlekkeloos moet wees. Dis hoekom kinders in die verre verlede in verskeie kulture as slagoffers gebruik is. Later is hulle deur spesifiek wit lammertjies en duiwe vervang. Die idee was skynbaar dat slegs die dood van 'n volkome onskuldige kind of dier die skuld van sondaars kan wegneem.

Jesus het egter juis kom verkondig dat God nie slagoffers nodig het nie. Waarom sou Hy?

Wanneer ons Jesus van sy slagofferrol bevry, kan ons ook aanvaar dat Jesus self 'n ego gehad het voordat hy verligting ervaar het. Só word dit dan ook in CL 1 (p11) gestel:

“On my way to the River Jordan, I felt exhilarated at the prospect of being baptised and starting a new life. I knew that, despite my unruly emotionalism, I had also been born with a keen intelligence and a gift for insightful, impressive debate which I had used wilfully and negatively, leading people into unruly arguments. I had thrown my talents away by pursuing a life of self-will, idleness and pleasure. As a result, I had forfeited all respects from others; neither did I possess any self-respect. For the first time, I found this to be intolerable. It occurred to me that, in future, I could and must put my natural gifts to better use. Instead of just making a noise, perhaps I could find a way to lighten the burdens of those whom I so deeply pitied. Up to that time, I had been of little practical use to anyone.”

Jesus was inderdaad volkome mens voordat hy die verpersoonliking van die Christus geword het! Dis die ego wat hom op 'n afstand op 'n troontjie wil hou, sodat ons tog net nie moet dink dat ons óók soos hy kan wees nie.

Ons kan, en as ons ware geluk wil vind, is dit ons enigste opsie.

Die Kruisiging en die Wederopstanding

It has been said of me that 'my body rose from the dead'. What an absurdity conjured up by earthly minds which were at a loss to satisfactorily explain my death as a felon on a cross!

CL 3 p19

I elected, for your sake and mine, to demonstrate that the most outrageous assault, as judged by the ego, does not matter.

ACIM T-6.I.9:1

Jesus is gekruisig omdat hy die ego ontbloom het, en nie omdat God 'n slagoffer nodig gehad het nie. Daardie interpretasie kom van Paulus af, en Paulus was 'n Fariseër. Jesus het dit duidelik gestel dat God nie in slagoffers belangstel nie. Paulus het van Jesus die slagoffer gemaak wat Jesus gesê het God nie nodig het nie!

Daar is natuurlik teoloë wat beweer dat Jesus nooit gekruisig is nie. Op die ou end maak dit seker eintlik nie regtig saak nie, hoewel ACIM, ACOL en CL almal na die kruisiging verwys.

Die opstanding is moeiliker. Kruisiging pas in ons aardse verwysingsraamwerk, maar opstanding beslis nie! Sodoende is daar seker bitter min teoloë wat werklik glo dat Jesus opgestaan het. As 'n mens aanvaar dat enigiets binne die illusie maklik van een illusie na 'n ander verander kan word en dat wonderwerke dus in beginsel moontlik is, is die opstanding ook moontlik. "There is no order of difficulty in miracles," sê ACIM (T-19.IV.A.5:3).

In pleks daarvan om verder hieroor uit te wei, plaas ek hiermee 'n paar aanhalings uit ACIM:

A further point must be perfectly clear before any residual fear still associated with miracles can disappear. The crucifixion did not establish the Atonement; the resurrection did. Many sincere Christians have misunderstood this. No one who is free of the belief in scarcity could possibly make this mistake. If the crucifixion is seen from an upside-down point of view, it does appear as if God permitted and even encouraged one of His Sons to suffer because he was good. This particularly unfortunate interpretation, which arose out of projection, has led many people to be bitterly afraid of God. Such anti-religious concepts enter into many religions. Yet the real Christian should pause and ask, "How could this be?" Is it likely that God Himself would be capable of the kind of thinking which His Own words have clearly stated is unworthy of His Son? (T-3.I.1:1-9)

The message of the crucifixion is perfectly clear: Teach only love, for that is what you are.

If you interpret the crucifixion in any other way, you are using it as a weapon for assault rather than as the call for peace for which it was intended. The Apostles often misunderstood it, and for the same reason that anyone misunderstands it. Their own imperfect love made them vulnerable to projection, and out of their own fear they spoke of the "wrath of God" as His retaliatory weapon. Nor could they speak of the crucifixion entirely without anger, because their sense of guilt had made them angry. (T-6.I.13:1-2; 14:1-4)

The resurrection is the complete triumph of Christ over the ego, not by attack but by transcendence. For Christ does rise above the ego and all its works, and ascends to the Father and His Kingdom. (T-11.VI.1:6-7)

In CL 3 (p18) ontken 'Jesus' dat hy as dieselfde liggaam opgestaan het wat gesterf het. Daarvolgens het hy net vir 'n rukkie as 'n soort 'esoteriese'

liggaam voortbestaan wat dié wat hom gesien het as sy fisiese liggaam geïnterpreteer het:

“I moved into a new and wondrously beautiful way of life but I still descended in consciousness to remain in touch with the people I had left behind. I was able to show myself to those who were sufficiently sensitive to be able to see me. However, the story of Thomas who supposedly fingered my wounds is nonsense.”

Uit ACIM lei ek iets soortgelyks af.

In Paramahansa Yogananda se boek *Autobiography of a Yogi* verwys hy na 'n soortgelyke verskynsel waar jogi's wat al oorlede is weer aan mense verskyn as 'n 'astrale' liggaam wat sekeres kan waarneem, maar ander nie.

ACIM bespreek die kruisiging en die opstanding in heelwat meer diepte, maar vir die doel van hierdie boek glo ek nie dis nodig om verder daaroor uit te wei nie. Vir my was dit nog altyd belangriker wat Jesus gesê het as (die interpretasie van) wat met hom gebeur het.

Die wederkoms

Die koms van die Seun van die mens sal wees soos 'n weerligstraal wat in die ooste uitslaan en die hele lugruim tot in die weste verlig

Matteus 24:27

I am the secret of succession, the way and the life, the beginning of the end of the story that is to be fulfilled, brought to completion and wholeness in you and in me, so that together we bring about the second coming of Christ and the elevation of the self of form

ACOL Dialogues Day 1

Dis vir my interessant dat die wederkoms vandag nog as die fisiese verskyning van Jesus as mens gesien word. In die tyd van Jesus en kort daarna was dit 'n algemene interpretasie van wat Jesus in sy profetiese rede oor die komende verdrukking en chaos en die wederkoms gesê het, en dit was skynbaar een van die redes hoekom die evangelies eers baie later opgeteken is: wat is die nut daarvan om dit alles neer te skryf as die wêreld in elk geval binnekort gaan vergaan en Jesus dan weer terugkom? Toe die wêreld weier om te vergaan, en die Romeine boonop die tempel in Jerusalem verwoes, het mense skynbaar begin besef dat hulle Jesus se woorde verkeerd geïnterpreteer het en die evangelies maar moet begin neerskryf.

Op die dissipels se vraag: “Op watter dag sal die koninkryk kom?” is Jesus se antwoord in die EVT (113) se weergawe van Lukas 17:21: "Dit sal

nie kom deur daarop te wag nie. Niemand sal sê: 'Kyk, hier is dit!' of 'Kyk, daar is dit' nie. Nee, die koninkryk is al uitgesprei oor die aarde en tog sien mense dit nie." In Lukas 17:21 staan daar: "Die koninkryk van God is hier by julle." Volgens die meestersverhaal bedoel Jesus homself met 'die koninkryk', maar in die lig van die EVT is dit duidelik nie die geval nie.

"Die koninkryk is *al* uitgesprei oor die aarde," sê die EVT. Hier maak Jesus dit duidelik dat die koninkryk nie iets is wat nog moet kom nie. Al rede hoekom mense nie van die koninkryk bewus was – en is – nie, is dat hulle (ons) dit nie sien nie. Dit het weer te doen met die 'sien' wat nie deur die oë plaasvind nie.

Hierdie versie verwys dus duidelik na die onderliggende Eenheid van God en mens wat was, is en sal wees omdat dit in wese tydloos is. Dit gaan dus nie soseer om iets te soek nie as om daarvan bewus te word.

Dit sou ook kon verklaar waarom Jesus gesê het: "Daar is party van dié wat hier staan wat beslis nie sal sterwe voordat hulle gesien het dat die koninkryk van God met krag gekom het nie" (Markus 9:1) en "Nog in die leeftyd van hierdie geslag sal dit alles gebeur" (Matteus 24:34). Sommiges het reeds in die tyd van Jesus tot die besef van Eenheid gekom.

In hierdie opsig het Paulus dit heeltemal mis:

"God is tog regverdig: die mense onder wie julle nou so ly, sal Hy as straf ook laat ly; en aan julle lyding, en ons s'n, sal Hy 'n einde maak wanneer die Here Jesus met Sy magtige engele in 'n vuurvlam uit die hemel verskyn. Dan sal Hy die mense straf wat nie vir God ken nie en dié wat die evangelie van ons Here Jesus nie gehoorsaam nie. Die ewige verdoemenis sal hulle straf wees, altyd geban uit die teenwoordigheid van die Here en van sy wonderbaarlike mag. Dit sal gebeur op die dag wanneer Hy kom om verheerlik te word deur dié wat aan Hom behoort, om eer te ontvang van almal wat glo" (2 Tessalonisense 1:6-10).

Hoe bly is 'n blye boodskap (evangelie) wat gehoorsaam moet word?! Dis by Paulus dat ons die oorsprong van die meestersverhaal vind; nie by Jesus nie. Die 'Christendom' hoort eintlik die 'Paulusdom' te heet!

Tog, as 'n mens na die profetiese rede in Matteus 24 en 25 kyk is dit verstaanbaar waar Paulus se idees vandaan kom. Ek weet nie altyd wat om daarvan te maak nie. Ek vermoed dat hier heelwat persoonlike interpretasies van evangelieskrywers ingekom het, maar ook dat Jesus in simboliese terme praat. Vir my help dit altyd om na die EVT terug te gaan:

Jesus sê: "As hierdie hemel verbygaan en die hemel daarbo vergaan, dan sal hulle wat (innerlik) dood is nog nie lewend word nie. En hulle wat nou lewendig is sal ook nie sterf nie. Voorheen toe julle nog geëet het wat dood was, het julle die dooies lewendig gemaak; as julle in die lig kom wat sal

julle nie alles kan doen nie? Voorheen, toe julle een was, het julle twee geword; nou dat julle twee is, wat sal julle doen?” (Vers 11)

Dis nogal misterieus geskryf, maar pas vir my beslis beter in die ACIM interpretasie as in die meesterverhaal. Ek vermoed dat die ‘twee’ teenoor die ‘een’ na die dualiteit in teenstelling met die Eenheid verwys, en dat “hulle wat nou lewendig is sal ook nie sterf nie” na die ‘ewige lewe’, met ander woorde die tydlose Eenheid van alles, verwys. En dan Vers 18:

“Sy volgelinge sê vir Jesus: ‘Vertel ons hoe ons einde sal wees.’ Jesus antwoord: ‘Het julle dan al die begin ontdek, sodat julle nou na die einde uitvra? Want waar die begin is sal die einde ook wees. Gelukkig is hy wat aan die begin staan, want hy sal die einde ken en die dood nie smaak nie’.”

In Matteus 24:23 staan daar: “En as dit nie was dat God daardie tyd ingekort het nie, sou geen mens dit oorleef nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal God daardie tyd inkort.”

ACIM maak dit duidelik dat tyd ‘n integrale deel van die illusie is: wanneer die illusie verdwyn sal tyd ook verdwyn. Die ‘ewigheid’ is dus nie eindelose tyd nie, maar die afwesigheid van tyd. Dis nie iets wat die verstand kan verstaan nie, want die verstand kan nie funksioneer sonder tyd nie. Dit kan egter wel ervaar word, en seker die meeste van ons het al oomblikke van tydloosheid beleef.

ACIM verduidelik ook dat wonders in werklikheid die verkorting van tyd is. ‘n Wonder is ‘n oomblik van tydloosheid waarin ons Eenheid ervaar, en omdat daardie ervaring ons nader aan die permanente staat van Eenheid bring, beteken dit effektief dat tyd verkort word. Die versie in Matteus gee volgens my presies dieselfde boodskap. Ook vers 18 van die EVT maak dit duidelik dat selfs ‘begin’ en ‘einde’ relatief is. Met “waar die begin is sal die einde ook wees” bedoel Jesus tien teen een presies dieselfde as ACIM: Die begin en die einde is bloot die verskyning en die verdwyning van die illusie van tyd. Wanneer die illusie, en dus tyd, ongedaan gemaak is, is ons weer “aan die begin.” Dan sal ons “die dood nie smaak nie” omdat die dood self illusie is. Lewe is in ewigheid en kan nie vernietig word nie. Sodra ons dit besef verdwyn die siklus van geboorte, dood en wedergeboorte.

Wanneer Jesus volgens Matteus 24:29 sê: “Kort na die verdrukking van daardie tyd sal die son verduister word, en die maan sal nie skyn nie; die sterre sal uit die ruimte val, en die kragte van die hemelruim sal ontwig word,” verwys hy volgens my na dieselfde verskynsel: Die illusie van wat ons as werklikheid ervaar sal aan die einde van tyd ook verdwyn.

In Matteus 24:3 vra Jesus se dissipels vir hom: “Sê vir ons, wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat sal die tekens van u koms en van die einde van hierdie wêreld wees?”

In sy antwoord waarsku Jesus teen ‘valse profete’; mense wat hulself as die Christus voorgee. ACIM en ACOL maak dit duidelik dat die Christus in almal van ons is, omdat ons almal saam die Seun van God is: die Christus is die ‘aspek’ van God wat in menslike vorm verskyn. In die evangelies is dit nie duidelik nie, maar dis tog asof Paulus iets daarvan besef het: “Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlijkheid” (Kolossense 1:27).

Ek vermoed dat die ‘valse profete’ waarvan Jesus praat die mense is wat hulself as uitverkorenes van God voorgee en hulself in die proses bevoordeel. Daar was en is baie voorbeelde van sulke mense. Dink maar aan Nigerië.

Die chaos waarin die wêreld vandag verkeer is vir baie Christene die ‘bewys’ dat die vyeboom begin bot: dat die einde van die wêreld en die wederkoms van Jesus naby is. Helaas het die vroeë Christene dieselfde gedink.

En tog dink ek dat die vyeboom inderdaad begin bot. Vandag probeer groot korporasies en banke al hoe meer beheer oor die wêreld kry, en skroom in die proses nie om die aarde deur landbou en mynbou te plunder, miljoene mense in armoede te dompel, oorloë aan te hits nie en so meer. Dit gaan om wêreldse mag. Die gevolg is geweld, armoede en ellende. En dit lyk asof die natuur saamspeel in die vorm van verskynsels soos aardbewings, vulkane, siklone, droogtes en oorstromings, wat uiteindelik ook maar die skeppings van die menslike bewussyn as geheel is.

Terselfdertyd was daar nog nooit in die geskiedenis van die mensdom soveel mense wat hul stemme laat hoor teen die einste korporasies, banke en regerings nie. Miljoene kopieë van *A Course in Miracles*, *Conversations with God* en talle boeke wat op hierdie geskifte gebaseer is, is reeds verkoop, en mense soos Eckhart Tolle, Thich Nhat Hanh, Neale Donald Walsh en David Hoffmeister se praatjies en retreats word al hoe gewilder. Die massas begin die illusie bevraagteken.

Wanneer Jesus oorloë, hongersnode en aardbewings voorspel, sê hy daarmee saam: “Al hierdie dinge is geboortepyne, die begin van ‘n nuwe tyd.” Dis waar die begrip ‘New Age’ sy oorsprong het. Vir baie Christene was die begrip ‘n steen des aanstoots, maar ons beleef inderdaad vandag ‘n ‘nuwe tyd’ waarin ons al hoe meer van die illusie van wêreldse mag bewus word, en Eenheid na vore kom.

Die feit dat slegs al die ellende op die nuus verskyn is deel van die illusie: dis die ego se poging om die illusie te skep dat hy in beheer is. Die media word deur die groot korporasies beheer. Dit beteken egter nie dat daar nie ‘n groot oplewing aan die gang is nie. Projekte soos die *Alternative News Project* (www.alternativenewsproject.org) wend nou daadwerklike pogings aan om die 'ander kant' ook in die ope te bring.

Daar is skynbaar dus twee paralelle strominge: die ou garde wat aan wêreldse mag vasklou, en die nuwe garde, wat al hoe meer bewus word van die Eenheid van alles. Dit het niks met ouderdom te doen nie.

Jesus waarsku: “Die mense sal julle oorlewer om mishandel te word, en hulle sal julle doodmaak. Julle sal deur al die nasies gehaat word omdat julle my Naam bely. In daardie tyd sal baie mense van die geloof afvallig word, en hulle sal mekaar verraai en mekaar haat” (Matteus 24:9-10).

Wie is dit wat deur die eeue nog oorlewer is om mishandel te word, doodgemaak is en vandag, nou dat doodmaak nie meer so polities korrek is nie, gemarginaliseer en verdag gemaak word?

Dis die mense wat die bestaande orde bevraagteken; of dit nou die godsdienst, die wetenskap, die ekonomie, die landbou of wat ookal is. Jean D’Arc, Galileo, Kopernikus, Benveniste, Thomas Kuhn, Rupert Sheldrake en nog talle ander. Korporasies skroom vandag nog nie om mense te laat vermoor wat hul saak teenstaan, hele gemeenskappe te vernietig, of talle mense om te koop om hul saak te bevorder nie. Een van die groot korporasies (en dalk ander) het ’n hele departement met die spesifieke opdrag om alle navorsing en navorsers wat hul saak in ’n slechte lig stel te diskrediteer.

Korporasies is eintlik op sigself ’n illusie. Dit is ’regspersone’ op papier wat deur die ego beheer word. Soos elders is daar binne die korporasies mense wat met wêreldse mag behep is, mense wat van die Eenheid bewus word en talle mense tussenin. Ek het eenkeer ’n wildernisstaptoer gedoen met ’n groep mans wat voorheen senior bestuursposte in multinasionale korporasies gehad het, maar besluit het dat hulle nie meer met die etiek (of gebrek daaraan) van hierdie korporasies kan saamleef nie.

Wie is dit wat “my Naam bely”? Dié wat eg, eerlik en opreg die waarheid nastreef, en met ander woorde aan die Christus in hulself getrou is.

Almal wat die bestaande orde bevraagteken dra by tot die ongedaanmaking van die illusie. Die bestaande orde is bloot die geloofsstelsel waaraan ons vasklou om ons gevoel van identiteit te behou en te versterk. Verkrummeling van die bestaande orde veroorsaak onsekerheid, vrees en skuldgevoel: “You know that when defenses are disrupted there is a period of real disorientation, accompanied by fear, guilt, and usually vacillations between anxiety and depression (ACIM *Oorteks* 54). Dis wat die ego wil vermy, want die eerste bewuswording van emosionele pyn beteken uiteindelik die einde van die ego.

Baie sal van die geloof afvallig word, sê Jesus. Vir baie Christene is die verbroekeling van die kerk regoor die wêreld ’n ‘teken’ dat hulle reg is en dat net hulle gered gaan word. Ek sien dit anders. Om van die ‘geloof’ afvallig te word dui vir my op die verswakking van vertroue. Die mensdom

klou al hoe meer fanaties vas aan die materialistiese wetenskap, materiële besittings, kortstondige plesier van die liggaam en verdowingsmiddels in talle vorms as die simptoom van hul gebrek aan 'n dieper vertroue.

“Maar wie tot die einde volhard, sal gered word,” sê Jesus in Matteus 24:13-14, “en hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom.”

As die ‘evangelie van die koninkryk’ geïnterpreteer word as die bewuswording van Eenheid, is hierdie evangelie inderdaad besig om, ten spyte van die hewige protes van die ego, oor die hele wêreld ‘verkondig’ te word.

Uiteindelik sal, wanneer ons almal van ons inherente Eenheid bewus geword het en sodoende die ‘koninkryk van die hemel’ betree het, die ego eenvoudig verdwyn. Dan is die illusie tot niet. Dit sal ook die einde van tyd wees.

Om Jesus te volg

Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. As julle My ken sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom.

Johannes 14: 6-7

As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry. Wat sal dit'n mens help as hy die hele wêreld as wins verkry maar sy lewe verloor, of wat sal 'n mens gee in ruil vir sy lewe?

Matteus 16:24-27

Jesus sê: “Wie die woorde uit my mond drink, sal word soos ek en ek soos hy en die verborge dinge sal aan hom geopenbaar word.”

EVT 108

Vir die ryk jongman sê Jesus in Matteus 19:21: “As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou besittings en gee die geld vir die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê. Kom dan terug en volg My.” In die bergrede sê hy: “Geseënd is julle wanneer die mense julle *ter wille van My* beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê” (Matteus 5:11). “Elkeen wat hom voor die mense openlik *vir My* uitspreek,” sê Jesus volgens Matteus 10:32-33, “vir hom sal ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in

die hemel is. Maar hom wat My voor die mense verloën, sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemel is.”

Wat bedoel Jesus met “Volg my”, “ter wille van My” en “vir My”, asook met die bekende woorde, “Ek is die weg en die waarheid en die lewe”?

Ons weet almal wat die meestersverhaal daarmee bedoel: ons moet aan Jesus as die Seun van God glo. Jesus het al hierdie dinge egter gesê in ‘n konteks waarin die meestersverhaal nog nie bestaan het nie. Hoewel Jesus verskeie kere sy kruisiging voorspel het, het hy dit nooit met die vergifnis van sondes in verband gebring nie. Dit was Paulus wat dit gedoen het, en die meestersverhaal is geskep deur die skrywes van Paulus saam met die woorde en daade van Jesus en talle ander geskifte saam as die ‘Woord van God’ te verklaar.

Wanneer ons die meestersverhaal ongedaan maak deur die menslike konstruksie van die Bybel as die ‘Woord van God’ ongedaan te maak, en al die Bybelse geskrifte in hul eie reg lees, verander die betekenis van Jesus se woorde “Volg my”.

Om “My” te volg beteken om aan die Christus getrou te wees: “Een is julle leier: die Christus” (Matteus 23:10). Jesus was die menslike vergestaltiging van die Christus, maar veral in die EVT laat hy dit blyk dat, wanneer ons die ‘koninkryk van God’ vind, ons in werklikheid aan hom gelyk is: “Dan sê ek dit vir jou: as ‘n leerling my gelyke word is hy gevul met lig; as hy nog verdeel is, is hy duisternis” (EVT 61). Hoe sou ons alles kon doen wat Jesus gedoen het, en nog meer, as ons nie óók die Christus was nie?

“The return to paradise, to your true Self and your true home, is written within you. It only needs to be lived to become real. You must accept me [Christ] because I am the part of you that can guide you beyond what I accomplished to the accomplishment of creation, and beyond creation to the story not yet written, the future not yet created. To the realization of paradise and of your true Self and true home, in a form that will take you beyond time to eternity.

“This has been spoken of as the second coming of Christ because my story goes unfulfilled without your fulfillment. It is only in your fulfillment of the continuing story of creation that my story reaches completion” (ACOL Day 1).

Jesus was skynbaar die eerste persoon, of in elk geval een van die eerstes, wat volkome as Christus gemanifesteer het. Ek vermoed dat die idee dat ons almal óók die Christus is dalk net so ver buite die ervaringsveld en begripsvermoë van die Israeliete van sy tyd was (soos vir seker meeste mense vandag nog) dat dit geen sin sou gemaak het om dit eers te probeer verduidelik nie. Dis hoekom Jesus gelykenisse gebruik het.

Markus 4:11: “Aan julle [dissipels] is die insig in die geheim van die koninkryk van God gegee; maar vir dié wat daar buite is bly alles net by gelykenisse.” Die Griekse woord *parabolai* wat hier as ‘gelykenisse’ vertaal word, kan ook as ‘raaisels’ vertaal word.

Volgens vers 5 in die EVT het Jesus gesê: “Ken hom wat voor jou oë is en dit wat verborge is sal vir jou geopenbaar word. Want daar is niks verborge wat nie geopenbaar sal word nie.” Ook die Bybel verwys na Jesus se woorde: “Daar is niks bedek wat nie openbaar gemaak sal word nie” (Matteus 10:26). Ek neem aan dat hy daarmee bedoel het dat, as ons Jesus werklik ken en verstaan, ons sal besef dat hy bloot een manifestasie van die Christus is, en dat die verborge Christus in ons daardeur ook openbaar gemaak word. Vers 13 van die EVT leen vir my geloofwaardigheid aan hierdie interpretasie:

“Jesus het aan sy leerlinge gesê: ‘Vergelyk my met iets en sê my soos wat ek is.’ ... Thomas het gesê: ‘Meneer, dit is vir my tong totaal onmoontlik om woorde te vind om u mee te beskryf’. Jesus sê vir hom: ‘Ek is nie meer jou leermeester nie, want jy het gedrink en dronk geword van die borrelende fontein wat uit my voortgekom het’. En hy het hom eenkant geneem en drie woorde aan hom gesê. Toe Thomas weer by sy vriende kom wou hulle weet wat Jesus vir hom gesê het. Maar Thomas het gesê: ‘As ek julle selfs net een van die woorde sou vertel wat hy aan my gesê het, sal julle klippe optel en my stenig en vuur sal uit die klippe kom en julle verteer’.”

Dit lyk asof Thomas ingesien het wat die ander dissipels nie ingesien het nie, en sy eie Eenheid met God besef het. Ek vermoed dis wat Jesus vir hom bevestig het, maar waarvoor die ander dissipels eenvoudig nog nie reg was nie.

Om ons “openlik vir My uit te spreek” verwys dan daarna dat ons die Christus in onself erken en daarvolgens leef. Daardeur is ons dan bewus van ons Eenheid met God. Om “My voor die mense te verloën” beteken om die Christus in onself te ontken, en solank ons dit doen word ons nie bewus van ons Eenheid met God nie, en duur ons pyn en lyding voort.

Volgens vers 24 in die EVT sê Jesus se volgelingen vir hom: “Wys ons die plek waar u heengaan, sodat ons u daar kan opsoek”. Sy antwoord aan hulle is: “Wie ore het om te hoor moet luister: Daar is lig in die binneste van 'n verligte mens en dit verlig die hele wêreld. As dit nie skyn nie is dit donker.”

Volgens Matteus 5:13-14 sê Jesus: “Julle is die sout van die aarde” en “Julle is die lig van die wêreld.” Dit verwys waarskynlik na dieselfde uitspraak as dié in vers 24 van die EVT.

As ons inherent 'sondig' is, soos wat die meestersverhaal ons leer, hoe kan ons ooit die wêreld met die lig in ons binneste verlig? Weereens verwys Jesus hier na die Christus in ons.

In vers 33 van die EVT staan daar: "Jesus sê: 'Wat julle hoor, jy in jou oor en jy in joune, moet julle van die dakke af verkondig. Want niemand steek 'n lamp aan en sit dit onder 'n maatemmer nie, en hy sit dit ook nie op 'n geheime plek nie, maar op 'n staander, sodat almal wat in die huis ingaan en uitgaan, die lig kan sien'."

Ons 'lamp' is die Christus. Die 'maatemmer' is die ego. Om "vir Christus te getuig" beteken bloot om deur 'n diep bewuswordingsproses die Christus in onself te vind. Dan kan ons nie anders as om van die Christus te getuig nie.

Daardie bewuswordingsproses is natuurlik die ongedaanmaking van die ego: om 'onself' (die ego) te verloën kan vir ons aanvanklik soos 'n kruis en 'n groot verlies voel, maar wanneer ons van die Christus in onself bewus word vind ons die ware en ewige Lewe.

In vers 37 van die EVT staan daar: "Sy leerlinge het hom gevra: 'Wanneer sal u aan ons geopenbaar word, en wanneer sal ons u sien soos u werklik is?' Hy sê: 'As julle jul klere sonder skaamte uitrek en dit onder julle voete lê en soos kindertjies daarop trap, dan sal julle die seun van die Lewende sien en geen vrees hê nie'."

"To be who you are is good enough, if you are willing to be it, openly" het die bekende sielkundige Carl Rogers destyds gesê. Wanneer ons al ons kulturele indoktrinasie, al ons aangeleerde geloof, al ons verdedigingsmeganismes en al ons geheime kan laat vaar is al wat oorbly wie ons werklik is: Christus. Dan is ons ja, ja en ons nee, nee (Matteus 5:37).

In die tyd van Jesus was dit bitter min mense wat hier uitgekóm het. Dit lyk asof Thomas dalk die enigste dissipel was wat Jesus werklik verstaan het. Ek vermoed daar is vandag heelwat meer wat reg is om deur die "nou poort" die "pad na die lewe" te vind (Matteus 5:37).

ACOL het 'n hoofstuk met die titel: "All are chosen" (Treatise 4.1). Die min wat "uitverkies is" (Matteus 22:1-14) is bloot dié wat bereid is om die Christus in hulself te ontdek.

5 Die dilemma van kennis en geloof

There is a kind of experience so different from anything the ego can offer that you will never want to cover or hide it again. It is necessary to repeat that your belief in darkness and hiding is why the light cannot enter. The Bible gives many references to the immeasurable gifts which are for you, but for which you must ask. This is not a condition as the ego sets conditions. It is the glorious condition of what you are.

ACIM T-4.III.5:1-5

To become a 'child', you must make an effort to shed all past mental conditioning. If you are mentally/emotionally/physically suffering, it is only because whatever have been your most sincere beliefs, they have not been helpful to you; they have not promoted your wellbeing.

CL 1 p23

While you believe in God, you do not understand God.

ACOL 10.12

Van die dag dat ons gebore word, word almal van ons sowel doelbewus as onbewustelik geïndoktrineer in 'n geloofsstelsel – 'n sekere konglomerasie van idees oor wat werklik en waar is, en wat nie. Dit sluit in ons siening oor God (ook die siening dat God nie bestaan nie), die aard van die lewe, goed en kwaad, armoede en rykdom, en so meer.

As klein kinders is ons geneig om alles wat volwassenes vir ons sê as waar te aanvaar. Dis egter die kleinste deel. Verreweg die meeste van ons indoktrinering neem die vorm aan van die subtielste 'absorbering' van elke nuanse van ons ouers en ander volwassenes en groter kinders se gedrag, emosies, houdings en so meer.

In ons tienerjare begin ons dikwels dinge bevraagteken. Teen hierdie tyd is ons 'absorbent mind' van ons vroeë kinderjare, soos Maria Montessori dit genoem het, vervang met 'n volledig funksionerende rasionele verstand. Nie dat ons rasioneel is op daardie stadium nie. Allesbehalwe. Want benewens die ontwikkeling van ons verstand is ons hormone en ons emosies ook baie aktief op daardie stadium. Wat ons wêl goed geleer het, omdat dit 'n uitstaande kenmerk van seker alle moderne kulture is, is om te rasionaliseer – om logika te gebruik (misbruik) om

ander en onself te oortuig van wat ons in werklikheid glo of voel maar nie wil erken nie.

Die probleem is dat, hoewel ons sekere dinge bevraagteken en jongmense as geheel as gevolg daarvan werklik 'n verskil aan 'n kultuur kan maak, ons van seker die meeste van wat ons as klein kinders opgetel het onbewus is. Dis hierdie dinge wat vir die bekende verskynsel verantwoordelik is dat, ongeag die intensiteit van ons tienerrebellies, ons as volwassenes minstens gedeeltelik geneig is om weer terug te val in die patrone – geloofsisteem – van ons ouers.

Dikwels voel kinders aan dat iets nie pluis is met die geloofsisteem wat aan hulle voorgehou word nie. Veral outokratiese patriargale sisteme – kenmerkend van die Abrahamiese godsdienste – is uiters onverdraagsaam teenoor ander sienings, en kinders leer gou om nie te bevraagteken nie. Sodoende word die geloof dat mans en outoriteitsfigure nie bevraagteken mag word nie vir mans sowel as vrouens ook deel van die geloofsisteem. Ten spyte van hul onderdrukking is dit dikwels vrouens wat die eerste onderdrukking van vrouens deur Islam verdedig. Dis geloof wat so maak.

Vandag is daar aan die een kant al hoe meer mense wat die relatiewiteit van alle geloofsisteme as menslike konstruksie besef, en aan die ander kant baie wat weier om eers die moontlikheid te oorweeg dat hul geloofsisteme nie so absoluut is as wat hulle graag wil glo nie.

Alle geloofsisteme is in die menslike intellek gesetel. Waar 'n dier se gedragsmotivering 'n inherente impuls is wat ons 'instink' noem, en daar dus geen sprake van 'goed' of 'kwaad' kan wees nie, hou menslike idees van 'goed' en 'kwaad' direk met ons betrokke geloofsisteem verband. 'Goed' is wat deur my geloofsisteem aanvaar word en 'sleg' wat teen my geloofsisteem indruis. Sodoende wissel 'goed' en 'kwaad' van tyd tot tyd, van plek tot plek en uiteindelik van mens tot mens.

Ons identiteit hou direk verband met ons geloofsisteem. Wanneer ek myself definieer as 'swak', 'sterk', 'suksesvol', 'n mislukking', 'dokter', 'senuweewrak', 'homoseksueel', 'bedelaar' of enigiets anders, sê daardie definisie niks oor my as mens nie, maar wel iets oor my vasgestelde rol in my spesifieke kultuur. Sodoende verwar ons ons kultuurgedefinieerde rol met wie ons in werklikheid is.

Omdat my siening van wie ek is nou direk aan my geloofsisteem gekoppel is, is dit vir my krities om 'reg' te wees, want om 'verkeerd' te wees beteken dat daar iets met my hele wese skort!

Die probleem met hierdie toedrag van sake is dat alles wat ek voel, dink en doen nou aan my geloofsisteem gemeet word. As my geloofsisteem voorskryf dat ek iemand moet vergewe, durf ek nie erken dat ek vol haat is nie. As my geloofsisteem voorskryf dat dit 'goed' is dat ek myself saam met 'n klomp ander mense as deel van 'n 'heilige oorlog' opblaas, durf ek

nie toelaat dat my vrees of dieper gevoel van “dit kan nie reg wees nie” my tot ander insigte bring nie. As my geloofsisteem bepaal dat God Israel vir die Jode bestem het, durf ek nie aan myself erken dat die bombardering van Palestina dalk nie so geregverdig is as wat ek myself probeer oortuig dit is nie. As my geloofsisteem bepaal dat alle lewe bloot die gevolg van ‘n lukrake materialistiese evolusieproses is, durf ek aan niks erkenning gee wat dalk op ‘n intelligensie en bewussyn buite ons liggame kan dui nie.

Enige geloofsisteem laat ons met ‘n idee van hoe ons ‘behoort’ te wees. Omdat niemand ooit aan al die kriteria kan voldoen van hoe hy of sy ‘behoort’ te wees nie, is ‘n eienskap wat seker omtrent alle moderne godsdienstige en nie-godsdienstige geloofsisteme in gemeen het dat ons nie goed genoeg is nie. Selfs die bekende ateïs en outeur van *The God Delusion*, Richard Dawkins, maak in sy boek *The Selfish Gene* die volgende stelling: “Be warned that if you wish, as I do, to build a society in which individuals cooperate generously and unselfishly towards a common good, you can expect little help from biological nature. Let us try to teach generosity and altruism, because we are born selfish.” Daarmee gee hy presies dieselfde dubbele boodskap as die Abrahamiese godsdienste: “Jy moet goed wees, maar jy kan nie, want jy is inherent sleg”, en versterk hy die Calvinistiese idee dat ons altyd moet probeer ‘beter’ wees.

Daarmee is ons by die probleem van beheer. Omdat ons ‘van nature’ nie voldoen aan die kriteria wat ons geloofsisteem voorskryf nie, veral ten opsigte van wat ons voel (kwaad, haatdraend, depressief, wellustig, seergemaak en so meer), ontken of onderdruk ons die emosies wat ons geleer het ‘verkeerd’ is. Terselfdertyd probeer ons die gevoelens wat ons as ‘goed’ definieer versterk: opgewek, verdraagsaam, sensitief en so meer.

Maar hier het ons nou ‘n dilemma. Ons het skynbaar geen beheer oor hoe ons voel nie! Sodra ons *probeer* om iets te voel is dit nie ‘n egte gevoel nie, en dus voorgee. Die Fariseërs van die Bybel is ‘n uitstekende voorbeeld daarvan. Enigene van ons wat ‘n gevoel voorhou wat ons nie spontaan voel nie is in werklikheid ‘n Fariseër. Verder weet ons uit ervaring dat die onderdrukking en ontkenning van ‘slegte’ emosies nie werk nie. Een of ander tyd gaan hulle in een of ander vorm tot uiting kom.

Sowel die voorgee van die ‘goeie’ as onderdrukking van die ‘slegte’ kom daarop neer dat ons geloofsisteem ons noop om te ontken wat *is*. Enige geloofsisteem is dus in werklikheid in konflik met wat *is*.

Die verafgoding van die bewuste menslike intellek (die kop) ten koste van gevoel (die hart) en die ontkenning van die onbewuste is kenmerkend van seker alle moderne geloofsisteme (godsdienste, ateïsme en wetenskapisme ingesluit). Ons glo dat ons deur ons bewuste intellek die wêreld en onself kan beheer.

Die menslike intellek is egter maar 'n baie klein deeltjie van 'n baie groter Bewussyn. Ons kan nie bewustelik ons liggaam aan die gang hou nie. Die derduisende komplekse chemiese reaksies en outomatiese aksies van die hart, die longe en so meer gebeur 'vanself'. Wie kan, as sy of hy werklik eerlik is, ontken dat daardie fenomenale ingewikkelde proses slegs deur 'n intelligente proses aan die gang gehou kan word?

Dieselfde geld vir ons emosies. Uiteindelik is ons emosies die liggaam se reaksie op ons gedagtes – soms bewustelik en meestal onbewustelik. Ons weiering om daardie feit te aanvaar is maar net nog 'n voorbeeld van ons ontkenning van wat *is*.

Hiermee is ons by die basiese konflik tussen mens en natuur wat inherent aan seker alle geloofstelsens is. Ons probeer ons eie natuur met die intellek beheer om aan ons geloofstelsens te voldoen. Ons eie natuur weier egter om deur die intellek beheer te word. Daarmee het ons Paulus se dilemma: “Wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek” (Romeine 7:15).

Dan is daar natuurlik nog die dilemma dat, as sewe biljoen mense almal die wêreld wil beheer om by hul geloof en behoeftes in te pas, dit vanselfsprekend is dat ons almal mekaar wil probeer beheer. Watter beter resep is daar vir chaos en geweld?

Watter beter manier is daar vir dié wat reeds 'n vorm van mag het om die massas te beheer as 'n geloofstelsens? Al wat jy hoef te doen is om dit te laat voorkom asof die geloofstelsens vir die massas se beswil is terwyl jy self die meeste voordeel daaruit trek. Dis wat nog in elke geval gebeur het waar kerk en staat as 'n eenheid gefunksioneer het; iets wat veral kenmerkend van die patriargale Abrahamiese godsdienste was en is.

Vandag kom dit ook al hoe meer op die lappe hoe selfs ons geloof in kapitalisme, demokrasie en so meer deur 'n klein groepie mense en korporasies gebruik word om hul mag ten koste van die massas te behou. Daar word aan ons vertel dat ons 'vry' is omdat ons vir ons eie regerings stelsens, en dat ons geld wat ons in banke belê gebruik word om weer aan ander te leen, maar in werklikheid word sowel die demokrasieë as die skepping van geld in mindere of meerdere mate deur spesifieke individue, die banke en groot korporasies beheer. Omdat banke – en nie regerings nie – geld skep deur dit 'uit te leen', en dan rente vra wat hulle nie geskep het nie, kan hierdie stelsens uiteindelik nie anders as om al hoe meer skuld en uiteindelik armoede te veroorsaak nie. In hierdie video (<https://www.youtube.com/watch?v=jyA2BmFo89M>) word verduidelik hoe die inherent onvolhoubare proses werk.

Wat ons dus oor demokrasie en geld glo is iets heel anders as wat in werklikheid gebeur. Selfs die Bank van Engeland het dit onlangs erken. (Sien

<http://www.bankofengland.co.uk/publications/Documents/quarterlybulletin/2014/qb14q102.pdf> of die webwerf www.newera.org.za.) Ons glo dus eintlik aan 'n illusie, en dit is net so veel in die groot finansiële magte se belang om dit so te hou as wat dit in die kerk se belang was om die meestersverhaal in stand te hou. Interessant dat die woord 'krediet' afgelei is van die Latynse woord *credere*, wat 'geloof' beteken!

Wat is dan die alternatief?

Om onself – ons eie natuur – te aanvaar en te vertrou. Dis presies wat *alle* geloofstelsens wil vermy, want geloofstelsens is intellektuele idees van hoe die werklikheid *behoort* te wees in plaas van die aanvaarding van hoe die werklikheid *is*. Godsdienste, ateïsme en wetenskapisme gee hier presies dieselfde boodskap: jy kan jouself nie vertrou nie! Daarom dat wetenskapiste so dikwels alle persoonlike ervarings wat afwyk van wat as 'normaal' beskou word afmaak as 'hallusinasie', 'wensdenkery', 'vervalsing' en so meer, en godsdienst effektief dieselfde doen. Alle godsdienste dring daarop aan dat jy nie kan vertrou wat in jouself aangaan nie, maar slegs "op God kan vertrou".

Maar wat beteken dit in die konteks van godsdienst om "op God te vertrou"? As 'n mens die geskiedenis van enige godsdienst van naderby bekijk, word dit gou duidelik dat godsdienste in beginsel *alle* persoonlike ervaring van God ten sterkste veroordeel en beveg!

Hoekom? Want dit bedreig die geloofstelsens. Alle geloofstelsens word in stand gehou deur 'kenners' en maghebbers. Slegs mense wat deur die geloofstelsens aangewys word as 'ware' verteenwoordigers van God (priesters, dominees, pastore, rabbi's, imams en so meer) mag as verteenwoordigers van God dien. In die geval van die wetenskap word 'kenners' geïdentifiseer deur hul wetenskaplike kwalifikasies (meestal 'n doktorsgraad) en aanvaarding in wetenskaplike kringe – dikwels gekenmerk deur hul posisies as professore aan universiteite. Natuurlik dan ook net solank hulle die konsensus van die geloofstelsens verkondig. Sodra hulle bestaande dogma bevraagteken, ookal is hulle hoe briljant (dikwels juis omdat hulle briljant is), word hulle meestal gemarginaliseer, publikasie geweier, verdag gemaak en so meer.

Met "om op God te vertrou," soos wat die godsdienste ons maan, bedoel die godsdienst dus eintlik "om op die amptelik aangestelde verteenwoordigers van die godsdienst te vertrou." Dieselfde geld in beginsel vir die wetenskap. As 'n bekende professor iets sê, word daar dikwels aangeneem dat dit so moet wees. As iemand sonder enige wetenskaplike kwalifikasies dieselfde ding sê, sou 'n tipiese reaksie wees: "Wie's hy/sy nou om so iets te sê?" In 'n sekere sin bestaan daardie dilemma nog steeds in die beweging van Afrikaners wat die kerk verlaat

het. Maak ons nie maar nog steeds staat op die teoloë en oud-dominees om ons te vertel hoe dinge *is* nie?

Vandag het ons die situasie waar ‘wetenskaplik bewys’ ‘n soort standaard slagspreuk geword het. Waar elke dominee of priester in die verlede daarop aanspraak gemaak het dat sy persoonlike opinie die woorde van God is (het die doek op die kansel dan nie gesê “So spreek die Here” nie?), maak elke Jan Rap en sy maat vandag daarop aanspraak dat hul bewerings ‘wetenskaplik bewys’ is. Met dié dat die groot korporasies grotendeels vir die befondsing van wetenskaplike navorsing verantwoordelik is, is hulle dikwels die grootste manipuleerders van die wetenskaplike proses.

Dit verbaas my nog steeds hoe dikwels mense wat deur al die inkonsekwensies en foutiewe aannames van godsdienst gesien het hoog en laag sweer by byvoorbeeld die gebruik van geneties gemanipuleerde saad, sonder om te besef dat hulle presies so deur die propaganda van groot saadmaatskappye geïndoktrineer is as wat ‘gelowiges’ deur die godsdienst geïndoktrineer is!

Derduisende mense het derduisende soorte ervarings. Sommiges ervaar ‘n soort hemel tydens ‘n skyndood. Ander het skynbaar herinnerings aan vorige lewens. Talle ervaar wonderbaarlike genesing. 'n Aantal mense soos Anna Breytenbach kan direk met diere kommunikeer. Dis maar net die meer ‘uitsonderlike’ ervarings. Talle van ons het ervarings waar ons net ‘weet’ iets is waar of nie. Ons noem dit intuïsie, hoewel ons dit nie eintlik ernstig opneem nie. Ek het voorheen al verwys na Helen Schucman se ‘stem’ wat sy begin hoor het wat uiteindelik *A Course in Miracles* geword het, en talle ander se soortgelyke ervarings, insluitend my eie.

Ek het helaas nog nooit enige ‘stemme’ gehoor in die sin wat mense soos Helen Schucman en Neale Donald Walsch hulle gehoor het nie. Ek het egter wel op grond van ‘n diep gevoel besluit om ‘in geloof’ te gaan leef, en dinge ervaar wat onmoontlik aan ‘toeval’ toegeskryf kan word.

Dis egter waar die probleem van geloof inkom. Sekere mense, soos byvoorbeeld op die ‘skeptici’ webwerwe, wy hul lewens daaraan om ‘bedrog’ te ‘ontbloot’. Waar dit dikwels op neerkom is dat hulle argumente aanvoer om te ‘bewys’ dat ervarings wat mense sê hulle gehad het blote versinsels was of inligting aspris vervals is. Die ‘ontbloters’ het klaar besluit hoe dinge *is*, met ander woorde hulle het ‘n sekere geloofsisteem, en hulle is dikwels fanaties daarop ingestel om enigiets wat nie met hul geloofsisteem strook nie as verkeerd te bewys.

Dieselfde gebeur in baie godsdienstige kringe. Dieselfde ervarings wat die ‘skeptici’ as versinsels afmaak word deur sommige godsdienstiges aangegryp om te ‘bewys’ dat God bestaan. Maar nie net dít nie: vir hulle is dít ‘n ‘bewys’ dat hul geloofsisteem die ‘regte’ een is! ‘n Mens sien dít baie

in die ‘debatte’ oor ‘Intelligente Ontwerp’. Met die oortuiging dat die natuur inherent ‘n dieper intelligensie weerspieël word dit nie net gesien as die ‘bewys’ dat God bestaan nie, maar ook dat die aarde in ses dae geskape is, Jesus vir ons sondes gesterf het, dat ons hemel of hel toe gaan afhangende van of ons in hom ‘glo’, en so meer. Geen wonder die ‘debatte’ kom ooit êrens nie. Die deelnemers *wil* nêrens kom nie! Hulle wil net reg wees.

Bitter min van ons is skynbaar daartoe in staat om dinge te ervaar, en ander mense toe te laat om dinge te ervaar, sonder om dit onmiddelik te oordeel of te intellektualiseer en deur ons geloofsisteem te misvorm totdat dit uiteindelik niks meer met die oorspronklike ervaring te doen het nie. In *Through the Eyes of Love* (Boek twee) stel Michael Roads dit so: “A metaphysical reality is neither logical nor reasonable, nor does it comfortably fit in an intellectual and understandable frame. By the time we reshape and redefine a metaphysical insight so that we can intellectually understand it, what we understand is no longer a metaphysical insight.”

Jon Young, die stigter van die *Wilderness Awareness School* in Amerika, vertel van ‘n antropoloog wat boesmans in Botswana besoek het en probeer uitvind het hoe hulle die ‘bonatuurlike’ ervaar. Elke keer as hy hulle daarvoor uitvra, kyk hulle hom aan asof hulle nie ‘n idee het waarvan hy praat nie. So het dit vir maande aangehou. Hy kon net nie hul geloofsisteem uit hulle kry nie!

En toe, eendag, sê een van die boesmans vir hom: “Ek dink ek verstaan nou wat jy van ons wil hê.” En daar begin hy sy hele wêreldsiening aan die antropoloog verduidelik.

“Uiteindelik!” dink die antropoloog. “Daar het ek dit!”

Toe die boesman klaar is, sê hy egter vir die antropoloog, “Maar vra my vanmiddag weer, want dan gaan dit nie meer dieselfde wees nie”!

Die boesmans het absoluut in die oomblik geleef. Enige *idees* oor hoe dinge is, met ander woorde enige geloofsisteem, neem ons uit die oomblik.

Ek onthou dat toe ek destyds ‘n toergids was, mense dikwels hul *Lonely Planet*-boeke by hul gehad het. Van tyd tot tyd het hulle my uitgevra oor van die plekke waarheen ons op pad was, en as wat ek vir hulle gesê het nie gestrook het met wat in *Lonely Planet* staan nie, het hulle soms hewig met my gestry. Vir hulle was die feit dat *Lonely Planet* iets gesê het die bewys dat dit so móét wees. Hoe kan ek nou daarvan verskil, ookal ry ek gereeld deur die betrokke plek? As hulle eers deur middel van ‘n boek die betrokke ‘kennis’ deel van hul geloofsisteem gemaak het, kan selfs die gids se persoonlike ervaring niks daaraan verander nie. As die Bybel sê die aarde is in ses dae geskape, wie is enige wetenskaplike dan om daarop te wys dat lewe deur ‘n geleidelike proses van evolusie ontstaan het?

Juis omdat ons van kleins af geleer word om nie ons eie ervarings en gevoelens te vertrou nie, voel ons dikwels onseker en begin ons selfs later ons eie ervarings bevraagteken. Miskien is 'hulle' tog reg en het ek nooit ervaar wat ek gedink het ek ervaar het nie ...?

Vraag is nou: Waarom klou ons so vas aan ons geloofstelsel?

Skynbaar omdat dit vir ons 'n gevoel van sekerheid gee. Want as my geloofstelsel verkeerd blyk te wees – soos al hoe meer gebeur, en ek my identiteit in my geloofstelsel vind, wie is ek dan? Om hul geloofstelsel te laat vaar is vir talle niks minder as 'n ernstige identiteitskrisis nie. Ons sien dit vandag duidelik in die krisis van die Afrikaanse kerke, wat eintlik maar net as 'n voortsetting van die identiteitskrisis van Afrikaners as geheel sedert die val van die Nasionale Party beskou kan word.

Op die ou end is dit die kritieke vraag: Wie is ek? Wanneer ek al my kultuur-geïndoktrineerde idees oor wie ek is laat vaar, wat bly oor?

Ons is terug by Eenheid met God teenoor die ego. Die ego is wie ek dink ek is. Saam met die diep onbewuste idee dat ek van God geskei is kom die behoefte aan 'n identiteit wat daardie dualiteit bevestig.

Oordeel, met ander woorde opinies en gevolgtrekkings, is 'n integrale deel van ons kultuur. Daarvoor moet ons logies dink. As ons dit nie doen nie, word ons as abnormaal of geestelik gestrem beskou, en van die 'normale' gemeenskap afgesonder.

Selfs dit is 'n identiteit: "Ek is geestelik gestrem" of "Ek is dom". Dis wat die ego wil hê: identiteit. Maak nie saak watter identiteit nie; solank dit net 'n identiteit is. En daardie identiteit is altyd aan skuldgevoel en vrees gekoppel.

Wie ons werklik is kan nie gedefinieer word nie. Ons is Een met God. Ons is Liefde. Selfs dit is egter net woorde vir iets wat nie in woorde uitgedruk kan word nie.

Om by ons ware identiteit uit te kom, is dit eers nodig om te beseef hoe wie ons dink ons is bloot die gevolg van die indoktrinasie van ons betrokke kultuur is, en hoe ons letterlik in 'n soort hipnose verkeer. Ons word deur ons eie gedagtes gehipnotiseer. Hoe meer ons aan ons geloofstelsel vasklou, hoe meer gehipnotiseer – en hoe meer hipnotiseerbaar – is ons. Ek skryf sekere 'geloofsgenesers' se geweldige sukses aan hierdie verskynsel toe.

Wanneer hipnotiste ander mense vir vermaaklikheid hipnotiseer, onderwerp hulle meestal hul vrywilligers aan 'n toets nadat hulle gehipnotiseer is, maar voordat die hipnotis met sy of haar truiks begin. Dié wat nie die toets 'slaag' nie, word terug in die gehoor gestuur. Daar is altyd 'n paar mense wat nie gehipnotiseer kan word nie. Ek was een van hulle. Dit wil vir my voorkom asof die mense wat afgestuur word diegene is wat reeds die proses van losmaking van die ego begin het. Mense wat begin

bevraagteken het en nie meer outomaties met hul kulturele siening van wie hulle is identifiseer nie.

Deur van ons gedagtes en emosies bewus te word namate hulle skynbaar onbeheers deur ons kop en hart kom en gaan, is ons in werklikheid besig om die onbewuste identifikasie met ons ego ongedaan te maak. Wanneer 'ek' 'my gedagtes en emosies' waarneem, en daarvan bewus is dat dit besig is om te gebeur, is 'my gedagtes en emosies' nie meer wie 'ek' is nie.

Wie 'ek' werklik is kan ek nie in konsepte vasvang of definieer nie, want sodra ek dit probeer doen is ek weer onbewustelik in my gedagteproses vasgevang.

Hier is ons by die kern van wat as 'gnostiese' kennis bekend staan: die soort kennis wat van binne af kom, maar nie in konsepte vasgevang kan word nie. Op die ou end is dit die enigste werklike kennis. Dis 'n bewuswording van wat *is*. "Ek is wat Ek is," is daar aan Moses gesê tydens sy ervaring met die brandende braambos.

Dis hierdie tipe 'weet' waarmee ek geweet het ek gaan 'n orgidee wen, sonder vrees 'n wolfhond, olifante, leeus, renosters en selfs 'n aggressiewe persoon op my kon sien afstorm, en daar keer op keer aan my behoeftes voorsien sou word.

Wanneer ek wéét wie ek is sonder dat ek die behoefte het om dit te 'bewys' – iets wat ek net kan doen deur wat ek is in woorde uit te druk en te definieer – is ek bewus van my Eenheid met "Ek is wat Ek is," met ander woorde met wat ons met ons beperkte intellek 'God' noem.

Hierin lê die fundamentele onmoontlikheid daarvan om 'God', of enigiets 'metafisies', te kan 'bewys'.

Natuurlik dink die ego óók hy wéét. Hoe onderskei ons nou tussen ware kennis en ego kennis?

In die Ooste is daar 'n gesegde: "Hy wat weet, praat nie. Hy wat praat, weet nie." As ek nodig het om heeltyd ander te oortuig van my 'kennis', is dit ego kennis. 'Bewyse' kom slegs in gedrang by ego kennis.

Ek is bevrees ek het in my lewe baie gepraat, en van tyd tot tyd wil ek nog steeds mense oortuig. Maar ek leer. Hoe meer die 'vrugte' in my eie lewe manifesteer, hoe minder behoefte het ek om ander te probeer oortuig.

In hierdie opsig is daar vir my geen beter voorbeeld as kinders nie. Klein kinders het nie ons 'kennis' of 'geloof' nie, maar het in werklikheid toegang tot sowel 'n baie omvangryker intelligensie as 'n dieper vertroue as wat ons met ons normale bewussyn het. Daarom dat Jesus gesê het die 'koninkryk van die hemel' behoort aan hulle.

6 Kinders en die koninkryk

First of all, I saw a new-born babe as Light, a life-form of Creative Power. As the baby grew into childhood, then manhood, I saw the pure Light of the Creative Power gradually dimmed and then obscured altogether in him, by a dense wrapping of chains and thongs.

CL 1 p18

Little by little you will be returning to your 'child' condition which views the world with happy, enquiring gaze.

This is not senility. It is a state of greater awareness and vibrancy no matter what your age may be.

This is the state of being I meant when I said that "Unless you become as a little child you shall in no way enter the Kingdom of Heaven." I actually said that when you enter the kingdom of Heaven, you become a little child – a child in wonder and joy.

CL 9 p15

Die ding van die kinders en die koninkryk het my van kleins af al sowel gefassineer as verwar. As die koninkryk aan die kindertjies behoort, en kinders word groot voordat hulle doodgaan, hoe kan dit dan betrekking hê op wat na die dood met ons gebeur? Dis tog duidelik dat Jesus na iets anders moet verwys?

Jesus sê twee baie belangrike dinge:

1. “*Aan hulle (kindertjies) behoort die koninkryk van die hemel.*”
2. “*As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie*” (Matteus 18:3-5).

Daar is dus iets in die aard van klein kinders wat vir ons nie net die sleutel tot die ‘koninkryk van die hemel’ is nie, maar waarsonder ons nooit die koninkryk gaan vind nie.

Dis nogal ‘n ding om te sê. Ons hele samelewing is daarop gerig om kinders soos ons te maak. Hier sê Jesus: Nee, wees soos hulle.

In die EVT (4) vind ons ‘n variasie op (of dalk die oorsprong van) die tema: “Die bejaarde sal nie skroom om 'n kind van sewe dae oud te vra waar die plek van die lewe is nie, en hy sal lewe.” In sy notas op sy vertaling van die evangelie skryf Piet Muller:

“Marvin Meyer skryf ‘hierdie frase dui waarskynlik ‘n onbesnede kind aan (‘n Joodse seuntjie moes op die agste dag besny word).’ Met sy besnydenis word ‘n kind deel van die Joodse kultuur, met al sy moens en moenies. Hy erf as’t ware ‘n hele kultuur, vyande en al. Om soos ‘n kind die koninkryk binne te gaan beteken dan ook om eers afstand te doen van al jou geestelike ‘bagasie’ en jou aangeleerde ‘beginsels’ en met nuwe oë na Jesus en sy leer te kyk.”

“The familiar expedients of praise and blame wreak havoc upon the motives of children, especially the smallest ones,” skryf Jean Liedloff in *The Continuum Concept*. Ons is oortuig ons doen net die beste vir ons kinders deur hulle te prys vir wat hulle goed doen en hulle te bestraf vir wat hulle verkeerd doen. Dis maar een van talle aspekte van ‘n opvoedingsmodel wat sy oorsprong direk in die geloof het dat ons inherent sondig is en ‘goed’ gemaak moet word. Die resultaat daarvan is dat die kinders al hoe meer die eintse spontaneïteit en eghed onderdruk en ontken wat ons so in hulle bewonder.

So leer ons deur skuldgevoel en vrees van kleins af om te wees wie ons dink ons ouers en ander wil hê ons moet wees. Uiteindelik glo ons dis wie ons is. Dis deur kultuur dat ons ego vervolmaak word.

“Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel,” sê Jesus volgens Matteus 18:4.

In ons wêreldse kultuur leer ons dat ons iemand moet wees. Verkieklik iets soos groot en sterk as man, maar fiets en maer as vrou, heteroseksueel, suksesvol, ryk en so meer. Maar ook deur ‘slêg’ of onsuksesvol te wees skeep ons vir ons ‘n identiteit: ‘n slim misdadiger, ‘n slagoffer vir wie almal jammer is, ‘n ‘gebreklike’ persoon, of iets dergeliks.

Vanuit die identifikasie met wie ons dink ons is, of dit nou positief of negatief is, het ons al die antwoorde: “Ek weet hoe dinge werk! Dis net deur harde werk en deurstellingsvermoë dat jy iewers kan kom!” Of “Laat ek jou nou iets vertel: die land is in sy moer in. Maak nie saak wát jy doen nie, jy’t net nie ‘n kans nie. Kyk wat het met my gebeur!”

En so weet almal van ons presies hoe dinge is, en wil ons vir ander die antwoorde gee of hulle ‘bekeer’.

Klein kinders weet nie hoe dinge is nie. Daar’s nie ‘n manier waarop ‘n kindjie van twee jaar vir die hele wêreld sal wil vertel hoe dinge werk nie. Hulle is nuuskierig en gretig om te leer, en heeldyd oop vir alles.

Dis nou tot hulle so ses jaar oud word. Teen daardie tyd weet ‘n kind van ouers wat alles weet ook alles. Of so dink hy of sy. Ek onthou ‘n keer toe ek saam met die bure se seuntjie van so vyf of ses jaar oud ‘n duisendpoot ontdek en vir hom sê: “Kyk die duisendpoot!”

“Dis nie ‘n duisendpoot nie!” sê hy. “Dis ‘n shongololo!”

“Ja, jy kan dit ook ‘n shongololo noem,” sê ek.

“Nee, dis 'n shongololo!” sê hy.

Vir hom was sy ouers se woord wet, en wie was ek nou om dit te bevraagteken?

Wat met hierdie seuntjie gebeur het, gebeur met ons almal. Hy het homself nie meer gering geag nie. Ongeveer op die ouderdom van ses jaar is die prefrontale lobbe van die neokorteks van die brein tot so 'n mate ontwikkel dat die kinders rasioneel en analities kan begin dink. Teen daardie tyd is 'n kind se geloofsisteem egter al gevestig. Dis wat met ons almal gebeur het. In plaas daarvan om ons rasionele verstand te gebruik om van vooraf alles te bevraagteken, gebruik ons dit om ons geloof te rasionaliseer.

Waarop Jesus skynbaar dus afstuur is dat dit nodig is om weer na ons kinderlike onskuld, oopheid, onbevangenheid, vertroue, nuuskierigheid en spontaneïteit terug te keer om die ‘koninkryk’ te kan vind. 'n Toestand van gees waar ons weer leer om absoluut en ten volle in die oomblik te leef en dinge as geheel te ervaar. Die teenoorgestelde, met ander woorde, van ons verstand-, beheer- en dus vreesgesentreerde wêreldkultuur waar ons glo ons weet alles, niks aan toeval oorlaat nie, enigiets nuuts onmiddelik op grond van ons ‘kennis’ verwerp en onself nie toelaat om met ons gevoel in aanraking te kom nie.

Ek was bevoorreg om 'n groot deel van my lewe in kontak met kinders deur te bring.

In 1990 het ek 'n werkwinkel oor ‘original play’ bygewoon wat deur Dr O. Fred Donaldson aangebied is. Hy het daardie woorde gebruik om daarop te dui dat die manier waarop sowel diere as kinders van geboorte af speel nie sommer lukraak aktiwiteite is om hulle besig te hou of te leer oorleef nie, maar 'n universele patroon in die natuur met 'n onderliggende intelligensie van sy eie is wat spontaan manifesteer. In teenstelling met kulturele spel (enige spel wat opsetlik uitgedink en reëlgebonde is), is ‘original play’ of ‘outentieke spel’ (ek gebruik laasgenoemde) volkome spontaan – en dus eg. Outentieke spel, wat uit en uit 'n impuls inherent aan die natuur is, word gekenmerk deur gereelde fisiese kontak en die algehele gebrek aan vaste reëls, kompetisie, aggressie, wen of verloor en selfs regverdigheid. Die teenoorgestelde, met ander woorde, as wat ons veral deur ons neo-Darwinistiese indoktrinasie as die essensie van die natuur leer ken het!

Die resultaat van hierdie soort natuurlike spel is dat kinders (en diere) altyd aan twee metaboodskappe (boodskappe wat ander boodskappe kwalifiseer) blootgestel word:

“Jy is waardevol” en

“Daar is niks om voor bang te wees nie.”

Die resultaat van hierdie twee boodskappe is niks minder nie as volkome vertroue. As 'n ekstreme voorbeeld hiervan het ek voorheen al die geval genoem van die meisie wat haarself uit die moerbeiboom laat val het.

Die effek daarvan verstom my nog steeds. Wat ander mense dikwels sien as sinnelose rondrol of 'stoei' op die matte kan 'n geweldige terapeutiese effek hê. Die ervaring van "ek is waardevol", vreesloosheid en volkome vertroue het dikwels die effek dat kinders wat ek nog nooit voorheen gesien het nie spontaan vir my sê: "Douwe, ek is lief vir jou." Na sulke speelsessies werk die kinders ook baie beter, en ons het gevind dat aggressie dramaties afneem as ek gereeld met die kinders speel.

Toe ek elke week met die kinders gespeel het, het die eerste kind wat my kar by die skool sien inry gewoonlik deur die skool gehardloop en begin skree: "Douwe's here! Douwe's here!" (In Montessori-skole noem kinders volwassenes op hul voorname.) Dan het 'n stormloop gevolg waarin almal so gou as moontlik by die hek wou kom om die beste posisie te kry. As ek dan speels agter 'n boom buite die hek weggekruip het, het die kinders omtrent histeries geword.

Dit het my dan seker so tien minute geneem om verby die hek en deur die massa kinders te kom. Elke kind wou opgetel, vasgehou of minstens net aangeraak word.

Dit was die effek wat outentieke spel gehad het.

As ek met die kinders speel, 'sien' ek nie individue nie. Nadat ek met twintig of dertig kinders individueel gespeel het kan ek dikwels nie onthou met wie ek al gespeel het en met wie nie. Ek 'sien' die onderliggende volmaaktheid 'deur' die individuele kind. Dis moeilik om te verduidelik. Natuurlik sien ek nog steeds die kind, maar met dié dat ek soos die kinders absoluut in die oomblik leef en beweeg, ervaar ek iets baie diepers as net 'n "sinnelose rondrol". Eerder as wat ek met die kinders speel, gebeur die spel déúr my en die kinders.

Vir ander mense is dit dikwels moeilik om te verstaan. Ek het al heelwat praatjies gegee en werksinkels (speelwinkels!) gedoen, maar op die ou end dink ek daar is min mense wat dit werklik verstaan. 'n Mens kán dit nie met die verstand verstaan nie. Op die ou end dink ek kan net iemand wat self al 'n dieper vlak van vertroue aangeleer het en geleer het om vanuit die hart te leef iets van die aard van outentieke spel verstaan. 'n Mens sien dit of jy sien dit nie.

Van die begin af het die dieper betekenis van outentieke spel my getref. Dis niks minder as vergifnis in die praktyk nie, en daardeur 'n direkte weg na die 'koninkryk'.

ACIM beklemtoon dat ons almal inherent volmaak – en dus oneindig waardevol – is en nog altyd was. Al wat ons van daardie besef weerhou is vrees. Wanneer ons vrees laat vaar, bly volkome vertroue in ons inherente

volmaaktheid oor. Presies dieselfde metaboodskappe, met ander woorde, as in outentieke spel.

Volgens Matteus 10:7 sê Jesus: “Gaan verkondig: ‘Die koninkryk van die hemel het naby gekom’,” en volgens Matteus 24:14: “Hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, so dat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom.”

Deur die metaboodskappe van outentieke spel het ek niks ander gedoen as om die “evangelie [blye boodskap] te verkondig” nie! Omdat vergifnis altyd na twee kante toe werk, is die effek daarvan dat ek tydens speelsessies soms seker die naaste aan die ‘koninkryk van die hemel’ ooit kom. Tydens sulke sessies is sowel die kinders as ek volkome in die oomblik, en het die einde gekom – die einde van tyd.

Speel is van kritieke belang vir kinders. Slegs deur hul eie natuurlike impulse te volg en te leer kruip, loop, hardloop, balanseer, dinge vir hulself uit te werk en so meer leer kinders deur middel van *gevoel* wat hulle kan doen en wat nie, en leer hulle om hulself te vertrou. Onder natuurlike omstandighede is hierdie leerproses vir kinders een groot spel en 'n vreugdevolle avontuur. Kinders weet intuïtief min of meer hoe ver hulle kan gaan. Hoe meer ons hulle probeer beskerm en hulle die geleenthede ontnem om risiko's te neem, met ander woorde hoe meer ons probeer om hulle te beheer, hoe minder kan daardie interne gevoelswete tot stand kom.

Hoe meer kinders van hul eie interne proses geïsoleer is, hoe meer is hulle van ander afhanklik vir hul denke en gevoel, en hoe meer hipnotiseerbaar en beheerbaar is hulle. Dit tel natuurlik direk in die guns van enige vorm van outoritêre gesag. Hitler het blykbaar gesê: “Wat 'n geluk vir dié wat die mag in hande het dat mense nie vir hulself dink nie.”

In ons vreesgebaseerde samelewing is ons geneig om ons kinders al hoe meer te wil beheer en vas te hou. Ek sien hoe klein kinders op die mees kritieke stadium van hul lewens deur onderwyseresse gemanipuleer word om aan die vreesgebaseerde behoeftes van ouers en onderwysers te voldoen sonder inagneming van wat werklik vir die kinders die beste is. In lande soos Amerika, Engeland en Australië is skole en openbare owerhede al hoe huiweriger om kinders aan risiko's bloot te stel, want hulle is bang dat, as die kinders seerkry, hulle gedagvaar gaan word – iets wat natuurlik dikwels gebeur. Op skole wil onderwysowerhede al hoe meer speelyd wegneem in 'n poging om verswakkende standaarde aan te spreek. Hulle wil die probleem oplos deur meer van presies dié wat die probleem in die eerste plek veroorsaak het. In Suid-Afrika probeer ons skynbaar ons bes om dieselfde patroon te volg.

In teenstelling daarmee is daar, veral na die verskyning van Richard Louv se boek *Last Child in the Woods: Saving our Children from Nature Deficit Disorder*, 'n groot beweging wat hierdie tendens teenstaan en ouers

en owerhede aanmoedig om kinders weer die vryheid te gee om na hartelus (letterlik) te speel, veral in die natuur. 'n Toenemende aantal navorsingsresultate veral in die laaste twee dekades of so bevestig dat spontane spel, en veral speel in natuurlike omstandighede, krities vir die natuurlike ontwikkeling van kinders is.

Weereens het ons skynbaar die 'Heilige Gees' en die ego in opposisie. Gees vertrou die natuurlike spontaneïteit. Ego wil beheer en kategoriseer.

Die ironie is dat, wanneer ons kinders se eie spontaneïteit en 'chaos' vertrou en hul natuurlike leervermoë ten volle benut, die kinders op die ou end ook baie beter presteer. In Sweedse kleuterskole lê die klem op speel en spontaneïteit, en kan meeste kinders wat op die ouderdom van sewe jaar skooltoe gaan nog glad nie lees of skryf nie. Tog vaar hierdie einste kinders 'n paar jaar later onder die bestes in standaard geletterdheidstoetse wat regoor Europa afgelê word.

In sy boek *The Biology of Belief* wys Bruce Lipton daarop dat die kenmerkende bringolwe van klein kinders *delta*-golwe tot op twee jaar en *theta*-golwe van twee tot ses jaar is. Dieselfde golfipes is in volwassenes kenmerkend van slaap of ander afwesigheid van bewussyn, dagdroom en meditasie.

Hierdie tipe bringolwe stel klein kinders in staat om alles om hulle te absorbeer, en in die toestand wat Mihaly Csikszentmihalyi *flow* en Eckhart Tolle *presence* noem, absoluut in die oomblik te wees en te konsentreer op wat hulle ook al doen. Dis hierdie vermoë wat Maria Montessori raakgesien het, en waarop sy haar onderwyssisteem gebaseer het. Dis duidelik dat hierdie vermoë direk met die fenomenale leervermoë van klein kinders oor die algemeen geassosieer is.

Vandag beoefen miljoene mense meditasie, waarvan een van die fisiese manifestasies presies dieselfde bringolwe is as wat klein kinders van nature manifesteer. Kinders mediteer van nature. Hulle het van nature die einste geestestoestand waarna so baie van ons so smag! En tog is die algemene tendens van kleuter- en latere onderrig om heeltyd in die naam van opvoeding hierdie natuurlike proses te onderbreek en onderdruk.

Ek het eenkeer saam met Fred Donaldson met 'straatkinders' in Hillbrow (Johannesburg) gaan speel. Dit het my verstom hoe hierdie tieners van so 16 tot 18 jaar onmiddellik outentieke spel verstaan het en met uitbundige entoesiasme daarop gereageer het. Hulle het soos klein kinders gespeel. Hulle het nooit skoolgegaan nie.

Wêreldwyd is die onderwys in krisis. Eintlik is dit maar deel van die wêreldkrisis oor die algemeen. Die onderwys is die ego-gebaseerde oorblyfsel van 'n patriargale sisteem wat nie meer werk nie. Enige sisteem wat kinders se natuurlike behoeftes, leertendense, impulse en individuele verskille ontken en hulle natuurlike energie en kreatiwiteit aan bande

probeer lê kan nie anders as om hul natuurlike gevoel van eiewaarde ten diepste te ondermyn nie. Die effek daarvan is die versterking van die ego, die 'verkoeling van die liefde' en die "pure Light of the Creative Power gradually dimmed" (CL 1 p18).

Daarteenoor is daar 'n aantal skole regoor die wêreld waar kinders die vryheid het om aan hul natuurlike impuls om te leer gehoor te gee. Voorbeelde daarvan is Summerhill School in Engeland en die Sudbury-skole in Amerika en elders. Ek was by so 'n skool in Nederland, en was verstom. Die kinders het nie net 'n fenomenale kennis van 'n groot verskeidenheid onderwerpe gehad nie, maar hulle was entoesiasies en vol lewenslus. Daar is aan my vertel dat die kinders dikwels nie kan wag dat die vakansies verby moet gaan nie.

Hierdie skole ervaar dikwels groot weerstand. Vir dekades het die Britse onderwysdepartement Summerhill School probeer toemaak, totdat hulle uiteindelik in die jaar 2000 deur 'n hofinterdik beveel is om die skool met rus te laat. Die bure van die skool in Nederland wat ek besoek het, het die skool aanmekeer getreiter.

Daar is 'n integrale deel van outentieke spel wat ek nog nie aangespreek het nie, en dis gelykheid. In outentieke spel is daar absolute gelykheid. Natuurlik is kinders nog kinders en volwassenes volwassenes, maar 'n mens kan nie outentiek speel sonder om jou rol as 'ouer', 'onderwyser' en dies meer te laat vaar nie. Jy speel met kinders as jou absolute gelykes in Eenheid. Sodra jy begin sê: "Doen dit" of "Moenie dit doen nie!" is jy weer in jou rol as toesighouer of onderwyser, en is daar geen sprake meer van outentieke spel nie.

Die manier om aggressie te hanteer is om deur jou aksies en gedrag die aggressiewe gedrag te neutraliseer. Wat ek byvoorbeeld doen as 'n kind skop is om my arms om die kind se bene te sit, hom op te tel en haar dan oor my skouer te gooi. Die resultaat is gewoonlik skaterlag, en die aggressie is vergete. Daardeur kan die kind nie meer skop nie, en gee jy terselfdertyd die metaboodskap: "Jy is nie jou aggressie nie, en jy is nog steeds waardevol!" Wanneer ek dit oor en oor doen, internaliseer die kind die metaboodskappe, en verander sy of haar gedrag dikwels.

Laat ek net beklemtoon dat hierdie nie 'liberale opvoeding' is nie. Wat dikwels in 'liberale opvoeding' gebeur is dat ouers hul eie behoeftes ondergeskik aan dié van hul kinders stel, en daardeur die kinders aanmoedig om hulle te manipuleer. Dis nie gelykheid nie, maar omgekeerde ongelykheid.

Wat in die 'vry' skole gebeur is in wese dieselfde as in speel: kinders word die vryheid gegun om volgens hul eie impulse en behoeftes te leer, in plaas daarvan dat onderwyers en onderwysepartemente aan hulle voorskryf wat hulle moet leer.

Daar is seker min dinge wat so absoluut teen die grein van patriargie ingaan as die erkenning van gelykheid. Die patriargie is seker die toonbeeld van ongelykheid (en dus van die ego). Ek vermoed dis hoekom outentieke spel of 'original play' nooit werklik op 'n groot skaal van die grond af gekom het nie. Veral in Europa word dit al hoe meer gewild, maar dit word nog nie regtig op enige skaal erken nie. Ook in Suid-Afrika het Fred Donaldson, Linda Copley en ek al heelwat werkswinkels gedoen, maar dit het net nooit werklik van die grond af gekom nie. Dis vermoedelik dieselfde rede waarom 'vry' skole ook nog maar min byval vind.

Wanneer ek vir die eerste keer met kinders speel wat uit outoritêre huise kom, let ek soms 'n interessante patroon op. Dis asof hulle aanvanklik huiwerig is om te speel. Wanneer hulle wel begin speel, doen hulle dit met oorgawe, maar dit gaan dan met heelwat aggressie gepaard. Dis asof hulle aanvoel dat dit om gelykheid gaan, maar dat dit so 'n drastiese verandering in metapatroon behels dat hulle nie mooi weet wat om te doen nie, en dan maar met die patroon wat hulle in hul ouerhuise geleer het – aggressie – reageer. Wanneer die ouers dit dan sien, raak hulle soms baie omgekrap en begin inmeng: “Nee man, moenie so lelik met oom Douwe wees nie!” Dis natuurlik te verstane.

Kinders is vir my die sleutel tot verandering. “Hulle verstaan wat ek probeer sê,” het die Boedda volgens oorlewering op 'n stadium gesê toe hy na 'n aantal kinders gewys het wat besig was om te speel. Kinders verstaan van nature die aard van spiritualiteit.

Ons hoef kinders nie 'goeie maniere' te leer nie. Hulle leer vanself van ons. As ons heeltyd 'asseblief' en 'dankie' sê, ook (veral) wanneer ons met ons kinders praat, sal hulle dit ook begin doen. Tot die mate waarin ons self mededeelsaam, goedhartig, vriendelik en so meer is, sal hulle dit ook wees. En as ons voorgee, sal hulle ook leer om voor te gee.

Daarmee is ons natuurlik weer terug by ons egte natuur teenoor die ego. Hoe meer ons met ons egte natuur in aanraking is en vrees en die ego laat vaar, hoe meer sal ons die gedrag openbaar wat ons wil hê ons kinder moet openbaar ...

Weereens bring dit my by die aard van die liefde.

7 Liefde is om vrees te laat vaar

The only way of full knowledge lies in the act of love: this act transcends thought, it transcends words. It is the daring plunge into the experience of union.

Erich Fromm, *The Art of Loving*

Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie.

1 Johannes 4:18

All of you believe that you have tried this idea called love, and all of you believe you have evidence that it is not the answer at all. What is your evidence? Your own failure to be happy and the unhappiness of the world you see.

ACOL 12.3

Naas die woord ‘God’ is die mees misbruikte woord in ons moderne samelewing seker die woord ‘liefde’ – om dieselfde rede. Albei is die ego se poging om die ewige, onbeskryfbare, onverstaanbare werklikheid waarna almal van ons op ‘n diep vlak hunker te reduseer na ‘n begrip wat die menslike verstand dink dit kan verstaan.

“God is liefde,” sê Paulus in 1 Johannes 4:8. Wanneer twee selfstandige naamwoorde met die woordjie ‘is’ verbind word, kan ‘n mens logieserwys die twee woorde omdraai. As God liefde is, is liefde God. ‘Liefde’ en ‘God’ is met ander woorde presies dieselfde ding. Dis die ego wat van liefde bloot een van talle menslike emosies gemaak het om ‘God’ as die patriarg te kan akkommodeer, en dit daardeur net so wisselvallig en manipulerend as die ego self gemaak het. Maar wat het Jesus oor liefde te sê gehad?

Eerstens natuurlik die groot gebod, wat ek vroeër al in die konteks van die vervulling van die wet bespreek het: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat.”

Wat beteken dit om God en jou naaste lief te hê?

As iemand vir jou sê jy moet op 'n spesifieke man of vrou verlief raak, kan jy dit doen?

Nee, jy kan nie. Jy kan dalk *voorgee* dat jy op haar verlief raak, maar sy gaan dit baie gou agterkom. Verlieftheid is 'n spontane emosie waaroor ons skynbaar geen beheer het nie. Óf jy raak verlief, óf jy raak nié verlief nie.

Ek noem hierdie voorbeeld spesifiek omdat ons so dikwels verlieftheid – 'n spontane gevoel – met liefde verwar. Vir die ego is liefde 'n emosie, en emosie is spontaan en wisselvallig. Dis hoekom die gebod dat ons God en ons naaste moet liefhê, en veral “met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand,” vanuit ons ego-perspektief niks beteken nie. En omdat dit vir ons niks beteken nie, hoewel ons voorgee dat dit vir ons belangrik is, steur ons ons in die praktyk nie daaraan nie. Dieselfde geld vir vergifnis.

Wat Jesus met liefde bedoel het, is iets heel anders.

Jesus het herhaaldelik daarop gewys dat liefde vir ons naaste op ál ons naaste van toepassing is; ons vyande ingesluit. Ook Hitler, Bin Laden, verkragters en pedofiele. Om te verwag dat ons spontaan emosies van liefde vir hierdie soort mense moet hê is uit en uit onmoontlik – vir die ego.

“Vir mense is dit onmoontlik, maar vir God is alles moontlik,” het Jesus volgens Matteus 19:26 gesê. Dit was in die konteks van die ryk man vir wie hy net daarvoor gesê het: “Dis makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te kom as vir 'n ryke om in die koninkryk van God te kom.”

Skynbaar twee verskillende kontekste, maar tog ook nie. Die ryk man het sy gevoel van sekerheid, geluk en dalk ook mag in sy rykdom gevind. Hoewel hy intens tot die boodskap van Jesus aangetrokke was, was hy nie bereid om sy skyngeluk prys te gee nie. In daardie opsig was hy die saad wat tussen die onkruid gesaai is in die gelykenis van die saaier (Matteus 13:18-23). Hy het, hoewel die Heilige Gees al duidelik begin praat het, nog met sy ego geïdentifiseer.

Dieselfde geld vir ons konsep van liefde. Om ons oordeel en haat teenoor ons vyande en die soort mense hierbo genoem te laat vaar is vir baie van ons seker net so moeilik as wat dit vir (sommige) rykes is om hul rykdom prys te gee.

Net 'n interessante opmerking: In Matteus 10:21 staan daar dat Jesus die ryk jongman “innig liefgekry het” toe hy hom aanraai om al sy goed te verkoop. Vir my is dit 'n aanduiding dat Jesus besef het hoe opreg die man in werklikheid was en empatie met sy innerlike konflik gehad het: 'n konflik waarmee almal van ons in mindere of meerdere mate worstel.

Daar is net een alternatief: Wat vir die ego onmoontlik is, is moontlik vanuit die bewussyn van Eenheid. Wanneer Eenheid, oftewel die

‘koninkryk van die hemel’ vir ons werklikheid word, verloor die ego sy krag. Dan wéét ons, “met ons hele hart en met ons hele siel en met ons hele verstand,” dat nóg ons materiële welvaart, nóg ons emosies enigiets met ware vrede en geluk te doen het.

Om die Liefde te ervaar waarvan Jesus gepraat het, is dus presies dieselfde as om die ‘koninkryk van die hemel’ te soek deur oordeel en vrees te laat vaar en te vergewe. Dan, wanneer ons die ‘koninkryk’ gevind het, verander ons natuur. Waar ons vanuit ons ego-identifikasie ‘van nature sondig’ was, openbaar ons nou ‘van nature’ die vrugte van die liefde. Dan is ons van nature barmhartig en doen ons van nature net aan ander wat ons aan onself gedoen wil hê. Dan vind ons ons ware natuur.

Volgens Lukas 7:47 sê Jesus vir Simon die Fariseër oor die ‘sondige’ vrou wat sy voete gesalf het: “Ek sê vir jou, omdat haar sondes wat baie is, vergewe is, daarom bewys sy baie liefde. Maar hy vir wie min vergewe is, bewys min liefde.”

Die ‘sondige’ vrou was ‘verlore’, soos die verlore seun. Juis daardeur het sy Jesus se woorde en die betekenis van vergifnis verstaan en verlang om na haar ‘vaderhuis’ terug te keer. Vanuit daardie bewussyn kon sy waarlik egte liefde openbaar. Volgens dieselfde interpretasie sou die broer in die gelykenis van die verlore seun een wees “vir wie min vergewe is.”

In Lukas 6:27-36 staan daar: “As iemand jou op die een wang slaan, bied hom ook die ander een aan. En vir iemand wat jou boklere vat, moet jy ook jou onderklere nie weier nie. Aan elkeen wat iets vra moet jy gee; en as iemand jou goed vat, moet jy dit nie terugeis nie. Behandel ander mense soos julle self behandel wil word.” Hierdie woorde kom basies neer op: “Moenie weerstand bied nie.”

Weerstand is seker een van die uitstaande kenmerke van die ego. As iemand iets van ons wil hê, bied ons weerstand. As iemand ons aanval, bied ons weerstand. As dinge nie verloop soos wat ons wil hê hulle moet verloop nie, bied ons weerstand. As my lewensmaat ander voorkeure en waardes as ek het, bied ek weerstand. As dit droog is, bied ons weerstand. As dit nat is, bied ons weerstand.

Soos vroeër genoem, versterk weerstand presies die ding waarteen weerstand gebied word, want om weerstand te bied is om die Lewe self ongedaan te probeer maak.

Die ego se normale reaksie op ‘n klap op die wang of die diefstal van jou klere is “‘n oog vir ‘n oog en ‘n tand vir ‘n tand.” In die proses bly baie oë en tande in die slag. Kyk maar na die Midde-Ooste, waar “‘n oog vir ‘n oog en ‘n tand vir ‘n tand” (of eintlik ‘n kop vir ‘n oog en ‘n kakebeen vir ‘n tand!) die *modus operandi* is. Vanuit die bewussyn van Eenheid is sulke gedrag bloot illusie, en maak dit nie saak nie. Die ego word egter deur weerstand in stand gehou. Wanneer ons ophou weerstand bied, verloor die

ego sy krag. Wanneer die ego sy krag verloor, kom ons innerlike werklikheid na vore:

“You cannot be hurt, and do not want to show your brother anything except your wholeness. Show him that he cannot hurt you and hold nothing against him, or you hold it against yourself. This is the meaning of 'turning the other cheek'” (ACIM T-5.IV.4:4-6).

Dieselfde beginsel geld vir ons emosies. Hoe meer weerstand ons teen ons emosies bied, hoe sterker word hulle.

Gevoel, Emosie en Groepsproses

This curriculum aims to help you see that your emotions are not the real thoughts of your heart. What other language might your heart speak? It is a language spoken so quietly and with such gentleness that those who cannot come to stillness know it not. The language of your heart is the language of communion.

Emotions speak the language of your separated self rather than the language of your heart. They are the forward guard of your defense system, always on the lookout for what might hurt or slight the little you that they deem under their protection, or the other little selves you deem under yours.

You do not yet believe nor understand that the urges that you feel are real, and neither good nor bad. Your feelings in truth come from love, your response to them is what is guided by fear. Even feelings of destruction and violence come from love. You are not bad, and you have no feelings that can be labeled so. Yet you are misguided concerning what your feelings mean and how they would bring love to you and you to love.

It is in understanding the relationship that exists between what you feel and what you do that love's lessons are learned. Each feeling requires that you enter into a relationship with it, for it is there you will find love.

ACOL 8.2

Your task is not to seek for love, but merely to seek and find all the barriers within yourself that you have built against it.

Rumi

A Course of Love (ACOL) maak dit duidelik dat daar 'n verskil tussen emosie en gevoel is, hoewel altwee natuurlik gevóél word.

Emosies is die liggaam se reaksie op gedagtes. Lekker gedagtes veroorsaak lekker emosies; negatiewe gedagtes veroorsaak negatiewe emosies. Dit is dus bloot 'n liggaamlike verskynsel op dieselfde vlak as ons gedagtes, hoewel grotendeels onbewus.

Gevoel, aan die ander kant, is dít wat vanuit ons staat van Eenheid na vore kom, welliswaar deur middel van die liggaam. Gevoel is die Lewe self in aksie. Klein kinders doen en sê alles op gevoel. Hulle begin kruip en loop as hulle die impuls daarvoor *voel*. Hulle gaan slaap as hulle so *voel*. Hulle hele proses van leer kruip en loop en balanseer en so meer is gebaseer op *gevoel*. Op 'n manier kan 'n mens sê daardie gevoel is die Heilige Gees in aksie: leiding van binne. Dis nou natuurlik totdat hulle deur hul 'opvoeding' geleer het om nie meer hul gevoel te vertrou nie.

As volwassenes het ons presies dieselfde leiding deur gevoel, maar ons het dit van kleins af al leer ontken. En wanneer ons iets voel wat indruis teen wat ons glo, rasionaliseer ons dikwels vir onself dat die gevoel verkeerd is, en onderdruk ons dit.

Ons kan nie met opset liefdevol wees nie, want die Liefde is per definisie buite die beheer van die ego:

When you think of acting out of love, your thoughts of love are based on sentiment and must be challenged. Love is not being nice when you are feeling surly. Love is not doing good deeds of charity and service. Love is not throwing logic to the wind and acting in foolish ways that pass as gaiety but cannot masquerade as joy. (ACOL 4.12)

Liefde is wat ons is. Hoe meer ons vrees en naverwante emosies soos haat en woede kan laat vaar, hoe meer manifesteer die Liefde in ons lewens deur gevoelens wat spontaan in ons opkom. Daar is dus 'n direkte verband tussen Liefde, egtheid en gevoelens. Wanneer ons werklik met ons onderliggende Eenheid (Liefde) in aanraking is, is ons volkome spontaan, en is ons dade die direkte gevolg van wat ons voel. Wat ons ookal sê of doen is dan in werklikheid onder die leiding van die Heilige Gees en word deur sowel onself as deur ander as liefde ervaar.

“Aan hulle vrugte sal julle hulle ken,” het Jesus gesê toe hy verwys het na vals profete, en vir die Fariseërs en Sadduseërs sê hy: “Dra liever vrugte wat bewys dat julle bekeer is.” Die implikasie is duidelik: Al die Fariseërs se goeie dade het niks beteken nie omdat hulle nie ég was nie en hul ware gevoelens en emosies ontken het. Vir my is dit duidelik dat Jesus hier met ‘beking’ ook verwys na die terugkeer na egtheid. Wanneer ons getrou aan onself en dus eg is, kom die ‘vrugte’ vanself.

Toe ek jare gelede as berader vir Noodlyn opgelei is, is die opleiding in die konteks van groepsproses gedoen. Die aard van groepsproses was vir

my 'n openbaring wat 'n direkte bydrae gelewer het tot my besluit om in geloof te gaan leef. Hiermee 'n kort opsomming:

Wanneer 'n groep mense bymekaarkom, is die groep geneig om deur drie of vier waarneembare fases te gaan:

1. Die ontkennings- of voorgeefase. Waar 'n nuwe groep ontstaan of 'n bestaande groep verander, gebeur die volgende:

Mense is geneig om min van hulself te wys en voor te gee. Almal is vriendelik met mekaar, maar probeer subtiel uitsorteer wat hul rol in die groep is en hoe hulle gaan moet optree om die meeste voordeel daaruit te kry. Daarvoor moet hulle die ander lede van die groep probeer opsom. Omdat die algemene kommunikasie oppervlakkig en ontkenkend van aard is, speel onbewustelike kommunikasie soos 'lyftaal' 'n groot rol. 'n Paar persone met ekstroverte geaardhede domineer dikwels die geselskap.

Dit is onvermydelik dat sekere mense mekaar begin irriteer, maar die norm is om dit nie te wys nie, en dus word dit ontken. Dit beteken natuurlik nie dat ander dit nie agterkom nie! In die meeste 'normale' gespreksituasies gaan die groep nooit verder as hierdie fase nie. Die dubbele boodskappe van hierdie fase is die teelaarde van skinnery en poletiekery. In kort: die ego in aksie.

2. Konflik. Wanneer die groep daartoe 'geforseer' word (byvoorbeeld wanneer 'n groep vir 'n lang ruk bymekaar is, of dit doelbewus so gefasiliteer word) sal iemand die bestaande norm ignoreer en iets negatiefs sê, wat gewoonlik tot gevolg het dat ander ook negatiewe dinge begin sê. Ons normale reaksie is om onmiddelik die vrede te probeer herstel: "Nee man, vir wat is jy so negatief!" of "Vir wat moet jy nou die atmosfeer so bederf!" of "Kom nou mense, kom ons gedra ons soos grootmense!" Ons onderdruk die groepsproses. Die ego wil nie dieper emosies in die ope laat kom nie.

As die negatiewe emosies egter toegelaat word – en dit is die kern, waarin die fasiliteerder 'n belangrike rol speel – gebeur daar iets baie interessants. Na die aanvanklike pogings om dit te onderdruk en te ontken, bars die negatiewe emosies los. Wel, die intensiteit wissel van groep tot groep, maar dis feitlik altyd daar in een of ander vorm.

By gebrek aan fasilitering (aanvaarding van emosie) behou die ego sy greep en bly baie groepe weereens in hierdie fase. Ek dink dis waar ons samelewing as geheel deesdae is. Ons glo aan 'vryheid van spraak', maar in die praktyk beteken dit meestal 'n oor en weer slegsêery sonder dat die emosies werklik erken en toegelaat word.

Dis vir my interessant dat 'n groot motorvervaardiger jare gelede die 'moeilikste' mense as fasiliteerders uitgesoek het om groepsproses te fasiliteer as daar konflik in die maatskappy was. Daardeur het hulle verseker dat hierdie fase wel plaasvind!

3. Groepskohesie. Eers is daar 'n soort leegheid, soos Scott-Peck dit in *The Different Drum* beskryf (hy beskou dit as 'n addisionele fase). Die negatiewe hou skielik op, en dan is daar niks nie. Mense voel dikwels ongemaklik met die 'leegheid'. Geleidelik kom positiewe emosies nou te voorskyn. Mense begin positiewe goed in mekaar raaksien en mekaar vertrou. Die groep ontwikkel 'n soms fenomenale samehorigheidsgevoel wat dikwels ook met 'n groot toename in kreatiwiteit en produktiwiteit gepaard gaan.

Die ironie is dat geen menslike poging hierdie fase, waar almal eintlik van die begin af wou wees, kan bewerkstellig nie. In fase een probeer almal om hierdie samehorigheidsgevoel te kry, maar dit is juis die pogings (van die ego) om daar te kom wat die proses in die wiele ry. Soos Oscar Wilde dit gestel het: "It is always with the best intentions that the worst work is done." Dis bloot die fasiliteerder se aanvaarding – vergifnis – wat die verskil maak. Hy of sy 'doen' in werklikheid niks nie.

Nie almal het dit so ingesien nie, maar vir my was dit destyds duidelik dat groepsproses in wese 'n 'spirituele' proses, en daarmee die sleutel tot vrede was.

Hoeveel menslike vredespogings deur die eeue en regoor die wêreld het al werklik permanente vrede tot gevolg gehad? Ons eie pogings om vrede te bewerkstellig werk eenvoudig nie. Ons verwar gebrek aan geweld met vrede.

Wanneer ons egter toegelaat word om werklik outentiek aan al ons negatiewe emosies uiting te gee, verloor die emosies hul krag en manifesteer die vrede waarna ons streef spontaan.

Waarom sou groepsproses so doeltreffend wees?

Omdat dit effektief 'n 'kortsluiting' van die ego is. Die ego hou skuldgevoel in stand, maar wil nie hê ons moet te bewus daarvan wees nie. Dit oortuig ons dat ons negatiewe emosies gevaarlik is, en dat ons hulle eerder moet onderdruk.

Hoe dikwels hoor ons nie dat ons 'professionele hulp' moet kry as ons trauma of konflik beleef nie? Dis dieselfde ding. Hoekom sou net 'n sielkundige of 'n psigiater ons kon help om ons emosies te verwerk? Is dit nie maar weer die ego se manier om te sorg dat ons onself nie vertrou nie deur iemand anders – 'n gesagsfiguur – vir ons lewens verantwoordelik te maak nie? Wat natuurlik nie beteken dat sommige terapeute ons nie baie kan help om emosies te verwerk nie.

Op 'n dieper vlak is ons vrees vir negatiewe emosies eintlik maar vrees vir die dood – van die ego. Selfs die dood is uiteindelik illusie, want wie ons werklik is kan nie sterf nie.

Uit my eie ervaring van neigings tot selfmoord, my seun se ervarings voor sy dood en my 'beradings'-ervaring het ek tot die gevolgtrekking

gekom dat mense wat selfmoord pleeg dikwels juis die mense is wat nie hul emosies ten volle kan beleef nie, en as gevolg daarvan hulself uit hul verknorsing probeer dink. Ek is daarvan oortuig dat selfmoord die gevolg is van 'n bese kringloop van negatiewe en destruktiewe gedagtes en negatiewe emosies wat uiteindelik tot die vaste oortuiging lei dat daar geen hoop is nie. Dit hou natuurlik integraal verband met die vaste geloof dat ons ons liggame is.

Ek wil geensins voorgee dat dit 'n maklike proses is of dat dit altyd sal werk nie, maar vir my lê die antwoord vir selfmoord juis daarin om ons gedagtes te laat stil word, onder meer deur ons emosies ten diepste te beleef en daardeur te transendeer.

Dis danksy ons vrees vir negatiewe emosies dat ons in fase een van sowel groepsproses as berading alles probeer om die (ego) vrede te bewaar, en hewig reageer as mense negatiewe dinge sê. Die fasiliteerder, wat uit die aard van die saak iemand moet wees wat gemaklik met negatiewe emosies is, weet op 'n diep vlak dat daar absoluut geen inherente gevaar in die negatiewe emosies is nie. Bloot deur daardie wete het sy of hy 'n 'teenwoordigheid' wat mense veilig genoeg laat voel om hul negatiewe emosies tot uiting te laat kom.

Wanneer dit gebeur, lyk dit soms asof alles verlore is en in chaos gaan eindig. Toe ek gereeld groepsproses gefasiliteer het, het ek dikwels gedink: "Dit het elke keer nog gewerk, maar hiêrde keer gaan dit nie werk nie!" Dis die ego wat so praat. Tog het dit elke keer weer gewerk. Elke keer sien ons deur die illusie van die mag van negatiewe emosies, en die emosies verloor hul krag.

Ek het ook begin agterkom dat, hoe meer gemaklik ek as fasiliteerder met my eie emosies is, hoe minder intens en/of hoe korter is die 'negatiewe' fase.

Wanneer die negatiewe verdwyn het, bly net wie ons werklik is: Liefde. Vanuit die Liefde verander ons gedrag, en ons ervaar dit as samehorigheid, verdraagsaamheid, kreatiwiteit en so meer.

Natuurlik is dit nie die einde van die ego nie. As die groep langer bymekaar bly, is 'n herhaling van die proses geneig om plaas te vind. Dis egter asof dit die vorm van 'n spiraal aanneem: die groep beweeg elke keer in 'n dieper ervaring van samehorigheid in.

Dis op grond van hierdie proses dat Peter Batchelor, destydse direkteur van Noodlyn in Pretoria, 'n organisasie met die naam *Bou Suid-Afrika Stigting* gestig het met die uitsluitlike doel om deur middel van groepsproses die geweldige antagonisme tussen veral Swart en Wit te probeer oorbrug. Kort daarna het ek by hom aangesluit. In die volgende hoofstuk vertel ek meer daaroor, en in *From Intellect to Intelligence* het ek die hele verhaal vertel en voorbeelde genoem.

Carl Rogers is een van dié wat die krag van groepsproses ontdek het. Hy is bekend as heel moontlik die gewildste sielkundige ooit. Hoewel hy homself as ‘n ‘humanistiese agnostikus’ uitgegee het, het ek hom as ‘n baie ‘spirituele’ mens ervaar. Hy het iewers op die geheim van die ego afgekom, hoewel hy dit nooit so genoem of beskryf het nie.

In sy boek *On Becoming a Person* skryf Rogers destyds: “The more paradoxical aspect of my experience is that the more I am simply willing to be myself, in all this complexity of life and the more I am willing to understand and accept the realities in myself and in the other person, the more change seems to be stirred up. It is a very paradoxical thing – that to the degree that each one of us is willing to be himself, then he finds not only himself changing; but he finds that other people to whom he relates are also changing; At least this is a very vivid part of my experience, and one of the deepest things I think I have learned in my personal and professional life.”

Om ‘onself’ te wees is om eg te wees. Om eg te wees is om ons verdedigingsmeganismes te laat vaar. Wanneer ons ons verdedigingsmeganismes laat vaar, manifesteer Eenheid, oftewel Liefde, deur ons.

Die eindresultaat hiervan, soos Rogers en ander in hul boeke beskryf, is dat ons mekaar op ‘n dieper vlak vind. Wanneer ons werklik onself en ander vertrou (die twee gaan saam), gebeur daar iets wat geen geloofsisteen ooit kan beskryf of verstaan nie: ons ervaar ‘n gevoel van Eenheid. Enige fasiliteerder van groepsproses in watter vorm ookal kan daarvan getuig. Wanneer ons daardie Eenheid ervaar, word ons geloofsisteme minder belangrik, en die gevolg daarvan is dat ons al hoe meer in staat is om dinge te sien *soos hulle is* in plaas van *hoe ons glo hulle moet wees*.

Om onself te vertrou, is om die natuur – *dit wat is* – te vertrou. En dit wat is, is Liefde. Ons kan dit God noem as ons wil (‘God is Liefde’).

“As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daarvoor bid,” sê Jesus volgens Matteus 18:19-20, “sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry, want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.”

Dis effektief wat in groepsproses gebeur. Deur ‘n veilige klimaat te skep waarin daar vryelik aan negatiewe emosies uiting gegee kan word, kom ons diep behoefte aan konneksie na die oppervlak in die vorm van egte emosies soos hartseer, verlange of skuldgevoel, wat op hul beurt weer neerkom op die aflegging van ons verdedigingsmeganismes en ‘n gevolglike verwondbaarheid. In daardie egtheid vind vergifnis spontaan plaas en ervaar ons as gevolg daarvan Eenheid, oftewel die Christus.

In daardie toestand van Eenheid ervaar ons nie net die krag van ware vergifnis nie, maar het ons ook 'n geweldige skeppingskrag ("sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry").

Laat ek een voorbeeld noem wat ek nog nie in vorige boeke genoem het nie.

Ek het 'n groep Britse skoliere op 'n 15-dae siklus van drie wildernisstaptoere – iSimangaliso (St Lucia), Hluhluwe-iMfolozi-wildtuin en die Drakensberg – geneem. Hoewel die groot groep 'n gemengde groep was (seuns en meisies), het my groep (een van die drie groepe) uit ses meisies en 'n manlike onderwyser bestaan.

Op die staptoere het ons gereeld 'Indaba'-sessies, waar deelnemers kan reflekteer oor hul ervarings, gedagtes, emosies en gevoelens. Tydens so 'n sessie op die Hluhluwe-iMfolozi-staptoer erken die onderwyser dat hy verlief op een van die skoolmeisies is. Ek sê toe vir hom: "I appreciate your honesty, but you probably realise that it may have consequences."

Die konteks is hier belangrik. Al wat die onderwyser gedoen het is om eerlik te sê hoe hy voel. Hy het niks verder gedoen nie. Vir my was dit dus geen probleem nie. In die konteks van veral die Britse beheptheid met seksuele belangstelling in kinders en die algemene neiging om nie openlik te erken wat ons voel nie, was dit egter ongehoord. Hierdie spesifieke skool het 'n reël gehad dat geen onderwyser nader as ses duim aan 'n skoolkind mag beweeg nie. Om aan 'n kind te raak, ookal is dit per ongeluk, is 'n oortreding!

Tussen die verskillende staptoere ry die drie groepe saam in een bus, met die gevolg dat hulle uiteraard hul ervarings met mekaar deel. Teen die tyd dat ons in die Drakensberg uitkom, het dit beteken dat die groot groep bewus was van wat in ons groepie gebeur het.

In die Drakensberg het my groep – sonder die onderwyser – hulself in een van die kamers van die stappershut waarin ons oornag het afgesonder, en kontak met die ander en met die onderwyser en my vermy.

Ons is toe die volgende dag die berge in, en die volgende twee dae het skynbaar glad verloop. Die tweede dag het ons almal baie pret gehad deur in die yskoue water te swem, en dit het gelyk asof die gespanne atmosfeer bedaar het.

Op die derde dag het ons 'n stiltesessie, waartydens elkeen vir 'n uur of wat alleen sit, en na die tyd kom ons almal bymekaar.

"We are such a nice group," sê een van die meisies in die 'Indaba', "and we have bonded so well together."

"No, we haven't," sê ek. "The group is split right down the middle."

Dit was al wat nodig was. Binne sekondes bars fase twee van die proses los in die vorm van verwyte, beskuldigings, woede-uitbarstings en so meer. My mede-gids se oë rek, en ek kan sien hy is totaal en al uit sy gemaksone.

Ek luister na elkeen, en reflekteer hul emosies. “I hear your anger ...”, “You’re really upset, aren’t you?” en so meer.

Seker so twintig minute later begin almal kalmeer. Fase drie begin aanbreek.

Ons is vroeg die volgende oggend terug na die stappershut toe om daarvandaan weer Durban toe te ry. Toe ons by die hut aankom, los ek my groep buite op die gras om uit- en oor te pak, en ek stap na die hut toe. Een van die ander onderwysers kom reguit op my afgestap. Hy het intussen van sy groep gehoor wat in ons groep gebeur het, en is baie ontsteld. Hy vra my of dit nodig is om op te tree teen my groep se onderwyser, en verseker my dat alle nodige stappe geneem sal word.

“Nee,” sê ek, “dis nie nodig om enigiets te doen nie. Ons het dit in die groep uitgesorteer.” Ek kan sien hy’s nie baie beïndruk nie, maar hy los dit toe daar.

Ek is reguit terug na my groep toe en vertel hulle wat gebeur het. “The consequences have arrived,” sê ek. “How are we going to deal with them?”

Wat gevolg het, het my verstom. Met absolute vasberadenheid besluit die hele groep, onderwyser ingesluit, dat alles wat gebeur het binne die groep bly. Niemand het meer nodig gehad om ander te blameer nie. Totale vergifnis.

Tydens die bespreking sê een van die meisies: “He’s like Jesus.” “Yes,” sê ‘n ander een, “a South African Jesus.” Natuurlik hou die ego glad nie hiervan nie, of wil dit kop toe te vat. Maar vir my was dit ‘n aanduiding dat die meisies intuïtief aangevoel het dat wat gebeur het direk verband hou met die vergifnis waarvan Jesus gepraat het.

Toe ons terugkom, het ek die organiseerder in Engeland gebel en haar net ingelig wat gebeur het, ingeval daar iets verder in Engeland gebeur. Ek het egter beklemtoon dat die groep dit self opgelos het en daar niks verder is wat gedoen hoef te word nie.

Ek het ‘n paar weke later ‘n DVD van die staptoer gekry wat die onderwyser geneem het, tesame met ‘n brief waarin die groep my bedank het. Verder het ek nooit weer iets van hulle gehoor nie. Ook nie van groepe van dieselfde skool wat ek later weer op staptoer geneem het nie.

Dit is die potensiaal van groepsproses. Wat sou die alternatief gewees het?

In *From Intellect to Intelligence* beskryf ek nog ‘n aantal voorbeelde.

Dit was hoekom sowel Peter Batchelor as ek alles opgegee het om deur middel van groepsproses versoening te probeer bewerkstellig. Dit was geweldig suksesvol, totdat dit deur politieke partye (ego) stopgesit is – juis omdat dit so goed gewerk het.

Meeste van ons is so diep geïndoktrineer (gehipnotiseer) in die geloof dat ons nie ons gevoelens en emosies durf vertrou nie dat ons dit nie durf waag om aan ons negatiewe emosies erkenning te gee nie. Meeste van ons wil net eenvoudig nie ‘daar gaan nie’.

Carl Jung het destyds al besef dat, hoewel ons oor die algemeen uiters huiwerig is om wat hy die ‘skadu’ noem in die ope te laat kom, daardie kant van ons krities is vir wat hy ‘individueasie’ genoem het, en dat ons werklike kreatiwiteit juis in die skadu gesetel is. (Individueasie is die natuurlike proses van transformasie waarin sowel die persoonlike as die kollektiewe onbewuste na die oppervlak kom en in ons bewuste persoonlikheid geïntegreer word.)

Bitter min mense neem Jung se konsep van die ‘skadu’ ernstig op, want om dit te doen is om onself aan die ‘donker nag van die siel’ bloot te stel.

Dit is waar ‘toeval’ of ‘die noodlot’ of ‘ongeluk’ inkom. Daar bestaan in werklikheid nie so-iets nie. Ons kan dikwels nie verstaan hoe mense wat skynbaar ‘goed’ is allerhande rampe en ellende ervaar nie, terwyl dit lyk asof dit met ‘slegte’ mense dikwels goed gaan! Waar is God se regverdigheid?!

Dit het niks met regverdigheid te make nie. Dit is uiteindelik ons eie skepping (vrees en negatiewe gedagtes, dalk in vorige lewens). Die Heilige Gees gebruik egter daardie einste skeppings om ons onderliggende skuldgevoel en vrees na die oppervlak – in die lig – te bring, vanwaar genesing plaasvind. Daarsonder kan ons nie by die vrede van God uitkom nie. Mense wat as ‘goed’ ervaar word is dikwels juis mense wat al baie pyn ervaar het.

Dis amper soos op ons wildernisstaptoere. Daar’s nie ‘n manier waarop ons doelbewus ons kliënte aan gevaarlike situasies sal blootstel nie. Soms gebeur dit egter dat ons ‘n olifant of ‘n swartrenoster of iets onkant betrap en die dier ons bestorm. Dis net ‘n feit dat sulke staptoere dikwels ‘n dieper effek op ons almal het as dié (die meeste) waarop daar niks noemenswaardig gebeur nie. Juis dit wat ons ten alle koste probeer vermy gee dikwels ‘diepte’ aan die staptoer.

So, glo ek, is dit ook met die bewuswording van ons ‘donker kant’. Al hoe meer van ons beleef moeilike omstandighede wat ons ‘donker kant’ in die ope bring. Die Lewe self lei baie van ons na die ‘donker nag van die siel’.

Daar is niks so doeltreffend in daardie opsig as intieme verhoudings nie.

Verhoudings

Iemand sê toe vir Hom: “U moeder en U broers staan daar buite en wil met U praat.”

Maar Hy sê vir die man wat dit vir hom gesê het: “Wie is my moeder, en wie is my broers?”

Toe wys hy met sy hand na sy dissipels en sê: “Daar is my moeder en my broers! Elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is, dié is my broer en my suster en my moeder.”

Matteus 12:47-49

You look for constant verification that this one you love loves you in return, and if this attention is not provided you feel you have cause for claiming wounds that cannot be healed and reparations that cannot be paid. You thus hold the one you love the most in the greatest bondage, and call that bondage a relationship.

ACOL 14.10

A Course in Miracles plaas heelwat klem op wat dit ‘holy relationships’ noem, in direkte teenstelling met ‘special relationships’.

Heilige verhoudings dui op verhoudings wat die bewuswording van ons inherente Eenheid ten doel het. Spesiale verhoudings verwys na die tipe verhoudings wat ons as normaal beskou, maar wat in werklikheid in die ego geanker is. Die soort verhoudings wat ‘n mens dikwels as ‘n soort ontkende oorlog kan beskryf, en waaraan baie van ons uiteindelik deur egskeiding of ‘ontrouheid’ probeer ontsnap.

Hier wil ek net weer beklemtoon dat die ego nie slég is nie. Allesbehalwe. Dis bloot illusie, en om die illusie ‘sleg’ te noem is om dit te versterk. Volgens CL 6 (p5) “It must be understood that there is nothing evil about the ego-drive. It is the necessary tool of creation. It is the individual himself who brings about the imbalances in life by allowing the ego-drive full control in his personality without thought or consideration for other people.

“This too, is not to be judged or criticised, since the person possessed by ego-drive knows no other way to think or operate within the earthly dimension.”

Dit sê ek spesifiek om die volgende (beweerde) woorde van Jesus in perspektief te plaas:

“As iemand na My toe kom,” staan daar in Lukas 14:26, “kan hy nie My dissipel wees nie tensy hy afstand doen van sy eie vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs van sy eie lewe.”

Wat die 1983-vertaling as ‘afstand doen’ vertaal is in die ou Afrikaanse vertalings, asook ander vertalings, as ‘haat’ vertaal. Dit strook met Piet Muller se vertaling van vers 101 van die EVT: “Wie nie sy pa en ma haat soos ek nie, kan nooit my volgeling wees nie. En wie sy pa en ma nie soos ek liefhet nie, kan nie van my leer nie. Want my ma het my vir die dood gebaar maar my ware moeder (die Heilige Gees) het aan my die lewe geskenk.”

Ek het iewers gelees van iemand wat ‘n lewenslange diep skuldkompleks van sy kindertyd af oorgehou het as gevolg van hierdie woorde. As kind is daar aan hom vertel dat, as hy nie sy ouers haat nie, hy nooit hemel toe sal gaan nie.

Dis die probleem met vertalings en letterlike interpretasies. Enige taal is kultuur- en tydsgebonde. ‘n Vertaler vertaal in ‘n ander tyd en kultuur, en altyd vanuit sy of haar eie verwysingsraamwerk. Vir Bybelvertalers was die meeserverhaal deel van hul verwysingsraamwerk. Dus is enige vertaling vanuit die oorspronklike taal (Grieks in hierdie geval) altyd relatief en kontekstueel.

Volgens *Strong's Exhaustive Concordance of the Bible* op die Internet beteken die Griekse woord *miseo*, wat in Afrikaans vroeër as ‘haat’ en later as ‘afstand doen’ vertaal is: “to detest (on a comparative basis); hence, denounce; to love someone or something less than someone (something) else, i.e. to renounce one choice in favor of another.”

Veral in die lig van alles wat Jesus oor liefde te sê gehad het, insluitend dat ons selfs ons vyande moet liefhê, maak die vertaling van die Griekse woord *miseo* as ‘haat’ vir my geen sin nie. Dit sou ‘n direkte weerspreking wees. Aan die ander kant pas ‘afstand doen’ nie in die vorige paragraaf se definisie nie. Dit klink vir my al te veel na ‘n vertaler wat besluit het ‘afstand doen’ pas die beste in die meeserverhaal.

Wanneer ons na Jesus se woorde in die konteks van ACIM se spesiale verhoudings teenoor heilige verhoudings kyk, maak dit vir my baie meer sin.

Wat ACIM met spesiale verhoudings bedoel is verhoudings met ander mense (of diere of dinge) waarvan ons glo dat hulle dít wat in ons ontbreek kan aanvul of voorsien: geluk, liefde, vervulling, ‘n gevoel van veiligheid, eiewaarde en so meer. Duisende moderne liedjies draai om die tema: “Sonder jou is ek niks nie, maar as jý in my lewe kom sal alles regkom en sal ek vervuld wees.”

In *The Art of Loving* beskryf Erich Fromm hierdie tipe verhoudings as ‘n soort handelskontrak: Jy voorsien wat ek kortkom en ek voorsien wat jy kortkom.

Oor verliefdheid skryf Fromm: “They take the intensity of the infatuation, this being ‘crazy’ about each other, as proof of the intensity of

their love, while it may only prove the degree of their preceding loneliness.”

Effektief het Erich Fromm die aard van spesiale verhoudings ingesien lank voordat ACIM verskyn het.

Die probleem met hierdie tipe verhoudings is dat die stadium van verliefdheid nie lank hou nie. Weet ons dit nie almal nie? Na die ‘wittebrood-fase’, wat korter of langer kan duur, of selfs daartydens, begin die konflik al. Die eerste dinge wat ons van mekaar aangetrek het begin ons nou irriteer, en die voorgee begin verweer.

In terme van ACIM is die rede hiervoor eenvoudig: Wanneer ek verlief is projekteer ek wat ek graag sou wou hê of wees op die ander persoon en *vice versa*. Daarom voel ek dat daardie persoon die deel van my komplementeer wat in my ontbreek. Wanneer daardie ‘positiewe’ projeksie (transferensie) begin vervaag, neem die ‘negatiewe’ projeksie oor: nou sien ek in die ander persoon presies dit wat ek onbewustelik in myself veroordeel of verag.

Spesiale verhoudings kom dus altyd daarop neer dat ons dink ons het iemand of iets buite ons nodig om gelukkig te kan wees. Omdat dit verwagtings skep van hoe ek wil hê die ander persoon moet wees, is die resultaat daarvan altyd konflik. Wanneer die konflik onuithoudbaar word, besluit al hoe meer van ons om die verhouding te beëindig en dikwels weer ‘n spesiale verhouding met iemand anders aan te gaan. Daar is heelwat mense wat so van die een verhouding na die ander beweeg.

Tog sê ACIM nie dat daar iets met spesiale verhoudings verkeerd is of dat ons geen verhoudings moet hê nie. Inteendeel. Al wat hoef te verander (dis nou te sê as ons ernstig is oor dieper vrede en geluk) is dat ons spesiale verhoudings as die konteks beskou waarin ons deur die hindernisse van die ego kan werk om ons inherente Eenheid, en dus Liefde, te ontdek. Spesiale verhoudings is ‘n spesiale geleentheid! Ek wens ek het dit besef toe ek destyds geskei is.

“Physical impulses are misdirected miracle impulses,” aldus ACIM (T-1.VII.1:3). Dit sluit die seksdrang in. Dit beteken nie dat ons soos die godsdiens deur die eeue daardie drang moet onderdruk of ontken nie. Allesbehalwe. Veral in die Katolieke Kerk het ons gesien wat gebeur wanneer dit gebeur. Al wat dit beteken is dat dit die ego se manier is om ‘hereniging’ te vind. Baie van die ego se gedrag is ‘n soort nabootsing van geestelike hereniging. Omdat daar in die geval van seks liggame betrokke is, kan ware hereniging in Gees egter nie deur die seksdaad op sigself plaasvind nie. Wat nie beteken dat die Heilige Gees, soos met enigiets anders, dit nie kan gebruik om ons na hereniging te lei nie. Die hele *modus operandi* van die Heilige Gees is om dit wat ons vanuit die ego teweeg bring te gebruik om ons na versoening te lei.

Seksuele disfunksie is skynbaar 'n integrale deel van patriargale godsdienste. Waarom hierdie godsdienste deur die eeue nog so 'n verskriklike bohaai oor iets so natuurliks wou maak, sowel manlike as vroulike geslagsdele wou vermink en voorskryf wie onder watter omstandighede met wie gemeenskap mag hê gaan my nog steeds te bowe. Selfs vandag nog, Freud en Wilhelm Reich niteenstaande, is ons samelewing op seksuele gebied uiters disfunksioneel. Miskien is dit juis omdat die seksdrang so 'n kragtige simbool van hereniging is?

Die seksbedryf (prostitusie, pornografie en so meer) is vandag een van die grootste bedrywe ter wêreld. In die proses word seker miljoene meisies (en seuntjies) as seksslawe aangehou en mishandel. In Thailand, om maar een voorbeeld te noem, verkoop baie arm ouers hul dogters aan bordele, dikwels nadat die pa eers self gou sy kans waargeneem het en sy dogter se maagdelikheid ontnem het.

En tog word, waar gewelddadige seks op die openbare media algemeen aanvaar word, liefderyke, sensuele en diep orgasmiese seks nog steeds as 'pornografies' beskou en gesensor!

Hierdie verskynsel dui nie net op die krag van die seksdrang nie, maar ook op die krag van onderdrukking van die seksdrang.

Daar's natuurlik nog iets. Soos alles van die ego, is seks tydelik en wisselvallig. As ons vir 'n ruk lank met dieselfde persoon seks gehad het, raak ons dikwels verveeld en soek ons na iets nuuts. Soos Krishnananda en Amana Trobe in hul boek *When Sex Becomes Intimate* aandui, is dit die ideale tyd om op die meer geestelike aspekte van die verhouding te begin fokus. Veral later in ons lewens is dit natuurlik om die seksdrang te begin transendeer.

Transendering is iets totaal anders as onderdrukking; 'n subtile maar uiters belangrike onderskeid wat grotendeels in die godsdienst gemis word. Onderdrukking versterk bloot dít wat onderdruk word, en in die geval van seks beteken dit dat dit meestal juis die negatiewe vorms aanneem wat ons nie wil hê nie: pornografie, prostitusie, pedofilie en so meer.

Transendering, aan die ander kant, is die natuurlike, spontane en vrywillige beëindiging van iets waarvan ons basies genoeg gehad het. *Slegs wat ten volle beleef is, of in elk geval ten volle aanvaar is, kan getransendeer word.* Slegs deur seks sonder inhibisies ten volle te geniet, of minstens ten volle vrede te maak met ons seksualiteit, kan ons op die punt kom waar ons dit vrywillig laat vaar. Osho het nogal heelwat klem hierop gelê in sy praatjies en sy boek *Sex Matters*.

Spesiale verhoudings is nie net van toepassing op seksuele of 'romantiese' verhoudings nie. (Hoe 'romanties' is so veel van sulke verhoudings werklik?) Dit is van toepassing op alle verhoudings wat ons met ander

mense het – vriende, broers en susters, ouers, kinders, kollegas en so meer. In baie van hierdie verhoudings het ons geen keuse nie – my ouers is my ouers en my kinders my kinders, of ek nou wil of nie. In ons samelewing word veral verhoudings met ons familieleden egter dikwels geromantiseer. Hoe dikwels sien ons nie ‘die ideale gelukkige familie’ in advertensies of op ons persoonlike foto’s nie? Hoeveel van hulle is werklik gelukkig?

Net soos in ‘romantiese’ verhoudings, is enige konflik, teleurstelling, frustrasie of pyn wat ons in verhoudings met ons familie, vriende of kollegas beleef die resultaat van spesiale verhoudings. Ook in hierdie verhoudings is ons geneig om mekaar vir ons eie doeleindes te wil gebruik, waardeur ons ego’s in konflik met mekaar is en ons sodoende van die ervaring van Eenheid weerhou.

Net soos in die geval van ‘romantiese’ verhoudings, het verhoudings met familie en ander ook die potensiaal om die ego ongedaan te maak – mits ons gewillig is.

Die konflik in enige verhouding kan altyd herlei word na verwagtings wat ons van mekaar koester en ons pogings om ander ‘gelukkig te maak’ ten koste van ons eie outentiekheid. As gevolg daarvan gebeur in families dikwels wat in gemeenskappe as geheel gebeur: Ons leef ‘n lewe van voorgee en ontkenning.

Om terug te kom na die woorde van Jesus. “Want my ma het my vir die dood gebaar,” sê Jesus volgens die EVT, “maar my ware moeder het aan my die lewe geskenk.” Hiermee verwys hy na ons aardse lewe, wat altyd na die dood van die liggaam lei, en waarvan spesiale verhoudings ‘n integrale deel is, teenoor die (ewige) lewe, wat deel van die Eenheid is en altyd sal wees.

Wanneer Jesus dus maan dat ons ons ouers en familie moet ‘haat’, bedoel hy dit volgens my duidelik in die sin dat ons spesiale verhoudings ondergeskik aan ons heilige verhoudings ‘moet’ wees (dis nou te sê as ons vrede wil vind). Om “selfs my eie lewe te haat” dui effektief op dieselfde: om te besef dat my lewe hier op aarde tydelik is en deur die ego beheer word, en dat ek slegs die ‘koninkryk’ kan vind deur te besef dat ek eintlik Een met God is.

Dit bring my by nog ‘n moeilike deel in die Bybel: “Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie maar die swaard. Ek het gekom om tweedrag te bring tussen ‘n man en sy vader en tussen ‘n dogter en haar moeder, tussen ‘n skoonogter en haar skoonmoeder; ja, ‘n man se huismense sal sy vyande wees” (Matteus 10:34-36).

Volgens ACIM kon Jesus nooit so iets gesê het nie, maar ek kan tog sien waar dit dalk vandaan kom. In die eerste plek het Jesus nie gekom om aardse vrede te bring nie, maar hemelse vrede. Aardse vrede – die blote

gebrek aan fisiese of emosionele geweld – is van die ego; hemelse vrede – intense vreugde en geluk – is van God.

Wanneer ons van ons ego bewus begin word en besef dat ons slegs by die ‘koninkryk’ kan uitkom deur aan onself getrou te wees, beteken dit dat ons nie meer daarop ingestel is om ons familieleden of ander waarmee ons in verhouding is tevrede te probeer stel en gelukkig te probeer maak nie. Ek praat uit ervaring wanneer ek sê dat dit geweldige konflik kan meebring.

“Hy wat nie sy kruis opneem en My volg nie is nie werd om aan My te behoort nie,” sê Jesus volgens Matteus 10:38.

“When you do not share a thought system, you are weakening it. Those who believe in it therefore perceive this as an attack on them,” aldus ACIM T-6.V.B.1:7-8.

Gedrag is die direkte uitvloeisel van ons denke en onderliggende geloof. Enige verandering in gedrag in ‘n verhouding versteur ‘n patroon wat dikwels deur baie jare gevestig is. Daardie versteuring kan allerhande negatiewe emosies en selfs fisiese geweld na die oppervlak bring; emosies wat ons probeer onderdruk deur na die ou patroon terug te keer. Dis ‘n belangrike rede, dink ek, waarom baie mense na ‘n aanvanklike belangstelling in spirituele groei weer na ou patrone terugkeer: die saad in die gelykenis van die saaiër wat op die vlak grond val, ontkiem en dan verdroog.

Dit verg deursettingsvermoë en uiteindelik ‘n diep vertroue in jouself om die swaarde wat skielik vanuit die skynbare vrede te voorskyn kan kom te trotseer. Soms beteken dit die einde van ‘n verhouding. Ek weet van mense wat hul kinders afgeskryf het en as ‘dood’ beskou het omdat die kinders hul eie hart begin volg het.

Toe ek baie jare gelede met my ‘reis in geloof’ begin het, het ek baie gehou van Matteus 19:29: “Elkeen wat ter wille van my Naam afgesien het van huise of broers of susters of vader of moeder of kinders of grond, sal honderdmaal soveel ontvang en die ewige lewe as erfenis kry.”

Ek het die byvoeging in Markus 10:30 gemis: “saam met baie vervolging ...”

Ek was reeds geskei en, benewens my seuns, nie vreeslik geheg aan my familie nie. So dit was nie te moeilik nie. Ek was geduldig: ek kon wag vir die “honderd maal soveel,” maar dit sou darem lekker wees! ‘n Lekker huis, ‘n 4x4 waarmee ek gereeld bos toe kon gaan, ‘n nuwe sexy vrou ...

Nou kan ek vir myself lag. Was ek regtig soveel anders as die ryk man in die Bybel? Een ding was anders: ek was gewillig. Of in elk geval, so het ek gedink. Dit het baie pyn en lyding gekos om my te bring waar ek vandag is. Nou eers begin ek besef wat gewilligheid eintlik is! En die

ironie is dat die materiële besittings vir my vandag nie meer belangrik is nie.

Van spesiale verhouding na heilige verhouding

Ons spesiale verhoudings is gebaseer op die aanname dat ons mekaar gelukkig moet maak. Dit hang saam met die aanname dat die lewe maar 'n sukkelbestaan is ("Life's a bitch!") en al wat ons kan doen is om die beste van 'n slegte saak te maak en mekaar gelukkig te probeer hou.

Die druk wat dit op ons plaas is fenomenaal: Dit is my verantwoordelikheid om te sorg dat my lewensgenoot gelukkig is, en as sy of hy nie gelukkig is nie, is dit my skuld! Die blote aanname waarop ons verhoudings berus is dus al die (skynbare) bron van skuldgevoel.

Die ego hou nie daarvan dat ons skuldgevoel in die ope kom nie, en stel allerhande verdedigingsmeganismes in plek. 'n Belangrike een is natuurlik projeksie. Ek voel skuldig, maar ek beskuldig jôu daarvan dat jy my ongelukkig maak, in watter vorm ookal.

Daar is een emosie waarteenoor die ego skynbaar meer verdraagsaam is as die ander: woede – solank dit nie té intens of openlik is nie. Ons beskou woede as geregverdig, veral as dit mense is wat kwaad word. Word pa's en God dan nie juis kwaad wanneer ons dinge verkeerd doen nie? Aanvanklik is ons geneig om ons woede in toom te hou en 'rasioneel te bewys' dat dit eintlik die ander een is wat die probleem is; nie ek nie. My pa was 'n meester hierin. En toe kom die ontstellende ontdekking dat ek daardie meesterskap direk so oorgeneem het!

Soos voorheen al genoem, hou woede direk verband met skuldgevoel, en is die twee geneig om mekaar aanhoudend af te wissel. As ons eerbliker met mekaar was, sou ons dalk erken dat ons skuldig of seergemaak voel. Dit sou ons egter verwondbaar maak, en dus hou ons maar liever die projeksie, en daarmee saam die woede, in stand. Ons dink dat ons daardeur onself beskerm: ons projeksie en ons woede is verdedigingsmeganismes.

Helaas is, wanneer ek myself begin verwondbaar maak, ou patrone geneig om weer in te skop en kry ek dikwels presies die verwerping wat ek verwag het. Dan val ek maar liever weer terug op projeksie! Dis hoekom dit dikwels help om 'n derde persoon in te kry om die proses, wat in werklikheid 'n vorm van groepsproses is, te fasiliteer. As 'n buitestaander kan daardie persoon, mits sy of hy die nodige emosionele volwassenheid het, dan die patrone uitwys sonder om daarin vas te val.

In *The Power of Now* wys Eckhart Tolle daarop dat ons self die proses kan fasiliteer deur intens bewus te word van mekaar 'pynliggame'. Wanneer een persoon "dit verloor" kan die ander dan die aandag op die

onderliggende gevoel vestig en andersom. Eintlik kom dit op dieselfde neer: Wanneer ons bewus genoeg is om mekaar toe te laat om ons 'pyllygame' in die ope te bring is ons bereid om onself verwondbaar te maak.

In baie verhoudings is daar die 'aggressor' en die 'slagoffer', hoewel die twee rolle dikwels oor en weer gespeel word. En ai, ons is tog so lief daarvoor om die 'aggressor' as die 'slegte' een uit te wys en die 'arme slagoffer' as die 'goeie' een!

Daar is talle organisasies wat hulle daarop toelê om 'slagoffers' by te staan; of dit nou mishandelde vrouens, kinders, armes of diere is. Hoeveel van hulle kyk na die ander party se rol in die proses? In *From Intellect to Intelligence* het ek heelwat geskryf oor 'complimentary relationships': die patrone van 'aggressor' en 'slagoffer' is geneig om mekaar in verhoudings te komplementeer. Aggressorgedrag lok slagoffergedrag uit en omgekeerd. Dit verbaas my nog steeds hoe dikwels 'mishandelde' vrouens willens en wetens van een 'mishandelings'-verhouding na 'n ander oorstap.

Toe Peter Batchelor destyds direkteur van Noodlyn in Pretoria was, was daar 'n spesiale beradingseenheid vir die berading van slagoffers van verkragting. Toe hy eendag voorstel dat daar 'n soortgelyke eenheid vir verkragters self in die lewe geroep word, is hy omtrent gekruisig. Hoe durf hy! Verkragters is boos!

In sy bekende artikel *Body Pleasure and the Origins of Violence* maak James Prescott die volgende stelling: "I interpret rape as man's revenge against woman for the early loss of physical affection." Dit sê hy na aanleiding van sy uitgebreide navorsing op die effekte van 'n gebrek aan affeksie in vroeë kindertyd. Ek sê nie hy's noodwending reg nie, maar daar is altyd twee kante van 'n saak.

Ek was vir 'n groot deel van my lewe 'n meesterslagoffer, hoewel ek dit natuurlik nie besef het nie. Ek het bloot aanvaar dat die lewe my sleg behandel het en het op 'n diep vlak my ouers, my skool, my vrou en ander daarvoor verantwoordelik gehou. Ek was dan so goed; hoe kon hulle my so sleg behandel? As ek nou daaraan terugdink is dit vir my moeilik om te glo hoe narsissisties (selfsugtig) ek eintlik was!

Daardie houding het ek onbewustelik in my huwelik oorgedra. Ek wil hier nie vuil wasgoed uithang nie, maar tog net noem watter effek ek dink my slagofferrol gehad het.

As 'n 'goeie' eggenoot het ek al my pligte nagekom en my bes geprobeer om my vrou gelukkig te maak. Altans, so het ek gedink. Dis nie noodwendig hoe sý dit ervaar het nie! Dikwels as sy iets wou doen waarvoor ek nie lus was nie, het ek maar ingegegee. As 'n goeie Christen was dit wat ek geleer het. Was dit dan nie my plig om myself te ontken ter wille van ander nie?

My patroon was om in konfliktsituasies in myself terug te trek. Stilstuipie noem hulle dit. Vanuit daardie spasie het ek heeltemal afgesluit, en was dit onmoontlik om met my te kommunikeer. Om een of ander rede het dit my vrou gefrustreer!

Toe die konflik al hoe meer toegeneem het, en veral nadat ek Erich Fromm se *The Art of Loving* gelees het, het ek probeer om myself meer verwondbaar te maak. Elke keer dat ek dit gedoen het, het my vrou (volgens my) nog net so hewig of nog hewiger gereageer as voorheen, en het die verdedigingsmeganismes weer opgeskiet. Dis helaas 'n tipiese patroon van die ego waaraan ek net so skuldig was: waar ons verwondbaarheid ons nader aan mekaar kan bring, sal die ego onthou wat ons vir mekaar gesê het en dan later, as ons weer baklei, die einste dinge wat ons in ons verwondbaarheid vir mekaar gesê het in mekaar se gesigte teruggooi met die spesifieke doel om so seer as moontlik te maak.

Daar's natuurlik nog iets: Dit was eers baie later dat ek begin besef het hoe wat ek as 'verwondbaar' ervaar het op 'n subtiële vlak deurspek was van my 'Martie martelgat' houding!

'n Mens kan eerlik en opreg sê: "Ek voel seergemaak", of jy kan met dieselfde woorde en 'n ander liggaamshouding die boodskap oordra: "Kyk hoe laat jy my nou voel!" Hulle noem dit 'n metaboodskap: die boodskap wat verbale boodskappe kwalifiseer.

As jy al die jare in jou verhouding moes hoor of aanvoel dat jy eintlik verantwoordelik is vir hoe jou lewensmaat voel, en jy nou deur sy of haar 'verwondbaarheid' dieselfde boodskap met 'n amper groter insinuasie van skuld kry, is dit nie genoeg om jou teen die mure uit te dryf nie?

Genoeg gesê. Dit het geleidelik vir my duidelik geword dat daar nie noodwendig enige verband was tussen hoe ek gedink het ek oorgekom het en hoe sy dit ervaar het nie. Die omgekeerde was waarskynlik ook waar. Dis egter nie vir my om oor haar belewenisse te skryf nie.

Vandag, jare na die egskedding, is ons goeie vriende. Weereens kan ek nie namens haar praat nie, maar ek weet dat in my geval die verandering gekom het toe ek van my eie negatiewe gedrag en emosies bewus begin word en my projeksies teruggetrek het. Toe ek begin besef het dat ek nie my ego is nie.

Ek noem my ervarings hier omdat ek weet dat soortgelyke patrone hulle daaglik in talle huwelike uitspeel. In talle gevalle loop dit op egskeddings uit, en in baie gevalle trou mense weer met presies die tipe persoon waarmee hulle so vasgesit het. So sal dit altyd bly solank ons van die ander persoon verwag om ons gelukkig te maak en nie bereid is om na onself te kyk nie.

Hoeveel anders sou die wêreld nie gelyk het as elkeen vir sy of haar eie emosies verantwoordelikheid aanvaar nie?

Die alternatief tot sulke spesiale verhoudings is heilige verhoudings. Dit kan jare neem voordat die veranderings sigbaar word, maar wanneer die doel van 'n verhouding verander, verander die aard van die verhouding. Daar sal nog konflik wees, maar wat ons met die konflik doen en hoe ons dit hanteer gaan verander.

Wanneer 'n spesiale verhouding na 'n heilige verhouding verander, hoef niks fisies te verander nie. Ons kan nog net so veel – of nog meer – seks hê as altyd en alles – of nog meer – doen wat ons altyd gedoen het. Baie mense vind dit omtrent onmoontlik en selfs skokkend om seks en 'heilig' in dieselfde asem te noem, maar dis omdat ons so 'n wanbegrip van 'heilig' (en van seks) het.

Die verandering van 'n spesiale na 'n heilige verhouding is die verandering van godsdienst na spiritualiteit; van “Ek moet God en ander tevrede stel” na “Ek kan wees wie ek is.” Dit vereis bewustheid en toewyding.

Die beroemde Duitse digter, wetenskaplike en wysgeer Wolfgang von Goethe het destyds gesê: “As jy my toelaat om te wees wie ek *nie* is nie, kan ek word wie ek *is*.” In wese verskil dit nie veel van wat Jesus gesê het nie.

In groepsproses, of dit nou 'n groot groep of twee mense behels, is dit presies wat gebeur. In 'n heilige verhouding is dit noodsaaklik dat ons mekaar toelaat om te wees wie ons *nie* is nie voordat ons werklik kan begin ervaar wie ons *is*. Hoe meer ons mekaar se emosies aanvaar, hoe vryer voel ons om openlik te wees oor hoe ons voel. En, soos Carl Rogers uitgewys het, wanneer ons openlik begin erken wat ons voel en daardie erkenning aanvaar word vir wat dit is, begin ons verander.

Dis vir my een van die belangrikste beginsels waarop ek ook in my vorige boeke heelwat klem gelê het: slegs deur die negatiewe te aanvaar kan die positiewe na vore kom. Slegs deur 'verlore' te wees kan ons by ons ware tuiste uitkom.

Ek het vir lank met geweldig negatiewe emosies teenoor veral my pa, en later ook teenoor my vrou rondgeloop. Tydens 'n intense konflik met my pa in my dertigerjare vra hy, half verdwaas: “Maar het ek dan nie baie dinge vir jou gedoen nie? Wat van die slanghok wat ons saam gebou het? Wat van die vakansies wat ons saam gehad het?” Toe ons op skei staan, vra my vrou: “Was daar dan vir jou *niks* goeds in ons verhouding nie?!”

As ek nou daaraan terugdink, ervaar ek 'n diep skuldgevoel en wens ek ek kon dinge weer regmaak. Hoe ouer ek word, en veral nou dat ek deur soveel negatiewe gewerk het, hoe meer onthou ek al die lekker dinge wat ek saam met my pa gedoen het. Dieselfde geld vir my eks. Ons het so baie dinge saam beleef en oomblikke van diep vreugde ervaar.

Altwee van hulle was (is) fantastiese mense. Hulle was nooit die probleem nie: my emosies was. Maar negatiewe emosies kan nie ongedaan gemaak word deur teen hulle te baklei nie. Ek moes eers in my negatiwiteit 'verlore' wees voordat die positiewe herinneringe weer te voorskyn gekom het.

Dis vir my 'n kritiese beginsel in enige verhouding: Ons intense negatiewe emosies en selfs fisiese geweld is nie wie ons werklik is nie. Dis bloot 'n hulpkreet vir liefde. As ons net dít kan raaksien is daar hoop vir enige verhouding.

In *The Power of Childhood* wys ek op die geweldige invloed wat ons kindertyd skynbaar op die res van ons lewens het. Selfs in dieselfde familie word elkeen van ons onder verskillende omstandighede groot en ervaar ons dinge anders. Wanneer ons groter word, gaan die meeste hiervan 'ondergronds', vanwaar dit die res van ons lewens beïnvloed. Enige twee mense wat in 'n verhouding van watter aard ookal betrokke raak gaan verskillende prioriteite, waardes en houdings hê. Om te verwag dat ons by die ander persoon se idiosinkrasieë kan inpas om haar of hom gelukkig te maak is waansin. Al wat ons kan doen is om mekaar te aanvaar presies soos ons is – of nie is nie.

Carl Rogers se basiese beginsels vir berading word saamgevat in die konsep EAR: *Empathy*, *Acceptance* en *Realness*. Feitlik deur die bank dink ek die laaste van die drie – egtheid – word afgeskeep of heeltemal uitgelaat. Die resultaat is dat die ander twee voorgee is. Ons kán eenvoudig nie empatie toon en ander aanvaar soos hulle is sonder dat ons eg is nie. Om werklik na iemand anders – en veral dié met wie ons in intieme verhoudings is – te luister vereis 'n 'leegheid' wat slegs bereik kan word deur onself te aanvaar soos ons is. En dit kan op sy beurt weer slegs bereik word deur van ons kulturele indoktrinasië en onderliggende emosies bewus te word: wat Carl Jung 'individuasië' noem.

Wanneer die doel van ons verhoudings word om in interaksie met mekaar van ons onderliggende 'skadu' bewus te word deur mekaar te aanvaar soos ons is, sonder om te probeer om mekaar gelukkig te maak, gebeur dieselfde as in groepsproses: ons begin mekaar op 'n diep vlak vind wat ons nie gedink het moontlik is nie. Ons vind die Liefde – die vrede van God – wat alle verstand te bowe gaan.

Maak dit nie sin selfs sonder om God of Jesus daarby in te sleep nie? Ons hoef nie in Jesus te 'glo' nie. Jesus het maar net vir ons die pad na ware geluk probeer uitspel. Dis nie 'n 'esoteriese' pad na toekomstige geluk nie; dis 'n riglyn vir geluk in elke oomblik.

8 'n Reis in geloof: My persoonlike verhaal

Eventually everyone begins to recognize, however dimly, that there must be a better way. As this recognition becomes more firmly established, it becomes a turning point. This ultimately reawakens spiritual vision, simultaneously weakening the investment in physical sight. The alternating investment in the two levels of perception is usually experienced as conflict, which can become very acute. But the outcome is as certain as God.

A Course in Miracles T-2.III.3:6-10

Voor ek begin: Hierdie is die verhaal van my reis in geloof, en dus die spesifieke manier waarop ek my hart gevolg het. Geen twee mense kan presies dieselfde paadjie loop nie. Die doel hiervan is dus nie om enigiemand anders te probeer oortuig dat hy of sy ook so moet leef nie. Die doel daarvan is bloot om te vertel hoe ek my eie inspirasie gevolg het om my groot lewensvraag vir myself te beantwoord: Hoe prakties toepasbaar is my interpretasie van Jesus? Is dit werklik moontlik om in vandag se wêreld, met alles wat ons skynbaar weet, en sonder om in Jesus te 'glo' in die sin van die meestersverhaal, volkome op God te vertrou?

Die doel van hierdie hoofstuk is om my persoonlike lewensreis as 'n integrale deel van die algemene tema te bespreek. Dis nie veronderstel om 'n outobiografie te wees nie, en is daarom dus geensins volledig nie. Vir lesers wat belangstel bevat sowel *From Intellect to Intelligence* as *The Power of Childhood* baie meer uitgebreide beskrywings van my persoonlike ervarings.

Ek het in 'n baie godsdienstige huis grootgeword. My ouers was opregte mense wat in die Tweede Wêreldoorlog in Nederland grootgeword het en moeilike omstandighede beleef het. Hulle het na Suid-Afrika geëmigreer, en my pa was vasbeslote om sy familie 'n beter lewe te gee as wat hy as kind gehad het. In Suid-Afrika het hulle by die NG Kerk aangesluit, en dis waar ek deur Sondagskool en katekisasie is. Ek was ook op 'n tradisioneel 'Christelik-Nasionale' Afrikaanse skool.

Van kleins af al het ek die godsdiens bevraagteken. As ‘n opregte ‘nerd’ het ek ywerig my Bybel gelees, en kon goed identifiseer met baie van wat Jesus gesê het, maar kon tog baie dinge nie verstaan nie. As God liefde is, hoekom het Hy nodig om mense dood te maak? Hoe kan al daardie skop, skiet en donner van die Ou Testament met so ‘n God versoen word? En so meer.

My pa was ‘n siviele ingenieur – ‘n baie rasonale mens wat self baie dinge bevraagteken het. As kinders is ons eintlik aangemoedig om dit ook te doen – behalwe as dit by geloof kom. So sou ek allerhande vrae vra en teenstrydighede uitwys, maar as hy dan nie meer ‘n antwoord het nie, sê hy: “Jy moet net glo.” Dit het my teen die mure uitgedryf.

Later is ek universiteit toe, waar ek dierkunde en plantkunde studeer het. Na my honneurs in soogdierekunde het ek my meestersgraad op die otters van Tsitsikamma gedoen. Ek was al getroud, en my vrou is saam Tsitsikamma toe. My eerste kind is daar gebore.

In die volgende paar jaar was ek lektor by die Universiteit van Fort Hare, natuurbewaringsnavorsers by die Departement van Bosbou, redakteur vir die ensiklopedie *Wêreldspektrum* en onderwyser by Woodmead School en Waterkloof Hoërskool. Hoewel ek die skoolhou baie geniet het, het die onbuigsaamheid van die sisteem my ondergekry, en ek wou iets anders doen. Dis ook in hierdie tyd dat ek geskei is.

Daar het twee moontlikhede vir my oopgegaan: my aansoek om ‘n pos by die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO)(nou die Nasionale Navorsingstigting) is aanvaar, maar ek kon ook ‘n pos as voltydse wildernisstaptoergids by die *Wilderness Leadership School* (WLS) kry in wat nou as die Hluhluwe-iMfolozi-wildtuin bekend staan. Ek het laasgenoemde verkies, maar met dié dat ek onderhoud moes betaal, was ek finansiële gedwing om die pos by die SNO te aanvaar. Terselfdertyd het ek egter as ‘n vrywillige gids by die WLS in Gauteng begin, waar ek staptoere in die Pilanesbergwildtuin en ander wildtuine gedoen het.

As koördineerder vir oseanografiese navorsing is daar van my verwag om van al die nuutste verwikkelings in die wetenskap op hoogte te bly. Daarvoor moes ek gereeld wetenskaplike tydskrifte soos *Nature*, *Scientific American* en *Science* lees, en het ek ‘n baie wyer oorsig oor die wetenskap as geheel gekry as wat ek tydens my universiteitsopleiding gekry het. Om die waarheid te sê, ek het begin besef hoe uiters onvolledig en bevooroordeelde my universiteitsopleiding eintlik was. Toe ek my B.Sc-grad gekry het, het ek nog nie geweet wat ‘n hipotese was nie. Die formulering van hipoteses is een van die basiese grondslae van die wetenskap!

Dit was in daardie tyd dat die kwantumfisika my begin interesseer het. Benewens dit wat ek in die wetenskaplike tydskrifte gelees het, het ek ook boeke soos *The Dancing Wu-Li Masters* van Gary Zukav en die werk van kwantumfisici soos David Bohm, Fritjof Capra en Wolfgang Pauli gelees wat die wyer implikasies van die kwantumfisika aangespreek het.

Ek het opgemerk hoe wetenskaplikes, ten spyte van die veronderstelde 'objektiwiteit' van die wetenskap, mekaar ook maar aanvat en slegsê en afkraak soos alle ander mense. Ek het agtergekom dat die wetenskap glad nie so objektief is as wat baie wil glo nie. Net soos ek vroeër die fundamente van die godsdiens bevraagteken het, het ek nou die fundamente van die wetenskap begin bevraagteken.

Die wetenskaplike omgewing het vir my baie steriel gevoel, en ek het 'n diep behoefte aan iets 'diepers' gehad. Toe ek 'n advertensie sien vir 'n 'persoonlike groei'-kursus wat deur Noodlyn ('n vrywillige telefoonberadingsdiens) aangebied is, het dit my onmiddelik getrek, en ek het daarvoor ingeskryf.

Die uiteinde daarvan was dat ek 'n vrywillige berader vir Noodlyn geword het. Hoewel ek dit net 'n jaar volgehou het, het ek die berading baie geniet en baie daaruit geleer. Veral die aard van groepsproses wat ek tydens die opleiding beleef het, soos voorheen bespreek, het my geweldig gefassineer.

Die proses is nie tot groepe beperk nie. Dit is ook 'n belangrike faktor in persoonlike berading. As iemand bel, is dit die eerste kennismaking. Wie is dit daar aan die anderkant van die telefoon aan wie ek nou my probleme moet toevertrou? Kan ek haar of hom vertrou? Die voorgeefase. Dan begin die 'negatiewe' uitkomst, dikwels in die vorm van versigtige kritiek op die berader, of in die vorm van versigtige of minder versigtige 'negatiewe' stellings om die vlak van aanvaarding van die berader te toets. Eers as die persoon seker is die berader kan dit vat, as hy of sy die toets deurstaan, kom die werklike probleme na vore, en in die meeste gevalle vind daar dan 'n spontane verandering in gemoedstoestand plaas. Dis dieselfde paradoks as in groepsproses: bloot om in 'n 'veilige' omgewing aan 'n mens se emosies uitdrukking te gee, sonder enige advies van die berader se kant af, het die effek dat die negatiewe emosies hul krag verloor en positiewe emosies in die plek daarvan tevoorskyn kom. Dikwels het die persone wat ingebel het my bedank vir my advies, hoewel ek nooit advies gegee het nie!

Af en toe het dit gebeur dat ek só diep met die persoon aan die anderkant in kommunikasie was dat ek alle sin van tyd, plek en ruimte verloor het. Ek het nie meer gedink oor wat ek sê nie; dit was asof iets of

iemand déúr my gepraat het. Op daardie stadium het ek 'n geweldige diep ervaring van eenheid met die ander persoon, die heelal en met God gehad, en dit was vir my duidelik dat die persone aan die ander kant soortgelyke ervarings gehad het.

Eenheid is 'n ervaring wat 'n mens nie kan beskryf nie. Dit is so 'n diep en kragtige ervaring dat, hoewel ek soms met my verstand daaraan twyfel, ek op 'n dieper vlak nooit weer daaraan kan twyfel nie. Later het ek soortgelyke ervarings van Eenheid gehad wanneer ek met kinders gespeel het ('original play'), en selfs soms as ek in kerke trompet gespeel het. Ek onthou een spesifieke keer waar ek in 'n oomblik van absolute teenwoordigheid 'n kadens uit my trompet gekry het wat my vaardigheid op daardie stadium ver te bowe gegaan het en ek daarna nooit weer kon herhaal nie. Na die tyd het 'n vrou na my toe gekom en 'n gesprek begin voer op die veronderstelling dat ek 'n professionele trompetspeler was! Eers baie jare later lees ek in ACIM (T-18.VI.11:1-3; 13:6) die volgende stukkie wat vir my my ervarings volmaak beskryf:

“Everyone has experienced what he would call a sense of being transported beyond himself. This feeling of liberation far exceeds the dream of freedom sometimes hoped for in special relationships. It is a sense of actual escape from limitations. ... In these instants of release from physical restrictions, you experience much of what happens in the holy instant; the lifting of the barriers of time and space, the sudden experience of peace and joy, and, above all, the lack of awareness of the body, and of the questioning whether or not all this is possible.”

Peter Batchelor, die direkteur van Noodlyn in Pretoria op daardie stadium, het baie meer potensiaal in groepsproses gesien as net vir die opleiding van beraders, en het die *Bou Suid-Afrika Stigting* (BSAS) gestig. Ek het dieselfde potensiaal gesien, en kort nadat Peter die BSAS gestig het, het ek by hom aangesluit. Hoewel hy nie 'n idee gehad het waar ons inkomste vandaan sou kom nie, het ek my werk as koördineerder vir oseanografiese navorsing bedank en soos hy besluit om 'in geloof' te gaan leef. Sowel my bevraagtekening van die godsdiens van kleins af as die ervarings wat ek in Noodlyn gehad het, het my intuïtiewe gevoel versterk dat wat Jesus met 'geloof' bedoel het presies daardie vertroue op God was waarin ek my nou begeef het. My verandering in perspektief oor die wetenskap het ook bygedra. My ouers was bitter omgekrap.

Vir sowat sewe jaar het ons jeugkampe waar ons verskillende rasse in die natuur bymekaar gebring het, konflikhantering, mediasie en soortgelyke dinge gedoen, soms met ongelooflike resultate. Ons het lang tye geen inkomste gehad nie, en net meer as 'n jaar nadat ek my werk by

die SNO bedank het was ek só diep in die skuld dat ek iets moes doen. Ek het die *Sunday Times* gekoop, 'n pos by 'n kloosterskool in Witbank geadverteer gesien, aansoek gedoen en dit gekry.

Vir 'n jaar lank het ek daar skoolgehou. Hoewel die klasse lekker klein was, het ek biologie en wetenskap vir standerd agt, nege en tien (graad 10, 11 en 12) gegee, en dit sonder 'n laboratoriumassistent. Dit was 'n onmoontlike werkslading, en na 'n jaar het ek bedank.

Toe ek by die kloosterskool weg is, sit ek weer sonder inkomste gestrand in Witbank. Daardie Januarie was 'n maand van intense vrees. Hoe kon ek sommer net bedank? Of was daar dalk tog 'n doel in? Die ou vraag "kan ek regtig net vertrou?" was weer pertinent op die voorgrond.

Ek begin toe maar om my gedagtes oor godsdiens op skrif te sit, en binne 'n maand het ek my eerste boek (*God het nie nodig om Wraak te neem nie*) klaar geskryf, hoewel dit eers baie later gepubliseer is.

'n Ruk na die skole weer begin het kry ek 'n oproep van die hoof van 'n ander skool se wetenskapdepartement. 'n Wetenskap-onderwyseres het skielik bedank, en wil ek nie daar kom skoolhou nie?

Sjoe! Inkomste!

Toe ek by die skool kom om my boeke te kry en die nodige reëlings te tref wat getref moes word, kom ek baie gou agter daar is chaos in hierdie skool. Oral hoor ek lawaai uit die klaskamers kom, en gereeld hoor ek onderwysers op die kinders skree.

"Okei," dink ek toe by myself, "dinge gaan dalk nie so maklik wees as wat ek gedink het nie." Ek was reg. Maar met my agtergrond in groepsproses en berading besluit ek toe dit gaan 'n interessante uitdaging wees. Dit was. Uit my ervaring van groepsproses het ek geweet dat, as 'n mens die 'negatiewe' fase net kan aanvaar en sy gang laat gaan, daar skielik 'n ommekeer kom. Sou dit hier ook gebeur?

My eerste klas was die standerd sewe (graad nege) meisies. (Dit was 'n tegniese skool, en baie van die klasse was óf net seuns óf net meisies). Een vir een, twee vir twee kom hulle op hulle tyd ingeslenter. Uiteindelik is almal in die klas. Die prosedure is dat hulle moet wag tot die onderwyser vir hulle sê hulle kan maar sit. Ek sê egter niks nie, want ek wag vir die kinders om stil te bly. Hulle bly nie stil nie. Dan begin hulle skielik die skoollied en die stem sing. Hulle wil my duidelik toets (tart) en sien hoe ek gaan reageer.

Ek bly doodstil. Toe hulle klaar gesing is, bly ek nog steeds stil. Uiteindelik begin hulle ongemaklik raak, en een van hulle sê: "Can we sit, sir?"

“You may,” sê ek, en gaan voort: “I have been appointed to teach you science. If you cooperate, that is what I will do. If not, I won’t teach you.” Ka-ka-ka bars hulle uit van die lag en begin weer lawaaierig gesels. Vir die res van die periode het ek stilgebly en hulle gelos dat hulle lawaai.

Die volgende klas was min of meer ‘n herhaling van die eerste. Hulle het aanmekaar gepraat en ek het stilgebly. Die derde klas loop ek uit en gaan drink tee in die personeelkamer.

En so het dit vir ‘n ruk lank aangegaan. Ek het voet by stuk gehou. Ek was nóg bereid om op hulle te skree, nóg om in sulke omstandighede te probeer klasgee. Na ‘n paar weke sê ‘n paar van die meisies vir my hulle wil asseblief leer. Sal ek hulle help?

“Ja,” sê ek, “dis reg.” Die drie of vier van hulle sit toe in die voorste bank en, terwyl die res van die klas rumoer, gee ek vir hulle klas.

Toe die meisies sien ek is ernstig, kon ek sien hulle is half gefassineerd. Al hoe meer begin hulle met my gesels. Nie oor wetenskap nie, maar sommer oor alles waaroor 14- en 15-jarige meisies nou maar gesels. Uiteindelik het ek ‘n baie goeie oorsig oor die persoonlike doen en late van die meisies, hul kêrels en hul ouers gehad, en ek was goed op hoogte van die ‘ondergrondse’ dinamika van Witbank!

Ek het besef dat die kinders basies gefrustreerd was. Daar is seker niks so onnatuurlik vir aktiewe tieners, en veral vir tieners wat nie akademies geïntereerd is nie, as om ure en ure agter skoolbanke om te bring nie. Ek het besef dat wat in my klas aangegaan het bloot die simptome van ‘n argaïese onderwysstelsel was. Die hoogs gestruktureerde inrigting van die klas het nou nie eintlik dinge verbeter nie, en op ‘n stadium skroef ek toe al die wetenskapbanke uit.

My klas het vir hierdie meisies en ook ander klasse ‘n soort uitlaatklep vir hul frustrasies geword. Soms het die meisies spontaan op die bord gaan teken. Dikwels was my swartbord van hoek tot kant oortrek met die kreatiefste tekeninge denkbaar. Ek is nou nog spyt dat ek nie fotos daarvan geneem het nie.

Ek het altyd die toetsdatums op die bord geskryf. Die kinders het hulle afgegee daaraan. Die hoof van die departement was naderhand natuurlik in ‘n toestand, want die klasgemiddeld was nie vreeslik ver van nul af nie. Ek het egter geweier om op die kinders te skree. (En toe blyk dit ook nog dat die juffrou wat weg is, ‘n senuwee-ineenstorting gehad het. Niemand het dit ooit vir my gesê nie!)

Sowat vier maande na ek daar begin het, was dit weer toetsdag. Ek het begin om die toetse uit te deel toe een van die meisies skielik histeries op my begin skree. Ek is ‘n simpel onderwyser! Ek moes dissipline gehou het!

Sy wou 'n loods word, en nou is haar kanse daarop daarmee heen! En so meer. Toe sy ophou, sê ek: "Have you finished, Elsa?" (nie haar regte naam nie). "Yes," sê sy. "Well, here is your test," sê ek.

Die klasgemiddeld was in die orde van 10%. Die kinders het nie 'n benul gehad van wat daar aangaan nie.

Die volgende dag kom 'n paar van die kinders, onder leiding van die einste meisie wat so op my geskree het, na my toe. "Sir," sê hulle, "we realise something is very wrong. Won't you please give us extra lessons?" "Sure," sê ek, en ek is in my noppies. Iets was besig om te gebeur!

Op die afgesproke middag daag sowat die helfte van die klas op. Terwyl hulle instap, hoor ek hoe fluister hulle, en af en toe hoor ek die woord 'smoking'.

"Do you want to smoke?" vra ek.

"Yes!!" was die antwoord.

"Well, go ahead." En daar kom die sigarette uit en omtrent die hele groep begin rook. (Daar is 'n vreeslike ophef van rook by die skool gemaak, en natuurlik, hoe meer die onderwysers daarteen baklei het, hoe meer het die kinders gerook.)

Ek ignoreer die rook en begin klasgee. Vyf minute of so later onthou ek van die rook en kyk, maar daar was nie 'n enkele sigaret in sig nie. Die meisies het met volle aandag op die les gekonsentreer.

Ek het verduidelik hoe druk eweredig in 'n vloeistof versprei. Daar spring een van die meisies op wie se reputasie nie van akademiese aard was nie, maak die kraan oop sodat die water oor my bank spat en druk op een van die druppels. "So this is what you mean, sir?" vra sy. "Exactly!" sê ek. Sy het duidelik verstaan. "Aagh, this stuff is easy!" sê sy en gaan sit weer. Dit was 'n heerlike les.

In 'n uur se tyd het ek die hele kwartaal se werk gedoen. Toe gee ek vir hulle 'n toets, waarin hulle toe almal heel goed doen.

Die implikasies hiervan het nie ongemerk verbygegaan nie. As hulle in 'n uur se tyd 'n hele kwartaal se werk kon doen, waarvoor dan ure en ure aan vervelike werksopdragte en lesings spandeer?

Wat vir my belangriker was, was dat die atmosfeer in die klas dramaties verander het. Die 'negatiewe' fase was verby, en daarmee saam die onnatuurlike onderwyser/kind verhouding. Ons het nou soos gewone mense met mekaar gesels. Wanneer ek gepraat het, het hulle stilgebly, en wanneer hulle gepraat het was dit nie meer 'n wipperige, rebelse tart of skree nie, maar gewoon praat. Wanneer daar gewerk moes word, het ons gewerk, en ander kere het ons sommer net gesels.

Nog 'n interessante klas was die standerd agt (graad tien) seuns. Van die begin af was hulle absoluut onmoontlik. Hulle kón nie stilsit nie, en het voortdurend opgestaan, rondgeeloop, mekaar gestamp of geslaan en selfs mekaar oor die banke gegooi. 'n Paar van hulle was op punt om geskors te word omdat hulle waterpype uit die mure geruk het, toilette stukkend geslaan het en so meer. Ek het hulle gelos en tussenin probeer wetenskap gee.

Tevergeefs. Wetenskap was nie hul hoogste prioriteit in die lewe nie.

Van die begin af het daar van my apparaat begin verdwyn. Elke keer as ek weer iets mis, het ek die naam van die apparaat op die bord geskryf en die seuns gevra om dit asseblief terug te besorg. Die lys het langer en langer geword. Ander klasse het my gevra wat die lys beteken, en ek het vir hulle gesê. Ek het vir hulle Wolfgang von Goethe aangehaal: "As jy aanvaar wie ek nié is nie, word ek wie ek is." Hulle het gedink ek is mal.

Gelukkig het die seuns daardie jaar vroeg veldskool toe gegaan. (Dit was nog in die dae van veldskool.) Ek bied toe aan om saam te gaan.

By die veldskool is al die seuns by onderwysers ingedeel. Elke onderwyser was veronderstel om mentor te wees vir sy groepie seuns. Soos die 'noodlot' dit wou hê, is die grootste 'moeilikeidmakers' van ons skool toe in my groepie.

Die seuns het aanmekaar gekla. "Sir, the food is shit." "Sir, the teachers treat us like shit." "Sir, this is a shithole." En so meer. Elke keer as hulle kla, vra ek wat hulle gedoen het om 'n oplossing te kry. Het hulle met die onderwysers gaan praat? Nee, ek moet met hulle praat. Hulle sal vir my luister. Ek? Nee, ek gaan nie verantwoordelikheid vir hulle probleme neem nie. So het dit vir 'n paar dae gegaan.

Ek was vir die stoorkamer verantwoordelik, en vra toe vir een van die seuns (ook een van die wat op punt was om geskors te word) om dit op te pas. Ek gee vir hom die sleutel, en elke keer as ons iets nodig gehad het, vra ek vir hom om dit te gaan kry.

Hy het daardie stoorkamer opgepas asof dit die reserwebank se goudreserwes was. Hy het niemand naby die stoorkamer toegelaat nie!

Eendag staan ons net voor middagete en gesels by die slaapkwartiere toe een van die seuns 'n voorstel maak. Dit was vandag sy beurt om te bid voor ete. "I dare you!" sê ek vir hom.

Etenstyd breek aan, en die seun moet bid. Daar begewe sy moed hom, maar 'n ander seun haak af en sê: "Rub-a-dub-dub, thanks for the grub!"

Ek vries, en maak of ek van niks weet nie. Van die ander onderwysers is woedend, roep onmiddelik die seun vorentoe en lees hom die Leviete voor. Toe almal begin eet loop ek stadig na waar die ander onderwysers nog

steeds besig is om gal af te gaan en gaan staan ewe nonchalant by hulle. “Hierdie seun se naam moet onmiddelik van die lys van potensiële leiers afgehaal word!” sê een. “Hoekom?” vra ek. “Want hy is ‘n moeilikheidmaker!” “Dis seker waar,” sê ek, “en hy is alles behalwe ‘n engeltjie, maar ek dink dit vat nogal guts om te doen wat hy gedoen het – iets wat hom ‘n leier maak. Hy is ook baie hoog aangeskrewe by sy maats.”

“Wel, ons het nie sulke leiers nodig nie!” was die antwoord. Ek laat dit toe maar daar, want ek kon sien my interpretasie het nie baie goed afgegaan nie. Sy naam het egter op die lys gebly.

Toe ons weer by die skool terugkom, versprei die storie soos ‘n veldbrand, en selfs die standerd agt meisies, vir wie ek nie skoolgehou het nie, kom gesels met my.

In die eerste wetenskap-periode wat ek weer met die seuns het, gaan sit almal in die voorste banke. Een van die seuns sê met sy arms gekruis voor hom: “Sir, we have made a fuck-up. Now we want to work.”

Ek behandel toe die periodieke tabel met hulle. Aan die einde van die periode sê hulle: “Wait sir, we can’t go on now. We first have to write a test on this!” Dis toe wat die volgende periode gebeur. Hulle het ‘n toets geskryf oor een periode se werk. Hulle doen toe baie goed in die toets. In vergelyking met voorheen, in elk geval.

Van die dag wat ons van die veldskool af teruggekom het, het die een stuk apparaat na die ander op wonderbaarlike wyse weer verskyn. ‘n Meter hier, ‘n battery daar. Niemand het ‘n woord daaroor gerep nie, en ek sou nooit weet wie wat geneem het nie. Vir my het dit nie saak gemaak nie. Ek het die krag van vergifnis in die praktyk ervaar.

Een van die seuns (een van dié wat geskors sou word) het 60% vir sy toets gekry, en hy gaan wys dit vir sy ma. Sy het dit een kyk gegee en die toets opgeskeur. “That’s not enough!” sê sy. Sy het duidelik nie geweet hoe om die situasie te hanteer nie. Haar seun het nog nooit in sy lewe 60% vir ‘n toets gehad nie. Die seun het na sy ma se badkamerkassie toe gestap en al haar pille in sy keel afgegooi.

Sulke dinge is baie stilgehou by die skool, maar sy maats kom sê toe vir my daarvan. Toe ek in die hospitaal vir hom gaan kuier, was hy maar baie deurmekaar, maar gelukkig is sy maag betyds leeggepomp, en hy het dit gemaak.

Daardie vakansie het ons weer ‘n jeugkamp gehad, en ek nooi die seun toe saam. Wat ‘n belewenis! Hy was ongelooflik snaaks en het die res van die kamp voortdurend aan die lag en aan sy voete gehad. Hy was die ster van die kamp.

Die aand voor ons weer moes teruggaan, kom sit hy by my en sê: “Sir, I can’t go back. This was just so incredible.” Ek het begrip gehad daarvoor, maar ja, ons moes almal weer terug.

Nadat ek weg is by die skool, het ek kontak verloor, maar ek het later wel gehoor dat die seun toe nooit geskors is nie. Blykbaar het hy selfs ‘n prefek geword, vir wat dit werd is.

En so het ek nog ‘n paar indrukwekkende ervarings in Witbank gehad. Helaas het ek kort na bogenoemde insidente bedank.

Terwyl ek in Witbank gebly het, het ek elke tweede naweek my kinders in Pretoria gaan haal. Toe ek een Sondagmiddag my kinders afgelaai het en in Hatfield gou inkopies doen, loop ek mense raak wat ek ken en ons gaan sit en gesels in *The Hat*, ‘n koffiekroeg. Ons het heerlik gesels. Dis naderhand al laat en iemand vra vir my: “Waar slaap jy vanaand?”

“Ek het nie ‘n idee nie,” antwoord ek. ‘Toevallig’ hoor ‘n kelnerin my. Sy vra toe: “Soek jy ‘n plek om te slaap?” “Eintlik...ja!” sê ek. Sy het iemand geken wat ‘n ekstra kamer gehad het, en neem my soontoe. Die persoon is toe nie daar nie. Nee, maar dan moet ek maar saam met haar kom, sê sy. Sy het ‘n matras waarop ek kan slaap. So gemaak, so gedaan.

Daardie aand pak sy uit. Sy’t ‘n kind en sy sukkel. Probleme, probleme, probleme. Sy het ‘n diep behoefte gehad om met iemand te praat. Daardie aand was ek daar vir haar, en ek het ‘n bed gehad (nee, nie h  r bed nie, of eintlik ja, haar bed maar sonder haar, hoewel dit ook nie sou saakgemaak het nie).

Op ‘n dag kry ek ‘n oproep van mense wat my vra of ek ‘n Montessori kleuterskool naby Pretoria sal begin. Op een of ander manier was hulle bewus van my onortodokse benadering ten opsigte van die onderwys. So gemaak, so gedaan. Vir vyf maande het ek die kleuterskool bedryf, maar finansi  l kon ek dit nie volhou nie, en ek het my weer in die *Bou Suid-Afrika Stigting* (BSAS) begeef.

Op ‘n stadium het Carel Boshoff Jnr my gevra om ‘n besprekingsessie tussen die Afrikaner Vryheidstigting en die ANC Jeugliga te fasiliteer. Dit was so suksesvol dat iemand in die ANC-bestuur my gevra het om dit op ‘n landswye skaal te doen. Net toe alles in plek is, is dit deur die ANC stopgesit.

Ek was aanvanklik baie bitter toe die besprekingsgroepe gekanselleer is, maar het geleidelik tot die insig gekom dat, as die ANC (soos die IVP vroe  r ook) hul hele organisasie verbied om met ons kontak te h  , ons met iets baie kragtigs besig moes wees!

Op daardie stadium was ek besig met *A Course in Miracles*, en het ek begin besef dat ek met die geweldige krag van die ego te doen gehad het.

Die ego wil nie versoening hê nie, want dit verswak die ego! Die ANC het hul identiteit as 'vegters vir vryheid' opgebou, en daarvoor het hulle vyande nodig gehad. Om nie meer vyande te hê nie sou 'n bedreiging vir hul sin vir identiteit wees! Daarin was hulle natuurlik nie uniek nie: dis maar 'n kenmerk van die menslike ego, waaraan ons almal deel het. Ons persoonlike en groepsidentiteite verskil, maar die gehegtheid aan 'n identiteit is universeel.

Dit was die einde van die BSAS, en na nog 'n jaar in die onderwys by 'n privaatskool het ek 'n voltydse toergids geword.

Om 'n lang storie kort te maak: in die volgende paar dekades het ek af en toe voltydse poste gehad as onderwyser, toergids en direkteur van FGASA (Field Guides Association of Southern Africa), heelwat vryskutwerk as toergids en wildernisstogtoergids gedoen en later ook baie betrokke by die Hatfield Montessori Preskool geword as amptelike speelmaat van die skool. Later het ek ook werkswinkels en praatjies oor outentieke spel begin doen.

Veral aan die begin van my 'reis' was daar lang tye waar ek geen inkomste gehad het nie. Ek moes nog steeds onderhoud vir my kinders betaal en het op 'n stadium sowat R100 000 skuld gehad. Op een of ander manier het al daardie skuld weer verdwyn.

Op 'n stadium het ek geen geld meer gehad nie en my kredietkaart was oortrokke. Vir die eerste keer in my lewe het ek die vooruitsig gehad dat ek daardie aand geen kos sou hê om te eet nie.

Ons weet almal dat 'n mens geen geld uit 'n outomatiese teller kan trek as daar nie geld of krediet op jou rekening is nie. En tog het ek 'n gevoel gehad dat ek moet probeer. Ten spyte daarvan dat ek oor my limiet was, het die teller vir my geld gegee, en ek het daardie aand weer kos gehad!

As goeie wetenskaplike wou ek seker maak dit was nie toeval nie: Ek het direk weer probeer geld trek, en die volgende dag weer, en 'n week later weer, maar het in geen van daardie gevalle weer geld uit die masjien gekry nie.

Ek onthou hoe ek eendag 'n Bankfin amptenaar gaan sien het. Ek kan nie meer onthou hoekom nie; dit het seker iets met my paaieimente te doen gehad, hoewel ek op datum met my paaieimente was. Ek het vir die man gesê hoe leef ek, en ek sien hoe rek sy oë terwyl ek praat. Toe hy vra: "Waar gaan jy die paaieiment vir volgende maand vandaan kry?" was my antwoord: "Ek het nie die vaagste benul nie."

Ek wens ek het 'n kamera gehad om sy gesig af te neem. Hy was volkome in paniek. Sonder om na te dink tel hy die telefoon op, bel iemand en gee die persoon opdrag om my kar te konfiskeer. Op daardie stadium

het ek nie besef dat hy nie geregtig was om dit te doen nie, maar dis maar soos dit was.

Ek vat toe 'n bus huistoe. Toe ek later die dag by my ouers kuier, vertel ek hulle wat gebeur het. My pa was baie omgekrap en sê toe hy sal die kar vir my afbetaal en ek kan hom terugbetaal, en dis wat hy gedoen het. My pa het beslis nie my lewenskeuses goedgekeur nie, maar, getrou aan sy beginsels, my nooit anders as die ander kinders behandel nie en my soms uit vrye wil ook finansiële gehelp.

Toe ek jare later weereens al my limiete bereik en aan die einde van die maand nie meer geld gehad het om my huur te betaal nie, het ek die bank gebel om vir 'n groter oortrokke fasiliteit te vra. Die bank het geweier. Toe sê die vrou: "Maar hoekom wil jy 'n groter fasiliteit hê?"

"Omdat ek dit nodig het om my blerrie huur te betaal!" sê ek vies.

"Maar daar is dan nou net R10 000 op jou rekening inbetaal."

"Onmoontlik. Ek weet van geen geld wat iemand my skuld nie."

Na verdere ondersoek blyk dit toe die Ontvanger van Inkomste te wees. Was dit toeval dat die bedrag, twee jaar nadat ek by FGASA weg was en ek al daarvan vergeet het, juis inbetaal is op die dag voordat ek my huur moes betaal toe ek nie meer geld gehad het nie? Voorts is daar nie 'n manier waarop ek kon uitwerk hoe hulle by R10 000 uitgekom het nie. Volgens my moes dit omtrent R3 000 gewees het. In daardie dae was dit baie geld.

Op nog 'n stadium van moedeloosheid het ek die film *Luzhin's Defence* gaan kyk. Dis die ware verhaal van 'n wêreldklas skaakspeler wat onverpoosd gewerk het aan 'n verdedigingstrategie wat ondeurdringbaar sou wees. Hy was so toegewyd aan wat hy gedoen het dat sowel sy persoonlike verhoudings as sy gesondheid daaronder gely het. Dokters en familieleden wou hom amper forseer om op te hou, maar hy het aangehou. Hy het gewéét dit gaan kom.

En toe vind hy dit. Hy was egter so oorwerk en uitgeput dat hy nie besef het hoe briljant sy oplossing was nie. Hy het selfmoord gepleeg.

Sy vriendin het besluit om sy missie voort te sit deur die wêreld se beste skaakspelers uit te daag en Luzhin se verdedigingstrategie te gebruik. Dit was onfeilbaar. Na sy dood is Luzhin as die wêreld se beste skaakspeler aangewys.

Ek het geweet hierdie film was weereens nie toeval nie. Dit het 'n diep indruk op my gemaak. Ek het weer moed gehad om aan te gaan.

En so het dit vir baie jare gegaan. Soms het ek 'n vaste pos gehad en het ek gemaklik geleef, en ander tye het dit maar gesukkel. My eks is oorsee, en vir 'n ruk lank het altwee my seuns by my gebly. Dit was maar moeilik,

want op daardie stadium het ek toere deur Afrika gedoen en was ek maar min by die huis.

Tydens daardie moeilike tye het ek my seker honderde kere op *A Course in Miracles* (ACIM) beroep:

You may wonder how you can be at peace when, while you are in time, there is so much that must be done before the way to peace is open. Perhaps this seems impossible to you. But ask yourself if it is possible that God would have a plan for your salvation that does not work. Once you accept His plan as the one function that you would fulfil, there will be nothing else the Holy Spirit will not arrange for you without your effort. He will go before you making straight your path, and leaving in your way no stones to trip on, and no obstacles to bar your way. Nothing you need will be denied you. Not one seeming difficulty but will melt away before you reach it. You need take thought for nothing, careless of everything except the only purpose that you would fulfil. As that was given you, so will its fulfilment be. God's guarantee will hold against all obstacles, for it rests on certainty and not contingency. It rests on you. And what can be more certain than a Son of God? (T-20.IV.8:1-12)

Toe ek na my teleurstelling met die besprekingsgroepe voltyds toere begin doen het, daarna as direkteur van FGASA aangestel is en later al hoe meer vryskutwerk en wildernisstaptoere gedoen het, het ek so betrokke in my werk geraak dat my fokus op die 'koninkryk' al hoe meer vervlak het. Ek was weer terug in die 'wêreld'.

Het Jesus die koninkryk van die hemel nie vergelyk met 'n groot pêrel waarvoor die handelaar bereid was om al sy ander pêrels te verkoop nie? Sowel die Bybelse evangelies as ACIM en die ander geskrifte maak dit duidelik dat die koninkryk nie maar net nog 'n belangstelling is om ons mee besig te hou nie. Dis alles of niks.

En toe begin die depressies my weer vang.

Ek het begin besef dat die wildernisstaptoere vir my 'n gemaksonne geword het. Hoewel ek af en toe fantastiese toere gehad het, het die gemiddelde skoolgroepe, en veral groepe wat die staptoere gedoen het om aan die vereistes vir die Duke of Edinburgh toekenning (Engeland) of die ekwivalente Presidentstoekenning (Suid-Afrika) te voldoen eerder as omdat hulle werklik die wilderniservaring wou hê, my nie meer baie

bevrediging gegee nie. Ek het genoeg geld uit die staptoere en die speel gemaak om aan die lewe te bly, maar ook nie veel meer nie.

Ek het besluit om op te hou in die vertroue dat iets anders in die plek daarvan sou kom. Omtrent daardie tyd het ek van *A Course of Love* (ACOL) bewus geword en dit aangeskaf. ACOL het 'n heel ander aanslag as ACIM (dis op die hart gerig in pleks van die intellek), en dit was presies wat ek nodig gehad het. Dit het my gemotiveer om my weer met toewyding op my geestelike reis toe te spits.

Intussen het ek ook die *Christ's Letters* deurgewerk.

Op daardie stadium het ek in Swellendam gewoon, waar ek baie lekker gebly het maar geen ander inkomste gehad het nie. Dit het al hoe moeiliker begin gaan, en ek het weer dieselfde vrees begin beleef wat ek vroeër beleef het toe ek geen inkomste gehad het nie. Ek het op 'n vriendin se uitnodiging Knysna toe getrek, waar ek haar sou help om groentetuine en dinge aan die gang te kry, maar dit het om verskeie redes ook nie uitgewerk nie. Daar was vir my ook geen bron van inkomste nie, en die bietjie wat ek wel aan die groei gekry het, is deur die ape en die bobbejane vernietig!

Twee keer het ek vir poste by privaatskole aansoek gedoen. In albei gevalle was daar heelwat belangstelling, maar is ek net voor ek vir die onderhoud sou gaan in kennis gestel dat my dienste nie meer verlang word nie. Na die tyd het ek besef dat ek nie *regtig* weer wou skoolhou nie. Dit was vrees wat my daartoe gedryf het om aansoek te doen. Ek vermoed dat wat gebeur het die fisiese manifestasie was van wat ek regtig (nie) wou hê (nie).

En toe skielik pak die begeestering my om hierdie boek te begin skryf.

Ek wou weg uit Knysna, maar het nie geweet waarheen nie. Net toe plaas Henri Theron, vertaler van ACIM, my in kontak met iemand in Riversdale wat ook met ACIM besig is. Ek bel haar toe en gaan kuier, en toe blyk dit dat sy op pad Amerika toe was en iemand gesoek het om haar kleinhoewe naby Riversdal op te pas. En so het ek vir ses weke weer 'n plek gehad om te bly.

Daarna het ek in my kar geklim en vir goeie vriende in Stellenbosch gaan kuier. Daar het ek hul huis vir 'n rukkie opgepas toe hulle 'n breek gevat het. Van Stellenbosch af het ek al kamp-kamp, kuier-kuier opgerig Pretoria toe.

In Pretoria het verskeie vriende my genooi om by hulle te bly. Wat veronderstel was om net 'n week of wat te wees het vier maande geword. Een vriendin het my gevra om 'n groentetuin vir haar te ontwerp en uit te lê, en die direkteur van die kleuterskool waar ek vroeër betrokke was het my gevra om haar te help om die speelgrond van die skool meer 'natuurlik'

te maak, onder meer deur 'n watervalletjie, dammetjie en 'n klein vleiland te vestig. Ek het ook weer gereeld by die skool gespeel en met die konsert gehelp. Ek het weer inkomste gehad.

Intussen het ek die boek klaar gemaak.

Maar weer was ek rusteloos. Ek het die pad gevat Kaap toe, waar ek 'n troue sou bywoon, maar daarna nie 'n idee gehad het wat gaan gebeur nie.

Toe ek in Swellendam kom, gaan kuier ek vir 'n paar vriende, en een van hulle sê vir my sy't 'n gevoel ek moet met twee dames op 'n plaas kontak maak. Voor ek nog kon, het hulle met my kontak gemaak. Die uiteinde daarvan is dat ek nou by hulle op die plaas bly. Ek bly in 'n houthuisie met baie min geriewe, maar net in die paar maande dat ek hier is het my geestelike fokus 'n dramatiese verandering in my geestestoestand tot gevolg gehad.

Ek het intussen 60 geword, en 'n vriendin wys my toe daarop dat ek nou op staatspensioen geregtig is. Dis nie veel nie, maar darem iets.

En so gaan staan ek toe maar in die ry in Pretoria. Dit op sigself was 'n ervaring. Daar kry 'n mens 'n idee van die armoede en ellende wat vir so baie mense werklikheid is. Dit het my ook laat besef hoe ek verander het. Ek het in die gegoede deel van Pretoria grootgeword. As ek tien jaar gelede nog moes dink dat ek eendag tegnies gesproke 'n armblanke sou wees en vir 'n aalmoes in 'n ry moes staan, sou my ego dit nie lekker hanteer het nie. Ek het nou nie gedink dit sou só ver gaan nie!

En tog, nou dat dit werklikheid geword het, was dit nie meer 'n probleem nie. Niks is in werklikheid 'n probleem nie. Al wat saak maak is my eie houding.

Ek het ook begin besef dat my verlies in belangstelling in die wildernisstaptoere en die speel dalk meer met my eie 'geestelike regressie' te doen gehad het as enigiets anders. Ek wou iets anders gaan doen wat my meer bevrediging sou gee, maar op die ou end kan niks buite onself ons werklik bevrediging gee nie!

Van kleins af al is ek bewus van 'n diep onderliggende ongemaklikheid in my waarvoor die woord *angs* vir my die beste beskrywing is, hoewel sowel my ouers as ek dit 'spanning' genoem het. Ek onthou hoe ek as tiener allerhande goed probeer het om die spanning te oorkom – onder meer deur houtblokkies en ander voorwerpe op die vloer te gooi en daarop te gaan lê! Niks het gehelp nie.

Toe ek op universiteit vir die eerste keer in 'n verhouding betrokke raak, baie tyd saam met die meisie spandeer en later op vakansie saam met

haar Kaap toe is, het daardie onderliggende spanning vir die eerste keer na die oppervlak gekom as volskaalse angsaanvalle. Dit was so erg dat 'n psigiater my op medikasie moes sit. Ek het dit aan 'n ongeluk toegeskryf wat ek 'n jaar of wat voor die tyd gehad het. In werklikheid was dit waarskynlik die gevolg van my volslae onvermoë om na 'n leeftyd van alleen wees – en voel – in 'n verhouding aan te pas. Die skielike intimiteit van 'n verhouding het die jarelange onderliggende ang na die oppervlak gebring.

Later in my lewe het ek periodiek kwaai depressies en angsaanvalle ervaar. Aanvanklik het ek medikasie daarvoor geneem, maar later nooit weer nie.

Ek was ook nogal ongeduldig en het by tye geweldige woede-buie ervaar as iets nie wil uitwerk soos ék wil hê dit moet uitwerk nie. Namate ek oor die jare met my woede – en vrees vir woede – in aanraking gekom het, het my buie minder en ook minder intens geword, hoewel ek bevrees is my familie het destyds daaronder gely. Dis een van die dinge wat ek wens ek kon ongedaan maak, maar ja, die enigste opsie is vergifnis.

Ek was vir tien jaar met dieselfde vrou getroud voordat ek weereens tydens intense emosionele pyn van haar geskei is. Eers heelwat later was ek met 'n 'siener' in aanraking wat vir my gevra het: “Waar is jou ma? Hoekom sien ek nie jou ma nie?” Dit was die eerste keer dat ek my ang, spanning, woede-buie en depressie met my verhouding – of gebrek daaraan – met my ma in verband gebring het.

Kort daarna het ek, na 'n werkswinkel in 'original play' wat ek vroeër by Dr Fred Donaldson gedoen het, op 'n gereelde basis by die Hatfield Montessori Preschool in Pretoria met kinders begin speel (Google gerus my naam en 'authentic play'), en daarmee 'n intense belangstelling in die aard en wese van vroeë kindertyd ontwikkel. Ek het baie opgelees en kon mettertyd al my emosionele pyn direk met gebrek aan affeksie en aanraking in my eie kindertyd in verband bring. In *The Power of Childhood* gee ek 'n volledige uiteensetting daarvan.

Waar ek nou is, besef ek dat dit waarskynlik nog verder gaan as dit: op die ou end is alles wat met ons gebeur die gevolg van ons eie keuses op een of ander vlak; meestal onbewus. As ek so luister na sieners en ander mense se ervarings lyk dit vir my ek was nie altyd so vreeslik oulik in vorige lewens gewees nie. Kinders in Egipte ontvoer, mense tydens die Middeleeue gemartel en so meer.

Selfs dit maak eintlik nie saak nie. Al wat regtig saak maak is dat 'n mens al daardie negatiewe emosies wat ek deur die jare beleef het, en van tyd tot tyd nog beleef, in terme van ACIM as 'n soort 'leiding' van die

Heilige Gees kan beskou om my by die onderliggende vrees en skuldgevoel uit te bring wat my van die vrede van God weerhou.

In 1997, toe ek op 'n toer deur Botswana met 'n groep mense in Kasane kampeer, kry ek 'n oproep van my ma. Ek het my yskoud geskrik: my ouers bel my selde onder normale omstandighede; As hulle my op 'n toer bel moet daar iets baie erg verkeerd wees. Ek het onmiddelik vermoed wat dit was.

My seun Johan het sy eie lewe geneem.

Ek was totaal verdwaas, het onbedaarlik begin huil en soos 'n zombie deur die kampeerterrrein geloop.

Uiteindelik het my groep mense my vasgevat, en ons het tot die besluit gekom dat ons onmiddelik sou deurry na Victoria Falls toe. Hulle was geweldig ondersteunend.

Dit het my twee dae geneem om uiteindelik 'n vlug Johannesburg toe te kry. 'n Ander gids is opgestuur om by my oor te neem.

Intussen het my ander seun Chris en my pa al die nodige formaliteite gehanteer. Die gevolg daarvan was dat ek uiteindelik nooit eers Johan se lyk gesien het nie.

Onder die tema 'vergifnis' het ek vroeër al Elizabeth Kübler-Ross se vyf fases beskryf waardeur sterwende mense en hul geliefdes geneig is om te gaan: ontkenning, woede, onderhandeling, depressie en aanvaarding. Ek is intens deur al vyf van hulle na Johan se dood.

Van tyd tot tyd gaan ek selfs vandag nog daardeur. Dié wat dit beleef het, weet hoe moeilik dit is om die dood van 'n kind te verwerk.

Die pyn wat met Johan se dood gepaard gegaan het was by tye skynbaar onuithoudbaar, maar dit was juis deur daardie pyn te verwerk dat ek van 'n groot verandering in myself bewus geword het.

Eckhart Tolle se boek *The Power of Now* het my baie gehelp om van wat hy die 'painbody' noem bewus te word. Ek het geleer om "in die pyn in te gaan," en vandag is dit vir my amper tweede natuur om van selfs die geringste emosionele pyn bewus te word en daarop te fokus. Veral snags word ek soms nog steeds wakker met 'n intense vrees. Dan gaan ek 'deur' die vrees, en 'n ruk later raak ek weer aan die slaap.

Dis 'n fassinerende proses wat ek onmoontlik in woorde kan beskryf, en waarin ek dikwels letterlik voel hoe die vrees in liefde verander. Hier is hoe ek so 'n episode in *The Power of Childhood* beskryf het:

The whole night I have been dreaming and thinking – I'm not sure when I did what, but always with the underlying feeling, "I can't do it. I'll fuck up." I have to explore the wilderness area of a game reserve where I am

going to do a wilderness trail later. I've done these things my whole life. It is not even an issue. Yet I feel this way. The old childhood thing of not being able to live up to what is expected from me.

I let it be. Gradually the deep guilt/fear subsides. What remains is a deep sense of vulnerability. The deep sighing atain. I know I just have to be by myself now. Don't worry about the things that have to be done. This is much more important.

And so I let it be. I feel this deep vulnerability within me. The fear and guilt go, but the vulnerability remains. I am very aware of the magnificent cirrus clouds above me, and everything around me seems to almost glow. It is very beautiful.

I can feel I'm at the boundary between my wounded vulnerability and my original vulnerability. Sensitivity. It is painful ... and it's beautiful.

My sighing becomes deeper. It's as if with every sigh I can feel myself going deeper into myself – into the vulnerability. And with that comes a deep, deep relaxation.

Then the tension builds up again, but with the next sigh back to relaxation. I am becoming me ...

Les 5 van die werkboek van ACIM het vir my al hoe meer werklikheid geword: “I am never upset for the reason I think.” Vrees is altyd die direkte gevolg van die ervaring van skeiding van God/Liefde, en dis asof die ego altyd iewers 'n 'verskoning' daarvoor kry. Of dit nou vrees vir mislukking, vrees vir oorlewing, vrees vir verwerping, vrees vir woede, vrees vir die dood of vrees vir enigiets anders is. Ons normale manier van doen is om die skynbare oorsaak van die vrees ongedaan te probeer maak deur iets te doen, maar dit los nooit werklik die probleem op nie. Hierdie ontdekking was vir my een van die belangrikstes in my lewe.

Deur skuld of vrees of enige ander emosie te ontken, gaan dit net later weer na die oppervlak kom.

Deur teen enige emosie te baklei, word dit net sterker.

Die enigste oplossing is om die emosie ten volle te aanvaar deur “in die emosie in te gaan”.

Ek het begin agterkom dat depressie dikwels bloot 'n soort skans vir ander emosies is. Wanneer ek myself kan toelaat om ten volle “in die depressie in te gaan”, gaan dit gereeld oor in ander emosies soos vrees, skuldgevoel, en veral selfhaat. Selfveragting is iets waarmee ek baie geworstel het en selfs vandag nog worstel:

“If you are truly on the upward path to the highest spiritual dimensions, your road will be characterised by moments of bright clear-sighted self-

inspection and self-realisation followed frequently by self-loathing. This dark and painful feeling is the magnetic emotion in reverse” (CL 8 p8).

Ek is bevrees dis ‘n lewenslange proses wat homself oor en oor herhaal, en dis nog steeds nie verby nie. Wat wel drasties verander het is my vermoë om gemaklik te wees met emosionele pyn en ‘my’ op ‘n manier van ‘my pyn’ te kan afsonder. Een gevolg daarvan is dat ek ook met ander se emosionele pyn gemaklik is, wat skynbaar die effek het dat, wanneer ander hul emosionele pyn in my teenwoordigheid vrye teuels gee, hulle ‘n verligting van daardie pyn ervaar.

Soms kom ek op ‘n stadium waar ek moedeloos word en dink: “gaan dit ooit ophou?!” Dan wend ek my elke keer maar weer tot ACIM:

God can bring you there [beyond the pain to unity], if you are willing to follow the Holy Spirit through seeming terror, trusting Him not to abandon you and leave you there. For it is not His purpose to frighten you, but only yours. You are severely tempted to abandon Him at the outside ring of fear, but He would lead you safely through and far beyond. (T-18.IX.3:7-9)

Wat my op die reis hou is die intense ervarings van ‘n diep vrede “wat alle verstand te bowe gaan” wat ek al hoe meer van tyd tot tyd ervaar. In Noodlyn het ek dit ervaar, en dikwels wanneer ek met kinders speel of die tipe interaksie met diere beleef wat ek vroeër al beskryf het, en dit regkry om absoluut in die oomblik te leef, ervaar ek dit ook. Dit begin ook al hoe meer gebeur dat ek sommer skielik, ongeag die omstandighede, dieselfde vrede ervaar. Tydens daardie ervarings wéét ek met absolute sekerheid dat ek op die regte pad is en dat daar niks is om voor bang te wees nie.

Hoewel ek my hele lewe lank baie gesond was, afgesien van sinusprobleme en ten spyte van twee ongelukke, sukkel ek die laaste paar jare al hoe meer met hoofpyne. Veral die laaste ruk is dit erg. Konvensionele medisyne help om die hoofpyne in toom te hou, maar dit doen niks aan die oorsaak nie. Ek het al allerhande alternatiewe medisyne geprobeer, maar niks help skynbaar nie. Op die ou end bied ACOL vir my die beste verklaring:

For those of you who have been journeying long, as well as those of you just beginning, this abandonment of the body as your home and source of all you are is the greatest hurdle to overcome. As you observe the body and dare to think of life without it, you again and again encounter its reality. When its awareness begins to leave you is just

when you may be beset by headaches, back pain, and other seeming maladies. This is the separated self that you have made calling you back to the body to prove to you that it is insurmountable. Many people at this point try to think these maladies away, and when they do not succeed they see this as further evidence of their entrenchment in the body. Beware all attempts to think the body away and to think miracles into existence. This desire merely shows you know not the source of healing and are not ready to be healed. (ACOL 10.5)

CL 8 (p9) som my lewenspad vir my goed op: “Whilst on this journey towards Light, the Celestial Kingdoms of Divine Consciousness, you will undoubtedly undergo rocky and bumpy experiences until you achieve your true goal. You will experience times of wondrous joy and times when your heart is heavy and your emotions dragged this way and that because you feel there is an impenetrable barrier between yourself and Divine Consciousness.” Niemand het gesê dis 'n maklike paadjie nie!

Ek sien die effek wat 'ek' op ander mense het. Ek het al spesifieke gevalle genoem. Dikwels glimlag mense vir my uit die bloute wanneer ek in die straat of in 'n winkelsentrum verbystap, selfs al voel ek glad nie opgeruimd nie. Soms wanneer mense omgekras is en met my praat kan ek sien en voel hoe hulle ontspan. Hulle sê dit ook. Heelwat mense het al vir my gesê hoe 'n kalmerende invloed ek op hulle het. In baie van die gevalle voel ek weer van die ervaring van Eenheid bewus.

“The way forward is through the means of such moments of profound revelations. They must be treasured and remembered, otherwise all the spade work of the self will be lost, and the seeker will be continually pushed back to where he began the search” (CL 8 p9).

Dit gaan nie altyd so nie. In die laaste dekade of so was daar 'n aantal mense met wie ek in 'n hewige konflik betrokke was. In al die gevalle was ek daarvan bewus dat dit direk met my eie onderliggende gebrek aan eiewaarde te doen gehad het. Hierdie mense het skynbaar intuïtief my swak plek raakgesien en die ‘uitgebuit’, maar ek besef dat hulle bloot my eie ego gereflekteer het. Ek het deur ACIM geleer om die volmaaktheid in ander raak te sien, maar om dit in myself raak te sien? Dit was vir my altyd nog die moeilikste deel.

Die effek wat ek skynbaar (soms) op mense het is nie die gevolg van my ego wat so goed is nie, maar van die herkenning van ons Een Self in mekaar. Ons het seker almal al sulke tye gehad. Dit was uiteindelik ook die effek wat Jesus gehad het. Uiteindelik is almal van ons op pad na die herkenning van die Christus in ons almal.

Ek is op 'n waterglybaan. Ek kan nie meer omdraai nie. Wat presies onder wag, weet ek nie, en vanuit die diep vrees wat my van tyd veral snags weer beetpak lyk dit maar donker, maar “my hele hart en my hele siel en my hele verstand” sê vir my daar is niks om voor bang te wees nie ...

9 Ten slotte

At the present time, your perception of life is one of travail and deprivation. These beliefs are shockingly depicted and reinforced by your TV viewing. They later bring upon you the misery you hope will never happen to you.

CL 1 p6

So, if you want to change your lives, change your thoughts, change your words arising from those thoughts, and change your actions arising from the thoughts. What is in your minds will create all your experiences, your sickness, poverty, unhappiness and despair.

CL 2 p23

As the ego drive gradually relinquishes its hold over your mind and emotions, you will find that laughter bubbles up spontaneously and brings a wonderful feeling of release. The 'ripple effect' of laughter raises your consciousness frequencies of vibration not only because it is energy released where you most need it – over your heart and over your diaphragm, the seat of your emotions – but because Laughter is directly of Divine Consciousness. Therefore, laughter is Divine.

CL 9 p14

Baie dinge het verander in die twee millennia sedert Jesus se verskyning op aarde. En tog het niks verander nie. Wat Jesus verkondig het was nog nooit so relevant en belangrik soos vandag nie. Vandag is daar talle 'spirituele' leiers wat dieselfde boodskap in allerhande vorms verkondig, maar natuurlik net so veel 'vals profete'. Die verskil is eenvoudig: Praat hulle vanuit hul outentieke self of vanuit die ego?

Sedert die Renaissance en die Nywerheidsomwenteling het die wetenskap (destyds) onvoorstelbare vooruitgang gemaak. Dertig jaar gelede was die persoonlike rekenaars, selfone, iPhone's, iPad's en so meer waarsonder ons vandag nie meer kan klaarkom nie nog onbekend. Vandag se selfone het 'n groter kapasiteit as die IBM-rekenaar wat 'n massiewe kamer gevul het waarop ek veertig jaar gelede rekenaarwetenskap geleer het. En nog steeds neem die tegnologie eksponensieel toe. Nadat daar 'n eeu gelede vir die eerste keer met vliegtuie ge-eksperimenteer is, is die

lugruim so vol hoogs gesofistikeerde straalvliegtuie dat daar nie meer genoeg parkeerplek vir almal van hulle op die aarde se lughawens is nie.

En tog, ten spyte van 'n voortdurende geloof dat die wetenskap ons probleme gaan oplos gebeur presies die teenoorgestelde. Daar was seker nog nooit soveel armoede en ellende en geweld en ongelukkigheid soos nou nie. Dis nie net in Suid-Afrika dat dinge orals in duie begin stort nie. Die wêreld se landbougrond wat nog nie verspoel het nie is uitgeput. Groot korporasies beheer effektief ons daaglikse lewens: die landbou, wat ons eet, die medisyne wat ons drink, en uiteindelik geld self. Hospitaalverwante sterftes is volgens Bruce Lipton (*The Biology of Belief*) nou die grootste oorsaak van sterftes in Amerika: sterftes wat aan die einste menslike instellings toegeskryf kan word wat juis genesing moet bewerkstellig! 'n Derde van Amerika se kinders is oorgewig. Depressie neem selfs onder kinders geweldig toe. Miljoene kinders sterf van die honger. Klimaatsverandering is 'n werklikheid.

Waar konings en godsdiens in die verlede die wêreldse mag gehad het waarvan Jesus gepraat het, is dit nou anonieme korporasies en banke wat regerings en die wêreld beheer. Waar die Fariseërs van ouds hul selfsug onder die dekmantel van vroomheid bedryf het, word die hebsug van die geldmagte onder die vaandel van 'ekonomiese groei', 'gemoedsrus', 'verligting van armoede', 'lewenskwaliteit' en so meer bedryf. Die beginsel is dieselfde. Soos die vroomheid van die Fariseërs – en godsdiens oor die algemeen – in werklikheid die deure na die 'koninkryk' gesluit het, is die werklikheid van die geldmagte presies die teenoorgestelde as wat hulle voorgee: armoede en ellende vir al hoe meer mense namate die gaping tussen ryk en arm net al hoe groter word.

Ons 'wêreldse' paradigma is gebaseer op 'n waansinnige onderliggende uitgangspunt: hoewel dit ooglopend is dat die vernietiging van die omgewing – en dus die afname van menslike welvaart as geheel – die direkte resultaat van die geweldige ekonomiese groei oor die laaste eeu of wat is, gaan ons voort met 'n onwrikbare geloof in ekonomiese groei as die enigste oplossing vir die wêreld se probleme. In hierdie opsig is daar nie veel verskil tussen die kommunisme en die kapitalisme nie. Ons sien nog steeds die einste oorsaak van ons probleme as die oplossing vir die toekoms. Hoe rasioneel is dit? Is dit nie duidelik dat ons iewers die kat heeltemal aan die stert beet het nie?

Dis natuurlik nie net 'hulle' nie: dis almal van ons. Dieselfde vrees wat 'n arm man of vrou of kind hul wil en waardigheid laat prysgee om tog net genoeg kos op die tafel te kry is die vrees wat 'n Hoof Uitvoerende Beampte van 'n multinasionale korporasie noop om sy besef dat hy

terwille van sy aandeelhouers woude vernietig of gemeenskappe in armoede dompel uit sy bewussyn te hou. En dis dieselfde vrees wat die aandeelhouers maar laat stilbly, ookal is hulle hóé bewus van die vernietiging waarvoor hul beleggings verantwoordelik is. Dis dieselfde vrees wat banke die howe laat gebruik om onder valse voorwendsels derduisende mense se huise terug te neem, teen 'n appel en 'n ei op veilings te verkoop en dan nog die eienaars vir die balans aanspreeklik te hou. Dis dieselfde vrees vir gebrek wat derduisende mense regoor die wêreld korrupsie laat pleeg. Suid-Afrika is nog ver van eerste op die ranglys. Dis dieselfde vrees wat ISIS en Boko Haram se gedrag onderlê. En so kan ek aangaan en aangaan.

Die wêreld is op winsbejag ingestel, en winsbejag is op vrees gebaseer. Vrees noop ons om die wêreld en die mense om ons te probeer beheer om in ons behoeftes te voorsien. As dit maar net ons werklike behoeftes was, was dit een ding, maar nou hou wat ons dink ons behoeftes is skynbaar direk verband met ons vrees: hoe meer ons het, hoe meer dink ons ons het nodig en hoe meer klou ons vas aan wat ons het.

Voorts is vrees inherent destruktief. Hoe meer dinge begin verkeerd gaan, hoe meer vreesbevange word ons, en hoe meer probeer ons dinge beheer. Uiteindelik word die burokrasie so kompleks dat dit op sigself weer talle nuwe probleme veroorsaak. Die geheel gaan al hoe meer verlore en dis elkeen vir homself. Die gevolg is dat dinge al hoe meer verkeerd gaan.

Hierdie beginsel geld vir die bedelaar in die straat, die president van die land, die Hoof Uitvoerende Beampte van 'n multinasionale korporasie, en vir jou en vir my. Die ego is universeel – solank ons glo dis wie ons is.

Die onvermydelike resultaat is chaos en geweld.

Vir enige mens wat ook maar in die geringste mate bereid is om daarvoor na te dink behoort dit duidelik te wees dat die belofde 'verlossing' van die materialisme net so 'n illusie is as die 'verlossing' van die Christendom of enige ander godsdienst.

'n Paar dekades gelede kon baie van ons blanke Suid-Afrikaners nog die illusie van wêreldse geluk in stand hou deur alles te ontken of onderdruk waarvan ons nie gehou het nie. Die ekonomie het met rasse skrede gegroei, en die armoede en ellende van die swart massas was net ver genoeg van ons daaglikse lewe verwyder om tot ons welvaart by te dra sonder om ons illusie van geluk te bederf.

Vandag sit ons met die gevolge daarvan. Getrou aan Jesus se voorspelling het die minagting van die (geestelike) wet van God toegeneem en die liefde verkoel. Die verdrukking, rampe en vervolging wat hy voorspel het is hier.

Dit was nie net Jesus en die Openbaring van Johannes wat hierdie dinge voorspel het nie. Volgens die Hindoegeskrif Vishnu Pirana (IV, 24) is die Kali Yuga, of 'Ystertydperk', wat die 'Goue Era' voorafgaan, "the only age in which property alone confers social rank; wealth becomes the only motive of the virtues, passion and lust the only bonds between the married, falsehood and deception the first condition of success in life, sexuality the sole means of enjoyment, while external merely ritualistic religion is confused with spirituality" (aanhaling uit *Healing our Planet, Healing Ourselves*, geredigeer deur Dawson Church en GERALYN GENDREAU).

Vir baie godsdienstige mense is die chaos in die wêreld die teken dat hulle al die tyd reg was en dat net hulle die oordeelsdag sal vryspring. Ander glo dat hulle godsdienste hulle verplig om nog meer oorlog te maak. En so dra die hipnose van 'geloof' by tot die ellende van die wêreld.

En tog ploeter ons maar voort op dieselfde trant. Ons probeer harder en harder om met meer en meer van dieselfde die probleme te probeer oplos wat in die eerste plek deur daardie benadering veroorsaak is. Ons is soos lemmings wat volspoed op die kranse afstorm om daar ons finale vernietiging te bewerkstellig. (Lemmings is marmot-agtige diere in die Noordelike Halfronde wat periodiek oorbevolkings ervaar en dan blindelings see toe trek. Wanneer hulle by die see uitkom, val miljoene van hulle van die kranse af en verdrink in die see.) Miljoene mense en neregteringsorganisasies probeer nog steeds, soos in die verlede, om die wêreld "'n beter plek te maak."

Albert Einstein het destyds gesê: "Probleme kan nie op dieselfde vlak van bewussyn opgelos word as waarin hulle geskep is nie." Jesus het daarop gewys dat die oplossings vir die wêreld se probleme nie in die 'wêreld' te vinde is nie.

Intuïtief weet ons dit. Daar was nog nooit so 'n intense geestelike honger as vandag nie.

"One problem; one solution," sê ACIM.

Die materialisme is die noodwendige gevolg van identifikasie met die ego, wat op sy beurt weer aantrek wat dit dink dit nodig het en afstoot wat dit nie wil hê nie. Die ego vernietig op die ou end homself.

Die oplossing is die 'koninkryk' waarvan Jesus gepraat het: nie een of ander denkbeeldige feëparadys in die toekoms nie, maar die werklikheid van die ervaring van Eenheid en ewige tydloosheid hier en nou op aarde. Daardie ervaring kan net bereik word deur van ons ego bewus te word, te besef dat ons nie ons ego is nie, en die Liefde wat ons in werklikheid is te laat manifesteer. Dit gebeur deur oordeel en vrees te laat vaar, en weer te

leer vertrou; nie in een of ander mitiese ou man met 'n grys baard op 'n troon op 'n wolkie nie, maar in wie ons werklik is.

Ons kan aangaan om almal om ons vir ons probleme te blameer, of ons kan deur die diep proses van vergifnis vir ons eie geluk verantwoordelikheid aanvaar. Dit is die 'wedergeboorte' waarvan Jesus gepraat het: 'n volkome nuwe benadering tot die lewe waarin ons al ons 'kennis' van en geloof oor hoe dinge is laat vaar en deur selfondersoek ons eie diep wysheid toelaat om na die oppervlak te kom.

Die enigste plek waar verandering werklik kan plaasvind is in ons eie houding, gedagtes en emosies. "As within, so without." Namate ons eie instelling verander, verander die wêreld.

Hope steenkool by steenkoolmyne slaan soms spontaan aan die brand. Dit gebeur wanneer die son die steenkool warm genoeg bak om die eksotermiese ontbrandingsreaksie aan die gang te sit. Wanneer dit eers begin het, hou dit nie op nie. Sulke hope kan vir jare smeul.

Ons emosionele pyn is die gevolg van ons weiering om na onself te kyk en eerlik met onself te wees. Elke klagte oor die regering; elke grief teenoor ons naaste; elke woede-aanval teenoor ons geliefdes hou ons emosionele pyn in stand. Vra vir my; ek was daar. Vir eeue het ons gedink ons kan die pyn op 'n afstand hou. Dit werk nie. Nou bak die son van pyn al hoe ongenadiger. Gaan ons luister? Gaan ons bewus word?

As ons eers die kritieke punt bereik het, begin die reaksie vanself, en dan is daar geen keer aan nie. Die wederkoms wag om te gebeur: nie deur een mitiese persoon wat al die goeies beloon en die slegtes straf nie, maar deur die manifestasie van Christus in ons almal. Ons hoef nie in Jesus te 'glo' nie. Al wat ons hoef te doen is om werklik vergifnis ernstig te begin opneem en met onself in aanraking te kom deur willens en wetens bewus te word.

Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig. (Matteus 11:28-30)

Bibliografie

- A Course in Miracles*®. 2^e Uitgawe. Mill Valley, Kalifornië: Foundation for Inner Peace, 1992. (Kopiereg Foundation for A Course in Miracles.)
- Bateson, Gregory. *Mind and Nature: A Necessary Unity*. New York: Bantam Books, 1979.
- Bohm, David en F. David Peat. *Science, Order and Creativity*. 2^e Uitgawe, New York: Routledge, 2000.
- Bybelgenootskap van Suid-Afrika. *Die Bybel*. 1983 vertaling.
- Chopra, Deepak. *Peace is the Way: Bringing War and Violence to an End*. London: Rider, 2005.
- Christ's Letters*. www.christsway.com.
- Church, Dawson en GERALYN Gendreau (redakteurs). *Healing our Planet, Healing Ourselves: The Power of Change Within to Change the World*. Santa Rosa, Kalifornië: Elite Books, 2005.
- Csikszentmihalyi, Mihaly. *Flow: The Psychology of Optimal Experience*. New York: Harper en Row, 1990.
- Dawkins, Richard. *The God Delusion*. New York: Bantam Press, 2006.
- DeMause, Lloyd. *The History of Childhood: The Untold Story of Child Abuse*. Washington DC: Jason Aronson, 1995.
- Derman, Candice. *Indescribable: It's Easy to Keep a Bad Secret*. Kaapstad: Tafelberg, 2010.
- Donaldson, O. Fred. *Playing by Heart: The Vision and Practice of Belonging*. Ojai, Kalifornië: In-Joy Publications, 1993.
- Einstein, Albert. *The World as I See It*. Manhattan, New York: Kensington Publishing Corporation, 2006.
- Evangelie van Thomas*. Afrikaanse vertaling met verklarende aantekeninge deur Piet Muller. Pdf-dokument verkrygbaar op www.spiritualiteit.co.za.
- Fromm, Erich. *The Art of Loving*. London: Unwin Paperbacks, 1975.
- Gibran, Kahlil. *The Prophet*. London: Pan Books, 1991.
- Hawkins, David R. *Power vs. Force: The Hidden Determinants of Human Behaviour*. Hersiene uitgawe. Carlsbad, Kalifornië: Hay House, 2012.
- Jampolsky, Gerald. *Love is letting go of Fear*. Berkeley, Kalifornië: Ten Speed Press, 2004.

- Krishnamurti, Jiddu. *Freedom from the Known*. New York: HarperSanFrancisco, 1975.
- Kübler-Ross, Elizabeth. *On Death and Dying*. New York: Scribner, 1997.
- Kuhn, Thomas S. *The Structure of Scientific Revolutions*. 3e Uitgawe, Chicago: University of Chicago Press, 1996.
- Kursus in Wonders*. Afrikaanse vertaling van *A Course in Miracles* deur Henri Theron. Op CD beskikbaar by *Foundation for Inner Peace* (www.acim.org).
- Lemley, Brad. *Heresy*, Rupert Sheldrake. Discover 21(8) (Augustus 2000): 60-65
- Liedloff, Jean. *The Continuum Concept*. London: Arkana, 2001.
- Lipton, Bruce. *The Biology of Belief: Unleashing the Power of Consciousness, Matter, and Miracles*. Santa Rosa, Kalifornië: Mountain of Love/Elite Books, 2005.
- Louv, Richard. *Last Child in the Woods: Saving our Children from Nature-Deficit Disorder*. North Carolina: Algonquin Books of Chapel Hill, 2006.
- Miller, Alice. *The Drama of the Gifted Child: The Search for the True Self*. Hersiene Uitgawe. New York: Basic Books, 1997.
- Miller, Alice. *Thou Shalt Not Be Aware: Society's Betrayal of the Child*. New York: Farrar, Straus en Giroux, 2002.
- Montessori, Maria. *The Absorbent Mind*. Santa Barbara, Kalifornië: Clio Press, 1989.
- Osho. *Sex Matters: From Sex to Superconsciousness*. Hersiene uitgawe. New York: St Martin's Griffin, 2003.
- Pearce, Joseph Chilton. *The Biology of Transcendence: A Blueprint of the Human Spirit*. Rochester, Vermont: Park Street Press, 2002.
- Pienaar, Abel. Geskiedenis van die Christendom, Deel 1, 2 en 3. <http://www.spiritualiteit.co.za/artikel-geskiedenis-christendom-1.php>
- Pirsig, Robert. *Zen and the Art of Motorcycle Maintenance: An Inquiry into Values*. Hersiene uitgawe. New York: HarperTorch, 2006.
- Prescott, James. *Body Pleasure and the Origins of Violence*. The Futurist April 1975 en *The Bulletin of The Atomic Scientists* November 1975. www.violence.de/prescott/bulletin/article.html.
- Roads, Michael. *Through the Eyes of Love: Journeying with Pan*. Boek Twee. Nambour, Australia: Roadslight Pty Ltd, 2010.
- Rogers, Carl. *Carl Rogers on Encounter Groups*. New York: Harper en Row, 1970.
- Rogers, Carl. *On Becoming a Person: A Therapist's View of Psychotherapy*. London: Constable en Robinson, 1977.

- Scott-Peck, M. *The Different Drum*. New York: Arrow, 1990.
- Sheldrake, Rupert. *A New Science of Life: The Hypothesis of Formative Causation*. London: Paladin Books, 1983.
- Sheldrake, Rupert. *The Science Delusion: Freeing the Spirit of Enquiry*. London: Hodder UK, 2012.
- Spangenberg, Sakkie. *Jesus van Nasaret*. Kaapstad: Griffel, 2009.
- Tolle, Eckhart. *The Power of Now*. London: Hodder en Stoughton, 2001.
- Tolle, Eckhart. *A New Earth: Awakening to your Life's Purpose*. London: Penguin Books, 2006.
- Trobe, Krishnananda en Amana Trobe. *Face to Face with Fear: Transforming Fear Into Love*. Cambridge: Perfect Publishers, 2009.
- Trobe, Krishnananda en Amana Trobe. *When Sex Becomes Intimate: How Sexuality Changes As Your Relationship Deepens*. New York: Strategic Book Publishing, 2008.
- Van der Post, Laurens. *Venture into the Interior*. Canada: Penguin Books, 1957.
- Van Wyk, Diek, Coenie Nolte en Leon Atterbury (Redakteurs). *Hier Staan Ek: Maar ek kan nie sê wie ek is nie, en ek is nie alleen nie*. Kaapstad: Griffel, 2011.
- Walsch, Neale Donald. *Conversations with God: An Uncommon Dialogue*. Boeke 1, 2 en 3. London: Hodder en Stoughton, 1995-1998.
- Walsch, Neale Donald. *Tomorrow's God: Our Greatest Spiritual Challenge*. London: Hodder en Stoughton, 2004.
- Wapnick, Kenneth. *Absence from Felicity : The Story of Helen Schucman and Her Scribing of A Course in Miracles*. 2e Uitgawe. Temecula, Kalifornië: Foundation for a Course in Miracles, 1991.
- Wapnick, Kenneth. *A Talk Given on A Course in Miracles: An Introduction*. 7e Uitgawe. Mill Valley, CA: Foundation for Inner Peace, 1996.
- Watson, Lyall. *Supernature*. London: Sceptre (Hodder en Stoughton), 1995.
- Whitehead, Alfred North en Bertrand Russell. *Principia Mathematica*. Volume 1,2 en 3. London: Cambridge University Press, 1963. Beschikbaar op die Internet.
- Williamson, Marianne. *A Return to Love: Reflections on the Principles of A Course in Miracles*. London: Thorsons, 1996.
- Wilson, Edward O. *Biophilia: The Human Bond with Other Species*. Boston, Massachusetts: Harvard University press, 1984.
- Yalom, Irvin D. *The Theory and Practice of Group Psychotherapy*. New York: Basic Books, 1995.

- Yogananda, Paramahansa. *Autobiography of a Yogi*, 13e Uitgawe. Los Angeles, Kalifornië: Self-Realization Fellowship, 1998.
- Young, Jon, Ellen Haas en Evan McGown. *Coyote's Guide to Connecting with Nature*. 2e Uitgawe. Santa Cruz, Kalifornië: Owl Link Media, 2010.
- Zukav, Gary. *The Dancing Wu-Li Masters: An Overview of the New Physics*. London: Flamingo, 1980.

Oor die outeur

Douwe van der Zee het as die oudste seun van Nederlandse immigrante op die Laer- en Hoërskool Menlopark in Pretoria skoolgegaan. Nadat hy sy diensplig in die lugmag voltooi het, het hy 'n B.Sc in Plant- en Dierkunde aan die Universiteit van Pretoria bestudeer, en daarna 'n B.Sc.Hons en M.Sc (*cum laude*) in Dierkunde verwerf.

Na 'n aantal jaar as wetenskaplike (lektor by die Universiteit van Fort Hare, natuurbewaringsnavorsingsbeampte by die departement van bosbou en koördineerder vir oseanografiese navorsing by die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (nou Nasionale Navorsingstigting) het hy die wetenskap vaarwel geroep en hom in 'n 'geestelike' rigting begeef deur 'in geloof' te gaan leef.

Sedertdien was hy lang tye sonder werk, maar tussenin was hy hoërskool- en kleuterskoolonderwyser, toergids, gids-opleier, direkteur van FGASA (Field Guides Association of Southern Africa), jeugkampeier, fasiliteerder en bemiddelaar en wildernisstaptoergids, en het hy die laaste dekade gereeld 'original play' beoefen as die amptelike 'speelmaat' van die Hatfield Montessori Preschool in Pretoria. Hy het ook heelwat werkswinkels en praatjies gedoen oor outentieke speel.

Te midde van dit alles was sy groot doel in die lewe om werklik die woorde van Jesus te verstaan en uit te leef. Daarvoor het hy *A Course in Miracles* en verskeie ander moderne geestelike geskrifte bestudeer. Hy is die outeur van *God het nie Nodig om Wraak te Neem nie: Geloof met Integriteit, From Intellect to Intelligence: A Radical Natural Human Alternative* en *The Power of Childhood: A Key to Life, Love and Forgiveness*

